# DIE SONDELEER IN DIE APOLOGETIEK VAN DR. D. MARTYN LLOYD-JONES

JOHANNES LOUIS AUCAMP

# DIE SONDELEER IN DIE APOLOGETIEK VAN DR. D. MARTYN LLOYD-JONES

JOHANNES LOUIS AUCAMP

Hons.-B.A., Th.B.

Skripsie voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad
Theologiae Magister in Apologetiek aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier : Prof. P.J. de Bruyn

POTCHEFSTROOM
2004

## DANKBETUIGING

Die studie word met liefde en bewondering vir 'n hele aantal persone/Persone voltooi:

- Prof. Paul de Bruyn, my studieleier, wat self sy nagraadse studie tydens voltydse bediening in 'n gemeente moes afhandel. Daarom het hy my met eindelose geduld gehanteer. Sy saggeaarde persoonlikheid het egter nie sy wetenskaplike afgerondheid beïnvloed nie. Eweneens het sy wetenskaplike afgerondheid nie sy eerbied en respek vir die Woord van die Here as gesagvol en betroubaar aangetas nie. Ek waardeer u leiding ontsettend baie.
- Prof. L. Floor, as 'n kenner van die werke van dr. D.M. Lloyd-Jones, het telkens gekeer as ek in die studie wou ontspoor. U insig in die werke van Lloyd-Jones en u liefde vir sy werk het aansteeklik op my ingewerk.
- Dr. D. Martyn Lloyd-Jones vir die manier waarop hy in sy werke my teologie gevorm het. Dit is wonderlik om van so 'n begaafde, dog nederige, kneg van die Here te kon leer.
- Mev. Lina de Bruyn vir haar netjiese tegniese en taalversorging. Die spoed waarmee u gewerk het en die kwaliteit van u werk is buitengewoon. Toe ek met die afronding van die studie onder druk was, het u my baie tyd bespaar.
- Mev. Erika Rood van die Ferdinand Postma Biblioteek vir die kontrolering van die bronnelys.
- My vrou, kinders, moeder en skoonouers het eweveel geduld as prof. De Bruyn aan die dag gelê. Ek kan julle nie genoeg bedank nie.
- God Drie-enig, in U majesteit onvergelyklik! In Jesus se Naam kom ek met eerbied en respek en ook met vrymoedigheid om U vir u goedertierenheid te eer. Amen.

BLOEMFONTEIN
2003

## OPSOMMING

# DIE SONDELEER IN DIE APOLOGETIEK VAN DR. D. MARTYN LLOYD-JONES


1. Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat dr. D. Martyn Lloyd-Jones 'n suiwer en Bybelse sondebeskouing handhaaf en dat hy sy sondebeskouing sinvol en apologeties teenoor onbybelse sondebeskouings stel. Die doel van die studie is om Lloyd-Jones se sondebeskouing te ondersoek en aan te toon dat dit tans sinvol en apologeties aangewend kan word.

2. Om hierdie argument uit te werk en te bewys is die volgende werkswyse gevolg:

2.1 Lloyd-Jones se teologiese agtergrond is as betroubaar aangetoon.

2.2 Sy standpunte oor apologetiek en sy apologetiese vertrekpunte is behandel. Hy begin deur na die mens en sy val in sonde ondersoek te doen. Die evangelie as God se wyse van versoening word teenoor onbybelse mensbeskouings en versoeningsweë gestel. Vanuit sy vertrekpunte wys hy hoe die sondeval 'n humanistiese antropologie tot gevolg het en hoe dit weer tot onbybelse standpunte oor die sonde lei. Die Bybelse mensbeskouing, daarteenoor, gaan van die mens as beeld van God uit. Die sondeval skaad egter die beeld van God in die mens. God herstel die beeld deur die versoeningsoffer van sy Seun sodat die herstelde mens onder die invloed van die Heilige Gees weer beelddraer kan wees.

2.3 Lloyd-Jones se apologetiese vertrekpunte is opgevolg met 'n ondersoek na sy sondebeskouing. Sy sondebeskouing rus op die Bybelse erfsondeleer (*original sin*). Hy formuleer sy standpunt oor die erfsonde veral vanuit Romeine 5:12-21. Lloyd-Jones (1971c:212) se

basiese stelling oor die erfsonde is: "The world is as it is today because when Adam sinned all sinned". Effektiewe apologetiek behoort van die Bybelse erfsondeleer gebruik te maak deur op die positiewe teenpool, die verlossing in Christus, te wys.

2.4 Vanuit die erfsonde vloei die dade van sonde voort. Daarom is na die kenmerke van sonde ondersoek ingestel. Die belangrikste gevolgtrekkings na aanleiding van die kenmerke van sonde is:

2.4.1 Dat sonde die waarheid opsetlik verwerp en opsetlik onderdruk asook dat die sondaar bly is oor sonde wat gedoen word (Romeine 1:32; Filippense 3:19).

2.4.2 Dat die kernwoord vir sonde in die Nuwe Testament, naamlik *hamartia,* se basiese betekenis is, "om jou doel te mis". Lloyd-Jones se eksegese toon aan dat die sondaar egter nie net sy doel mis nie, maar selfs nie eers na die teiken mik nie, nog meer, hy mik na 'n ander teiken as dié deur God vir hom gestel. In plaas daarvan dat die lewende God aanbid word, word die skepsel en die skepping aanbid (Romeine 1:18-32).

2.4.3 Dat sonde geestelike aftakeling veroorsaak. Daarom is die mens baie vatbaar vir oppervlakkige en onbybelse godsdienstige strominge.

2.4.4 Dat sonde primêr teen God gerig is (Psalm 51:6).

2.4.5 Dat 'n suiwer sondeleer 'n gesonde sondebesef en gevolglike afhanklikheidsbesef van God vir ewige redding, na vore roep (vgl. Matteus 5:3).

2.4.6 Dat God se oordeel oor sonde as verbondsbreuk in die Nuwe Testamentiese kerk geïntensiveer is (vgl. Hebreërs 10:19-31).

2.5 Lloyd-Jones gebruik sy sondebeskouing teenoor ongelowiges met die doel om 'n sondebesef wakker te maak en daardeur die behoefte aan redding aan te wakker.

2.6 Dieselfde sondeleer word teenoor gelowiges gebruik om heiligmaking te bevorder. Die proses van heiligmaking bestaan uit die afsterwe van die sonde (*mortification of sin*). Hierdie proses vind plaas onder die invloed van die Heilige Gees.

3. Dade van sonde manifesteer in vals leer en vals godsdienste. Daarom is na Lloyd-Jones se toepassingsvelde ondersoek gedoen. 'n Kenmerk van vals leer en vals godsdienste wat Lloyd-Jones byna deurgaans in die apologetiese proses gebruik, is dat by die Skrif bygevoeg word, weggeneem word of beide.

3.1 Die Rooms-Katolieke Kerk voeg by die Skrif by deur 'n oop kanon te aanvaar soos dit in haar tradisie vergestalt word. Dit is dan juis as gevolg van haar tradisie dat sy van die Skrif wegneem – haar tradisie bots dikwels lynreg met Bybelse waarhede. Die Rooms-Katolieke kerksisteem kom tussen die mens en Christus te staan en bring so mense se ewige redding in gedrang.

3.2 Teenoor die humanisme en gevolglike onsekerheid van ewige redding in die Arminiaanse teologie, fokus Lloyd-Jones op die soewereiniteit van God en die gevolglike sekerheid van redding in die Calvinistiese predestinasieleer.

3.3 Die Bybelse sonde-en verlossingsleer is sinneloos, sou die Darwinistiese evolusieleer waar wees. Lloyd-Jones gebruik die skeppingsverhaal en die sondeval soos dit in Genesis 1-3 beskryf word as werklike gebeure om aan te toon dat die evolusionisme 'n blote teorie is.

3.4 Teenoor die *Christian Science* se fokus op tydelike en aardse voorspoed, stel Lloyd-Jones die mens se ewige voorspoed as hoër prioriteit. Sonde bedreig die mens se ewige voorspoed. Die *Christian Science* voeg by die Bybel by deur die *Science of Mind* bo die Bybel

te plaas. Daar word van die Bybel weggeneem deur sonde as blote onkunde te beskou.

4. Uitstaande en bewonderenswaardige kenmerke van Lloyd-Jones se apologetiek is die wyse waarop hy apologetiek beoefen en die inhoudelike kwaliteit van sy beredenering. Die wyse van apologetiek vind plaas in 'n atmosfeer van liefde vir die waarheid én vir die sondaar. Inhoudelik is Lloyd-Jones se vertrekpunt 'n biddende ontginning en suiwer verklaring en toepassing van die Woord.

Kernwoorde vir indeksering: *Lloyd-Jones, sonde, erfsonde, sondeleer, apologetiek, apologetiese vertrekpunte, apologetiese toepassingsvelde, mensbeskouing, waarheid, valsheid.*

## SUMMARY


# THE DOCTRINE OF SIN IN THE APOLOGETICS OF DR. D. MARTYN LLOYD-JONES

1. The central theoretical argument of this study is that Dr. D. Martyn Lloyd-Jones maintains a true and Biblical view of sin and that he sets off his view meaningfully and apologetically against unbiblical views regarding sin. The purpose of the study is to investigate Lloyd-Jones's view of sin and to indicate that it can at present be applied meaningfully and apologetically.

2. To develop and substantiate this argument, the following procedure has been followed:

2.1 Lloyd-Jones's theological background is established as reliable.

2.2 His position regarding apologetics and his points of departure concerning it are dealt with. He begins by examining man and his fall into sin. The gospel, as God's way of salvation, is set against unbiblical views regarding man and his redemption. His points of departure indicate how the fall of man has resulted in a humanistic anthropology and how this in turn has led to unscriptural standpoints regarding sin. The Biblical view of man, on the other hand, is based on man being made in the image of God. The fall of man damage this image of God in man. God restores this image by means of the redeeming sacrifice of his Son so that the restored man can once again become the image bearer through the working of the Holy Spirit.

2.3 Lloyd-Jones's apologetic points of departure are followed by an examination of his views regarding sin. His views are based on the Biblical doctrine of original sin and especially on the text of Romans 5:12-21. Lloyd-Jones's basic premise regarding original sin is: "The world is as it is today because when Adam sinned all sinned". Effective apologetics should use the Biblical doctrine of original sin by referring to the positive antipole, namely redemption in Christ.

2.4 From original sin flows all acts of sin. That is why the characteristics of sin are investigated. The most important conclusions resulting from the characteristics of sin are:

2.4.1 That sin deliberately rejects and suppresses the truth and that the sinner is pleased about the sin which is committed (Romans 1:32; Philippians 3:19).

2.4.2 That the keyword for sin in the New Testament namely *hamartia*, essentially means "missing your goal". However the exegesis of Lloyd-Jones indicates that the sinner does not only miss his goal, but does not even aim at the target; in fact, he aims at a different target from the one God sets for him. Instead of the living God being worshipped, the creature and creation are worshipped (Romans 1:18-32).

2.4.3 That sin causes spiritual disintegration. This is why people are so susceptible to superficial and unscriptural trends.

2.4.4 That sin is directed primarily against God (Psalm 51:6).

2.4.5 That a true doctrine of sin calls forth a healthy realisation of sin and therefore also a realisation of one's dependence on God for eternal salvation (cf. Matthews 5:3).

2.4.6 That God's judgement of sin as a breach of his covenant is intensified in the church of the New Testament (cf. Hebrews 10:19-31).

2.5 Lloyd-Jones uses his view of sin with the intention of awakening a realisation of sin in unbelievers and in this way encouraging the need for redemption.

2.6 The same doctrine of sin is used to foster the sanctification of believers. The process of sanctification consists of the mortification of sin. This process occurs through the direction of the Holy Spirit.

3. Sinful acts are manifested in false doctrines and false religions. This is why Lloyd-Jones's fields of application are examined. A feature of false doctrines and false religions used virtually throughout by Lloyd-Jones in the apologetic process, is the additions to or detractions from the Bible – or both:

3.1 The Roman Catholic Church adds to Scripture by accepting an open canon as it is embodied in Roman Catholic tradition. It is precisely as a result of this tradition that the Roman Catholic Church detracts from the Bible – its traditions are often in direct conflict with Biblical truths. The Roman Catholic Church system places itself between man and Christ and in this way people's eternal salvation is compromised.

3.2 In contrast with humanism and the resulting uncertainty concerning eternal salvation in the Arminian theology, Lloyd-Jones focuses on the sovereignty of God and the consequential certainty of salvation in the Calvinistic doctrine of predestination.

3.3 If the Darwinian evolutionary doctrine were true, the Biblical doctrine of sin and salvation would be meaningless. Lloyd-Jones uses the story of creation and the fall of man as it is described in Genesis 1-3 as actual occurences to show that evolutionism is simply a theory.

3.4 Against *Christian Science's* focus on temporary and earthly prosperity, Lloyd-Jones places man's eternal prosperity as a higher priority. Sin threatens man's eternal prosperity. The *Christian Scientists* add to the Bible by placing the *Science of Mind* above the

Bible. They detract from the Bible by regarding sin simply as ignorance.

4. Outstanding and admirable features of Lloyd-Jones's apologetics are the way in which he pursues apologetics and the substantial quality of his discussion. He approaches apologetics in an atmosphere of love for the truth and love for the sinner. Lloyd-Jones's point of departure is essentially a prayerful development and true exposition and application of the Word.

Key words for indexing: *Lloyd-Jones, sin, original sin, doctrine of sin, apologetics, apologetic points of departure, apologetic fields of application, views regarding man, truth, falsity.*

## INHOUDSOPGAWE

**DIE SONDELEER IN DIE APOLOGETIEK VAN**

**DR. D. MARTYN LLOYD-JONES**


OPSOMMING ..... i
SUMMARY ..... v

**HOOFSTUK 1**

1. **INLEIDING** ..... 1
1.1 Probleemstelling ..... 1
1.1.1 Oriëntering ..... 1
1.1.2 Aktualiteit ..... 2
1.1.2.1 Lloyd-Jones as apologeet van formaat ..... 3
1.1.2.2 Die sondeleer is tans opnuut aktueel ..... 3
1.1.3 Navorsingsvraag ..... 7
1.2 Doelstelling en doelwitte ..... 8
1.3 Die sentrale teoretiese argument ..... 8
1.4 Metode ..... 9
1.5 Hoofstukindeling ..... 10

**HOOFSTUK 2**

2. **DIE VORMING EN BEÏNVLOEDING VAN LLOYD-JONES AS TEOLOOG EN APOLOGEET** ..... 11
2.1 Inleidend ..... 11
2.2 Lloyd-Jones se intense sondebesef en bekering beïnvloed sy hele bediening ..... 11
2.3 Die mediese wetenskap slyp Lloyd-Jones se diagnostiese vermoëns ..... 12
2.4 Die heilsame uitwerking van die huwelik tussen die Calvinisme en Metodisme op Lloyd-Jones as Puriteinse denker ..... 13
2.5 Die belang en die korrekte gebruik van die kerkgeskiedenis in die teologie ..... 15
2.6 Lloyd-Jones se primêre bron: Die Bybel – gerugsteun deur gebed ..... 15
2.7 Gevolgtrekkings ..... 17

## HOOFSTUK 3

3. **LLOYD-JONES SE APOLOGETIESE UITGANGSPUNTE** .................. 19
3.1 Inleidend .................. 19
3.2 Lloyd-Jones oor apologetiek .................. 20
3.3 Lloyd-Jones se antropologie as 'n apologetiese vertrekpunt .................. 26
3.4 Wat is verkeerd met die mens? .................. 33
3.5 Die waarheidsvraag .................. 41
3.6 Die eenvoud van die evangelie .................. 49
3.7 Is die evangelie steeds toepaslik? .................. 56

## HOOFSTUK 4

4. **ONBYBELSE STANDPUNTE OOR DIE SONDE** .................. 63
4.1 Die Bybelse sondeleer is ongewild .................. 63
4.2 Vier onbybelse sondebeskouings .................. 64
4.3 Gevolgtrekkings .................. 68

## HOOFSTUK 5

5. **LLOYD-JONES SE SONDELEER** .................. 71
5.1 Inleidend .................. 71
5.2 Lloyd-Jones oor "Original Sin" .................. 71
5.2.1 Agtergrond .................. 71
5.2.2 Lloyd-Jones se vertrekpunt by sy verklaring van die erfsondeleer .................. 76
5.2.3 Die uidrukking dia touto .................. 77
5.2.4 Lloyd-Jones oor die woord "hoosper" .................. 80
5.2.5 Die universele van die sonde en die dood .................. 81
5.2.6 Lloyd-Jones oor die woord "sonde" in Romeine 5:12 .................. 82
5.2.7 Lloyd-Jones oor sonde wat nie sonder die wet toegereken word nie .................. 90
5.2.8 Die "toerekeningsgedagte" al meer in die fokus .................. 91
5.2.9 Samevattende gedagtes oor "Original Sin" .................. 100
5.3 Algemene eienskappe van die sonde .................. 106
5.3.1 Inleidend .................. 106
5.3.2 Sonde is nie primêr dade nie .................. 107
5.3.3 Sonde is opsetlik .................. 110
5.3.4 Sonde bring agteruitgang .................. 111
5.3.5 Sonde takel af en demoraliseer .................. 113
5.3.6 Sonde is afstootlik .................. 114
5.3.7 Sonde vervreem die mens van God .................. 115
5.3.8 Sonde is rebellie teen God .................. 116
5.3.9 Sonde is eiewilllig en beledig God .................. 118
5.3.10 Sonde is om nie van God afhanklik te wees nie .................. 118
5.3.11 Sonde is dwaas, arrogant en ondankbaar .................. 119
5.3.12 Sonde is verbondsbreuk .................. 121

5.3.13 Gevolgtrekkings en toepassings oor die eienskappe van sonde......122
5.4 Lloyd-Jones se gebruik van sy sondeleer teenoor ongelowiges..128
5.5 Lloyd-Jones se gebruik van sy sondeleer teenoor gelowiges......135
5.5.1 Die hoofdoel is heiligmaking......135
5.5.2 Gelowiges met 'n verkeerde sondebesef......136
5.5.3 Hoe kan gelowiges sonde weerstaan?......138
5.5.4 Evaluering van Lloyd-Jones se gebruik van sy sondeleer teenoor gelowiges......140
5.6 Die gebruik van die wet in Lloyd-Jones se sondeleer......143
5.7 Die verhouding sonde-verlossing by Lloyd-Jones......156

## HOOFSTUK 6

**6. LLOYD-JONES SE APOLOGETIESE TOEPASSINGSVELDE......160**
6.1 Inleidend......160
6.2 Die Rooms-Katolisisme......160
6.2.1 Die konteks van Lloyd-Jones se apologie oor die Rooms-Katolisisme......160
6.2.2 'n Algemene apologie oor die Rooms-Katolisisme......162
6.2.3 'n Spesifieke apologie oor die Rooms-Katolisisme......163
6.2.3.1 Die Rooms-Katolieke Kerk se afgodery en bygeloof......164
6.2.3.2 Die Rooms-Katolieke Kerk se leer en sisteem kom tussen die mens en Christus te staan......165
6.2.3.3 Die Rooms-Katolieke Kerk se leer oor die regverdiging deur die geloof alleen......169
6.2.4 Opmerkings oor Lloyd-Jones se apologie aan die Rooms-Katolisisme......171
6.3 Die Arminianisme......176
6.4 Die Darwinistiese evolusieleer......178
6.5 Die Christian Science......179

## HOOFSTUK 7

**7. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS: DIE IMPLIKASIES VAN LLOYD-JONES SE SONDELEER VIR DIE APOLOGETIEK......182**
7.1 Inleidend......182
7.2 Gevolgtrekkings oor Lloyd-Jones as teoloog en apologeet......182
7.3 Gevolgtrekkings oor Lloyd-Jones se apologetiese vertrekpunte..184
7.4 Gevolgtrekkings oor Lloyd-Jones se sondeleer......189
7.5 Gevolgtrekkings oor Lloyd-Jones se apologetiese toepassingsvelde......191

**BIBLIOGRAFIE......195**

# HOOFSTUK 1

## 1. INLEIDING

Dr. D. Martyn Lloyd-Jones was 'n buitengewoon begaafde teoloog (vgl. afdeling 1.1.2.1). As 'n hoogs suksesvolle mediese dokter (Floor, 1985:23) het hy die mediese wetenskap verlaat om bedienaar van die Woord te word (Floor, 1985:25). Hy het as teoloog veral bekendheid met sy sogenaamde "expository preaching" verwerf (Sargent, 1994:264). 'n Proefskrif het dan ook oor die beginsels en metodes in die prediking van D.M. Lloyd-Jones verskyn (vgl. Jung, 1986:1-276).

By die lees van die werke van dr. Lloyd-Jones het dit egter duidelik geword dat hy ook 'n apologeet van formaat was (vgl. afdeling 1.1.2.1). In hierdie studie word gefokus op die wyse waarop Lloyd-Jones 'n faset van sy teologie naamlik sy sondebeskouing, in die apologetiek gebruik het. Die rede vir hierdie kombinasie van sy sondeleer en apologetiek, is dat dit gou uit sy werke duidelik geword het dat sy sondebeskouing as vertrekpunt vir sy apologetiek gedien het. Die wyse waarop sy sondeleer en apologetiek met mekaar verband hou en die waarde van so 'n studie vir die teologie, sal vervolgens blyk.

## 1.1 Probleemstelling

### 1.1.1 Oriëntering

Lloyd-Jones (1993:1-94) het in die midde van die Tweede Wêreldoorlog in sy prediking en lesings gekonsentreer op die gevalle sondige natuur van die mens en God se oordeel oor die gevalle mens. Gedurende 1941 het hy te

Edinburgh aan die "Free Church College" lesings oor die val van die mens in sonde gegee (Lloyd-Jones, 1993:5).

Lloyd-Jones (1993:13) se sentrale vraag in bogenoemde lesings is: "Why is the world in its present condition?"

Hierdie vraag kry 'n apologetiese kleur wanneer Lloyd-Jones (1993:13) sê: "But this must be considered very particularly in the light of the teaching concerning life that has been most popular during the past hundred years".

Lloyd-Jones (1993:13) gee die leerstuk waarvan hy in laasgenoemde aanhaling praat nie 'n naam nie, maar hy beskryf dit as die leer waarin die mens beweer dat hy besig is om homself te verbeter en heenwerk na 'n utopia. Van hierdie leer sê hy: "Such a view of life must be tragically and fundamentally wrong" (Lloyd-Jones, 1993:13).

In die lig hiervan is dit te verstane dat 'n baie belangrike faset van Lloyd-Jones se pogings om onbybelse filosofieë oor die mens te weerlê, rondom 'n suiwer en Bybelse sondeleer draai. Murray (1995:xxiv) en Sargent (1994:141) toon aan dat die gebeure in die tuin van Eden die hele bediening van Lloyd-Jones deursuur het.

### 1.1.2 Aktualiteit

Hierdie studie is om veral twee redes aktueel:

- Enersyds is die studie aktueel bloot omdat Lloyd-Jones een van die grootste teoloë van hierdie eeu is (Catherwood, 1992:8).
- Andersyds is die studie aktueel omdat die probleem van die sonde deur die eeue heen gedebatteer is (Douma, 1999:375) en tans weer in die brandpunt staan (Salomons, 2002:9).

Bogenoemde twee stellings word vervolgens uitgewerk om die aktualiteit van die studie aan te toon.

#### *1.1.2.1 Lloyd-Jones as apologeet van formaat*

Verskillende teoloë het Lloyd-Jones as 'n apologeet van formaat getipeer:

- Packer (1991:7) getuig van 'n preek van Lloyd-Jones wat hy self in 1948 gehoor het dat dit eksegeties, apologeties en evangelisties van uitsonderlike gehalte was.
- Gedurende 1947 is Lloyd-Jones genooi om lesings van apologetiese aard te Wheaton, Illinois, te gee (Lloyd-Jones, 1950:8). Die blote feit dat Lloyd-Jones as 'n Britse prediker na die VSA genooi is en dat sy gasheer hom tot 'n apologetiese aanslag verplig het, spreek boekdele van wat hulle van sy vermoëns gedink het. Bogenoemde lesings het sy vermoëns as apologeet bewys (Desmond, 1950:9).
- Dit is interessant dat Floor (1985:28), terwyl hy die hermeneutiese model by Lloyd-Jones ondersoek het, die volgende waarneming oor Lloyd-Jones se apologetiese vermoëns maak: "Toegerus met 'n omvangryke teologiese kennis, geslyp as 'n volleerde 'diagnostician', begiftig met 'n skerp analitiese gees, is hy in staat om die valse argumente van die ware te skei en kan hy die Bybelse waarhede, soos deur die reformasie ontdek, helder laat skitter".

#### *1.1.2.2 Die sondeleer is tans opnuut aktueel*

Uit die volgende behoort die huidige aktualiteit van 'n suiwer sondeleer vir die teologie te blyk:

- **Die sondeleer in die geskiedenis van die kerk**

Die probleem van 'n suiwer sondeleer is in die geskiedenis van die kerk nie met die Konsilie van Oranje (529) afgeskud toe die Semi-Pelagianisme veroordeel is nie (Schulze, 1978:145). Die inherente hoogmoed van die mens is die oorsaak daarvan dat die stryd om die regte verstaan van die sonde en die genade nie maklik beëindig word nie (Schulze, 1978:141).

In die lig van hedendaagse vorms van Pelagianisme en semi-Pelagianisme soos dit deur Vorster (1998:293-310), Cilliers (1996:52) en Salomons (2002:9-12) aangetoon word, is Lloyd-Jones se aanduiding van die kwalitatiewe en kwantitatiewe uitwerking van die sonde van baie groot belang.

- **Die sondeleer en die Etiek**

In aansluiting by die laaste paragraaf moet op die resente studie van Douma (1999:1-413) oor die etiek gewys word. In 'n hoofstuk oor die geskiedenis van die Christelike etiek, met die leer oor die erfsonde as konteks, sê Douma (1999:375): "Het conflict tussen Augustinus en Pelagius zal zich feitelijk door heel de geschiedenis van de etiek herhalen". Strauss (1988:135) wys in 'n ondersoek na etiese beginsels in die drie formuliere van eenheid dat die gereformeerde leer oor die sondeval in die etiek verreken moet word.

Hieruit blyk die voortdurende belang van 'n suiwer sondeleer, in besonder 'n suiwer erfsondeleer, vir die etiek. In paragraaf 5.2 word besonder op Lloyd-Jones se siening van die erfsonde gefokus.

- **Die sondeleer en die Dogmatiek**

Durand (1978:13) wys in 'n dogmatiese werk daarop dat solank as wat die realiteite van lyding en smart deel van hierdie wêreld is, solank sal die sondeleer aktueel bly.

'n Suiwer en Bybelse sondeleer is dus ook vir die Dogmatiek van belang.

- **Die sondeleer en die prediking**

Cilliers (1996:3) toon aan dat die evangelie van vrye genade nie vanselfsprekend op Suid-Afrika se kansels verkondig word nie. Die rede is dat die prediking in Suid-Afrika sterk wettiese trekke vertoon (Cilliers, 1996:7). Wettiese prediking neem die sonde nie ernstig op nie (Cilliers, 1996:7).

Murray (1995:xxiv) en Sargent (1994:141) toon aan dat Lloyd-Jones in sy bediening die sonde ernstig opgeneem en Skriftuurlik verklaar het. 'n Studie oor die sondebeskouing van Lloyd-Jones kan dus ook vir die Homiletiek van waarde wees.

- **Die sondeleer en die erediens**

De Klerk (1987:264-265) wys in 'n liturgiese studie hoe maklik skuldbelydenis in die erediens verskraal en 'n blote formele handeling word. 'n Moontlike rede vir die verskraling van skuldbelydenis in die erediens is die gebrek aan 'n besef van die heiligheid van God en die onheiligheid van die bidder (De Klerk, 1987:265).

De Klerk (1987:265) gee die oplossing vir die probleem as hy daarop wys dat die Heilige Gees die Skriflesing en die prediking sal gebruik om die gemeente voor die heiligheid van God te staan te bring en so skuldbelydenis wakker sal maak.

Dit is egter belangrik dat die Woorddiens 'n suiwer sondeleer as grondslag het waarsonder dit moeilik sal wees om skuldbesef op te wek. 'n Suiwer sondeleer is dus ook vir die liturgie van groot belang.

- **Die sondeleer en die Evangelistiek**

Lloyd-Jones het dikwels 'n uiteensetting van die Bybelse sondeleer aan 'n sogenaamde ongelowige gehoor gegee (Lloyd-Jones, 1995:1). Hy het geglo dat ongelowiges, sonder 'n intense sondebesef, selde tot geloof gelei kan word (Murray, 1995:xix). Daarom sê Lloyd-Jones (1971:235): "There is no true evangelism without the doctrine of sin, and without an understanding of what sin is".

Laasgenoemde stelling word in die praktyk bevestig as Floor (1996:1) van sy werk onder die Mwani's sê: "Without a notion of the holiness of God, and the utter abhorence He has for sin, they feel no need for salvation".

'n Uiteensetting van Lloyd-Jones se sondeleer is dus ook vir die Evangelistiek aktueel.

- **Die sondeleer en die diakonaat**

Vorster (1996:147) wys in 'n artikel oor vernuwing in die diakonaat op die oorsake van armoede. Behalwe vir werkloosheid en lae inkomste, onregverdige sosio-politieke strukture en noodtoestande, wys hy (1996:151) ook op die gebrokenheid van die mens as 'n oorsaak van armoede. Armoede

is nie altyd die gevolg van politieke of maatskaplike omstandighede nie (vgl. Vorster, 1996:151). Armoede is ook dikwels die gevolg van verkwisting en werkskuheid (Vorster, 1996:152).

'n Suiwer sondeleer is dus vir die diakonaat van belang.

- **Die sondeleer en die lewe van die gelowige**

Volgens Van Rooy (1998:7), in 'n kritiese evaluering van De Klerk (1998:1-160) se boek: "Die vreemde God en sy mense", is daar in hierdie boek nie plek vir God se heiligheid en sy toorn oor die sonde nie.

Teenoor De Klerk se oppervlakkige beskouing van die sonde, is daar teoloë wat met diepe erns na die sonde kyk. Verhoef (1994:21) vra die ondersoekende vraag binne hedendaagse Nederlandse en Gereformeerde klimaat: "Is er bij ons nog die onuitsprekelijke vreugde en het jezelf verfoeien vanwege je zonden? Wanneer heb ik nou voor het laatst gehuild over mijn zonden?" en 'n klein endjie verder sê hy: "Ik denk wel eens dat we juist te weinig aandacht aan de zondekennis besteden en daardoor de onuitsprekelijke vreugde niet aan de orde kan komen" (Verhoef, 1994:21).

Hierdie laaste aanhaling toon aan dat 'n Bybelse sondeleer nie slegs vir die Evangelistiek aktueel is nie maar ook vir die pastorale versorging van die gelowige. Adams (1979:139) sê dat die rede vir die bestaan van pastorale berading juis die gevolg van die sondige aard van die mens is.

'n Ondersoek na Lloyd-Jones se apologetiese gebruik van 'n suiwer sondeleer kan dus ook vir die daaglikse lewe van die gelowige en derhalwe vir die Pastoraat van waarde wees.

- **Die sondeleer en onbybelse teologieë**

Vorster (1988:205-206) wys hoe die begrip "sonde" 'n basiese leerstelling in die Teologie van Bevryding is. Teenoor die dogmahistoriese beklemtoning dat sonde 'n inherente menslike eienskap is, word die begrip "sonde" deur die Teologie van Bevryding met 'n ander inhoud gelaai: "Sonde lê nie in die mens nie maar in die politieke en ekonomiese strukture waar daar uitbuiting en armoede is" (Vorster, 1988:206).

'n Suiwer sondebeskouiing is dus vir die Christenapologeet noodsaaklik om sinvolle gesprek met die bevrydingsteologie aan te knoop.

- **Nuwe belangstelling in Lloyd-Jones en sy sondeleer**

Dit is opmerklik dat daar in die Nederlandse teologiese tydskrif *Bijbel en Wetenschap* verskillende resensies aangekondig word van vertaalde werke van Lloyd-Jones (vgl. Vermeeren, 1995; Van Velzen, 1995).

Daar is dus tans binne Nederlandse kringe 'n bewuswording van die werke van Lloyd-Jones. Saam met die bewuswording, is een van die sentrale temas by Lloyd-Jones, dat 'n suiwer sondeleer en 'n suiwer verlossingsleer hand aan hand loop, raakgesien (Verhoef, 1994:21).

### 1.1.3 Navorsingsvraag

Uit bogenoemde paragrawe is dit duidelik dat 'n suiwer Bybelse sondeleer oor 'n wye front aktueel is. Daarteenoor het onbybelse beskouings oor die sonde ingrypende gevolge in die teologiese opleiding van predikante en vir die daaglikse lewe van die gelowiges. In die lig hiervan kan die navorsingsvraag van hierdie studie soos volg geformuleer word: *Terwyl daar in die verlede en ook tans uiteenlopende beskouings oor die sonde is, wat is die sondebeskouing van Lloyd-Jones en wat is die apologetiese betekenis daarvan vir die kerke vandag?*

Om hierdie vraag te beantwoord, is die volgende vrae belangrik:

- Wat is Lloyd-Jones se apologetiese uitgangspunte en hoe hou dit met sy sondeleer verband?
- Watter onbybelse sondebeskouings bring Lloyd-Jones in sy ontwikkeling van 'n suiwer sondeleer na vore en hoe hanteer hy dit?
- Wat is Lloyd-Jones se eie sondebeskouing?
- Watter implikasies het Lloyd-Jones se sondebeskouing vir die apologetiek en hoe kan dit apologeties gebruik word?

## 1.2 Doelstelling en doelwitte

Die doel van hierdie studie is om Lloyd-Jones se sondebeskouing te ondersoek en na te gaan wat sy sondebeskouing is en hoe dit apologeties gebruik kan word om onbybelse sondebeskouings te weerlê.

Om bogenoemde doelstelling te bereik, word die volgende doelwitte vir die navorsing gestel:

- om na te gaan wat Lloyd-Jones se apologetiese uitgangspunte is en die verband daarvan met sy sondeleer te ondersoek;
- om enkele onbybelse sondebeskouings soos deur Lloyd-Jones aangedui, te ondersoek en sy apologetiese kommentaar daarop na te vors;
- om Lloyd-Jones se eie sondebeskouing soos hy dit in die lig van die Skrif ontwikkel en op verskillende maniere apologeties gebruik het, te ondersoek en te formuleer.
- om die implikasies van Lloyd-Jones se sondebeskouing vir die apologetiek aan te dui en te toon hoe dit apologeties gebruik kan word.

## 1.3 Die sentrale teoretiese argument

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat Lloyd-Jones 'n suiwer en Bybelse sondebeskouing handhaaf en sy sondebeskouing sinvol en apologeties teenoor sekere onbybelse sondebeskouings stel, en dat dit tans betekenisvol aangewend kan word.

## 1.4 Metode

Daar sal in hierdie studie hoofsaaklik van primêre bronne gebruik gemaak word:

- Om beide die vrae na Lloyd-Jones se apologetiese uitgangspunte en sy hantering van onbybelse sondebeskouings te ondersoek, word veral gebruik gemaak van werke van Lloyd-Jones wat 'n tipiese apologetiese benadering het. Twee voorbeelde van sulke werke is: Lloyd-Jones, 1950 en Lloyd-Jones, 1993b.

  Van eersgenoemde werk sê Desmond (1950:9): "This little volume demonstrates his ability to present an apologetic for the gospel whenever he regarded this approach as appropriate". Die boek word duidelik as 'n apologetiese werk getipeer.

  Die tweede werk getuig self van sy inherente apologetiese karakter wanneer Lloyd-Jones (1993b:13) frases soos "to expose that fallacy" en "to reveal the truth" gebruik.

- Om die vraag na 'n positiewe uiteensetting van Lloyd-Jones se sondebeskouing te beantwoord, is dit logies dat hoofsaaklik van primêre bronne gebruik gemaak sal word. Uitdrukkings soos: "It is only those who begin to realise that they have got sin within them who realise that their very nature is twisted and perverted" (Lloyd-Jones, 1992:122) kom gereeld in die werke van Lloyd-Jones voor.

- Daar sal egter ook van tersaaklike sekondêre bronne gebruik gemaak word. Daar het 'n biografie met twee dele deur Murray (1982:1-394; 1990:1-831) oor Lloyd-Jones verskyn. Soos voorts aangedui sal word, kan die sterk klem wat Lloyd-Jones op 'n suiwer sondeleer gelê het ook in die biografie raakgesien word. Die titel van die tweede deel van die biografie "The fight of faith, 1939-1981", spreek boekdele vir hoe Lloyd-Jones se biograaf die grootste deel van Lloyd-Jones se bediening opsom.

- Om die vraag na die implikasies van die sondebeskouing van Lloyd-Jones vir die apologetiek te beantwoord, sal ondersoek gedoen word na die

toepassingsvelde van Lloyd-Jones en of die toepassingsvelde steeds in die hedendaagse samelewing na vore kom. Daar word egter ook teen die einde van elke afdeling op sekere implikasies en toepassings vir die hedendaagse samelewing gewys.

Om die doelstelling en die doelwitte soos hierbo uiteengesit, te bereik, is dit egter van groot belang dat die metode deur 'n ondersoek na sake wat Lloyd-Jones as teoloog en as apologeet gevorm en beïnvloed het, aan te vul. Om sake wat Lloyd-Jones beïnvloed het sinvol in die res van die studie te kan gebruik, word dit eerstens bespreek.

## 1.5 Hoofstukindeling

Hoofstuk 1: Inleiding

Hoofstuk 2: Die vorming en beïnvloeding van Lloyd-Jones as teoloog en apologeet

Hoofstuk 3: Lloyd-Jones se apologetiese uitgangspunte

Hoofstuk 4: Onbybelse standpunte oor die sonde volgens Lloyd-Jones

Hoofstuk 5: Lloyd-Jones se sondeleer

Hoofstuk 6: Lloyd-Jones se apologetiese toepassingsvelde

Hoofstuk 7: Samevatting en gevolgtrekkings: Die implikasies van Lloyd-Jones se sondeleer vir die apologetiek

# HOOFSTUK 2

## 2. DIE VORMING EN BEÏNVLOEDING VAN LLOYD-JONES AS TEOLOOG EN APOLOGEET

### 2.1 Inleidend

D. Martyn Lloyd-Jones is op 20 Desember 1899 gebore en op 1 Maart 1981 oorlede (Murray, 1982:1; 1990:xviii).

Packer (1995:555) beskryf Lloyd-Jones as 'n magnetiese persoonlikheid met uitstaande intellektuele gawes.

Laasgenoemde feit word duidelik daarin dat Lloyd-Jones aanvanklik as 'n mediese dokter opgelei is en selfs 'n doktorsgraad in die medisyne verwerf het (Floor, 1985:23). Deur sy werk as medikus kom hy egter tot die besef dat mense eerder die evangelie as gewone medisyne nodig het (Floor, 1985:25).

Lloyd-Jones het tot hierdie besef gekom nadat hy 'n lang worsteling gehad het en dit die weg tot sy bekering gebaan het (Floor, 1985:25).

### 2.2 Lloyd-Jones se intense sondebesef en bekering beïnvloed sy hele bediening

Een van die faktore wat aanleiding tot Lloyd-Jones se bekering gegee het, was dat hy onder 'n intense sondebesef gekom het (Floor, 1985:25). Murray (1982:61) deel Floor se siening en wys daarop dat die bewustheid van sonde die kragtigste invloed tot die bekering van Lloyd-Jones was. Jung (1986:10) getuig saam met dié twee skrywers: "The most powerful influence of all in his complete change of direction was the fact of sin".

Dit was egter nie 'n plotselinge bekering nie (Floor, 1985:25), maar, sê Catherwood (2003:1), Lloyd-Jones het op sy eie die Bybel gelees en onder die krag van die evangelie gekom. Hy is vasgevang deur die evangelie se gebalanseerde logika en uiteindelik het hy homself volledig tot die evangelie verbind (Catherwood, 2003:1).

## 2.3 Die mediese wetenskap slyp Lloyd-Jones se diagnostiese vermoëns

Packer (1995:555) en Floor (1985:28) trek Lloyd-Jones se mediese opleiding en sy uitsonderlike vermoë om klinies en deeglik te diagnoseer deur na sy teologie. Packer (1995:555) beskryf dit so: "His diagnostic way of exposing the needs of unbelievers, Christians and churches in clinical rhetoric was arresting", terwyl Floor (1985:28) sê: "Begiftig met 'n skerp analitiese en logiese gees, is hy in staat om die valse argumente van die ware te onderskei".

Catherwood (2003:3) toon aan dat Lloyd-Jones se vermoë om duidelik te onderskei en te diagnoseer ook die manier was waarop hy die Skrif verklaar en toegepas het: "His style was that of sharp clinical diagnosis, analysing the worldly view, showing its futility in dealing with the power and persistence of evil, and contrasting the Christian view, its logic, its realism and its power".

Lloyd-Jones se vermoë om te onderskei is van jongs af gevorm. Murray (1982:46) wys daarop dat Lloyd-Jones se vader, Henry, sy seuns aangemoedig het om publieke sake tuis te debatteer. Murray (1982:46) haal vir Lloyd-Jones aan as hy sê: "There is nothing better for the sharpening of wits and to help a man to think clearly and orderly, than debating, and especially to debate on theological and philosophical topics". Lloyd-Jones het dikwels tydens katkisasieklasse in ernstige debatvoering met sy kategeet getree (Murray, 1982:46).

Nog voor sy besluit om tot die bediening toe te tree, het hy dikwels lesings by die byeenkomste van die "Literary and Debating Society" gegee (Murray, 1982:65). Hy het ook graag na die debatvoering van politieke leiers in die

parlement gaan luister (Murray, 1982:38-39). Die vraag is of dit alles van Lloyd-Jones 'n goeie redenaar gemaak het. Murray (1990:770) sê: "For sheer force and brilliance in discussion and debate he was unrivalled".

Dit is egter nie slegs Lloyd-Jones se mediese opleiding en sy belangstelling in debatvoering wat 'n invloed op sy teologie gehad het nie.

## 2.4 Die heilsame uitwerking van die huwelik tussen die Calvinisme en Metodisme op Lloyd-Jones as Puriteinse denker

Floor (1985:28) wys daarop dat Lloyd-Jones 'n belese man was en dat dit in sy boeke, artikels, toesprake en referate duidelik na vore kom. Packer (1995:555) toon die soort belesenheid wat Lloyd-Jones gehad het aan deur daarop te wys dat hy homself opgelei het in die Puriteinse, Calvinisties-Metodistiese en "Princetonian" skole van denke binne die gereformeerde teologie.

Dit is in besonder die Puriteinse geskrifte wat 'n groot invloed op Lloyd-Jones gehad het: "There also can be no doubt that his reading of the Puritans also had a deep influence on the doctor turned preacher" (Anon., 2003c:4). Floor (1985:28) wys daarop dat Lloyd-Jones self erken het dat die Puriteinse skrywers sy hele bediening beheers het.

Dit wat Lloyd-Jones aangespreek het in die Puriteinse godsdienstige denke en praktyk was:

- hulle beklemtoning van die innerlike waarde van godsdiens bo uiterlike vorme en rituele (Anon., 2003c:4);
- hulle beklemtoning van die liggaam van Christus bo 'n individualistiese Christelike godsdiens (Anon., 2003c:4). Hulle was dus verbondsmatig ingestel. Hieruit volg hulle beklemtoning van die kerklike tug as 'n metode om die liggaam van Christus gesond te hou (Anon., 2003c:4), en

- hulle beklemtoning op die gepredikte Woord en toepassing daarvan op die gelowiges se lewenspraktyk (Anon., 2003c:4).

Lloyd-Jones het egter wyer gelees as bloot binne laasgenoemde skole van denke: "Dr. Lloyd-Jones het ook 'n studie gemaak van die werke van Emil Brunner, Hans Küng[1] en Karl Barth" (Floor, 1985:28). Hieruit blyk die teologiese verskeidenheid waarin Lloyd-Jones homself geskool het.

'n Baie belangrike invloed op die teologiese denke van Lloyd-Jones was die feit dat hy opgegroei het in die Calvinisties-Metodiste Kerk (Catherwood, 2003:1). Ten opsigte van die metodistiese deel van sy kerklike opvoeding het hy tot die Whitefieldskool van denke behoort (Murray, 1982:191).

Floor (1985:22) wys daarop dat die Calvinistiese inslag in die Calvinisties-Metodiste Kerk deur Whitefield veroorsaak is. Whitefield het die leerstuk van die uitverkiesing teenoor John Wesley gehandhaaf[2] (Floor, 1985:22). Murray (1982:60) bevestig dat Lloyd-Jones die Bybelse leer oor die uitverkiesing vir homself aanvaar het. Oor die leer van die uitverkiesing sê Lloyd-Jones (1978:92) in sy eie woorde: "There is no doctrine which is as comforting as this", en die rede waarom hy soveel troos in die leer van die uitverkiesing vind, is omdat sy ewige toekoms daardeur veilig in die hande van God is en nie in dié van 'n mens nie.

Ten opsigte van Lloyd-Jones se verbintenis met die Calvinisties-Metodiste Kerk maak Catherwood (2003:5) 'n belangrike opmerking: "He had always pointed to the combination in the Welsh Calvinistic Methodists of the doctrine of the Calvinists and the enthusiasm of the Methodists". Lloyd-Jones het geglo dat die suiwer reformatoriese leer deur die metodisme se entoesiasme gebalanseer moes word.

---

1 Hierdie feit is belangrik in die lig van afdeling 6.2 waar Lloyd-Jones se apologetiese optrede ten opsigte van die Rooms-Katolieke Kerk aan die orde kom.

2 Hierdie feit is belangrik wanneer afdeling 6.3 oor Lloyd-Jones se apologetiese toepassing ten opsigte van die Arminianisme behandel word.

## 2.5 Die belang en die korrekte gebruik van die kerkgeskiedenis in die teologie

Lloyd-Jones se teologie is ook deur 'n deeglike studie van die kerkgeskiedenis gevorm (Floor, 1985:28). Ten opsigte van Lloyd-Jones se belangstelling in die kerkgeskiedenis verklaar Sargent (1994:31): "Few can have quarried so assiduously and found so much gold".

Volgens Catherwood (2003:5) het Lloyd-Jones egter nie die kerkgeskiedenis bloot ter wille van die geskiedenis bestudeer nie, maar het hy die kerkgeskiedenis gebruik om teologiese stellings te staaf.

Catherwood (2003:5) se stelling kan bevestig word met die volgende aanhaling uit 'n preek van Lloyd-Jones: "Now let me confirm what I have been advancing by noticing what we find in the history of the Christian Church" (Lloyd-Jones, 1974:315).

Lloyd-Jones (1978:90) het selfs die kerkgeskiedenis as 'n metode van Skrifverklaring gebruik: "Finally, it is a good rule whenever you are confronted by a statement in Scripture which you find to be difficult and perplexing, to consult authorities, to consult the history of the church".

## 2.6 Lloyd-Jones se primêre bron: Die Bybel – gerugsteun deur gebed

Dit sou egter ongebalanseerd wees om voor te gee dat Lloyd-Jones wyd belese was in teologiese werke en in die kerkgeskiedenis as nie tegelyk erken word dat hy ook 'n intense bestudeerder van die Bybel self was nie. In die verband sê Floor (1985:27): "Allereers het hy die Bybel grondig bestudeer". Lloyd-Jones het die hele Bybel elke jaar deurgelees (Floor, 1985:27).

Lloyd-Jones het ook gesorg dat hy, ten spyte daarvan dat hy nie aan 'n teologiese skool gestudeer het nie, homself in die Griekse taal onderrig (Murray, 1982:85). Deur sy kennis van die Bybel, die bestudering daarvan in die grondtaal en sy deeglike eksegese (Catherwood, 2003:3) het Lloyd-Jones

bekendheid verwerf vir sy sogenaamde "expository preaching". In 'n evaluering en 'n poging om Lloyd-Jones se preke te klassifiseer, het Sargent (1994:264) gesê: "Generally speaking they were all expository" en Packer (1995:555) beklemtoon dit deur na Lloyd-Jones se prediking te verwys as "grand scale expository preaching".

Wat nog belangriker is, is om Lloyd-Jones se gesindheid ten opsigte van die Bybel aan te toon. Lloyd-Jones was oortuig dat die hele Bybel die onfeilbare Woord van God is (Floor, 1985:27; Murray, 1982:192). In Lloyd-Jones (1984:43-44) se eie woorde sê hy: "We are to declare that the entire Bible - the canonical Scriptures of the Old and the New Testaments - is the Word of God". Teenoor teologiese studente verklaar hy (1971b:13) onomwonde dat "the loss of believe in the authority of the Scriptures" die hoofrede is waarom die prediking nie meer gesagvol is nie. Gesagvolle prediking is afhanklik daarvan dat die prediker die hele Bybel as die gesagvolle Woord van God aanvaar.

Packer (1995:555) toon aan dat die gevolg daarvan dat Lloyd-Jones met die Bybel as die gesagvolle Woord van God omgegaan het en dit in diepte ontleed en toegepas het, veroorsaak het dat hy enigiemand wat die rykdomme van die Woord ondermyn het as "vyand" gehad het.

Laasgenoemde feit is van besondere belang vir hierdie apologetiese studie, aangesien dit Lloyd-Jones duidelik as apologeet aandui. Packer (1995:555) noem dan ook sommige van hierdie "vyande": oppervlakkige liberale rasionaliste, oppervlakkige neo-ortodoksie, dorre wettisiste, ekumeniese druk wat tot afwatering van geloofswaarhede lei en vals of swak definisies van wat Christenskap behels.

Dit moet voorts duidelik gestel word dat Lloyd-Jones nie slegs 'n man van die Bybel was nie, maar dat sy eksegetiese arbeid, inderdaad sy hele lewe, deur gebed gerugsteun is. Bethan Lloyd-Jones, eggenote van Lloyd-Jones, bevestig dit as sy oor haar man sê: "I only know that he has decided nothing in his life - not the slightest thing - except after many hours of prayer" (Murray, 1982:34).

Die gevolg van Lloyd-Jones se omgang met die Bybel en sy intense gebedslewe, is volgens Murray (1990:771): "He was a humble man". Behalwe vir enkele gevolgtrekkings wat gemaak kan word, word hierdie afdeling met laasgenoemde karaktereienskap van Lloyd-Jones afgesluit as een van die belangrikste eienskappe van 'n groot teoloog en apologeet.

## 2.7 Gevolgtrekkings

Die volgende gevolgtrekkings kan uit bogenoemde beskrywing van Lloyd-Jones gemaak word:

- Lloyd-Jones se teologie is deur die huwelik tussen Calvinisme en Metodisme beïnvloed. Hierdie beïnvloeding was positief van aard. Die Metodistiese inslag het verhoed dat sy Calvinisme in harde en koue leer ontaard, terwyl die Calvinisme die Metodistiese entoesiasme ingeperk en daaraan Bybelse struktuur en grondslag gegee het (vgl. hieroor vir Catherwood, 2003:5).
- Lloyd-Jones het nooit aan 'n teologiese skool opleiding ontvang nie. Tog het sy gesistematiseerde wyse van lees van die Bybel, sy ondersoek van 'n wye verskeidenheid teologiese bronne en sy studie van die kerkgeskiedenis van hom op die gebied van die teologie 'n selfgemaakte teoloog gemaak (Floor, 1985:28). Alhoewel hy 'n selfgemaakte teoloog was, het hy as teoloog ver bo die middelmaat uitgestyg (Floor, 1985:28).
- Dit is duidelik dat Lloyd-Jones se ervaring van sy eie bekering en die invloed wat 'n sondebesef op sy bekering gehad het, ook sou deurwerk na sy teologiese denke. Daarom maak Murray (1995:xix), in die konteks van Lloyd-Jones se bekering, die opmerking dat die noodsaak van 'n sondebesef sterk in Lloyd-Jones se bediening beklemtoon is.
- Lloyd-Jones is deur sy mediese studie, sy buitengewone intellektuele vermoëns en sy vermoë om in die openbaar te redeneer, deeglik toegerus om op 'n uitsonderlike wyse tussen waar en vals te kon onderskei.

Die gevaar is egter groot dat daar 'n vals persepsie oor Lloyd-Jones geskep kan word en daarom moet Murray (1990:762), Lloyd-Jones se biograaf, se gebalanseerde opmerking in ag geneem word: "This biography will have failed if it has not shown that it was eminent grace more than eminent natural gifts which made him what he was".

- Dit is duidelik dat Lloyd-Jones 'n man van Bybelstudie en gebed was. Hieruit kan in samehang met laasgenoemde paragraaf, gesê word dat blote intellektuele vermoëns nie genoeg is om van 'n man 'n buitengewone teoloog te maak nie. Indringende persoonlike Bybelstudie en gebed is 'n *sine qua non* vir enige predikant wat werklik die gelowiges vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus wil toerus (Efesiërs 4:12).
- Dit is egter ook uit Lloyd-Jones se bediening duidelik dat die teoloog se gesindheid ten opsigte van die Bybel reg moet wees. Gesagvolle prediking en Woordbediening is afhanklik van 'n volledige aanvaarding daarvan dat die hele Bybel die onfeilbare en gesagvolle Woord van God is.

Terwyl dit duidelik is dat Lloyd-Jones goed gevorm is as teoloog en apologeet, sal in die volgende hoofstuk aandag gegee word aan sy apologetiese uitgangspunte.

# HOOFSTUK 3

## 3. LLOYD-JONES SE APOLOGETIESE UITGANGSPUNTE

### 3.1 Inleidend

Hierdie studie beklemtoon vier sake:

- Die *eerste* is dat die navorsing die **sondeleer** van Lloyd-Jones ondersoek.
- Die *tweede* saak wat beklemtoon word, is dat die sondeleer van Lloyd-Jones vanuit **apologetiese hoek** bekyk word.
- Die *derde* saak wat beklemtoon word, is dat dit oor die sondeleer vanuit apologetiese hoek van **Lloyd-Jones** gaan.
- Die *vierde* saak is 'n logiese beklemtoning waarsonder die studie nie baie gewig sou dra nie, naamlik om Lloyd-Jones se apologetiese **toepassingsvelde** aan te toon.

Aangesien Lloyd-Jones se sondeleer vanuit apologetiese hoek bekyk word, is dit belangrik om ondersoek in te stel na die aard van sy apologetiek. Wat was sy apologetiese vertrekpunte? Wat het hy in sy apologetiek gehanteer?

Lloyd-Jones (1950:7) is in 1947 genooi om vyf lesings van apologetiese aard by die "Alumni Association of Wheaton College" aan te bied. Van hierdie vyf lesings sê Lloyd-Jones (1950:8): "I think it will be agreed that, whatever the deficiencies of the lectures, they certainly conform to that general desideratum". Lloyd-Jones beskou hierdie vyf lesings van hom dus as lesings van apologetiese aard.

*Hierdie vyf lesings is in 'n boekie met die titel:* "Truth unchanged, unchanging" opgeneem. Uit hierdie vyf lesings is dit moontlik om vas te stel

wat Lloyd-Jones se apologetiese vertrekpunte was en watter soort inhoud hy aan sy apologetiek gegee het. Die volgende vyf sake kom in sy apologetiese benadering as vertrekpunte na vore:

- Lloyd-Jones (1950:11-31) gee in sy apologetiek van sy mensbeskouing 'n uiteensetting.
- Hy (1950:32-52) gee in sy apologetiek sy visie van wat met die mens verkeerd geloop het.
- Hy (1950:53-72) gee 'n uiteensetting van die begrip "waarheid".
- Hy (1950:74-97) gee 'n tetiese uiteensetting van die evangelie.
- Hy (1950:98-118) beantwoord in sy apologetiek die vraag na die relevansie van die evangelie.

Hierdie vyf sake sal van nader bekyk word om die inhoud van Lloyd-Jones se apologetiese uitgangspunte te probeer vasstel. Tog sou dit verkeerd wees om eers na die inhoud van sy apologetiese vertrekpunte te kyk sonder om te weet wat Lloyd-Jones met apologetiek bedoel.

In 'n preekreeks oor die brief aan die Filippense het Lloyd-Jones (1989b:1-235; 1990:1-271) sy gedagtes oor apologetiek na vore gebring. Hierdie gedagtes word vervolgens hanteer.

## 3.2 Lloyd-Jones oor apologetiek

In die lig van die volgende aanhaling uit bogenoemde preekreeks is dit sonder twyfel duidelik dat Lloyd-Jones (1989b:63) in die preekreeks die tema van apologetiek hanteer: "There is an intellectual case for the gospel, apologetics is a valid part of theology and, says the Apostle, every Christian should be active in that".

Dit is boonop uit bogenoemde aanhaling duidelik dat Lloyd-Jones nie 'n blote akademiese belangstelling in apologetiek het nie, maar dat hy die gemeente vir wie hy preek, wil aanmoedig om apologeties op te tree.

Lloyd-Jones (1989b:58) verklaar Filippense 1:12-26 in 'n preek uit bogenoemde preekreeks met die titel "The defence and confirmation of the gospel". In hierdie preek skets Lloyd-Jones (1989b:60) eers die agtergrond waarteen die evangelie verdedig en bevestig moet word.

Lloyd-Jones (1989b:61) vestig die gemeente se aandag daarop dat daar binne en buite die kerk vals leer is wat die kerk bedreig. Hy (1989b:61) wys op die feit van Judaïste in die kerk asook op misteriegodsdienste wat die kerk bedreig het. Hierdie vals leer en vals godsdienste rig 'n aanval op die fondament van die Christelike geloof deur iets daarvan weg te neem of hulle probeer om iets by die Christelike geloof te voeg (Lloyd-Jones, 1989b:61). Uit hierdie agtergrond maak Lloyd-Jones (1989b:63) dan die stelling dat apologetiek 'n noodsaaklike deel van die teologie is en deur Christene beoefen moet word.

Om die gemeente te leer wat hulle apologetiese taak is, verklaar Lloyd-Jones (1989b:60) Filippense 1:7 en dan konsentreer hy op die twee kernfrases in laasgenoemde vers, naamlik die "verdediging van die evangelie" en die "bevestiging van die waarheid daarvan".

Wanneer Lloyd-Jones (1989b:62) die begrip "verdediging van die evangelie" begin verklaar, wys hy eers sy hoorders daarop dat dit nie slegs in die tyd van die apostel Paulus was dat daar vyande van die Christelike leer was nie maar dat hulle ook tans volop is: "Attacks from science, from philosophy, attacks from the cults, they are all here with us, and they are assaulting the very foundation of Christianity". Daarom, sê Lloyd-Jones (1989b:62), is die verdediging van die evangelie ook hedendaags noodsaaklik.

In ooreenstemming met Rienecker en Rogers (1970:545) verklaar Lloyd-Jones (1989b:62) die basiese betekenis van die term "verdedig" in Filippense 1:7 as 'n regsterm waarin 'n persoon homself voor 'n regter teen 'n beskuldiging verdedig. Op grond van laasgenoemde verklaring van die woord "verdedig" kom Lloyd-Jones (1989b:63) tot die konklusie dat die verdediging van die evangelie 'n uiteensetting van feite oor die evangelie behels. Wanneer 'n persoon homself voor 'n regter moet verdedig kan hy nie

'n blote emosionele pleidooi lewer nie, maar moet hy homself op feitelike gronde verontskuldig. Daarom verg die verdediging van die evangelie intense studie (Lloyd-Jones, 1989b:63).

Die feite van die evangelie sit Lloyd-Jones (1989b:67-68) in die preek uiteen. Hy verklaar egter eers die tweede kernfrase naamlik die bevestiging van die waarheid van die evangelie (Lloyd-Jones, 1989b:63). Daar is logika in hierdie werkswyse van Lloyd-Jones aangesien die twee kernfrases onlosmaaklik aan mekaar verbind is. Beide terme word grammatikaal deur dieselfde lidwoord beheers (Floor, 1998:50).

Die tweede frase, naamlik die bevestiging van die waarheid van die evangelie is steeds 'n regsuitdrukking (Floor, 1998:50; Rienecker & Rogers, 1970:545) maar het 'n positiewe karakter (Lloyd-Jones, 1989b:63). Nadat die beskuldiging wat teen die evangelie ingebring is as vals bewys is (die taak van die eerste kernfrase), moet die evangelie positief verklaar word (die taak van die tweede kernfrase). Die bevestiging van die waarheid van die evangelie moet die evangelie positief op die voorgrond plaas (Lloyd-Jones, 1989b:63). Die regsgeldigheid van die evangelie word dan vas en seker (Floor, 1998:51).

Die verdediging en die bevestiging van die evangelie hou in dat die feite van die evangelie goed geken en verstaan moet word (Lloyd-Jones, 1989b:63). Daarom leer Lloyd-Jones (1989b:67-69) sy hoorders wat die feite van die evangelie is en daarna verklaar hy aan hulle die feite van die evangelie.

Ten opsigte van die feite van die evangelie bring Lloyd-Jones (1989b:67-68) die volgende na vore:

- Die feit van die maagdelike geboorte van Jesus Christus.
- Die feit van die wyse manne en die herders wat Jesus besoek het.
- Die feit van Jesus se lewe as 'n skrynwerker.
- Die feit van Jesus se openbare optrede deur wonderwerke en prediking.

- Die feit van Jesus se doop met water en met die Heilige Gees.
- Die feit van Jesus se dood aan die kruis.
- Die feit van Jesus se begrafnis.
- Die feit van Jesus se opstanding uit die dood.

Hierdie feite staan vas en seker aangesien die skrywers van die evangelies oor-en ooggetuies daarvan was en boonop deur die Gees van God geïnspireer was tot die skryf van die evangelies (Lloyd-Jones, 1989b:68).

Hierna verklaar Lloyd-Jones (1989b:68-69) die feite van die evangelie aan sy hoorders. Die volgende kom na vore:

- Die Jesus wat as mens gebore is, is die Seun van God (Lloyd-Jones, 1989b:68).
- Die wonderwerke wat Jesus gedoen het en sy opstanding uit die dood is die bewys van sy Seunskap (Lloyd-Jones, 1989b:68).
- Die Jesus wat mens geword het en tegelyk die Seun van God is, is die Verlosser (Lloyd-Jones, 1989b:68).
- Jesus is die Verlosser deurdat Hy die straf vir die oortreding van God se wet op Hom geneem het. Jesus het die oordeel van God gedra sodat die mens wat die wet oortree het, vrygespreek kan word (Lloyd-Jones, 1989b:69).
- Hierdie goeie nuus moet aan mense gepreek word sodat hulle met God versoen kan word (Lloyd-Jones, 1989b:68).
- Jesus is ook Here. Hy het opgevaar na die hemel en sit aan die regterhand van God. Hy is koning en Hy sal weer terugkeer om as Regter te oordeel wie in Hom geglo het en wie nie (Lloyd-Jones, 1989b:69).

Hiermee is egter nog nie alles gesê oor hoe Lloyd-Jones oor apologetiek dink nie. In dieselfde preek, "The defence and confirmation of the gospel", spreek Lloyd-Jones (1989b:63) die gesindheid waarmee apologetiek bedryf word

aan: "God forbid that any of us should delight in controversy for its own sake or that we should become petty and intolerant".

Uit laasgenoemde aanhaling is dit duidelik dat Lloyd-Jones 'n gees van twisgierigheid afwys. Hy wys egter daarop dat om aan 'n gees van twisgierigheid te ontkom nie beteken dat die apologeet onverskillig teenoor die waarheid mag staan nie (Lloyd-Jones, 1989b:63-64). Die teenvoeter vir 'n twisgierige gees is nie onverskilligheid ten opsigte van die geloof nie, maar om helder en seker te wees oor presies wat die geloof behels (Lloyd-Jones, 1989b:64).

Murray (1990:682) wys daarop dat Lloyd-Jones ten opsigte van die probleem van twisgierigheid in die apologtiek gesê het: "Those who contend for the faith must also be much in prayer in the Holy Ghost and they must keep themselves in the love of God (Jude 21)". Volgens Murray (1990:682) het Lloyd-Jones oor die gesindheid van die apologeet gesê: "Zeal for God and His glory has to include love for people as well as love of the truth".

Lloyd-Jones (1985:67) wys ook op die beperkinge van apologetiek. Hy doen dit in 'n preek uit Romeine 1 (Lloyd-Jones, 1985:67). In 'n verklaring oor die Christelike leer van die Drie-eenheid, wys Lloyd-Jones (1985:67) daarop dat dit 'n leerstuk is wat die Christelike godsdiens radikaal van alle ander godsdienste onderskei: "My friends, the doctrine of the Trinity is the differentiating doctrine of the Christian faith".

Dit is op hierdie punt dat Lloyd-Jones (1985:67) op die beperkinge van apologetiek wys. Apologete wil soms sekere feite van die Christelike godsdiens bewys. Pogings word aangewend om die bestaan van God te bewys of dat 'n maagdelike geboorte soos die van Jesus uit Maria moontlik is (Lloyd-Jones, 1985:67).

Velema (1996:39) maak gebruik van Bolkestein om te sê dat dit nie die taak van die apologetiek is om die geloof vir ongelowiges aanvaarbaar te maak of om die Christelike geloof te bewys nie. Lloyd-Jones se gebalanseerde apologetiese insig kom na vore hierin dat hy presies in ooreenstemming met Velema optree.

Uit bogenoemde beredenering kan die volgende konklusies gemaak word:

- Hoewel die verdediging en bevestiging van die evangelie studie verg, is dit nie 'n blote akademiese saak nie en moet deur die gemeente beoefen word.
- Die gemeente moet opgevoed word sodat hulle in staat is tot die verdediging en bevestiging van die evangelie.
- Die agtergrond en konteks waarteen die oorspronklike hoorders van die evangelie die evangelie moes verdedig en bevestig, moet verduidelik word.
- Die kontemporêre agtergrond waarteen die hedendaagse gemeente die evangelie moet verdedig en bevestig, moet geken word.
- Daar moet raakgesien word dat die vals leraar en die vals godsdienste dikwels op 'n subtiele wyse enersyds van die evangelie wegneem of andersyds by die evangelie byvoeg. Die werkwyse van die vals leraar en die vals godsdienste moet dus raakgesien word.
- Kennis van Bybelse taalgebruik en terme oor die verdediging en bevestiging van die evangelie is noodsaaklik.
- In die verdediging van die evangelie moet die feite van die evangelie uiteengesit word.
- In die bevestiging van die evangelie moet die feite van die evangelie verklaar word.
- Om die evangelie suksesvol te kommunikeer moet die evangelie nie bloot verdedig word nie, maar ook bevestig word. Die verdediging van die evangelie is 'n noodsaaklike dog negatiewe werkwyse. Die bevestiging van die evangelie is die positiewe fasset van die kommunikasie van die evangelie. Deur beide te verdedig en te bevestig word die evangelie regsgeldig verklaar.
- Apologetiek mag nie in 'n gees van twisgierigheid afspeel nie.

- Om aan 'n gees van twisgierigheid te ontkom moet die apologeet biddend voor God staan en binne die liefde van God bly.
- Die apologeet moet beide 'n liefde vir mense sowel as vir die waarheid hê.
- Apologetiek het sy beperkinge. Dit is nie die taak van die apologeet om die bestaan van God of die maagdelike geboorte van Jesus te probeer bewys nie.

Hiermee is waardevolle kennis opgedoen oor hoe Lloyd-Jones die metode van die apologetiek sien. Die volgende paragrawe sal toon dat hy sy teoretiese kennis in die praktyk toegepas het.

## 3.3 Lloyd-Jones se antropologie as 'n apologetiese vertrek-punt

Die rede waarom daar in afdeling 3.1 verwys word na apologetiese vertrekpunte, is omdat Lloyd-Jones (1950:11) self daarop wys dat vertrekpunte belangrik is. Indien daar tot 'n suiwer analise van die probleme van die mens gekom wil word (vgl. 3.4), moet jou vertrekpunte ten opsigte van die mens suiwer wees: "If the basic idea of what man is is a mistaken one, so of necessity will be the view of his troubles and what can be done for him" (Lloyd-Jones, 1950:11).

Hierdie vertrekpunt van Lloyd-Jones om na die aard van die mens ondersoek in te stel, is 'n tipiese apologetiese vertrekpunt. Van Til (1976:14) beskou die leer oor die mens as van fundamentele belang vir die apologetiek. Walsh en Middleton (1984:44) sê: "We cannot answer the questions 'What's wrong?' and 'What's the remedy?' unless we first address the issues of who we are and where we are".

Jordaan (2000:6-8) wys boonop daarop dat die vraag na die aard van die mens nie bloot 'n akademiese belangstelling is nie, maar dat mense via die elektroniese pos tot hom as redakteur van 'n kerklike blad, die vraag vra:

"Wie is ons?" Jordaan (2000:6) maak hierop die stelling dat dit 'n baie aktuele vraag is in 'n tyd van identiteitskrisisse.

In die volgende afdelings (3.4-3.6) word aandag gegee aan Lloyd-Jones se apologetiese standpunte oor "Wat is verkeerd met die mens?" en "Wat is die oplossing?". Lloyd-Jones se apologetiese insig om allereers met 'n ontleding van "Wat is die mens?" weg te spring, word met die verwysings na Van Til en Walsh en Middleton getoon terwyl die aktualiteit van hierdie vertrekpunt vir die mens vandag met die verwysing na Jordaan aangetoon word. Ook McGrath (1992:18) in sy soeke na punte van kontak met ongelowiges begin deur na die aard van die mens te vra.

Murray (1995:xxiv) wys daarop dat die vraag na die aard van die mens in Lloyd-Jones se teologie deurgaans beklemtoon is. Murray (1995:xxiv) maak laasgenoemde stelling na aanleiding van 'n preek van Lloyd-Jones oor Genesis 32.

In 'n voorafgaande preek oor Genesis 3 uit dieselfde bundel waaruit Murray aanhaal, kom dieselfde beklemtoning na vore (vgl. Lloyd-Jones, 1995:2). Die feit dat Lloyd-Jones na die Bybelboek Genesis gryp om sy antropologie na vore te bring, is nie verbasend nie. Lloyd-Jones het sy teologie uit die Skrif ontwikkel (Catherwood, 2003:4) en die boek Genesis is van besondere belang vir 'n ontwikkeling van 'n Bybelse antropologie: "The book of Genesis is extremely important for modern man's understanding of anthropology" (Davies, 1975:27).

Die belangrike vraag is dus nou: "Hoe definieer Lloyd-Jones die aard van die mens?"

Hy begin nie deur dadelik 'n persoonlike standpunt van die aard van die mens te gee nie. Hy wil sy eie antropologie met 'n vals mensbeskouing kontrasteer en daarom begin hy met 'n beskrywing van 'n sogenaamde moderne, populêre en onbybelse antropologie: "Now, here at the very commencement, we find that the modern popular view of man and his nature departs radically from the Biblical and Christian view, ..." (Lloyd-Jones, 1950:11).

Met hierdie aanhaling is dit onmiddelik duidelik dat Lloyd-Jones onderskeid maak tussen 'n wêreldse mensbeskouing en 'n Bybelse mensbeskouing. Wanneer Lloyd-Jones (1971:190) van 'n wêreldse beskouing praat, dan bedoel hy deurgaans daarmee: "I mean by this all answers which are not based upon the biblical teaching but upon man's philosophies including science". Die wêreldse standpunte is dus standpunte wat buite die Bybel om geformuleer word.

Hierdie moderne en populêre mensbeskouing tipeer Lloyd-Jones (1950:11) met die uitdrukking "the cult of self-expression". Die "cult of self-expression" beskou hy as 'n onbybelse leerstuk en die basiese inhoud van hierdie leer is: "It is a view based upon the claim that one has a right to express oneself even at the expense of others, and that what one likes is therefore of necessity legitimate" (Lloyd-Jones, 1950:11).

Lloyd-Jones (1950:12) toon aan dat hierdie onbybelse mensbeskouing homself op verskillende gebiede manifesteer, onder andere in die sakewêreld, in die opvoedkunde en ook op godsdienstige gebied.

Alhoewel Lloyd-Jones die leer van self-ekspressie in die vyftigerjare behandel het, is dit 'n leer wat steeds springlewendig is. Dit kom na vore in die VSA se "Teenager's Bill of Rights" en Anon (2000:20) toon aan dat daar ondermeer in hierdie "Teenager's Bill of Rights" gesê word: "I have the right to express myself".

Lloyd-Jones konsentreer egter op die invloed van die leer van self-ekspressie op die godsdiens waarvolgens hy hierdie vals leerstuk en sy gevolge ontleed. Hieruit word dit duidelik dat sy apologetiek en sy sondeleer nie van mekaar geskei kan word nie. Laasgenoemde stelling word gemaak op grond daarvan dat Lloyd-Jones (1950:12) hierdie vals leer van self-ekspressie se sondebeskouing ontleed en krities beoordeel.

Aanvanklik kom die leser van Lloyd-Jones se eerste lesing "What is man?" onder die indruk dat Lloyd-Jones nie werklik besig is met die mensbeskouing van die self-ekspressioniste nie, maar dat hy eerder besig is met hulle sondebeskouing. Lloyd-Jones (1950:16) gebruik egter die sondebeskouing

van die self-ekspressioniste om hulle mensbeskouing te ontleed en as vals aan te dui.

Lloyd-Jones (1950:12-13) toon aan dat die aanhangers van die leer van self-ekspressie 'n aanvallende, offensiewe, houding ten opsigte van die Bybelse siening van sonde ingeneem het: "It declares that the view of sin taught by the Church on the basis of the Bible, which has so long controlled the thought of the world, is not only inaccurate but actually perverted, and that when the Bible pleads with man to refrain from certain acts for his soul's sake, this book is indeed being his greatest enemy" (Lloyd-Jones, 1950:14).

Vanuit laasgenoemde sondebeskouing van die self-ekspressioniste wys Lloyd-Jones (1950:16) daarop dat die leer van self-ekspressie nie die ware aard van die mens onderken nie: "The first criticism which we make of this modern cult of self-expression is that it fails to realize the true nature of self". Hiermee het Lloyd-Jones oorgegaan tot 'n ontleding van die self-ekspressioniste se mensbeskouing.

Die probleem met die mensbeskouing van die self-ekspressioniste is dat hulle die mens beskou as die produk van sekere kragte wat op hom inwerk (Lloyd-Jones, 1950:17).

Die mens en sy optrede is, volgens die leer van self-ekspressie, die produk van sy biologiese samestelling (Lloyd-Jones, 1950:17), sy instinkte soos sy honger of seksuele-instinkte, sy omgewing, opvoeding en tradisies (Lloyd-Jones, 1950:18). Lloyd-Jones (1950:18) gee 'n voorbeeld van hoe die leer van die self-ekspressioniste in die praktyk na vore kom: "The theology of a man like John Calvin is to be explained soley in terms of the fact that he lived in Switzerland".

Volgens die leer van self-ekspressie beteken die feit dat die mens 'n produk is van sy biologiese samestelling, sy instinkte, sy omgewing en sy tradisies, dat hy homself moet oorgee aan hierdie invloede op hom: "Indeed, as he is just something composed of these factors, to restrain them means to do violence to him" (Lloyd-Jones, 1950:19).

Lloyd-Jones (1950:20) se kritiek op die leer van self-ekspressie is dat dit nie intellektueel en wetenskaplik op standaard is nie. Hy kla die aanhangers van hierdie leer selfs van oneerlikheid aan: "Now, it is here we see what we must describe as the thorough dishonesty of this view, and what entitles us to say that it is nothing but an attempt to justify and to rationalize sin" (Lloyd-Jones, 1950:20).

Die rede waarom Lloyd-Jones (1950:20) die leer van self-ekspressie as 'n oneerlike mensbeskouing tipeer, is omdat die aanhangers van die leer doelbewus belangrike eienskappe van die mens in hulle redenasieproses uitlaat. Hulle laat hierdie eienskappe van die mens uit omdat dit nie in hulle filosofie oor die mens inpas nie (Lloyd-Jones, 1950:20).

Eienskappe van die mens wat deur die leer van self-ekspressie uitgelaat word, is byvoorbeeld dat die mens oor 'n gewete beskik: "..., it does not hesitate to brush aside what is called conscience, the sense of right and wrong which is within man, ..." (Lloyd-Jones, 1950:20). Hiermee het Lloyd-Jones oorgegaan daartoe om sy eie mensbeskouing te gee. In die proses neem hy steeds 'n kritiese standpunt in teen die mensbeskouing van die leer van self-ekspressie.

Lloyd-Jones (1950:22) wys daarop dat die rede waarom die leer van self-ekspressie in hulle mensbeskouing ver te kort skiet, enersyds is omdat hulle die aard van die mens slegs met die faktore wat op hom inwerk vereenselwig, terwyl hulle andersyds die grootste en beste eienskappe van die mens nie in berekening bring nie, naamlik "his soul and his spirit".

Deur die uitlating van die mens se siel en gees as deel van die ware aard van die mens, word die mens deur die leer van self-ekspressie tot die vlak van die dier verlaag (Lloyd-Jones, 1950:22).

Lloyd-Jones (1950:23) toon aan dat die leer van self-ekspressie genoegsaam kon gewees het as die mens nie in sonde geval het nie, maar deurdat die mens in sonde geval het, word hy van binne-uit bedreig: "The recognition of sin is really the crux of the whole matter. Were it not for sin, the teaching of self-expression would be adequate".

Alhoewel Lloyd-Jones (1950:32-52) die hele kwessie van die sondeval in 'n aparte lesing as een van sy apologetiese vertrekpunte voorhou, kry hy dit nie reg om sy mensbeskouing en sondebeskouing in sy antwoord aan die self-ekspressioniste te skei nie.

As dit nie was dat die mens in sonde geval het nie en as sy biologiese samestelling en instinkte volmaak was, dan sou dit goed en wel gewees het as die mens hom aan sy instinkte oorgegee het (Lloyd-Jones, 1950:23), maar siende dat die sonde deel van die aard van die mens uitmaak, is daar niks so gevaarlik vir die mens as om homself aan sy instinkte oor te gee nie (Lloyd-Jones, 1950:24).

Lloyd-Jones (1950:24) motiveer laasgenoemde stelling van hom aan die hand van Matteus 18:8 en 9: "As jou hand of jou voet jou van My afvallig maak, kap hom af en gooi hom van jou af weg. Dit is vir jou beter om vermink of kreupel die lewe in te gaan as om met altwee jou hande of voete in die ewige vuur gegooi te word. En as jou oog jou van My afvallig maak, ruk hom uit en gooi hom van jou af weg. Dit is vir jou beter om met een oog die lewe in te gaan as om met altwee oë in die vuur van die hel gegooi te word" (1983-vertaling).

Die voet, die hand en die oog, sê Lloyd-Jones (1950:24), is deur God geskep tot voordeel van die mens: "How obviously designed to benefit man!". Die mens gebruik sy voete om iewers heen te loop om te gaan goed doen, maar met dieselfde voete betree die mens vuil en onheilige plekke (Lloyd-Jones, 1950:24).

Dieselfde geld van die hand: "The hand as hand is perfect. But because of the effect of sin upon man it may become the instrument of his destruction" (Lloyd-Jones, 1950:24) en wat die oog betref: "It is the organ with which the beauty of nature is appreciated, the smile on the face of a little child observed, the eyes of a loved one met. And yet it is this self-same organ which leads to lust, which is often the cause of grievous sin which frequently leads man to destruction" (Loyd-Jones, 1950:25). Dit is nie die voet, die hand

en die oog as sodanig wat sonde doen nie, maar die mens met sy gevalle aard wat die voet, die hand en die oog laat sonde doen.

Lloyd-Jones (1950:20) se hele redenasie draai rondom die feit dat die mens meer is as bloot die invloede wat op hom inwerk. En omdat die mens meer is as die invloede wat op hom inwerk, omdat die mens ook siel en gees is, en daardie siel en gees deur die sonde aangetas is, kan die mens nie toegelaat word om homself na willekeur uit te druk nie.

Lloyd-Jones (1950:21, 29) raak nog minstens twee sake in sy apologie aan die self-ekspressioniste aan, naamlik die rede van die mens en die beeld van God in die mens.

Ten opsigte van die menslike rede wys Lloyd-Jones (1950:21) daarop dat dit juis die menslike verstand is wat die aard van die mens van die aard van die dier onderskei. Die leer van die self-ekspressioniste geld volledig vir die dier: "The animal is but a collection of the various powers and forces" (Lloyd-Jones, 1950:21). Hiervolgens verlaag die leer van self-ekspressionisme die mens tot op die vlak van die dier.

Die logiese volgende stap in Lloyd-Jones se apologie oor die aard van die mens is om aan te toon dat die beeld van God op die mens afgedruk is: "God gave man a nature and a being like His own" (Lloyd-Jones, 1950:29).

Dit verbaas nie dat Lloyd-Jones, as apologeet van formaat, in sy mensbeskouing by die beeld van God in die mens uitkom nie. Grogan (1995:476-477) wys daarop dat die beeld van God in die mens bykans alle fasette van die Christelike leer raak.[3] Apologete soos Machen (1937:137-

---

[3] In die lig van Grogan (1995:476-477) se opmerking oor die belang van die *imago dei* vir die Christelike leer, is dit verstaanbaar dat Vorster (2001:9) van die beeldskap van God in die mens gebruik maak om 'n Christelike teorie van menseregte uit te werk. Dit is interessant om op te let dat verskeie sake wat in hierdie afdeling oor Lloyd-Jones se antropologie uitgelig is, ook in Vorster (2001:1-23) se studie oor menseregte na vore kom. Raakvlakke is dat beide Lloyd-Jones (vgl. die huidige afdeling 3.3) en Vorster (2001:9) raakgesien het dat die sondeval 'n wesenlike element van 'n Christelike antropologie vorm en dat die sondeval en die *imago dei* onlosmaaklik aan mekaar verbind is. Vorster (2001:9) se beskrywing van hoe die Politieke Teologie van die laat-twintigste eeu die sonde van die hart van die mens na politieke strukture verplaas het, hou baie nou verband met Lloyd-Jones se standpunt dat die leer van self-ekspressie

148) en McGrath (1992:18-25) hanteer ook in hulle studies oor die aard van die mens die Bybelse motief oor die beeld van God in die mens.

Lloyd-Jones (1950:29) koppel die beeld van God in die mens aan die feit dat God by die skepping van die mens lewensasem in die mens geblaas het (vgl. Genesis 2:7). God verwag van die mens om hierdie beeld van Hom wat in die mens afgedruk is, uit te leef: "It is the self that He asks us to express and expects us tot express" (Lloyd-Jones, 1950:29). Met laasgenoemde aanhaling kan die woordspeling wat Lloyd-Jones ten opsigte van die self-ekspressioniste gebruik, gesien word. Dit is nie die self wat die mens moet uitleef nie, maar die beeld van God in die mens wat uitgeleef moet word.

God sal met die einde van hierdie bedeling die mens aan die hand van die wet van Moses en die Bergpreek van Jesus toets of hy die beeld van God in hom uitgeleef het (Lloyd-Jones, 1950:29). Die mens sal voor die vraag te staan kom: "How have you expressed it?" (Lloyd-Jones, 1950:30).

In enkele slotwoorde dek Lloyd-Jones (1950:30) die tafel vir 'n uiteensetting in sy volgende lesing van wat met die mens verkeerd is. Die mens sal op die dag van oordeel voor God rekenskap daarvan moet gee of die beeld van God in die mens ongeskend gebly het (Lloyd-Jones, 1950:30).

## 3.4 Wat is verkeerd met die mens?

Na 'n behandeling van sy antropologie is die volgende vraag wat Lloyd-Jones (1950:32) oor die mens vra: "What is wrong with man"? Walsh en Middleton (1984:35) toon aan dat hierdie 'n vraag is wat ten grondslag van enige lewens- en wêreldbeskouing lê.

By die behandeling van wat met die mens verkeerd is, kom Lloyd-Jones (1950:32) se mediese agtergrond sterk na vore.

---

ook die sonde gaan setel het in sake buite die mens eerder as om die sonde in die hart van die mens te sien. Hieruit blyk dat 'n suiwer antropologie en gepaardgaande suiwer sondebeskouing ook vir 'n Bybelse menseregteleer van belang is (vgl. afdeling 1.1.2.2).

Dit verbaas nie dat Lloyd-Jones van sy mediese agtergrond gebruik maak om 'n apologetiese vraagstuk oor wat met die mens verkeerd is, te behandel. Packer (1995:555) wys daarop dat Lloyd-Jones as 'n gekwalifiseerde mediese praktisyn die uitsonderlike vermoë gehad het om die nood van die ongelowige raak te sien en te diagnoseer.

Om te diagnoseer wat met die mens verkeerd is, vergelyk Lloyd-Jones (1950:32) die mens met 'n pasiënt wat voor 'n mediese praktisyn sit. Die pasiënt se siekte moet gediagnoseer word. Die intensiteit van die medikasie is afhanklik van die diagnose. Indien die pasiënt slegs effens siek is, sal die medikasie daarmee in ooreenstemming wees, maar indien die pasiënt ernstig siek is, sal die medikasie intensief moet wees (Lloyd-Jones, 1950:32).

Lloyd-Jones (1950:32) wys daarop dat by die diagnosering van wat met die mens verkeerd is, die maatstaf om die diagnose te maak een van twee kan wees: "the Biblical and non-Biblical".

Die onbybelse standpunt van wat met die mens verkeerd is, meen Lloyd-Jones (1950:33), kom na vore in die standpunte van die Ou-Testamentiese tyd se vals profete. Op dieselfde wyse kom die korrekte diagnose van wat met die mens verkeerd is deur die standpunte van God se ware profete, soos Jeremia, na vore (Lloyd-Jones, 1950:33).

Die diagnose van wat met die mens verkeerd is, soos dit deur die vals profete gediagnoseer word, word volgens Lloyd-Jones (1950:33) in Jeremia 6:14 opgesom: "Hulle het 'n goedkoop raat vir die wonde van my volk. Hulle sê net: 'Alles is reg! Alles is reg!' Maar niks is reg nie" (1983-vertaling).

Dit is egter nie slegs Lloyd-Jones se mediese agtergrond wat in sy behandeling van wat met die mens verkeerd is na vore kom nie, maar ook die feit dat hy twee wêreldoorloë meegemaak het. Die Tweede Wêreldoorlog het 'n dag voordat Lloyd-Jones as predikant van Westminster Chapel bevestig sou word, uitgebreek (Murray, 1990:xv).

Murray (1990:20) haal Lloyd-Jones aan en wil met die aanhaling aantoon dat Lloyd-Jones die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog gebruik het om die

Bybelse siening van wat met die mens verkeerd is, weer te gee: "Never was the biblical view of man and of sin so evidently and clearly right as today".

In die bedieningstyd van die Bybelse profeet Jeremia was die vals profete baie gewild. "Alles is reg! Alles is reg!" is 'n gewilde boodskap. Die geskiedenis van Israel en God se oordeel oor hulle het egter die bewys gelewer dat alles nie altyd reg was nie en dat die ongewilde maar ware profeet, Jeremia, in sy diagnose van wat met Israel verkeerd is, reg was (Lloyd-Jones, 1950:34).

Lloyd-Jones (1950:33) is daarom, enkele jare na die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog, verbaas dat, ten spyte van alles wat gebeur het, die onbybelse siening dat die mens inherent goed is steeds gehandhaaf word.

Murray (1990:22) wys daarop dat Lloyd-Jones se verbasing nie uit die lug gegryp is nie, maar dat sy verbasing daarop gebaseer is dat vooraanstaande predikers in Londen, kort na die beëindiging van die oorlog, die sogenaamde inherente goedheid van die mens besing het.

Om die valsheid van die vals profeet aan te toon, kontrasteer Lloyd-Jones (1950:34) die standpunte van die vals profeet met dié van die ware profeet. Dit is opvallend om raak te sien hoe Lloyd-Jones (1950:34) se woordeskat sy apologetiese benadering weerspieël: "Let us first of all, then, consider and expose the errors and the fallacies that underlie that optimistic view of life held by the false prophets". Woorde soos "expose", "errors", "fallacies" en "false prophets" is tipiese apologetiese taalgebruik.

Ten opsigte van die vals profeet se siening van wat met die mens verkeerd is, bring Lloyd-Jones (1950:34-49) die volgende gedagtes na vore:

- Die vals profeet se diagnose van wat met die mens verkeerd is, is oppervlakkig (Lloyd-Jones, 1950:34).
- Die vals profeet se oppervlakkige diagnose bring 'n oppervlakkige behandeling van die mens se probleem na vore (Lloyd-Jones, 1950:39).

- Die vals profeet word deur sy voorveronderstellings verblind (Lloyd-Jones, 1950:41).
- Die vals profeet is trots: "Pride is the root cause of the trouble" (Lloyd-Jones, 1950:44).
- Die vals profeet word egter deur feite vals bewys (Lloyd-Jones, 1950:45).

Ten opsigte van die oppervlakkigheid van die vals profeet se diagnose redeneer Lloyd-Jones (1950:36) dat Jeremia 6:14 hierdie oppervlakkigheid impliseer. Die vals profeet gee goedkoop raat vir die wonde van die volk omdat hulle dink dat daar slegs iets klein verkeerd is: "His diagnosis is that there is but little wrong" (Lloyd-Jones, 1950:36).

Lloyd-Jones (1950:36) is van mening dat die vals leer van evolusionisme as gevolg van so 'n oppervlakkige denke oor die mens ontstaan het. Die aanhangers van die evolusieleer, sê Lloyd-Jones (1950:36), het 'n eenvoudige en oppervlakkige leer dat die mens uit 'n dier ontwikkel het. As gevolg daarvan dat die mens uit die dier ontwikkel het, sal die mens van die swak karaktertrekke van die dier vertoon en vir 'n tyd lank daaraan onderworpe wees. Die mens se probleme sal egter, soos hy ontwikkel, mettertyd verdwyn. As gevolg daarvan dat die vals profeet 'n oppervlakkige diagnose van die mens se probleem maak, het hy tegelyk 'n oppervlakkige behandeling van die mens se probleem (Lloyd-Jones, 1950:39).

Aangesien die mens se probleem nie ernstig is nie, is daar by die vals profeet nie sprake van iets so intens soos die Bybelse wedergeboorte nie (Lloyd-Jones, 1950:39). Dit verbaas nie dat Lloyd-Jones in sy lesing oor wat met die mens verkeerd is na die wedergeboorte verwys nie. Floor (1985:66) sê: "Onophoudelik beklemtoon Lloyd-Jones in sy geskrifte die noodsaaklikheid van die wedergeboorte".

Die rede waarom Lloyd-Jones die wedergeboorte beklemtoon, het juis te doen met die tema van sy lesing oor wat met die mens verkeerd is: "The essential trouble with the unbeliever is that his heart is wrong with respect to

God" (Lloyd-Jones, 1978:85). Daarteenoor lê die oplossing vir die mens se probleme, volgens die vals profeet, in opvoedkundige programme, behoorlike wetgewing, ekonomiese welvaart en werkskepping (Lloyd-Jones, 1950:39).

Die vals profeet maak hierdie oppervlakkige diagnose en behandel die mens oppervlakkig aangesien hy deur sy voorveronderstelling verblind word (Lloyd-Jones, 1950:41). Die voorveronderstelling van die vals profeet is: "There is but little wrong" (Lloyd-Jones, 1950:36). Lloyd-Jones (1950:42) voer aan dat die vals profeet deur hierdie voorveronderstelling die mens onder 'n vals indruk bring.

Die vals profeet skep die indruk by die mens dat alles met die mens wel is. Die gevolg van hierdie vals indruk wat by die mens geskep word, is dat die mens in 'n vals vrede leef. Dit is egter 'n gevaarlike toestand, aangesien die mens 'n ernstige onderliggende probleem het wat nie behandel word nie en sy dood kan veroorsaak (Lloyd-Jones, 1950:42).

Die verblinding van die vals profeet veroorsaak dat hy nie raaksien dat die mens se geluk daarvan afhang dat hy gesond moet wees nie (Lloyd-Jones, 1950:43). Die vals profeet se oppervlakkige behandeling genees die mens nie en hou hom in sy siektetoestand. Vonk (1981:392) onderstreep die intensiteit van Lloyd-Jones se redenasie as hy, juis na aanleiding van die vals profeet se optrede in die tyd van Jeremia, daarop wys dat die vals profeet se optrede die bekering van mense gekortwiek het en die mens boonop in sy kwaad gesterk het.

Die blindelingse voorveronderstelling van die vals profeet oor die mens vloei voort uit sy trotse aard (Lloyd-Jones, 1950:44). Die vals profeet se vertrekpunt oor die mens is, dat wat ook al fout is, die skuld daarvoor nie by die mens lê nie (Lloyd-Jones, 1950:44). Die gevolg is dat die probleme van die mens buite die mens gesoek moet word.

Die vals profeet word egter deur die feite vals bewys (Lloyd-Jones, 1950:45). Hy vra nie die belangrike vraag of alles werklik wel reg is nie. Die feite van die geskiedenis in Israel se lewe toon dat alles nie reg is nie (Lloyd-Jones, 1950:46).

Lloyd-Jones (1950:46) pas die gevolgtrekking in Jeremia 6:14, dat alles nie reg is nie, op die Tweede Wêreldoorlogse situasie toe. Die feit dat daar twee wêreldoorloë in die bestek van enkele jare uitmekaar plaasgevind het, is bewys dat alles nie met die mens reg is nie. Is die wêreld na duisende jare 'n gelukkiger en beter plek? Nee, sê Lloyd-Jones (1950:49), die feite van die lewe getuig daarteen.

Teenoor die vals profeet stel Lloyd-Jones (1950:49) die Bybelse standpunt oor wat met die mens verkeerd is. Sy uitgangspunt vir die formulering van sy standpunt is: "It is of the very essence of the Christian religion to say that they are to be found alone in the Bible" (Lloyd-Jones, 1950:49). Eerlike ondersoek van die probleem van die mens kan slegs aan die hand van die Bybel gedoen word.

In die Bybel maak God bekend wat Hy van die mens en sy probleme dink: "According to this Book, man's troubles are due to the fact that he has sinned and rebelled against God" (Lloyd-Jones, 1950:49).

Lloyd-Jones (1950:48) maak dit duidelik dat daar wel 'n mate van waarde in opvoedkundige programme en ekonomiese welvaart is, maar dit kan nie die mens se probleem oplos nie. Die rede is: "A disease called sin has ravaged his being" (Lloyd-Jones, 1950:50). As gevolg van die sonde wat die wese van die mens deurspek, staan die mens in vyandskap teenoor sy omgewing, sy medemens en teenoor God (Lloyd-Jones, 1950:50).

Solank as wat die mens in vyandskap met God staan, sal opvoedkundige programme en ekonomiese welvaart nie vrede en vreugde vir die mens bring nie: "Even in his greatest joy, he will never know true satisfaction" (Lloyd-Jones, 1950:50).

Lloyd-Jones (1950:51) sluit sy lesing oor wat met die mens verkeerd is af met 'n kort maar sterk uiteensetting van die redding wat in Christus Jesus te vind is. Dit is 'n tipies Angel-Saksies-apologetiese benadering. McGrath (1992:9) wys daarop dat die hoofdoel van apologetiek is om 'n intellektuele en verbeeldingryke klimaat vir die geboorte van geloof te skep.

Uit hierdie afdeling kan daar enkele gevolgtrekkings gemaak word:

- Bybelse apologete moet indringend diagnoseer wat met die mens verkeerd is. Selfs gereformeerde teoloë ontkom nie aan oppervlakkige diagnose van wat met die mens verkeerd is nie. Van Wyk (1998:7), as gereformeerde teoloog, vra die ondersoekende vraag: "Maak ons werklik erns met die reformatoriese belydenis aangaande die "totale verdorwenheid" van die mens: dat ons uit eie krag tot "niks goeds" in staat is nie?". Walsh en Middleton (1984:61) toon aan dat die vraag na wat met die mens verkeerd is altyd in die lig van die sondeval beantwoord moet word. Aan laasgenoemde vereiste het Lloyd-Jones in sy lesing oor wat met die mens verkeerd is, beantwoord.

- Apologetiese antwoorde moet uit die Skrif geformuleer word. Alhoewel die verwysing na Walsh en Middleton in laasgenoemde paragraaf dit implisiet stel, is dit nodig om, soos Lloyd-Jones (1950:49), dit eksplisiet te doen.

- 'n Manier waarop Lloyd-Jones apologetiese antwoorde oor die val van die mens in sonde uit die Skrif geformuleer het, is die ietwat ongewone gebruik van die vals profete in die tyd van die profeet Jeremia. Die normale gereformeerde benadering is die van De Bruyn (1995:164), Jordaan (2000:6) en Helberg (2000:29) om na die eerste hoofstukke van Genesis te verwys. Lloyd-Jones (1995:1) maak egter elders wel van die tipiese gereformeerde benadering gebruik deur van Genesis 3 te sê: "it tells us what it was that went wrong with man".

- Lloyd-Jones se benadering om van die vals profete in Jeremia 6 gebruik te maak, het egter die voordeel dat meer as bloot 'n hantering van wat met die mens verkeerd is, behandel is. Daar is tegelyk ook 'n diagnose van die vals profeet gemaak. 'n Uiteensetting van die wyse waarop die vals profeet te werk gaan, het vir die Bybelse apologeet groot waarde.

- Die vraag kan wel gevra word of Lloyd-Jones in sy hantering van die vals profeet aan Jeremia 6:14 en sy konteks reg laat geskied. Jeremia 6 teken verbondsgeskiedenis, met Israel wat verbondsbreuk

pleeg en die vals profete wat die bondsbreuk selfs aanblaas deur voor te gee dat alles reg is: "De profeten glijden gladweg heen over de verbreking van Gods verbond en woorden, spreken er zelfs niet over, maar kondigen wel vrede, vrede aan" (Vonk, 1981:338). Lloyd-Jones se gebruik van Jeremia 6 skep die indruk asof die kontras wat in Jeremia 6 na vore kom, 'n kontras tussen kerk en wêreld is. Volgens Lloyd-Jones se verklaring lyk dit asof Jeremia die ware profeet uit die kerk is, terwyl die vals profete en hulle standpunte uit die ongelowige wêreld kom. Die kontras is egter tussen vals profete uit die Ou-Testamentiese kerk wat die kerk tot afval van die verbondsverhouding (verbondsbreuk) met God lei, terwyl die ware profete, in dié geval Jeremia, die kerk tot 'n lewe in verbond met God oproep.

- Lloyd-Jones (1950:29-31) het in sy antropologiese uiteensetting (vgl. par. 3.3) sterk geëindig met 'n verwysing na die beeld van God in die mens. Die vraag is geopper: "Het die mens die beeld van God behou?" Dit is jammer dat Lloyd-Jones die antwoord op hierdie vraag nie direk in sy lesing oor wat met die mens verkeerd is, aangespreek het nie. Dit was belangrik dat Lloyd-Jones, soos Machen (1937:148), oor die beeld van God in die mens moes aantoon: "How sadly was God's image marred!"
- Dit is van waarde vir die apologeet om Lloyd-Jones se toepassingsvelde raak te sien. In sy uiteensetting van die vals profeet se vals leer oor wat met die mens verkeerd is, het Lloyd-Jones die oppervlakkige siening van die evolusieteorie oor die mens aangetoon.
- Die tipies Angel-Saksiese wyse van apologetiek beoefen soos McGrath (1992:9) dit teoreties stel, naamlik om deur die apologetiese arbeid die klimaat vir die geboorte van geloof te skep, en soos dit deur Lloyd-Jones (1950:51-52) in die praktyk beoefen is, is van groot waarde vir die gereformeerde apologetiek. Die gereformeerde apologeet moet hiermee raaksien dat apologetiese arbeid nog nie geslaag het alvorens dit nie met 'n evangelistieke klank gepaard gaan

nie. Dit is opmerklik dat Velema (1996:11) in sy afskeidsrede as hoogleraar aan die Teologiese Universiteit van die Christelike Gereformeerde kerke in Nederland aantoon dat hy homself besonder eens voel met die Angel-Saksiese wyse waarop apologetiek bedryf word.

'n Uiteensetting van Lloyd-Jones se apologetiese uitgangspunte is hiermee nog nie volledig behandel nie. Alvorens hy 'n tetiese uiteensetting van die evangelie en die vraag na die relevansie van die evangelie beantwoord, stel hy eers na die waarheidsvraag ondersoek in.

## 3.5 Die waarheidsvraag

Wanneer Lloyd-Jones (1950:53-73) die vraag na wat die waarheid is, hanteer, gaan hy nie op 'n unieke apologetiese manier te werk nie. Die manier waarop hy die waarheidsvraag aanpak, is om, wat McGrath (1992:148) "Religious pluralism" noem, te ontleed.

Nêrens in Lloyd-Jones se lesing oor die waarheid, word die term "religious pluralism" opgemerk nie. Dat hy egter die probleem van "religious pluralism" (die ideologie van godsdienstige veelheid) as tema het, word duidelik wanneer die kerninhoud van Lloyd-Jones (1950:53-73) se lesing oor die waarheidsvraag met McGrath (1992:148-160) se uiteensetting van "religious pluralism" vergelyk word.

McGrath (1992:148) onderskei aan die hand van 'n aanhaling uit 'n boek van Lesslie Newbigin, tussen "pluralism as a fact of life" en "pluralism as an ideology".

Pluralisme as 'n feit van die lewe beteken dat die mensdom uit 'n verskeidenheid of 'n veelheid kulture, religieë (of godsdienste) en leefstyle bestaan (McGrath, 1992:148). Hierdie veelheid van kulture, godsdienste en leefstyle ding met mekaar mee (Cook, 1995:666). Met hierdie stelling behoort almal saam te stem, sê McGrath (1992:148). Pluralisme as 'n feit, is 'n feit.

McGrath (1992:148) toon egter aan dat die probleem by "pluralism as an ideology" lê. Die definisie wat McGrath (1992:148) van pluralisme as 'n ideologie gee, bevat tegelyk ook die probleem: "The belief that pluralism is to be encouraged and desired, and that normative claims to truth are to be censured as imperialist and divisive".

Die probleem is dus dat pluralisme as 'n ideologie ten opsigte van godsdienstige pluralisme, beteken dat enige aansprake van enige godsdiens op eksklusiewe en vasstaande waarhede, verdelend van aard is, en daarom afgewys moet word. Ten opsigte van die Christelike godsdiens beteken dit dat belangrike heilsfeite, soos die menswording van Christus, of die leer oor die drie-enige God, prysgegee moet word. In hierdie verband kan verwys word na McGrath (1992:158) as hy sê: "The idea of the incarnation is rejected, often dismissively, as a myth", of na Cook (1995:666) as hy oor die eise wat godsdienstige pluralisme stel, sê: "This has led, in the case of Christianity, to calls for rejection of the incarnation and the uniqueness of Christ".

Lloyd-Jones (1950:54-55) hanteer ten opsigte van godsdienstige pluralisme, 'n gewysigde vorm daarvan, wat deur McGrath (1992:151) geformuleer word as: "Any view which is held with sincerity may be regarded as true". Lloyd-Jones (1950:55) se formulering hieroor is: "It is the tendency to equate sincerity and truth, to put up zeal and knowledge as equivalent terms", en: "If a man is sincere and zealous nothing else really matters". Die titel van Lloyd-Jones (1950:53) se lesing oor godsdienstige pluralisme is dan ook: *"Sincerity versus truth"*.

Hoe hanteer Lloyd-Jones die probleem van godsdienstige pluralisme soos dit in laasgenoemde paragrawe geformuleer is?

Hy begin deur die aankondiging en verklaring van sy teks, naamlik Romeine 10:2 (Lloyd-Jones, 1950:54). In Romeine 10:2 staan daar: "Want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God het, maar sonder kennis" (1953-vertaling).

Lloyd-Jones (1950:54) gee die konteks van Romeine 10:2 deur op die posisie van Israel te wys. Die apostel Paulus is hartseer oor die posisie van Israel,

aangesien hulle 'n bevoorregte volk is, uitverkore deur God, maar tog verwerp hulle die Evangelie (Lloyd-Jones, 1950:53-54).

Volgens Lloyd-Jones (1950:54) dig Paulus die rede vir Israel se posisie toe aan die feit dat Israel 'n ywer vir God het, maar dat dit 'n ywer sonder kennis is. Die Jode is dus eerlik, ywerig en opreg, maar die probleem is dat hulle hulle nie aan die kennis wat die Evangelie bring, steur nie en op hulle ywer vertrou om voor God regverdig gereken te word (Lloyd-Jones, 1950:54). Die Jode argumenteer, volgens Lloyd-Jones (1950:54): "Because they were zealous they were therefore of necessity right".

Uit hierdie uiteensetting van die posisie van die Jode, gaan Lloyd-Jones (1950:55) oor tot 'n toepassing daarvan op sy eie tyd en sê: "It happens to give an exact and precise description of the case of a large number of people at the present time".

Wat is die posisie van hierdie groot aantal mense waarvan Lloyd-Jones praat?

Dit is die gevarieerde posisie van godsdienstige pluraliteit waarvan hierbo gepraat is. Lloyd-Jones (1950:55) toon aan dat die aanhangers van die opregtheidsindroom helder en duidelike en presiese formulerings en daarom ook die formulering van leer in leerstukke afwys en selfs minag. Dit is in ooreenstemming met Cook (1995:666) wat daarop wys dat presiese formulerings oor die vleesgeworde Seun van God in sekere teologiese kringe afgewys word omdat dit vir 'n multi-kulturele en multi-godsdienstige samelewing aanstoot gee.

Die waarheid of die korrektheid van 'n stelling word nie in 'n godsdienstig pluralistiese samelewing oorweeg nie. Al wat oorweeg word, is of iemand in sy standpunt ywerig en opreg is: "Sincerity is the supreme test" (Lloyd-Jones, 1950:55-56).

Lloyd-Jones (1950:56) wys daarop dat hierdie situasie waar ywer en egtheid (of opregtheid) gebruik word om waarheid en suiwerheid teen mekaar af te speel, die gevolg is van, soos hy dit noem: "mere theolgy, mere knowledge, mere morality". Volgens De Klerk (1998:23, 26) is die kwessie van blote

teologie en blote kennis van God die bron van weerstand by baie mense in die kerk vandag - 'n weerstand teen blote tradisie en blote dogma.

Tereg gee Lloyd-Jones (1950:57) toe: "Sincerity is essential". Hy werk die punt egter nie uit nie, klaarblyklik omdat dit nie deel van sy probleemstelling is nie. Sy probleemstelling is steeds om die misleidende redenasie van opregtheid ten koste van die waarheid te ontbloot (Lloyd-Jones, 1950:57).

Om die redenasie van opregtheid sonder die waarheid as vals aan te toon, gaan Lloyd-Jones (1950:58-73) drievoudig te werk:

- Hy toon aan dat die aanhangers van die opregtheidstandpunt 'n misleidende standpunt het omdat hulle nie die terme "zeal" en "sincerity" behoorlik verstaan nie, daarom verklaar hy laasgenoemde terme (1950:58).
- Lloyd-Jones (1950:64-70) toon die vergeefsheid of vrugteloosheid van die opregtheidsindroom aan.
- Lloyd-Jones (1950:70-73) wys uiteindelik daarop dat, in die lig van al die kennis wat beskikbaar is, dit 'n tragedie is dat die aanhangers van die opregtheidsindroom in so 'n vals en vergeefse posisie is.

Lloyd-Jones (1950:58) ontbloot dus, ten eerste, die misleidende standpunt van die opregtheidsaanhangers deur die terme "zeal" (ywer) en "sincerity" (opreg/eg) te verklaar.

Lloyd-Jones (1950:58), in ooreenstemming met Woodbridge (1995:906) en Floor (1992:128), wys daarop dat die Griekse term "zelos" 'n positiewe en negatiewe betekenis kan hê.

Die positiewe sy van "zelos" het te doen met entoesiasme (Morris, 1988:378). Daarom sê Lloyd-Jones (1950:58) van die woord "zelos" dat dit die heelhartigheid en die angstigheid van iemand om sy doel te bereik, beskryf. Die positiewe kant van "zelos" beskryf die wyse en die gesindheid waarmee iemand sy taak verrig (Lloyd-Jones, 1950:58). Op godsdienstige gebied beteken hierdie positiewe ywer dat iemand in sy diens aan die Here ywerig is (Floor, 1992:128).

Die negatiewe faset van "zelos" het te doen met vals ywer (Woodbridge, 1995:906). Hierdie negatiewe vals ywer, ook op godsdienstige gebied, is 'n selfsugtige ywer en is in stryd met die waarheid (Floor, 1992:128-129).

Zodhiates (1984:1720) verklaar die term "zelos" in Romeine 10:2 volgens sy positiewe betekenis. Daarteenoor verklaar Lloyd-Jones (1950:54-58) "zelos" in laasgenoemde teks volgens die negatiewe betekenis van die woord. Die rede vir Zodhiates se positiewe verklaring van die term in Romeine 10:2 kan wees dat hy nie die konteks van Romeine 10:2 in ag geneem het nie.

Die rede waarom Lloyd-Jones (1950:54) die term "zelos" in Romeine 10:2 in sy negatiewe betekenis verklaar, is juis omdat hy die konteks in ag geneem het. Israel het, soos Woodbridge (1995:906) dit noem, 'n vals ywer vir die wet gehad en daarom was dit 'n negatiewe ywer.

Lloyd-Jones (1950:61) gee 'n goeie voorbeeld van laasgenoemde soort vals ywer. Die apostel Paulus, voor sy bekering, het in alle ywer die Christelike kerk vervolg. In die uitoefening daarvan was hy "sincere and zealous" (Lloyd-Jones, 1950:61).

Die positiewe betekenis van "zelos" word duidelik gesien na Paulus se bekering. Lloyd-Jones (1950:62) wys hoe Paulus se ywer en opregtheid voor en na sy bekering presies dieselfde gebly het: "Before his conversion Paul was sincerely wrong. After his conversion he was sincerely right".

Die logiese gevolgtrekking wat Lloyd-Jones (1950:62) maak is: "That a man is sincere is, therefore, no guarantee of rightness". Morris (1988:379) kom ten opsigte van Romeine 10:2 tot dieselfde konklusie: "Sincerity is not enough. If we are in the wrong, no matter how sincerely we belief we are doing right, we are going astray".

Op grond van sy uiteensetting van die terme ywer en opregtheid en sy konklusie dat opregtheid nie waarheid waarborg nie, wys Lloyd-Jones (1950:64) op die sinnelose posisie van die opregtheidsindroom: "But let us consider also the futility of this position".

- Die opregtheidsindroom het op alle terreine van die samelewing vrugtelose gevolge, byvoorbeeld wanneer 'n wetenskaplike baie ywerig in sy navorsing is, maar hy werk sonder goeie kennis van sy vak, is dit nie bloot vrugteloos nie, maar selfs gevaarlik (Lloyd-Jones, 1950:64-65).
- Op godsdiensgebied was die Fariseërs se ywer in gebed en vas en gee van tiendes vir die armes, vrugteloos, aangesien dit slegs hulle eie gewaande geregtigheid bevorder het (Lloyd-Jones, 1950:65-66).

Die probleem met die opregtheidsindroom op godsdiensterrein is dat God se standaard nie raakgesien word nie. Daarom vra Lloyd-Jones (1950:68) die ondersoekende vraag aan opregtheidsaanhangers of hulle met hulle ywer en opregtheid hulle sonde kan uitwis en of hulle in die hede volmaak volgens God se standaard kan leef?

Wanneer die mens sy eie geregtigheid voor God wil bewerk, moet hy aan die standaard wat God stel, voldoen. Die standaard wat God stel, is dat die mens volmaak volgens die wet soos Jesus dit in die bergpredikasie (Matteus 5-7) uiteensit, moet leef (Lloyd-Jones, 1950:69). Daarom vra Lloyd-Jones (1950:69) aan die opregtheidsaanhangers: "Is there anyone who is capable of producing such holiness?" Lloyd-Jones (1950:69-70) antwoord self sy vraag deur op opregte en ywerige mense soos Augustinus, Martin Luther en John Wesley te wys. In al hulle ywer het hulle almal besef dat hulle sondaars is en nie aan God se standaard voldoen het nie (Lloyd-Jones, 1950:70).

Die gevolg van 'n lewe, hoe opreg ook al, wat nie aan God se standaard van volmaakte uitwissing van sondes en 'n volmaakte heilige lewe voldoen nie, is dat sulke mense God nie sal sien nie (Lloyd-Jones, 1950:69). Hiermee het Lloyd-Jones aangetoon dat 'n vals ywer op godsdienstige gebied nie slegs waardeloos nie, maar ook gevaarlik is. Dit is gevaarlik aangesien dit die mens se ewige posisie voor God in gedrang bring.

Lloyd-Jones (1950:70) se finale argument oor die kwessie van waarheid versus opregtheid is dus heel logies: "But consider, finally, the tragedy of this position".

- Die tragedie van die posisie van die Fariseërs destyds en die opregtheidsaanhangers tans, is dat hulle ellende voor God onnodig is. Die rede volgens Lloyd-Jones (1950:70-71) is dat hulle al die kennis wat nodig is om gered te word, tot hulle beskikking het. God se geregtigheid is in die Evangelie van Jesus Christus beskikbaar (Lloyd-Jones, 1950:71).

Lloyd-Jones (1950:72-73) sluit sy apologetiese lesing oor waarheid versus opregtheid af met sy kenmerkende angelsaksie beklemtoning op die verlossing in Christus Jesus (vgl. hieroor afdeling 3.4). Hy (1950:72-73) lewer 'n kort en vurige pleidooi aan die opregtheidsaanhangers om God se geregtigheid in Christus Jesus raak te sien en te aanvaar. In sy volgende lesing gaan Lloyd-Jones (1950:74-97) in besonderhede in op die geregtigheid van God en daarom is die titel daarvan: *"The simple gospel"*.

Daar is egter eers enkele afleidings wat gemaak kan word na aanleiding van die voorafgaande uiteensetting:

- By die ontleding van die probleem van waarheid versus opregtheid moet daar tot 'n gebalanseerde konklusie gekom word dat beide opregtheid sonder waarheid (Lloyd-Jones se fokus op die probleem), maar ook waarheid sonder opregtheid (sydelings deur Lloyd-Jones aangeraak) onaanvaarbaar is.

- Om tot 'n gebalanseerde ontleding van die probleem van waarheid versus opregtheid te kom, is dit van waarde om die terme ter sprake te ondersoek. By ontleding van die terme "opreg" en "ywerig" kom 'n mens tot die konklusie dat dit niks meer as die wyse waarop iemand iets doen, beskryf nie. 'n Prediker kan ernstig en opreg preek. Dit is nog maar bloot sy wyse van preek en sê dus nog niks van die inhoud van sy preek, of dit waar of vals is nie.

- 'n Ondersoek van die term "ywer" bring 'n mens tot die insig dat daar ook soiets soos vals ywer is. Daar moet selfs in jou godsdienstige ywer gewaak word teen 'n vals ywer. Wanneer daar vals ywer in godsdienstige verband voorkom, is die gevaar van 'n eie geregtigheid voor God groot.

- Dit is egter ook belangrik om die uitdrukking "God se geregtigheid" te verstaan. Daar sal in die volgende afdeling op laasgenoemde uitdrukking ingegaan word.

- Dit is belangrik dat gewaak word teen blote teologie en blote intellektualisme in die Christelike godsdiens. Wanneer Bybelse leer bloot op papier geformuleer is en nie in 'n lewe uit 'n ware geloof sigbaar word nie, lei dit dikwels daartoe dat die Bybelse leer in twyfel getrek word.

- Die probleemstelling van waarheid versus opregtheid is 'n uiters belangrike apologetiese vraagstuk wanneer bemerk word dat hierdie vraagstuk kernbelangrike Bybelse leer raak. Die Bybelse leer oor die menswording van Christus, die feit dat Jesus die Seun van God is, Christus se opstanding uit die dood, sy hemelvaart en die leer van die Drie-eenheid is enkele leerstukke wat in gedrang kom wanneer die ideologie van godsdienstige pluralisme oorgeneem word. Opreg godsdienstige mense laat die waarheid dikwels los vanweë die ideologie van godsdienstige pluralisme.

- Alhoewel De Klerk (1998:13) dit nie so stel nie, is dit duidelik uit die eerste sin van die eerste hoofstuk van sy boek, dat hy oor, onder andere, die kwessie van godsdienstige pluraliteit handel. In die eerste sin van die eerste hoofstuk staan daar: "Christenmense, wie se name in kerkregisters geskrywe is, het uiteenlopende opvattings oor God en godsdiens". In die volgende paragraaf noem hy verskillende hoofstroomkerke van Suid-Afrika soos die Anglikaanse kerk, die Metodiste kerk, die Baptiste en ook die Hervormde, Nederduits-Gereformeerde en Gerformeerde kerke (De Klerk, 1998:13). Heelwat later word sommige hoofstroomgodsdienste soos Hindoeïsme, Boedhisme, Judaïsme en die Islam genoem (De Klerk, 1998:47).

Dit is duidelik uit laasgenoemde paragraaf, dat De Klerk dit aanvanklik oor godsdienstige pluralisme as 'n feit het en nie oor godsdienstige pluralisme as 'n ideologie nie. Dit word egter mettertyd duidelik dat hy ook godsdienstige pluralisme as 'n ideologie bedoel. Op 'n versigtige wyse

formuleer De Klerk (1998:47) dat nie-Christene miskien deur hulle eie geloof gered kan word en later redeneer hy dat dit net nie reg voel dat die Here sowat 33 persent Christene van die huidige mense op aarde red en die ander sowat 66 persent laat wegstort nie (De Klerk, 1998:48). Hiermee het hy die ideologie van godsdienstige pluralisme oorgeneem. Die Bybelse argument dat God mense slegs en alleen deur Christus red, is vir die ideologie van godsdienstige pluralisme nie aanvaarbaar nie.

Alhoewel De Klerk se bekommernis oor die persentasie mense wat verlore gaan, verstaanbaar is, is dit egter 'n tragedie (vgl. Lloyd-Jones se term hierbo) dat De Klerk, in die lig van al die kennis wat in die Bybel beskikbaar is oor die wyse waarop God red, so baie lesers van sy boek mislei met 'n persoonlike filosofie oor God se reddingsplan.

Dit sal dus die moeite werd wees om met aandag op te let hoe Lloyd-Jones (1950:74-97) God se reddingsplan in sy lesing *The simple gospel* uiteensit.

## 3.6 Die eenvoud van die evangelie

Walsh en Middleton (1984:73) wys daarop dat, as die Bybelse lewens- en wêreldbeskouing met die vraag: "Wat is verkeerd?", sou geëindig het, dan sou daar groot rede tot wanhoop gewees het. Daarom is dit van uiterste belang dat ook die vraag: "What's the remedy?" gevra word (Walsh & Middleton, 1984:73).

Die openingswoorde van Lloyd-Jones (1950:74) se vierde lesing in sy boek "Truth unchanged, unchanging" maak dit duidelik dat hy laasgenoemde vraag wil beantwoord: "We turn now to a more direct and positive consideration of what the gospel of Jesus Christ has to say about man, his ills and troubles, their treatment and cure".

Die wyse waarop Lloyd-Jones sy vierde lesing aanpak, hou verband met wat McGrath (1992:96) "intellectual barriers to faith" noem. Lloyd-Jones (1950:74) se sentrale argument is dat die evangelie in sy eenvoud skitter, dog, tegelyk in sy eenvoud ook onverstaanbaar is.

As gevolg daarvan dat die evangelie in 'n sekere sin onverstaanbaar is, reageer mense, in die woorde van Lloyd-Jones (1950:75), as volg: "They seem to have determined not to allow the gospel to work on their lives until they understand the gospel itself". Hulle het 'n intellektuele weerstand teen die evangelie.

Lloyd-Jones (1950:76-77) wil egter die intellektuele weerstand van mense afbreek deur daarop te wys dat 'n mens nie al die tegniese aspekte en presiese werkinge van die evangelie hoef te verstaan om die sentrale boodskap van verlossing in Christus te verstaan nie. Lloyd-Jones (1950:76) gebruik die voorbeeld van elektrisiteit om sy argument te verduidelik. Sonder dat mense presies weet hoe elektrisiteit werk, aanvaar hulle graag die positiewe uitwerking van elektrisiteit in hulle lewens (Lloyd-Jones, 1950:76). Mense wat die evangelie verwerp omdat hulle dit nie volledig verstaan nie, is dus soos mense wat sê dat hulle nie die positiewe uitwerking van elektrisiteit in hulle lewens wil aanvaar nie, omdat hulle nie verstaan hoe elektrisiteit werk nie (Lloyd-Jones, 1950:76-77).

Lloyd-Jones (1950:75) waarsku dat mense wat die evangelie op grond van intellektuele weerstand verwerp, nie die presiese werking van die evangelie met die evangelie self moet verwar nie: "They have confused understanding the working of the gospel with understanding the gospel itself".

Lloyd-Jones (1950:77) toon aan dat die werking van die evangelie, soos dit deur God beplan en uitgewerk is, die menslike verstand te bowe gaan. Lloyd-Jones se metode is om die "intellectual barrier" uit die weg geruim te kry, sodat hy, met die oog op die redding van mense, die eenvoud van die evangelie kan uiteensit. Lloyd-Jones (1950:81-82) gebruik Lukas 11:34 as teks om die eenvoud van die evangelie te illustreer. In Lukas 11:34 staan daar: "Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan reg is, is jou hele liggaam ook verlig; maar as dit verkeerd is, is jou liggaam ook donker" (1953-vertaling).

Lloyd-Jones (1950:82) sê: "If we work out the picture that is found in those words, we shall be able to see plainly the simplicity of the gospel". Lloyd-

Jones (1950:82) se argument uit Lukas 11:34 is dat die evangelie die dinge waarop dit aankom onderskei. Die evangelie dui die sentrum van die mens aan, naamlik sy siel: "There is a centre to his life called the soul, as vital to his life as the eye is to the body in the matter of light" (Lloyd-Jones, 1950:82).

Die klem wat Lloyd-Jones op die siel van die mens lê, verbaas nie, want, sê Sargent (1994:186) oor Lloyd-Jones: "He believed the Lord led him to exchange his goal of assisting the healing of bodies in favour of the cure of souls".

Na aanleiding van die beeld en die onderskeiding van die siel as die sentrum van die mens, kom Lloyd-Jones (1950:82) tot enkele afleidings.

- Die *eerste afleiding* stel Lloyd-Jones (1950:82) as volg: "The first principle is, that face to face with the problems of life there is only one thing that needs to be examined - namely, the eye, the centre, the soul".

  Lloyd-Jones (1950:83-84) gebruik die konteks van Lukas 11:34, naamlik verse 37-54, om sy argument te illustreer. In laasgenoemde verse is dit duidelik dat die Fariseërs ten opsigte van baie sake suiwer en reg is, maar omdat hulle ten opsigte van die kern van die mens se probleem nie reg is nie, is al hulle suiwerheid ten opsigte van ander sake waardeloos (Lloyd-Jones, 1950:84).

  Lloyd-Jones (1950:84-85) pas sy uiteensetting en toepassing op die Fariseërs op sy eie tyd toe. Sy toepassingsvelde is drieërlei:

  - Sommige mense is, soos die Fariseërs, slegs in uiterlike vertoon geïnteresseerd: "The only test they apply is that of outward morality and respectability" (Lloyd-Jones, 1950:85).
  - Vir ander mense is al wat in die lewe saak maak sekere kwessies soos alkoholisme, onderwys en die behuisingprobleem (Lloyd-Jones, 1950:85).

- ➢ Vir nog ander mense draai die lewe om die beantwoording van sekere filosofiese vrae (Lloyd-Jones, 1950:85). In hierdie verband noem Lloyd-Jones nie voorbeelde nie.

Dit gaan vir Lloyd-Jones (1950:86) daaroor dat die mens nie by die sentrum van sy probleem, die siel, uitkom nie. Die mens onderskei nie die dinge waarop dit aankom nie en as gevolg daarvan vra die mens met die oog op die oplossing van sy probleem nie die regte vraag nie: "It is not our wealth or poverty, our ignorance or our learning. It is just this one thing. How do we stand with God?" (Lloyd-Jones, 1950:86).

- Lloyd-Jones (1950:86) maak na aanleiding van sy uiteensetting van Lukas 11:34 nog 'n *tweede afleiding*: "In view of what we have just seen it is quite clear, in the second place, that according to the gospel there is also only one thing to treat". Wanneer die oog, dit wil sê die siel, as die probleemarea geïdentifiseer is, dan is dit die oog wat behandel moet word (Lloyd-Jones, 1950:87).

Lloyd-Jones (1950:87) wys daarop dat die wêreld alles en nog wat behandel om die mens se probleme op te los: "Never has the world been busier in trying to treat itself than it has been during the past hundred years". Op 'n ietwat sarkastiese manier vra Lloyd-Jones (1950:88): "How is it that there are any problems left when the golden era began somewhere around the middle of the nineteenth century?", maar, vra Lloyd-Jones (1950:88): "What of the result?" Het al die opvoedkundige programme om die mens se leed te verlig enigsins vrug opgelewer? (Lloyd-Jones, 1950:88).

Die oplossing vir die probleem van die mens lê by die behandeling van die sentrum, die siel, van die mens (Lloyd-Jones, 1950:89). Lloyd-Jones (1950:89) gee die voorbeeld van Martin Luther wat self sy lewe probeer regstel het deur vas en gebed en tog: "he remained centrally miserable and unhappy".

Martin Luther se lewe het egter verander toe die leer van regverdiging deur die geloof vir hom duidelik geword het (Lloyd-Jones, 1950:89).

Die gevolg van die leer van regverdigmaking deur die geloof op Luther was: "Luther was put right at the centre and became the mighty reformer whose works we know" (Lloyd-Jones, 1950:89). Voordat Luther in die sentrum van sy lewe reggestel is, het hy staatgemaak op sy eie geregtigheid voor God. Nadat hy in die sentrum van sy lewe reggestel is, het hy op God se geregtigheid staatgemaak. Lloyd-Jones (1950:91) maak op grond van sy uiteensetting en voorbeeld van Martin Luther - asook 'n soortgelyke voorbeeld oor John Wesley (Lloyd-Jones, 1950:89-90) - nogeens sy konklusie: "Treatment must start at the centre".

- Lloyd-Jones (1950:91-92) se *derde afleiding* word op grond van die herhaaldelike voorkoms van die woord "therefore" in die Engelse vertaling van sy teks, Lukas 11:34-36, gemaak. Drie keer kom die woord "therefore" in vers 34, 35 en 36 voor.

Dit is tipies van Lloyd-Jones (1980:11-22) om in sy ontleding van Skriftgedeeltes, klem op voegwoorde te lê. Ten opsigte van die voegwoord "therefore", sê Lloyd-Jones (1980:15) in 'n preek oor Efesiërs 4:1-3, dat die voegwoord 'n mens tot konklusies bring. Die woord "therefore" beteken: "in the light of this, because of this it follows" (Lloyd-Jones, 1980:15).

Die konklusie wat Lloyd-Jones (1950:91) oor Lukas 11:34-36 se "therefore" maak is dat as die oog behandel en reggestel kan word, dan is die hele liggaam gesond.

Lloyd-Jones (1950:92) is konsekwent (vgl. sy vraag vroeër of die oplossings wat die wêreld bied enigsins die leed van die mensdom verbeter het) as hy sê: "Obviously, if the gospel cannot substantiate this claim, all that has been said will be rendered void and useless". Lloyd-Jones (1950:92) wys daarop dat dit juis 'n beskuldiging is wat dikwels teen die evangelie ingebring word dat die evangelie nie mense se sosiale probleme verbeter nie. Die vraag is: "Is dit waar?"

Lloyd-Jones (1950:92) toon aan dat die geskiedenis van die kerk die teendeel bewys. Lloyd-Jones (1950:91-92) maak die stelling dat: "the greatest and most glorious periods in the history of the human race have been those which have followed periods of religious revival and reawakening, when the evangelical truths of the gospel were emphasized".

Een so 'n geskiedskrywer is Latourette. Vorster (1996:1) toon aan die hand van die navorsing van Latourette oor die Christendom in die vyftigerjare aan, dat die Christendom, histories en empiries beoordeel, die kragtigste stroming is wat die wêreld nog geken het. Die Christendom is geografies wyer versprei en onder meer volke gevestig as enige ander godsdiens of ideologie (Vorster, 1996:1). Meer onlangs skryf Johnson (1999:48) dat die Christendom waarskynlik die invloedrykste van alle godsdienste is.

Lloyd-Jones (1950:93) toon voorts dat die evangelie nie slegs in die algemeen vir die mensdom iets beteken nie, maar ook in individuele gevalle: "Men who have been the hopeless slaves and victims of sin, and who have reduced their families and homes to conditions of abject poverty, once they have been converted and brought to Christ have proceeded to transform their whole surroudings and conditions".

Alhoewel Lloyd-Jones nie in laasgenoemde verband werklike voorbeelde noem nie, toon Murray (1982:209-213) uit Lloyd-Jones se bediening te Aberavon aan, dat Lloyd-Jones van menige ware bekering sou kon getuig en hoe sulke bekerings tot Christus die lewenssituasie van die bekeerlinge ten goede verander het.

- Lloyd-Jones (1950:95-97) kom aan die einde van sy lesing oor die eenvoud van die evangelie tot die slotsom dat daar maar een behandeling is wat die oog kan genees: "According to the gospel, Jesus of Nazareth was the only begotten Son of God. He came down to earth because of the blindness of mankind".

Die volgende is enkele afleidings wat uit hierdie afdeling gemaak kan word:

- Lloyd-Jones (1950:76) maak effektief van beelde gebruik om intellektuele weerstand teen die evangelie af te breek. McGrath (1992:245) sê ten opsigte effektiewe kommunikasie in die apologetiek: "A picture is worth a thousand words".

- Nadat die argumente van mense wat 'n intellektuele weerstand teen die evangelie het, afgebreek is, moet daar met die feite van die evangelie en die verklaring van die evangelie weer opgebou word.

- Die apologeet moet fyn daarop let om die dinge waarop dit aankom te onderskei. Lloyd-Jones (1950:78) toon aan hoe die mensdom daartoe neig om op die dinge waarop dit nie aankom nie, te konsentreer.

- Lloyd-Jones (1950:78) wys daarop dat die tendens om die dinge waarop dit nie aankom nie te onderskei ook dikwels in die kerk posvat. Die emstige predikant en ouderling kan homself afvra of dit by huisbesoek eerder oor bydraes, erediensbywoning en bywoning van aksies gaan en of dit oor die een belangrike vraag gaan: "Hoe lyk dit met die persoon se verhouding tot God?" Wanneer die persoon se verhouding tot God reg is, sal sy bydraes en erediensbywoning ook regkom. Lloyd-Jones (1950:91) se argument dat wanneer die dinge waarop dit aankom (die sentrum van die mens) reggestel word, dan volg die res vanselfsprekend, is die basis van hierdie afleiding.

- Die apologeet kan ruim en suksesvol van die kerkgeskiedenis gebruik maak om die positiewe invloed van die Christelike geloof in die samelewing aan te toon.

Lloyd-Jones het egter nog nie die geregtigheid van God tot redding van die mens finaal uiteengesit nie. Die beskuldiging word deur verwerpers van die evangelie ingebring: "Is die evangelie vir die moderne mens relevant?" Hierdie vraag hanteer Lloyd-Jones (1950:98-118) vervolgens.

## 3.7 Is die evangelie steeds toepaslik?

Lloyd-Jones (1950:98) is van mening dat die evangelie van verlossing in Jesus Christus die moderne mens[4] met die stelling konfronteer dat die evangelie die oplossing op die mens se vrae en probleme bied: "In a world that is seeking a way out of its tragedy and its troubles, the gospel announces that the solution is already available".

Met laasgenoemde stelling lei Lloyd-Jones (1950:98-118) sy lesing oor die relevansie van die evangelie vir die moderne mens in.

Die probleem van die relevansie van die evangelie is 'n tipies apologetiese kwessie en word deur McGrath (1992:107) as een van 'n aantal weerstande teen die evangelie geïdentifiseer.

Lloyd-Jones (1950:98-99) spreek hierdie weerstand aan deur eers 'n tetiese, maar bondige uiteensetting van die evangelie te gee. Daarna stel hy (1950:99) sy probleemstelling met die gevolglike beredenering van die probleem (1950:100-118).

Die tetiese uiteensetting van die evangelie behels die volgende:

- Jesus van Nasaret is die eniggebore Seun van God. In Jesus se leer en lewe kan die mens die soort lewe wat God vir die mens bedoel het, sien (Lloyd-Jones, 1950:98).
- Jesus is die volle en finale openbaring van God aan die mens (Lloyd-Jones, 1950:98).
- In Jesus se dood aan die kruis word die mens se sonde ontbloot en veroordeel (Lloyd-Jones, 1950:99).

---

4 Lloyd-Jones gebruik graag die uitdrukkings "moderne mens" of "wêreldse beskouing". In afdeling 3.3 is die definisie van wat Lloyd-Jones hieronder verstaan, gegee. Ter wille van duidelikheid by die lees van hierdie afdeling word dit herhaal: "I mean by this all answers which are not based upon the biblical teaching but upon man's philosophies including science" (Lloyd-Jones, 1971c:190). Lloyd-Jones gebruik dus die term "moderne mens" om te verwys na mense wat hulle standpunte buite die Bybel om formuleer en die term "wêreldse beskouing" is dan die onbybelse geformuleerde standpunt.

- Jesus se sterwe aan die kruis is die enigste wyse waarop die mens met God kan versoen (Loloyd-Jones, 1950:99).
- Jesus het die dood oorwin en regeer tans aan die regterhand van God totdat sy vyande aan Hom onderwerp is. Daar sal 'n tyd kom dat elke knie voor Jesus sal buig (Lloyd-Jones, 1950:99).
- Die evangelie roep mense op om hulle tot Jesus te bekeer en in Hom alleen verlossing te soek (Lloyd-Jones, 1950:99).

Hierna gee Lloyd-Jones (1950:99) sy probleemstelling: "But we are well aware of the fact that the orthodox idea of the atonement of Christ is highly distasteful to the modern mind". Hiermee het Loyd-Jones die tafel vir 'n apologetiese verdediging van die relevansie van die evangelie vir die moderne mens gedek.

Lloyd-Jones (1950:100) grens egter die fokus van sy probleemstelling af op die sogenaamde standpunt dat die evangelie nie vir die moderne mens volgens hulle relevant is nie, omdat die evangelie so oud is: "Anything which is so ancient cannot, they argue, be relevant to-day".

Lloyd-Jones (1950:100-118) beredeneer laasgenoemde stelling uit verskillende hoeke.

- Sy (1950:100) eerste argument is dat die standpunt dat die evangelie te oud en daarom irrelevant is, onredelik is en op blote vooroordeel teenoor die evangelie berus.

  Lloyd-Jones (1950:101) wys daarop dat indien 'n saak beredeneer word, maar dit nie vanuit alle hoeke beredeneer word nie, en sommige bronne boonop doelbewus in die redenasieproses uitgesluit word, dit van vooroordeel teenoor die saak getuig. Indien die relevansie van die evangelie dus bloot op grond van sy ouderdom verwerp word, is dit 'n teken van vooroordeel teenoor die evangelie.

- Lloyd-Jones (1950:102) volg laasgenoemde argument op deur daarop te wys dat die afwysing van die evangelie op grond van die evangelie se ouderdom 'n vals maatstaf vir relevansie stel. Die maatstaf is

ouderdom en nie inhoud en waarheid nie: "It is clear that his ultimate and most important criterion is age, not truth".

- Lloyd-Jones (1950:103-106) se derde argument sluit ten nouste by die tweede argument aan en handel daaroor dat sogenaamde wetenskaplike ondersoek die evangelie as irrelevant bewys. Die evangelie behoort, volgens hierdie standpunt, tot die mens se verbeelding en tot "make-believe" (Lloyd-Jones, 1950:104).

  In hierdie verband kan daarop gewys word dat McGrath (1992:132) die standpunt van: "God as wish-fulfilment?", as 'n "intellectual barrier to faith" aandui. McGrath (1992:132) toon verder aan dat Ludwig Feuerbach en Sigmund Freud ook hierdie standpunt gehad het en dat dit in die werke van Karl Marx ontwikkel is.

  Dit kan nie aangetoon word dat Lloyd-Jones met hierdie lesing van hom vir Freud in gedagte gehad het nie. Floor (1985:24) haal egter vir Dr. Gasius Davies aan om te wys dat Lloyd-Jones goed ingegrawe was in die werke van Freud en sy verkeerde standpunte dikwels ontbloot het.

  Lloyd-Jones (1950:105) hanteer hierdie intellektuele weerstand teen die evangelie deur daarop te wys dat mense wat die kleim afsteek dat hulle sogenaamd wetenskaplik is, juis dikwels onwetenskaplik is. Die rede is dat mense so maklik hipotese en feit met mekaar verwar: "There is nothing, therefore, more unscientific than the way in which men and women are thus confusing hypotheses with truth, and theories with facts".

  McGrath (1992:134) bevestig Lloyd-Jones se standpunt dat die verwerping van die evangelie op grond van sogenaamde wetenskaplike ondersoek, juis dikwels op grond van onwetenskaplike arbeid berus. McGrath (1992:134) toon baie mooi aan hoe Feuerbach op 'n onversigtige wyse sy wetenskap bedryf het en hy kom dan tot die konklusie: "Feuerbach's hypothesis is nothing more than a hypothesis".

Lloyd-Jones (1950:104) wys egter daarop dat die groot gevaar ten opsigte van die sogenaamde wetenskaplikes se stellinge is dat die hipotese deur baie mense as waarheid aanvaar word: "The dogmatic assertions of such scientists are being accepted as solid facts, though in reality they are nothing but theory".

Ongelukkig beredeneer Lloyd-Jones nie hoe die apologeet te werk moet gaan om onwetenskaplike stellinge, as hipotese en nie as feit, te ontmasker nie. McGrath (1992:138) se raad aan die apologeet is dat die teorieë van die wetenskaplikes deeglik ondersoek moet word, indringende vrae moet gevra word soos waar kom die idee vandaan en is die idee nie dalk uit vooroordeel teenoor die Christendom gebore nie. Verder kan onlogiese redenasies aangewys word, daar kan feitefoute aangedui word en stellinge wat nie op feite berus nie, moet uitgewys word (McGrath, 1992:138).

- In Lloyd-Jones (1950:107) se vierde argument om die relevansie van die evangelie aan te wys, hanteer hy 'n variasie op die oorspronklike argument. Die aanvanklike argument is dat die evangelie vanweë sy ouderdom irrelevant is.

Die variasie hierop is dat die evangelie nie meer relevant kan wees nie, aangesien die mens ten opsigte van alle vlakke van die samelewing ontwikkel het. Die standpunt is, sê Lloyd-Jones (1950:108): "Everything in life is developing, advancing, moving forward. It is the universal law of life and of being".

Lloyd-Jones (1950:109) hanteer die variasie in hierdie argument deur ontwikkeling as 'n feit van die lewe te erken. Hy argumenteer egter dat die moderne mens se afleidings uit die feite vals is.

Om die vals afleidings aan te toon, gebruik Lloyd-Jones (1950:110-118) drie argumente:

  - Die mens se tegniek en kennis ontwikkel, maar die mens in sy wese verander nie: "Our first reason for doing so is that man himself as man has not changed at all. All the changes about

which men boast so much are external" (Lloyd-Jones, 1950:110).

- Lloyd-Jones (1950:112) beskou sy tweede argument as oneindig belangriker as die eerste een, naamlik: "God hasn't changed!". In die lig van die feit dat die mens in sy wese nie verander het nie en steeds sondaar is (die eerste argument), en in die lig daarvan dat God steeds die onveranderde God van ewigheid af is (die tweede argument), maak die ouderdom van die evangelie nie saak nie.

  Die belangrike is nie die ouderdom van die evangelie nie, maar dit wat die evangelie in die verhouding tussen mens en God doen. 'n Belangriker vraag, as die ouderdom van die evangelie, sê Lloyd-Jones (1950:115), is: "How should man be just with God?". Die vraag is nie hoe oud die evangelie is nie, maar of die evangelie die mens voor God regverdig verklaar. In die lig daarvan dat God vir die mens die volmaakte oplossing tot versoening met Hom gegee het, is dit dwaas as die mens vir homself 'n nuwe of ander oplossing gaan soek.

- Lloyd-Jones (1950:114) se laaste argument is dat die evangelie, ten opsigte van die mens se siel, die enigste oplossing vir die mens is. Dit is so, erken Lloyd-Jones (1950:115), dat die ontwikkeling in die mediese wetenskap vir die mens in sy liggaamlike voorspoed groot voordeel inhou: "But can the same be said about the prevention, treatment, and cure of the ills of the soul of man?" (Lloyd-Jones, 1950:115).

  Daar is nie een of ander wondermiddel op die rak wat die mens teen die begeerte beskerm wat uit sy hart na vore kom om sonde te doen nie. Nog minder is daar 'n wondermiddel wat die sonde van die mens voor God kan uitwis nie. Die enigste geneesmiddel is deur Jesus, die Seun van God. Alhoewel die vooruitgang in die mediese wetenskap wonderlike genesings vir

die mens teweeggebring het (Lloyd-Jones, 1950:115), is die morele verval in die samelewing vandag die bewys daarvan dat die mens in sy sondige aard nie verander het nie (Lloyd-Jones, 1950:116-117).

Lloyd-Jones (1950:117) sluit sy lesing af met die smeekroep aan die moderne mens: "My only hope is that I shall be clothed with the righteousness of Jesus Christ".

Daar is ook ten opsigte van hierdie hoofstuk oor die relevansie van die evangelie enkele gevolgtrekkings om te maak:

- Dit is vanuit Lloyd-Jones se apologetiese hantering van die relevansie van die evangelie duidelik dat hy, soos by al die voorafgaande temas, sy apologetiek met 'n evangeliese motief bedryf. Hy hanteer sy temas nooit bloot met die doel om die argument ter wille van die argument te wen nie. Sy bedoeling is deurgaans om die mens agter die argument te wen en te oortuig dat Jesus die Seun van God en die enigste Verlosser is.

- McGrath (1992:107) toon aan dat een van die redes waarom mense nie die evangelie se relevansie raaksien nie, is omdat die apologeet nie die voordele van die evangelie behoorlik kommunikeer nie. Lloyd-Jones beskryf in sy tetiese uiteensetting van die evangelie en in sy slotparagrawe die voordele van die evangelie. Hy konsentreer op die ewigheidsvoordeel van die evangelie, naamlik dat die mens deur die bloed van die Seun van God voor God regverdig verklaar word.

  McGrath (1992:107-110) wys egter ook ander voordele wat vir die moderne mens belangrik is uit soos dat die evangelie morele waardes in gemeenskappe verhoog, dat die evangelie sin gee aan wat met die mens gebeur, byvoorbeeld ten opsigte van lyding, en dat die evangelie aan mense 'n toekomsvisie bied.

- Lloyd-Jones argumenteer suiwer wanneer hy daarop wys dat dit nie die ouderdom van die evangelie is wat die maatstaf moet wees vir die

beoordeling van die relevansie van die evangelie nie. Die maatstaf moet die waarheid van die inhoud van die evangelie wees.

McGrath (1992:107) stel dit egter dat die waarheid nie noodwendig die relevansie van die evangelie vir die moderne mens bewys nie: "Truth is no guarantee of relevance". Hiermee kom 'n tekortkoming in Lloyd-Jones se beredenering na vore en moet deur die apologeet in gedagte gehou word. Die wyse waarop die apologeet met die waarheid omgaan is belangrik. McGrath (1992:107-108) toon aan dat die waarheid van die evangelie in die lewe van die moderne mens gekontekstualiseer moet word.

Die manier waarop die apologeet die kontekste waarteen die evangelie in die lewe van die moderne mens funksioneer, kan bepaal, is deur op te let na sogenaamde weerstande wat daar teen die evangelie is. Soos in die volgende hoofstuk sal blyk, vertoon weerstande teen die evangelie dikwels in onbybelse standpunte oor die sonde.

# HOOFSTUK 4

## 4. ONBYBELSE STANDPUNTE OOR DIE SONDE

### 4.1 Die Bybelse sondeleer is ongewild

McGrath (1992:176-187), in 'n apologetiese werk, hanteer die hele kwessie van sonde as een van 'n aantal intellektuele weerstande teen die evangelie. McGrath (1992:176-177) wys egter daarop dit die taak van die apologetiek is om dié misverstande te probeer opklaar.

Wanneer Lloyd-Jones (1993b:43) apologeties besig raak daarmee om misverstande oor die Bybelse sondeleer op te klaar, wys hy eers op die rede vir die bestaan van onbybelse standpunte oor die sonde. Uit Romeine 1:18, 28 en 32 toon hy aan dat die Bybelse leer oor die sonde by die mens baie ongewild is: "There is certainly no subject which calls, and has called, forth so much scorn and sarcasm and derision. There has been no doctrine which has been so ridiculed" (Lloyd-Jones, 1993b:41).

Hy voer twee redes aan waarom die Bybelse sondeleer ongewild is (Lloyd-Jones, 1993b:42):

- Die *eerste* rede is dat as die Bybelse leer oor die sonde en die mens reg is, dan is die wêreldse filosofie dat die mens inherent goed is en besig is om homself te verbeter, verkeerd.
- Die *tweede* rede is dat as die Bybelse sondeleer korrek is, dan is die Bybelse verlossingsleer ook reg. Die rede waarom Lloyd-Jones (1993b:23) hierdie argument saam met die eerste rede voer, is omdat hy glo dat die Bybelse verlossingsleer soos dit in Christus se dood aan die kruis vergestalt word, steeds vir die mens 'n struikelblok is: "'The

offence of the Cross' is still the greatest offence in the Christian Gospel".

Aangesien die Bybelse sondeleer by die mens ongewild is, skep die mens vir hom sy eie sondeleer (Lloyd-Jones, 1993b:43).

## 4.2 Vier onbybelse sondebeskouings

Uiteindelik onderskei Lloyd-Jones (1993b:43-44) vier verskillende onbybelse beskouings oor wat sonde is. Daar is wel, volgens Lloyd-Jones (1993b:44), nog verskeie ander verkeerde standpunte oor die sonde, maar die vier wat hy behandel, beskou hy as die hoofstroomdenke daaroor.

- Die *eerste* van die vier onbybelse sondebeskouinge gaan van die standpunt uit dat sonde nie vir die mens sleg is nie, maar, inderdaad, eerder goed (Lloyd-Jones, 1993b:43).

  Lloyd-Jones (1993b:43) wys daarop dat hierdie onbybelse beskouing oor die sonde, die sonde sien as iets wat noodsaaklik is vir die mens om sy goeie karaktertrekke te ontwikkel: "Sin can be regarded as dumb-bells which have to be lifted in order to develop the intellectual and moral muscles, or as a resistance which has to be removed in order that we may progress".

- 'n *Tweede* onbybelse standpunt staan in nou verbintenis tot die eerste, maar vertoon 'n verskuiwing van 'n positiewe na 'n negatiewe denke oor die sonde. Hierdie tweede standpunt sê dat die mens voortdurend besig is om homself moreel te ontwikkel en die sonde iets in die mens is wat hierdie ontwikkeling strem: "It is the struggle, if you like, between the man in us and the animal in us" (Lloyd-Jones, 1993b:44). Die dier in die mens is nie noodwendig sleg nie, maar word sleg wanneer die mens nie kontrole oor die dier uitoefen nie (Lloyd-Jones, 1993b:44).

- 'n *Derde* beskouing oor die sonde gaan ook, soos die eerste, van die standpunt uit dat die sonde in die mens nie noodwendig sleg is nie, maar dat die mens nog net nie sy goeie kwaliteite genoeg ontwikkel

het nie: "Thus we should not say that a man is actually bad; we should say that he is not good" (Lloyd-Jones, 1993b:44).

- Die *vierde* onbybelse sondebeskouing sê dat sonde nie sonde is nie maar blote onkunde: "And then there is the view which regards it as almost entirely a matter of knowledge and of education" (Lloyd-Jones, 1993b:44). Dit wat sleg is in die mens kan deur die aanbieding van opvoedkundige programme opgelos word.

  McGrath (1992:178) toon aan dat hierdie standpunt van Lloyd-Jones nie 'n blote aanname is wat gemaak word nie, maar, in 'n uiteensetting oor wat sonde is, bevestig McGrath die uiteensetting van Lloyd-Jones as hy sê: "The great liberal dream was that education would change this situation radically, producing a generation of morally enlightened and responsible people, dedicated to the construction of a better world". McGrath (1992:178) wys dan daarop dat die wêreldgeskiedenis die teendeel bewys.

  Volgens Lloyd-Jones (1950:38) is hierdie standpunt deur H.G. Wells ontwikkel en behels dit dat die mens nie werklik sleg is nie, maar dat hy slegs 'n dwaas is. H.G. Wells se standpunt is volgens Lloyd-Jones (1950:38): "Man's troubles are due simply to his stupidity and his refusal to think, and they can be cured by education". Die mens moet dus nie as sleg en as sondaar geteken word nie.

  Johnson (1999:46) wys so onlangs as 1999 in 'n artikel oor die draai van die millenium daarop dat H.G. Wells en ander wetenskaplikes, die einde van die twintigste eeu, as die laaste stuiptrekkings van die Christendom aangedui het. Die rede vir hierdie aanname deur H.G. Wells en sy kollegas was dat wetenskaplike ontwikkeling dit sou veroorsaak (Johnson, 1999:46).

Met die aanwysing van hierdie onbybelse standpunte, is die vraag: "Hoe hanteer Lloyd-Jones dit?"

Dit is interessant dat Lloyd-Jones (1993b:45) die vier onbybelse sondebeskouings gelyktydig behandel en sy rede is: "It is clear that they all belong to the same pattern and are all based on the same central idea".

Die volgende opmerkings word deur Lloyd-Jones (1993b:45-48) gemaak.

- In die *eerste* plek toon Lloyd-Jones (1993b:45) aan dat die vier sondebeskouings van die gemeenskaplike standpunt uitgaan dat sonde nie werklik 'n groot en ernstige probleem is nie: "The fathers, we are told, hopelessly exaggerated it".

  Die aanhangers van hierdie sondebeskouing, sê Lloyd-Jones (1993b:45), is van mening dat die sondebeskouing van die vaders[5] tot 'n sogenaamde morbiditeit, introspeksie en wanhoop gelei het.

  Dit is inderdaad waar dat 'n verkeerde sondebesef tot geestelike depressie kan lei. Lloyd-Jones hanteer egter wel in sy sondebeskouing die kenmerke van 'n geestelike depressielyer en hoe die probleem opgelos kan word (Lloyd-Jones, 1965:9-300).

  Lloyd-Jones (1965:291) se hantering van 'n godsdiensdepressielyer draai volledig rondom 'n Bybelse verlossingsleer: "Everything always ends in Christ and with Christ". In afdeling 5.5.2 word meer volledig op die hantering van mense met 'n verkeerde sondebesef ingegaan.

- 'n *Tweede* gemeenskaplike standpunt van bogenoemde vier onbybelse sondebeskouinge, is dat die mens uit sy sonde kan groei (Lloyd-Jones, 1993b:45).

  Lloyd-Jones (1993b:17 en 1993b:52) toon daarteenoor aan dat die natuurlike nie-wedergebore mens in sy verhouding tot God nie vooruit nie, maar eerder agteruitgaan: "The story of man with respect to God,

---

5 Lloyd-Jones sê nêrens in die behandeling van die onbybelse sondebeskouings wie die "vaders" is na wie hy verwys nie. Dog, uit hoofstuk 2 oor sake en gebeure wat Lloyd-Jones beïnvloed het, sal die "vaders" waarskynlik mense soos die Puriteinse gelowiges wees. Die Puriteine het hulle standpunte op die Bybel gebaseer en dit is duidelik dat hulle standpunte uiteindelik teenoor die van die "moderne mens" staan. Vergelyk voetnota 1 vir 'n definisie van die "moderne mens".

according to the apostle, is not one of a gradual progress and development and rising, but rather one of decline and fall - retrogression" en "Its difficulty is not that its advance in the direction of truth is somewhat slow and laboured. It prefers to go in the opposite direction".

As Bybelse apologeet vind Lloyd-Jones (1950:36) korrekte toe-passingsvelde en daarom dui hy aan dat hierdie onbybelse sondebeskouings die kern van die dwaling by die ewolusieleer is.

Volgens die ewolusieleer is die mens in sy kern gesond en besig om te ontwikkel tot 'n staat van perfeksionisme: "The essence of the position is that man himself is all right fundamentally" (Lloyd-Jones, 1950:36) en: "To some of these theorists the problem of life and mankind and the world is simply one of development and evolution" (Lloyd-Jones, 1950:36).

- 'n *Derde* gemeenskaplike standpunt van die vier onbybelse sondebeskouings is dat die mens nie verantwoordelik gehou kan word vir sy sonde nie (Lloyd-Jones, 1993b:45).

Die blaam vir die sonde word afgeskuif op maatskaplike en sosiale toestande: "The responsibility is taken from man and is placed in his economic conditions, or his home life, or early upbringing, and indeed at times in his physical make-up" (Lloyd-Jones, 1993b:45).

Die gevolg van hierdie standpunt is dat die mens nie vir sy sonde gestraf moet word nie, maar dat hy eerder met wit handskoene, sagweg, hanteer moet word (Lloyd-Jones, 1993b:45).

Lloyd-Jones (1993b:46) wys daarop dat hierdie soort sondebeskouing nie met die heiligheid van God rekening hou nie. Dit is in ooreenstemming met De Bruyn (1997:24) se verklaring van die Heidelbergse Kategismus dat sonde die mens in stryd met die heilige wese van God bring.

## 4.3 Gevolgtrekkings

Die volgende gevolgtrekkings kan uit hierdie afdeling gemaak word:

- 'n Vals sondebeskouing lei daartoe dat die sonde veroppervlakkig word en dat vals eienskappe daaraan toegedig word.

  Hierdie gevolgtrekking word gemaak op grond van Lloyd-Jones se beredenering dat mense met 'n onbybelse sondebeskouing, die beskuldiging inbring, dat 'n beklemtoning van die sonde morbiditeit en geestelike depressie tot gevolg het.

  Alhoewel Lloyd-Jones bogenoemde onbybelse sondebeskouinge in die veertigerjare bespreek het, kan Bybelse apologete vandag daarop let dat die grondlyne daarvan steeds in omgang is.

  'n Voorbeeld daarvan kan hedendaags gevind word in die boek van De Klerk (1998). Van Rooy (1998:7) wys daarop dat De Klerk in sy boek die standpunt huldig dat 'n sondebesef 'n neurotiese godsdiens kweek.

  Lloyd-Jones se hantering van iemand met 'n verkeerde sondebesef wat tot 'n geestelike depressie of morbiditeit kan lei, verskil egter hemelsbreed van die wyse waarop De Klerk (1998) godsdiensneurose hanteer.

  Soos hierbo aangetoon draai Lloyd-Jones se hantering van geestelike depressie rondom die verlossing in Christus.

  Van Rooy (1998:7) toon daarteenoor aan dat Christus, die Gekruisigde, hoegenaamd nie 'n rol in De Klerk (1998) se hantering van godsdiensneurose speel nie. Die wyse waarop De Klerk (1998:90) godsdiensneurose hanteer, is eerder om die godsdiensneurotiese mens op te roep om hom oor te gee aan die genot van die lyf.

  Wat 'n verskil in benadering – die een (Lloyd-Jones) roep die godsdiensneurotiese persoon op om rus te vind in die versoeningswerk van Christus aan die kruis, die ander (De Klerk) roep die

godsdiensneurotiese mens op om homself aan sy vleeslike luste oor te gee.

De Klerk (1998) se nadenke oor die sonde is 'n duidelike relativering van die sonde en 'n veroppervlakkiging daarvan. Sy sondebeskouing dig ook vals eienskappe en gevolge aan die Bybelse sondeleer toe. Wanneer iemand deur 'n intense sondebesef tot die verlossing in Jesus Christus gekom het, dan is daar bevryding en nie neurose nie.

Wanneer iemand hom egter aan sy vleeslike luste oorgee, loop hy die gevaar om ook uiteindelik deur God self daaraan oorgegee te word (vgl. Romeine 1:24). Dit lyk inderdaad of De Klerk (1998) in hierdie geval die waarheid vir die leuen verruil het.

- Lloyd-Jones se aanduiding van die onbybelse sondebeskouing dat sonde bloot onkunde is, is steeds aktueel.

De Bruyn (1992:160) wys daarop dat hierdie dwaalleer onder die belangrikste leerstellinge van die New Age-Beweging gevind word. De Bruyn (1992:160) formuleer die New Age-Beweging se sondebeskouing as volg: "Wat gewoonlik sonde genoem word, is niks anders as onkunde nie en die sogenaamde sondige dade is slegs energie wat op 'n verkeerde tyd en plek gebruik word". Jordaan (1991:32) skryf bevestigend oor die New Age-Beweging se vals sondebeskouing: "Wat ons sonde noem, sê hulle, is niks anders as onkunde nie – onkunde oor hoe om in harmonie met die kosmos te lewe". Die New Age-Beweging beskou die sonde dus ook as blote onkunde en daaruit kan afgelei word dat dit hulle beskouing is dat die mens deur blote opvoeding geleer kan word om uit sy sonde te groei.

Die gevolg van die vals sondeleer van die New Age-Beweging het noodwendig implikasies op hulle verlossingsleer. Jordaan (1991:32) verwoord dié beweging se verlossingsleer as volg: "Die mens van die *New Age* moet dus verlos word van alle disharmonie

met sy omgewing". Hierdie verlossing ontstaan uit die mens (Jordaan, 1991:32) en nie van bo af deur die werk van Heilige Gees soos Jesus vir Nikodemus leer nie (vgl. Johannes 3:1-21).

Die ontsettende van 'n onbybelse sondebeskouing soos die van die New Age-Beweging is dat die mens tot god en sy eie verlosser verhef word (vgl. Jordaan, 1991:32).

- 'n Derde afleiding wat gemaak kan word is dat 'n vals sondebeskouing nie met die heiligheid van God rekening hou nie. Ook hierdie afleiding is tans aktueel.

  Dit is interessant om op te let dat Van Rooy (1998:7) daarop wys dat De Klerk (1998) se onbybelse sondebeskouings die heiligheid van God vergeet. Wanneer De Klerk (1998) mense oproep om hulle aan singenot oor te gee, kom hy dus nie in die eerste plek in stryd met mense nie, maar met die heilige God.

- Die Bybelse apologeet moet oplettend wees daarvoor dat daar dikwels aan die kern van 'n dwaalleer 'n vals sondebeskouing lê.

  Lloyd-Jones (1993b:45) het aangetoon hoe een van die gemeenskaplike standpunte van die vier onbybelse sondebeskouinge is dat die natuurlike mens uit sy sonde kan groei. Die dwaalleer van die evolusionisme het hierdie onbybelse sondebeskouing ten grondslag.

Lloyd-Jones hanteer egter nie slegs onbybelse sondebeskouinge nie. Hy handhaaf ook 'n Bybelse sondebeskouing en daarom sê hy in die konteks van onbybelse sondebeskouings: "Now, the biblical view of sin is the precise opposite of this at every point" (Lloyd-Jones, 1993b:46). In die volgende hoofstuk word aan Lloyd-Jones se sondebeskouing aandag gegee.

# HOOFSTUK 5

# 5. LLOYD-JONES SE SONDELEER

## 5.1 Inleidend

In hierdie hoofstuk word dus, na aanleiding van laasgenoemde paragraaf, 'n uiteensetting van Lloyd-Jones se sondebeskouing gegee.

Die gevolge van die sondeval kom in dade van sonde na vore (Lloyd-Jones, 1971c:193) en hierdie dade dra sekere eienskappe. Lloyd-Jones (1971c:193) wys daarop dat die apostel Paulus die stylfiguur van personifikasie ten opsigte van die beskrywing van sonde gebruik. Daarom kan daar aan sonde eienskappe toegedig word.

Lloyd-Jones (1971c:193) het dikwels hierdie persoonseienskappe van sonde in die proses van eksegese en toepassing in sy prediking uitgelig, maar hy het dit nooit gesistematiseer nie. In afdeling 5.4 word gepoog om die eienskappe van sonde soos dit in Lloyd-Jones se werke verspreid voorkom, te sistematiseer.

Die sondeval van die mens in die tuin van Eden lê egter ten grondslag aan Lloyd-Jones se sondebeskouing.. Daarom word in afdeling 5.2 met 'n uiteensetting van Lloyd-Jones se verklaring van *Original Sin* begin.

## 5.2 Lloyd-Jones oor "Original Sin"

### 5.2.1 Agtergrond

Lloyd-Jones (1971c:211) gee in 'n aantal preke uit Romeine 5:12-21 'n uiteensetting van wat hy *Original Sin* noem. In laasgenoemde preke skets hy

die inbegrepenheid van die mens by Adam. Wanneer hy sy uiteensetting klaar gegee het, sê Lloyd-Jones (1971c:211) in die slot van een van die preke: "I have been outlining and explaining what has always been known as the doctrine of Original Sin, and that doctrine includes this principle, that we are all guilty and held guilty in God's sight for the sin of Adam". Lloyd-Jones (1971c:181) beskou Romeine 5:12-21 as die *locus classicus* oor *Original Sin.*

Met laasgenoemde standpunt staan Lloyd-Jones nie alleen nie, aangesien Augustinus ook, volgens Durand (1978:50), sy leer oor die erfsonde[6] uit Romeine 5:12 ontwikkel het.

Webster (1995:641) toon egter aan dat Augustinus sy leer oor *Original Sin* op 'n verkeerde vertaling van die Latynse teks van Romeine 5:12 gebaseer het en dat daar as gevolg daarvan ernstige eksegetiese vrae oor Augustinus se gevolgtrekkings gevra kan word.

Oosterhoff (1975:494-496) het ook probleme met die ontwikkeling van die leer van *Original Sin* uit Romeine 5:12. Hy (1975:494-496) het veral 'n probleem met wat hy noem "die toerekeningsgedagte". Laasgenoemde uitdrukking is nie uniek aan Oosterhoff nie. Durand (1978:48-61) laat in 'n uiteensetting oor die erfsondeleer sien dat die uitdrukking "toerekenings-gedagte" reeds vroeg in die dogmageskiedenis gebruik is.

Oosterhoff (1975:495) verstaan onder die term "toerekeningsgedagte" dat in die teologie daarmee bedoel word: "dat ik de schuld moet dragen van de zonde die Adam bedreven heeft; dat ik er op word aangezien en veroordeeld om wat een ander, nl. Adam gedaan heeft. Ja, veelmeer, dat ikzelf in het paradijs van de verboden vrucht gegeten heb, dat ik dat op een of andere manier gedaan hebben in Adam" en "Op een of andere manier heb ik dat

6 In hierdie studie sal die Afrikaanse term "erfsonde" gebruik word vir die Engelse uitdrukking *Original Sin.* Dit blyk uit 'n vergelyking van Engelse bronne soos Warfield (1968:262-269) met Afrikaanse bronne soos Durand (1978:48-61) dat die Engelse term "Original Sin" en die Afrikaanse uitdrukking "erfsonde" gelykluidende betekenis het. Die Afrikaanse woord "sondeval" staan ook in nou verband met laasgenoemde uitdrukkings. Die Latynse uitdrukking vir erfsonde is "originale peccatum" (vgl. Doekes, 1979:239).

gedaan in Adam, d.w.z. in Adam begrepen, in Adam was ik aanwezig en handelde ik reeds".

Oosterhoff (1975:494) is van mening dat nie die Skrif, nog die belydenisskrifte en ook nie Calvyn, die toerekeningsgedagte leer nie.[7]

Wanneer 'n mens na Lloyd-Jones (1971c:211) se definisie hierbo oor *Original Sin* kyk, dan sien 'n mens dat hy die gedagte van "toerekening" in sy definisie vervat: "that we are all guilty and held guilty in God's sight for the sin of Adam". Hy (1971c:178) gebruik ook die term "imputation" wanneer hy sê: "The story of the entire human race can only be understood in terms of our relationship to Adam and the imputation of his sin to us".

Die woord "imputation" (toerekening) is die gewilde maar ook kontroversiële term wanneer dit oor die erfsondeleer gaan (Warfield, 1968:262-269).

In die lig daarvan dat Lloyd-Jones baie waarde aan die werke van B.B. Warfield geheg het, veral ten opsigte van leerstellige sake (Murray, 1982:285-286; Jung, 1986:16), sal dit die moeite werd wees om aandag te gee aan enkele feite wat deur Warfield (1968:262-269) oor die term "imputation" deurgegee word. Die volgende sake kom na vore:

- Die teologiese gebruik van die term "imputation" het sy oorsprong waarskynlik in die gebruik van die werkwoord "imputo" in die Vulgata om die Griekse werkwoord "logizesthai" soos die apostel Paulus dit uit Psalm 32:2 in Romeine 4:8 aanhaal (Warfield, 1968:262).
- Psalm 32:2 word in Romeine 4:8 deur die apostel Paulus aangehaal. Die aanhaling van Psalm 32:2 in Romeine 4:8 vorm een van die apostel se

[7] Durand (1978:58) toon aan dat die "toerekeningsgedagte" nie in die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus of die Dordtse Leerreëls na vore kom nie. Die Westminster Konfessie van 1647 en die Formula Consensus Helvetica van 1675 stel dit egter wel uitdruklik aan die orde (Durand, 1978:59). Laasgenoemde belydenisskrif handhaaf die "toerekenings-gedagte" en wys 'n tweevoudige skuld aan, naamlik die toegerekende sonde van Adam en die korrupsie wat daarop volg (Durand, 1978:59). Ten opsigte van Calvyn kan daar uit Durand (1978:58) afgelei word dat hy nie die term gebruik het nie en dat die term "toerekening" eintlik eers na Calvyn by die gereformeerde ortodoksie na vore gekom het.

grondargumente om aan te toon dat: "in saving man, God sets to his credit a righteousness without works" (Warfield, 1968:262).

- Warfield (1968:262) toon aan dat die woord wat in die Engels met "imputation" vertaal is slegs in Psalm 32:2, Romeine 4:8, asook aksiomaties in Romeine 4:4 en 13 deur die Vulgata gebruik word. Die woord sou egter op vele ander plekke gebruik kon word waar die metafoor van boekhouding, inherent aan die woord "logizesthai", na vore kom (Warfield, 1968:262).

- Warfield (1968:262) is van mening dat daar genoegsaam rede is om die woord "imputation" in die teologie as 'n tegniese term te aanvaar vir dit wat die Griekse "logizesthai" wil uitdruk, naamlik "putting to one's account" of "setting to one's credit" of "laying to one's charge". Dit is hieruit duidelik dat die term "imputation" die gedagte van *toerekening* beskryf.

- Soos wat die teologiese gesprek oor die "toerekeningsgedagte", veral sedert die reformasie (Warfield, 1968:263), ontwikkel het, onderskei Warfield (1968:263-264) drie sake wat gevestig geraak het:

Die eerste is dat Adam se sonde sy nageslag toegereken word.

  - o Die tweede is dat God se volk se sonde aan Christus toegereken word.
  - o Die derde is dat Christus se geregtigheid aan God se volk toegereken word.

Warfield (1968:266) wys daarop dat laasgenoemde drie sake as die kerninhoud van die term "imputation", op grond van van die sestiende en sewentiende eeuse Protestantse geskrifte, die hart van die Christelike geloof begin uitmaak het en onderskeidelik geformuleer is as:

  - o Die sondigheid ("sinfulness") van die menslike geslag.
  - o Die voldoening ("satisfaction") van Jesus Christus.
  - o Die regverdiging ("justification") deur die geloof.

- Volgens Warfield (1968:263) het die toerekeningsgedagte, met enkele klem en toepassingsverskille, die teologiese besit van Roomse, Lutherse en Gereformeerde tradisies geword.

- Teenstand teen die toerekeningsgedagte het aanvanklik vanuit Pelagiaanse oord gekom (Warfield, 1968:264) en later deur die Socinianisme,[8] Arminianisme en Rasionalisme (Warfield, 1968:266).

Alhoewel teenstand teen die toerekeningsgedagte dus vanuit verskillende oorde kom, lê Pelagius se besware daaraan ten grondslag en is dit nodig om Pelagius se standpunt oor die erfsonde kortliks weer te gee.

Warfield (1968:264-265) gee 'n uiteensetting van Pelagius se teenstand, maar Durand (1978:49-52) is hieroor duideliker. Die volgende feite oor Pelagius se standpunt word deur Durand (1978:49-52) aangewys:

- Die mens het ten spyte van die sondeval essensieel goed gebly en nie sy wilsvryheid verloor nie.
- Adam se keuse tot ongehoorsaamheid was van verbygaande aard.
- Adam se dood is nie die gevolg van sy sonde nie. Adam, as 'n geskape wese, was in elk geval aan die dood onderworpe.
- Adam het na sy val in sonde nie 'n sondige natuur gehad nie.
- Daar is geen verband tussen Adam se sonde en die sonde van sy nageslag nie.
- Pelagius erken wel die algemeenheid van die sonde, maar verklaar dat dit in navolging van Adam is.

Warfield (1968:264) maak belangrike bykomende opmerkings:

---

8 Dit is interessant dat Warfield (1968:266) die sogenaamde Socinianisme as die mees radikale teenstaander van die reformasie in verband met die erfsondeleer beskou. Die grondleggers van die Socinianisme was Lelio Socinus (1526-1562) en Faustus Socinus (1539-1604) en hulle leer was volgens Polman (1961:200) Pelagiaans van aard. Die toerekeningsgedagte was vir die Socinianiste 'n sinlose gedagte (Warfield, 1968:266).

- Vir Pelagius is dit nie regverdig dat die sonde van een persoon vir 'n ander toegereken word nie.
- Hieruit vloei voort dat die mens enersyds nie onder Adam se sonde ly nie, andersyds ook nie baat vind by Christus se verdienste nie.
- Ten opsigte van die navolgingsgedagte hierbo, sê Warfield (1968:264): "By their examples only, they said, can either Adam or Christ affect us; and by free imitation of them alone can we share in their merits or demerits".

In die lig van die feit dat daar kritiek op die leer van die erfsonde is, veral soos dit uit Romeine 5:12-21 ontwikkel is en as kern die gedagte bevat dat Adam se sonde die hele mensdom toegereken word, is dit dus baie belangrik om in fyn besonderhede die eksegese van Lloyd-Jones oor Romeine 5:12-21 na te gaan. Daar moet vasgestel word hoe Lloyd-Jones eksegeties met laasgenoemde Skrifgedeelte omgegaan het en wat was sy gevolgtrekkings uit sy eksegese.

### 5.2.2 Lloyd-Jones se vertrekpunt by sy verklaring van die erfsonde-leer

Dit is van die begin af duidelik dat Lloyd-Jones (1971c:170) se vertrekpunt en motiewe oor *Original Sin* suiwer is as hy sê: "In order to arrive at the great and moving doctrines we have first to struggle with the problem of correct exegesis. Failure to do that has often been the cause of heresy".

Die getuienis bestaan voorts dat Lloyd-Jones baie fyn en in besonderhede eksegese gedoen het (Sargent, 1994:108-111; Floor, 1985:49). Vergelyk ook hoofstuk 2 hierbo oor Lloyd-Jones se diagnostiese vermoëns.

Met laasgenoemde twee paragrawe in gedagte kan daar met vertroue, dog steeds krities, na die eksegese van Lloyd-Jones gekyk word.

### 5.2.3 Die uidrukking *dia touto*

Lloyd-Jones (1971:169) begin sy eksegese van Romeine 5:12-21 met 'n verklaring van die betekenis en plek van die term "wherefore" (vers 12) soos dit deur die *Authorized Version*[9] vertaal word. In die Griekse teks van die Nuwe Testament[10] word die uitdrukking "dia touto" gebruik en staan die frase heel voor in vers 12.

Die uitdrukking "dia touto" het vir eksegete hoofbrekens besorg: "Dia touto heeft de exegeten veel moeite bezorgd" (Jager, sj:68) en Morris (1988:228) sê in verband met "dia touto": "Immediately we encounter disagreement".

Die 1983-vertaling van die Bybel in Afrikaans vertaal "dia touto" met die uitdrukking ""Verder nog dit" en skep daarmee die indruk dat dit wat volg slegs maar 'n volgende feit is.

Die 1953-vertaling van die Bybel in Afrikaans vertaal dit met die woord "daarom" en dui daarmee aan dat dit wat volg 'n gevolgtrekking is van dit wat in die voorafgaande teks staan.

Lloyd-Jones (1971c:170) wys daarop dat "dia touto" ook as "therefore" (teenoor die *Authorized Version* se "wherefore") vertaal kan word. Hy dui egter nie aan wat die verskil in vertaling vir die eksegese en toepassing van die eksegese beteken nie. Hy (1971c:169-170) heg egter baie waarde aan "dia touto" en is selfs van mening dat die rykdomme van Romeine 5:12-21 nie sonder 'n korrekte verstaan van die uitdrukking gewaardeer kan word nie.

Die volgende sake oor "dia touto" kom in Lloyd-Jones (1971c:169-182) se eksegese na vore:

- Lloyd-Jones (1971c:169-170) wys daarop dat die woord 'n verbinding met dit wat voorafgaan aandui, maar tegelyk ook 'n belangrike oorgangsfase inlei. Sy eksegese oor laasgenoemde standpunt word deur eksegete soos Du Toit (1989:200), Morris (1988:228) en Jager (sj. 68) onderskryf.

---

9 Lloyd-Jones sluit in sy eksegese aan by die Engelse Vertaling van die Bybel wat bekend staan as die *Authorized Version*, ook genoem die *King James Version* (vgl. Murray, 1990:269).

10 In hierdie studie word van die derde verbeterde uitgawe van die *United Bible Societies* se *The Greek New Testament* gebruik gemaak.

Nadat Jager (sj. 68) aangetoon het dat verskeie teoloë, onder wie Martin Luther, geen verband tussen Romeine 5:12-21 met die voorafgaande of die daaropvolgende van die Romeinebrief sien nie, stem hy saam met Nygren dat daar die nouste verbinding tussen Romeine 5:12-21 met die voorafgaande verse asook met die daaropvolgende bestaan.

- Ten opsigte van die verbinding met die voorafgaande wys Lloyd-Jones (1971c:173) daarop dat die apostel Paulus deur die gebruik van "dia touto", Romeine 5:12-21 enersyds aan alles wat die apostel vanaf Romeine 1:16 gesê het, verbind, maar andersyds in besonder aan Romeine 5:9-11.
- Ten opsigte van die breë verbinding met wat voorafgaan, maak Lloyd-Jones (1971c:177) veral van Romeine 1:18 gebruik. Met laasgenoemde Skrifgedeelte maak die apostel Paulus sy lesers daarvan bewus dat die hele wêreld voor God doemwaardig is en onder die oordeel van God staan. Die rede waarom die hele wêreld onder die oordeel van God staan, is as gevolg van die mensdom se inbegrepenheid by Adam (Lloyd-Jones, 1971c:177).
- "Dia touto" verbind Romeine 5:12-21 egter in besonder aan die direkte voorafgaande verse, naamlik Romeine 5:9-11 (Lloyd-Jones, 1971c:173).

Die verbinding wat Lloyd-Jones (1971c:174) tussen "dia touto" en Romeine 5:9-11 lê, bring hom daartoe om terug te gaan op eksegese wat hy vroeër oor laasgenoemde verse gedoen het.

Hy (1971c:174) wys daarop dat die apostel Paulus in Romeine 5:10 in die Griekse teks 'n voorsetsel gebruik wat "in" beteken en nie "deur" soos dit in die *Authorized Version* se vertaling van dié vers na vore kom nie.

Met hierdie onderskeid wil Lloyd-Jones (1971c:174) die intense en intieme inbegrepenheid van die verloste mens in Christus aantoon. Christus se geregtigheid word die verloste mens "toegereken" as gevolg daarvan dat die verloste mens by Christus inbegrepe is (Lloyd-Jones, 1971c:175).

Na aanleiding van laasgenoemde eksegese oor Romeine 5:10 wys Lloyd-Jones (1971c:176) daarop dat die apostel Paulus deur die gebruik van "dia touto" in vers 12 die logiese gevolgtrekking aandui, dat netsoos die verloste mens by Christus inbegrepe is en sy geregtigheid die verloste mens "toegereken" word, netso intens en intiem was die mens vroeër by Adam inbegrepe en is Adam se sonde die mens "toegereken".

Lloyd-Jones (1971c:211) se gevolgtrekking dat Adam se sonde die mens toegereken word, berus dus onder andere op sy eksegese van die uitdrukking "dia touto" in Romeine 5:12 en die verbintenis van laasgenoemde met die voorsetsel "in" van Romeine 5:10.

- "Dia touto" lei egter ook 'n oorgangsfase in.

Ten opsigte van die feit dat "dia touto", behalwe vir die verbinding met die voorafgaande, ook 'n oorgangsfase inlei, laat Lloyd-Jones (1971c:176-177) tot die gevolgtrekking kom dat Romeine 5:12-21 die hart van die Romeinebrief uitmaak: "In many ways this section from verse 12 to the end of the chapter is the very heart and centre of the Epistle to the Romans" en "It is the most crucial section of the entire Epistle". Hierdie insig van Lloyd-Jones het ook vir Morris (1988:228) in so 'n mate getref dat hy dit in sy kommentaar oor die brief aan Rome opgeneem het.

Lloyd-Jones (1971c:178-179) toon voorts aan dat, ten spyte daarvan dat die apostel Paulus die gemeente in Rome tot en met Romeine 5:11 geleer het dat die ganse mensdom onder die oordeel van God staan, hy hulle in Romeine 5:12-21 vir die eerste keer voor Adam te staan bring: "He had not mentioned Adam before, he had simply proved that all the Gentiles were in sin and under the wrath of God, and likewise the Jews".

Die rede vir die sondetoestand waarin die mensdom verkeer, is egter nog nie gegee nie: "Now he gives the explanation – it was the result of our relationship to Adam" (Lloyd-Jones, 1971c:179).

Die oorgangsfase wat deur "dia touto" ingelei word, wil dus die gelowiges laat sien dat die mensdom twee hoofde het, naamlik Adam en Christus:

"And every one of us is either 'in Adam' or else 'in Christ'" (Lloyd-Jones, 1971c:180).

Nadat hy sy eksegese van "dia touto" afgehandel het, gaan Lloyd-Jones (1971c:184) oor in 'n uiteensetting van die volgende belangrike woord in Romeine 5:12, naamlik die Griekse term "hoosper" wat deur die *Authorized Version* vertaal word met "as".

### 5.2.4 Lloyd-Jones oor die woord "hoosper"

Ten opsigte van die woord "hoosper" (in beide die 1953-Afrikaanse vertaling en die 1983-Afrikaanse vertaling van die Bybel word dit vertaal met "soos") kom die volgende in Lloyd-Jones (1971c:184) se eksegese na vore:

- Die woord "soos" ("hoosper") is 'n aanduiding dat 'n vergelyking getref word: "The word 'as' immediately suggests a comparison" (Lloyd-Jones, 1971c:184). Die meeste verklaarders van Romeine 5:12 is dit met Lloyd-Jones eens dat laasgenoemde vers 'n vergelyking inlei (vgl. Du Toit, 1989:200; Hodge, 1947:145; Jager, sj. 68; Morris, 1988:229).
- Lloyd-Jones (1971c:184-187) wys egter daarop dat die vergelyking nie in vers 12 duidelik word nie. Jager (sj. 68) formuleer die probleem deur te sê: "Verder geeft hoosper moeilijkheden, daar er geen apodosis op de protasis volgt". Morris (1988:228) verduidelik dat die korresponderende "so" ("hoetoos" in die Griekse Nuwe Testament) wat op die "soos" ("hoosper") in vers 12 behoort te volg, ontbreek, dog, sê hy, die *apodosis* volg wel later in die perikoop. Die "hoetoos" wat wel in vers 12 voorkom, korrespondeer volgens Morris (1988:228) nie met die "hoosper" van vers 12 nie.

  Alhoewel daar nie 'n "hoetoos" in Romeine 5:14 is nie, meen Jager (sj:68) dat die *apodosis* wel saaklik teen die einde van vers 14 na vore kom deur die apostel se verwysing na Christus as 'n tipe van Adam.

  Lloyd-Jones (1971c:184) hanteer bogenoemde probleem deur die korresponderende "so" ("hoetoos") in vers 18 aan te wys.

Romeine 5:12 is dus volgens Lloyd-Jones (1971c:184-187) 'n stelling en tegelyk die eerste helfte van die vergelyking. Lloyd-Jones (1971c:184-187) verklaar verse 13-17 dan as 'n parentese wat as bedoeling het om 'n verklaring van vers 12 te wees. Die vergelyking word daarna in verse 18 en 19 voltooi (Lloyd-Jones, 1971c:185-187).

Verse 20 en 21 is 'n naskrif van die perikoop wat by Romeine 5:12 begin (Lloyd-Jones, 1971c:187).

Die naskrif bevat volgens Lloyd-Jones (1971c:187-188), ter wille van Jode wat lede van die Christelike kerk geword het, 'n verklaring van die verhouding tussen die wet van God tot die vryspraak wat deur die geloof alleen kom.

Hiermee het Lloyd-Jones (1971c:189) 'n algemene uiteensetting van Romeine 5:12-21 gegee en begin hy met 'n detailanalise van laasgenoemde Skrifdeel: "We are now ready to look at the section in close detail".

### 5.2.5 Die universele van die sonde en die dood

Ten spyte daarvan dat Lloyd-Jones aandui dat hy met 'n detailanalise wil begin, maak hy eers weer 'n algemene opmerking en uit die algemene opmerking twee toepassings.

- Die algemene opmerking is egter 'n belangrike opmerking ten opsigte van die eksegese van Romeine 5:12-21. Lloyd-Jones (1971c:189) wys daarop dat Romeine 5:12 die interpretasie van die hele perikoop (Romeine 5:12-21) beheers: "It controls the interpretation of the entire passage". Dog, sê hy (1971c:189), die geheel van Romeine 5:12-21 is nodig om vers 12 as sodanig te interpreteer en te verstaan.

  Met laasgenoemde metode van eksegese wys Lloyd-Jones dat hy hom aan gereformeerde Skrifverklaringsbeginsels hou. Floor (1985:45) wys daarop dat dit vir Lloyd-Jones belangrik is om die teks in sy verband te verklaar.

- Uit laasgenoemde algemene opmerking gaan Lloyd-Jones (1971c:190) daartoe oor om toepassings te maak ten opsigte van die universele van die sonde en die universele van die dood.

  Deur sy twee toepassings oor die universele van die sonde en die dood, lei Lloyd-Jones sy gehoor in tot die detailverklaring van Romeine 5:12-21. Daar moet nie in die ondersoek na Lloyd-Jones se eksegese van Romeine 5:12-21 vergeet word dat hy met prediking besig is nie. Die gevolg is dat daar hand aan hand met sy eksegese voortdurend toegepas word.

  Lloyd-Jones (1971c:190) lui sy toepassings oor die universele van die sonde en die dood in deur aan die luisteraars te vra: "How do you account for the universality of sin and the universality of death?"

  Dit is interessant om raak te sien dat Lloyd-Jones (1971c:190), selfs nadat hy sy toepassingsvrae aan die gehoor gevra het, steeds nie oorgaan tot sy detaileksegese nie. Hy (1971c:190-193) stel sy luisteraars eers voor die apologetiese feit dat daar oor die universele van die sonde en die dood sekere onbybelse standpunte bestaan – waaronder hy die ewolusieleer as voorbeeld noem.

  Lloyd-Jones se antwoord op die onbybelse standpunte oor die universele van die sonde en die dood, word in sy detailanalise van Romeine 5:12-21 gevind.

### 5.2.6 Lloyd-Jones oor die woord "sonde" in Romeine 5:12

Lloyd-Jones (1971c:193) begin sy detaileksegese van Romeine 5:12-21 met 'n verklaring van die uitdrukking "sonde" in vers 12.

Die uitdrukking kom drie keer in vers 12 na vore, twee keer as selfstandige naamwoorde, naamlik "he hamartia" en "tes hamartias" asook een keer as 'n werkwoord in die aoristusvorm, naamlik "hemarton" van die stamwoord "hamartanoo" (vgl. Rienecker & Rogers, 1976:360).

Die eerste belangrike saak wat Lloyd-Jones (1971c:193) oor sonde in die huidige konteks uitwys, is dat die apostel Paulus sonde personifieer: "Sin is personified". Deurdat die sonde die wêreld ingekom het, het die sonde 'n deur oopgemaak (Lloyd-Jones, 1971c:193). Volgens Romeine 5:13 heers of regeer die sonde ook. Om te heers of te regeer is eienskappe wat aan persone behoort.

Lloyd-Jones (1971c:193) maak hieruit die afleiding dat sonde aktief is: "Sin is something that does things; it enters in, reigns, rules, governs and manifests a tremendous degree of activity". Ook Jager (sj:68) sien die sonde as 'n mag wat heers en regeer.

Die personifiëring van sonde deur die apostel Paulus laat Lloyd-Jones (1971c:193) die sonde in verband bring met die persoon van Satan: "Sin entered in through the person of the devil".

Uit die verklaring van sonde as 'n aktiewe mag en verbind aan die persoon van die Satan, tree Lloyd-Jones (1971c:193) apologeties op: "Clearly we have here a complete contradiction of the non-biblical view". Onbybelse standpunte oor die sonde glo nie in die bestaan van die Satan as 'n persoon nie en maak die Bybelse standpunt oor die bestaan van Satan belaglik (Lloyd-Jones, 1971c:193).

Die tweede saak wat Lloyd-Jones (1971c:193) ten opsigte van die term "sonde" doen, is om 'n algemene Bybelse definisie daarvan te gee.

In die bestek van 'n paragraaf probeer hy (1971c:193) die verskeidenheid skakerings wat sonde in die Bybel aanneem, verwoord, maar verklaar dan dat die konteks waarin die woord "sonde" voorkom die presiese skakering sal uitwys. In die lig van Adams (1979:147) se opmerking dat daar in Die Bybel meer as 17 verskillende terme is om sonde te beskryf, is dit vir die eksegeet belangrik om kennis te neem van Lloyd-Jones se opmerking dat die konteks die betekenis bepaal. Die gevaar bestaan dat al die verskillende skakeringe van die woord "sonde" in elke konteks waar die woord voorkom, ingelees kan word.

Aangesien afdeling 5.3 die verskillende skakerings van sonde soos Lloyd-Jones dit in die Bybel raakgesien het, hanteer, word nie verder in hierdie onderdeel daarop ingegaan nie.

Lloyd-Jones (1971c:194) volg sy uiteensetting oor die woord "sonde" op met 'n verklaring van dit wat die persoon wat gesondig het, in werklikheid gedoen het, naamlik dat die sonde die wêreld "ingekom" het.

Volgens Lloyd-Jones (1971c:194) maak die apostel Paulus met die woord "ingekom" ("eiselthen", aoristus van die stamwoord "eisergomai") van 'n baie sterk werkwoord gebruik wat in die oorspronklike taal "inval" of "inbreuk maak" beteken: "It invaded the world. Sin broke in; it intruded into man's life".

Uit die verklaring van laasgenoemde term laat Lloyd-Jones (1971c:194) sy hoorders sien dat sonde nie deel van God se skepping was nie. God het die wêreld volmaak geskep en dit die Paradys genoem. Die mens is volmaak geskep, na die beeld van God, en daar was geen sonde nie: "But sin entered in" (Lloyd-Jones, 1971c:194). Morris (1988:229) maak die terloopse opmerking in die verband dat dit beteken dat sonde dus reeds vóór Adam bestaan het.

Dat Lloyd-Jones sy hoorders in gedagte hou en opvoed, word duidelik wanneer raakgesien word dat hy hierdie eksegese aanvanklik in eenvoudige taal vir die gemeente uiteensit, maar dit opvolg deur dit ook in teologiese terme uit te druk: "But to put the same truth in still stricter doctrinal, theological language, the Apostle in this tremendous phrase brings us face tot face with the doctrine of the Fall" (Lloyd-Jones, 1971c:194).

Uiteindelik bring hy (1971c:194) die gemeente daartoe om teenoor bogenoemde onbybelse standpunte die Bybelse konklusie te maak dat die universele van die sonde slegs in die lig van die sondeval verstaan kan word.

Wanneer Lloyd-Jones (1971c:194) uit sy verklaring oor die term "sonde" in vers 12 die gevolgtrekking oor die universele van die sonde gemaak het, volg hy dit op deur die daaropvolgende logiese gevolg, naamlik die universele van die dood te verduidelik. Hy (1971c:194) doen dit deur die uitdrukking "and

death by sin" in Romeine 5:12 so te verklaar: "Here we have the biblical explanation of the universality of death".

Die apostel Paulus bedoel met die uitdrukking "and death by sin" hoofsaaklik die mens se fisiese dood (Lloyd-Jones, 1971c:194). Die sonde het wel ook gelei tot die mens se geestelike dood, maar in Romeine 5:12 beklemtoon Paulus die mens se fisiese dood. Die mens se fisiese dood is God se straf op die sonde: "Death is penal" (Lloyd-Jones, 1971c:194).

Die oomblik as Lloyd-Jones (1971c:195) 'n stelling soos laasgenoemde maak, dan voer hy gronde daarvoor aan deur na ander Skrifgedeeltes te verwys. Hy (1971c:195) toon byvoorbeeld vir die gemeente aan hoe belangrik dit is om die eerste hoofstukke van die boek Genesis te glo en te aanvaar. Lloyd-Jones (1971c:195) se stelling dat die dood God se straf op die sonde is, voer hy, soos Jager (sj:68), in besonder terug na Genesis 2:17 en 1 Korintiërs 15:56.

Lloyd-Jones bied laasgenoemde eksegese apologeties aan as antwoord op 'n onbybelse siening van die dood. Volgens Lloyd-Jones (1971c:192) bestaan daar 'n onbybelse standpunt dat die dood maar bloot 'n deel van die patroon van die lewe is, naamlik "a part of the circle of life".

Die Bybelse standpunt daarteenoor is dat die dood die gevolg van die sonde en deel van God se straf op die sonde is.

Lloyd-Jones (1971c:195) verklaar egter die universele van die dood meer spesifiek deur van die uitdrukking "death passed upon all men" (soos deur die *Authorized Version* vertaal) gebruik te maak. Lloyd-Jones (1971c:195) verklaar hierdie uitdrukking deur te sê: "'Passed upon' means, 'made its way to' each individual member of the human race".

Dit is vreemd dat Lloyd-Jones nie in sy verklaring van laasgenoemde uitdrukking (in die Griekse Nuwe Testament is dit "di-elthen", aoristus van "di-ergomai") op die verspreidingskrag van die woord wys nie, aangesien dit duidelik is dat hy (1971c:195) van dieselfde bron as Rienecker en Rogers (1976:360) en Morris (1988:230) gebruik gemaak het. Beide laasgenoemde bronne haal Sanday en Headlam se kommentaar oor die brief aan die

Romeine aan as hulle op die verspreidingskrag van die uitdrukking "di-elthen" in Romeine 5:12 wil wys. Morris (1988:230) wys daarop dat laasgenoemde bron se verklaring van "di-elthen", naamlik "The verb 'contains the force of distribution'", ernstig opgeneem moet word. Ook Greijdanus (1933:276) wys op die verspreidingskrag van die woord.

Alhoewel Lloyd-Jones (1971c:195) nie op die verspreidingskrag wat in die werkwoord "di-elthen" opgesluit is, wys nie, het hy wel die gevolg van die krag van die woord raakgesien en daarom toon hy aan dat die dood tot elke individuele lid van die mensdom deurgegaan het. Op grond van laasgenoemde kom Lloyd-Jones (1971c:195) tot die gevolgtrekking: "So the fact of death has become universal".

Daar is egter ten opsigte van die universele van die dood 'n baie belangrike stukkie eksegese wat nie misgekyk moet word nie wanneer Lloyd-Jones (1971c:195-196) die aandag op die uitdrukking in die *Authorized Version* "by one man" vestig.

Die universele van die dood is die gevolg van die dade van 'n enkele persoon naamlik Adam (Lloyd-Jones, 1971c:195).

Die oomblik wanneer Lloyd-Jones (1971c:195) hierdie stelling maak, stel hy sy standpunt apologeties teenoor 'n onbybelse leer wat sê: "'Adam stands for the race, he stands for humanity, he stands for man at large". Maar, sê Lloyd-Jones (1971c:196) daarteenoor, die apostel Paulus praat van een enkele persoon Adam, soos wat die apostel in vers 14 na Moses as 'n individu verwys.

Lloyd-Jones (1971c:196) se apologetiese standpuntinname teenoor laasgenoemde onbybelse leer, kry diepte wanneer hy sy argument uitbrei deur daarop te wys dat as Adam bloot 'n verwysing na die mensdom sou wees, dan sou die logiese gevolgtrekking ook moet wees dat Jesus Christus slegs 'n algemene verwysing na die mensheid is: "then you have to say that Christ was not One Man but presents a general idea of a new humanity".

Lloyd-Jones (1971c:196) wys daarop dat, indien op laasgenoemde wyse geredeneer sou word, die perikoop van Romeine 5:12-21 sy bedoeling

verloor. Die apostel Paulus doen moeite om in die hele perikoop die feit van 'n enkele persoon se oortreding te beklemtoon deur die term "een" twaalf keer te gebruik.

Lloyd-Jones (1971c:196) maak hieruit die afleiding dat dit vir hom duidelik is dat die apostel Paulus die eerste hoofstukke van Genesis as werklike historiese feite aanvaar en dat hy dit so teenoor die gemeente in Rome gebruik het. Adam was 'n werklike mens wat werklike sonde gedoen het en dat Adam se sonde en dood op die hele mensdom oorgegaan het (Lloyd-Jones, 1971c:196-197).

Indien bogenoemde nie as werklike fisiese feite aanvaar word nie, maak die menswording van Jesus Christus en sy versoeningsdood aan die kruis nie sin nie en het die Christendom nie 'n boodskap nie (Lloyd-Jones, 1971c:197).

Die volgende fase in Lloyd-Jones (1971c:198) se hantering van die begrip "sonde" in Romeine 5:12 is deur die uitdrukking "for that all have sinned", soos dit in die *Authorized Version* vertaal word, te ondersoek.

Lloyd-Jones (1971c:198) is van mening dat laasgenoemde uitdrukking die moeilikste uitdrukking in die geheel van die Romeinebrief is, dog, 'n uiters belangrike uitdrukking.

Lloyd-Jones (1971c:199-212) hanteer laasgenoemde moeilike uitdrukking deur eers die korrekte vertaling van die uitdrukking na te vors as hy sê: "The first thing to determine is the correct translation".

Ten opsigte van die vertaling is daar twee foute, na die mening van Lloyd-Jones (1971c:199), wat deur die *Authorized Version* gemaak word. Die eerste is dat die Engelse woord "for" eerder met "because" vertaal moet word (Lloyd-Jones, 1971c:199). Die tweede is dat "have sinned" eerder as "sinned" vertaal moet word (Lloyd-Jones, 1971c:199). Laasgenoemde vertaling het te doen met die korrekte vertaling van die aoristus wat die apostel Paulus in die Griekse werkwoord "hemarton" gebruik.

Lloyd-Jones (1971c:199) wys daarop dat die korrekte vertaling van die aoristus baie belangrik is. Aangesien die aoristus[11] die betekenis dra dat 'n aksie in die verlede gedoen en afgehandel is, beskryf die apostel Paulus nie 'n algemene toestand van die mens in Romeine 5:12 nie, maar 'n historiese geleentheid wat op 'n sekere tydstip gedoen en afgehandel is: "the Apostle's term has a specific reference to one definite completed action" (Lloyd-Jones, 1971c:199).

Nadat Lloyd-Jones (1971c:199-200) die kwessie van vertaling afgehandel het, herinner hy sy hoorders aan twee sake wat in die interpretasie van Romeine 5:12 in gedagte gehou moet word naamlik:

- Die eerste is dat in die hele perikoop van Romeine 5:12-21 Adam en Christus met mekaar vergelyk word: "We must remember that the chief point of the entire section is to hold before us the comparison between Adam and the Lord Jesus Christ" (Lloyd-Jones, 1971c:199). Die meeste geraadpleegde bronne is met laasgenoemde standpunt eens (vgl. Greijdanus, 1933:272; Jager, sj:68; Morris, 1988:227; Ridderbos, 1971:99; Stott, 1994:156).

  Lloyd-Jones (1971c:200) beskou die vergelyking tussen Adam en Christus vir die eksegese van Romeine 5:12-21 in so 'n ernstige lig dat hy sê dat die interpretasie van enige deel of onderdeel in die perikoop voortdurend die vergelyking in gedagte moet hou en nie in stryd daarmee verklaar mag word nie.

- Die tweede saak is dat veral Romeine 5:13 en 14 bedoel is om vers 12 te verklaar (Lloyd-Jones, 1971c:200). Dit blyk egter later dat Lloyd-Jones (1971c:208) ook van die res van die perikoop, veral verse 15-19, gebruik

---

[11] Ook Adams (1979:143) wys op die belang van die aoristus in Romeine 5:12 vir die pastoraat: "the aorist indicates in one final act of Adam". Adams (1979:144) wys daarop dat dit die gevolg het dat die "skuld" wat deur die een daad van Adam veroorsaak is, slegs deur die een daad van Christus verwyder kan word. Vir die pastoraat beteken dit dat die Christenpastor fyn moet oplet om eers die oorsaak of die bron van die probleem by 'n persoon te behandel voordat hy die gevolge behandel (Adams, 1979:144).

maak om vers 12 te verklaar. Hiermee sien ons dat hy konstant is in sy gebruik van die konteks as 'n gereformeerde Skrifverklaringsbeginsel.

Nadat Lloyd-Jones (1971c:200) sy hoorders inderdaad ook aan die gereformeerde Skrifverklaringsbeginsel dat die konteks belangrik is, herinner het, voeg hy daad by die woord deur vers 13 en 14 te gebruik om vers 12 te verklaar.

Dit blyk uit Romeine 5:13 en 14 dat in laasgenoemde verse verwys word na die tydperk sedert Adam se val in sonde tot en met die wet wat aan Moses gegee is (Lloyd-Jones, 1971c:200). Die verwysing na Moses in vers 14 is die bewys daarvan (Lloyd-Jones, 1971c:200). Die wet waarvan in verse 13 en 14 gepraat word, is dan ook die wet wat aan Moses op die berg Sinai gegee is (Lloyd-Jones, 1971c:200).

Die belangrike punt van Romeine 5:13 en 14 is dat die sonde ook in die tydperk tussen Adam en Moses in die wêreld was (Lloyd-Jones, 1971c:200).

Lloyd-Jones (1971c:200) stel op grond van laasgenoemde uiteensetting die vraag: "Why does the Apostle speak in this way?"

Lloyd-Jones (1971c:200) beantwoord die vraag deur daarop te wys dat die Jode nie oor die sonde los van die wet kon dink nie. Die apostel se redenasie in vers 13 en 14 is egter dat, nog voordat die wet daar was, was sonde reeds daar (Lloyd-Jones, 1971c:200). Na aanleiding van die eksegese van verse 13 en 14 kom Lloyd-Jones (1971c:200) tot die konklusie dat die feit dat daar nie 'n wet in die tydperk tussen Adam en Moses was nie, maar dat die mens ten spyte daarvan tog sonde gedoen het, die bewys daarvan is dat alle mense in 'n staat van sonde gebore is en daarom sonde doen.

Lloyd-Jones (1971c:201) wys ook daarop dat die gevolge van die sonde in die tydperk tussen Adam en Moses duidelik is. Hy (1971c:201) noem twee voorbeelde van die gevolge van die sonde naamlik die gebeure rondom Noag en die sondvloed en die feit dat alle mense, behalwe Henog, in die tydperk gesterf het. Sy (1971c:201) gevolgtrekking is dat

mense in die tydperk voor die wet aan Moses gegee is dus ook as sondaars deur God behandel is: "they were dealt with as sinners".

Die hele kwessie van die gevolge van die sonde is egter nie die saak waaroor dit in hierdie afdeling gaan nie en kry meer volledige aandag in 'n aparte afdeling. Die belangrike feit wat hier raakgesien moet word is dat die ergste gevolg van die sonde, naamlik die dood, ook in die tydperk Adam tot Moses plaasgevind het, en dat dit die bewys is dat die mensdom ook in laasgenoemde tydperk sonde gedoen het en dus die daaropvolgende feit dat die sonde tot alle mense deurgedring het, bewys.

### 5.2.7 Lloyd-Jones oor sonde wat nie sonder die wet toegereken word nie

Lloyd-Jones (1971c:201) volg laasgenoemde eksegese op met 'n volgende baie moeilike uitdrukking in Romeine 5:13, naamlik die *Authorized Version* se vertaling: "But sin is not imputed when there is no law". Die 1983 Afrikaanse Vertaling van die Bybel vertaal hier: "maar sonde word nie toegereken as daar nie 'n wet is nie". Die 1933 Afrikaanse Vertaling van die Bybel vertaal op dieselfde manier as laasgenoemde vertaling.

Die Griekse term wat die apostel hier gebruik, naamlik "ellogeitai" as die passiewe vorm van "ellogeoo" (vgl. Rienecker & Rogers, 1976:360), is 'n term met die betekenis van: "not recorded in the ledger" (Lloyd-Jones, 1971c:201). Dit beteken dus dat daar nie van 'n persoon se sonde boekgehou word nie (Lloyd-Jones, 1971c:201). So verklaar Du Toit (1989:200) asook Morris (1988:233) dié term.

Die vraag is: "But what does the Apostle mean by saying that 'sin is not taken account of when there is no law'?" (Lloyd-Jones, 1971c:201).

Lloyd-Jones (1971c:202) is van mening dat dit beteken dat die wet sonde definieer. Sonde is in die tyd tussen Adam en Moses nie presies gedefinieer nie en daarom nie as sonde in die boekhouding opgeneem nie. Dog, alhoewel nie in die boekhouding opgeneem nie, beteken dit nie dat mense nie

sondaars is nie. Die feit is dat alle mense wel, wet of nie wet nie, sedert Adam sondaars is. Die bewys is dat almal sedert Adam aan die dood onderworpe is (Lloyd-Jones, 1971c:201).

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat God wel, voor die wet van Moses, alle mense as sondaars gereken het en dat Hy hulle as sondaars gehanteer het (want hulle het gesterf), maar dat die mens se sonde sedert die wet van Moses, presies gedefinieer is. Die koms van die wet van die Here aan Moses, het sonde as sonde kom bewys (Lloyd-Jones, 1971c:201).

Lloyd-Jones (1971c:202) is van mening dat die uitdrukking in vers 14, naamlik: "even over them that had not sinned after the similitude of Adam's transgression" (*Authorized Version*), hierdie eksegese bevestig.

### 5.2.8 Die "toerekeningsgedagte" al meer in die fokus

Lloyd-Jones (1971c:202-212) volstaan nie daarmee om laasgenoemde uitdrukking in vers 14 slegs as 'n bevestiging van sy eksegese tot op die stadium te gebruik nie en daarom verklaar hy die tweede deel van vers 14 in besonderhede.

Met die verklaring van die tweede helfte van vers 14 soos hierbo aangehaal, sny Lloyd-Jones (1971c:202) uiters moeilike sake aan deur bestaande eksegese van teoloë hieroor te toets en te evalueer. Dit is ook met die verklaring van vers 14b dat Lloyd-Jones (vgl. 1971c:207) se standpunt oor die sogenaamde "toerekeningsgedagte" meer op die voorgrond kom.

Lloyd-Jones (1971c:202) toon aan dat daar veral twee moontlike verklarings vir vers 14b bestaan en dat hy bereid is om beide verklarings as korrek te aanvaar:

- Die eerste is dat dit in vers 14b steeds oor die tydperk van Adam tot Moses gaan. Dit is die tydperk waarin daar geen welomskrewe wet was nie (Lloyd-Jones, 1971c:203).

  Adam het in sy lewe in die tuin van Eden 'n duidelike wet gehad soos dit in Genesis 2:16 en 17 na vore kom naamlik: "Die Here God het die mens

beveel: 'Van al die bome in die tuin mag jy eet soos jy wil, maar van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet, sterf jy'" (1983-vertaling). Adam het gesterf, want hy het hierdie duidelike omskrewe wet oortree.

Die volgende duidelike wet wat van God ontvang is, is aan Moses op die berg Sinai gegee. Mense sedert Moses het gesterf omdat hulle 'n duidelik omskrewe wet oortree het.

Die mense van Adam tot Moses het egter geen duidelik omskrewe wet soos Adam of Moses gehad nie. Die uitdrukking in vers 14b: "after the similitude of Adam's transgression" (*Authorized Version*), sê Lloyd-Jones (1971c:202-203) verwys volgens die eerste moontlike verklaring na die mense in die tydperk van Adam tot Moses wat nie Genesis 2:16 en 17 se welomskrewe wet oortree het nie.

- Die tweede moontlike verklaring is meer ingewikkeld en kom in kort daarop neer dat vers 14b se woorde "after the similitude of Adam's transgression" (*Authorized Version*) na babas verwys wat gesterf het sonder dat hulle enige welomskrewe wet oortree het (Lloyd-Jones, 1971c:202).

Lloyd-Jones (1971c:203) hanteer hierdie laaste standpunt in besonderhede en lui dit in met die vraag: "Why did these children die?" Dit is met die hantering van hierdie vraag en standpunt dat Lloyd-Jones (vgl. 1971c:207) die "toerekeningsgedagte" beskryf en daarom moet dit in fyn besonderhede gevolg word.

Lloyd-Jones (1971c:203) antwoord die vraag oor kinders wat sterf deur na vers 12 terug te keer. Met sy terugkeer na vers 12 is dit duidelik dat hy by sy eie reëls van Skrifinterpretasie hou deur omliggende verse te gebruik om een vers te verklaar en dan weer daardie selfde vers te gebruik om die konteks te verklaar.

Lloyd-Jones (1971c:204) gebruik vers 12 om te verduidelik dat kinders sterf, ook babas wat nie skuldig is aan die oortreding van 'n welsomskrewe wet nie, omdat hulle aan sonde skuldig is. Die feit dat hulle sterf is die bewys dat

hulle aan sonde skuldig is: "That proves that they are guilty of sin" (Lloyd-Jones, 1971c:204).

Maar hoe is dit te verduidelik, vra Lloyd-Jones (1971c:204).

Die volgende sake kom in Lloyd-Jones (1971c:204-212) se argumentasie na vore:

- Die antwoord moet gesoek word in die uitdrukking teen die einde van vers 12, naamlik "all sinned" (Lloyd-Jones, 1971c:204). Hierdie uitdrukking is nie die vertaling van die *Authorized Version* nie, maar is Lloyd-Jones (1971c:199) se eie vertaling (vgl. die uiteensetting van sy eksegese hieroor in paragraaf 5.2.6 hierbo, veral met die klem op die korrekte vertaling van die aoristus in die Griekse werkwoord "hemarton").

- Dit is omdat almal gesondig het ("ef hoi pantes hemarton") dat almal sterf: "even infants" (Lloyd-Jones, 1971c:204).

- Wat beteken die uitdrukking "all sinned", vra Lloyd-Jones (1971c:204). Apologeties wys Lloyd-Jones (1971c:204-205) op verskillende, volgens hom, verkeerde standpunte, waaronder die verklaring van Calvyn.

- 'n Voorbeeld van 'n verkeerde verstaan van die uitdrukking "all sinned", is volgens Lloyd-Jones (1971c:204), die standpunt van mense wat sê dat die nageslag bloot die voorbeeld van Adam in sy sonde navolg en: "This process of imitation, they say, has gone on from generation to generation".

  By hierdie voorbeeld is dit duidelik dat Lloyd-Jones op die Pelagiaanse dwaalleer sinspeel (vgl. afdeling 5.2.1 hierbo met Durand en Warfield se uiteensettings van Pelagius se dwaalleer).

- Maar wat van Calvyn? Lloyd-Jones (1971c:205) vat Calvyn se standpunt oor die uitdrukking "all sinned" as volg saam: "He says that 'all sinned' means that all have sinned in the sense that all are sinful. He says that we all inherit from Adam a polluted, depraved and sinful nature".

- Die rede waarom Lloyd-Jones (1971c:205) van Calvyn verskil, het te doen met die vertaling van die aoristus. Wanneer die aoristus nie in berekening

gebring word nie en die Engelse vertaling van die *Authorized Version,* naamlik "all have sinned" aanvaar word, dan beteken dit dat almal sondig omdat hulle sondig geword het. In Lloyd-Jones (1971c:205) se eie woorde: "what the Apostle says is not that we have all 'become sinful' but that 'we all sinned', which is a different thing. He does not say that we all have a sinful nature; what he says is 'all sinned' ".

Greijdanus (1933:278) is dit met hierdie redenasie van Lloyd-Jones volkome eens: "Evenmin kan het beteekenen, dat allen zondig geworden zijn of met de zonde besmet, zoodat gezegd zou worden, dat de oorzaak van hunnen dood daarin, of mede daarin, zou liggen". Die uitdrukking "all sinned" (pantes hemarton) kan in hierdie verband niks anders beteken as: "dan dat met het zondigen van den eenen mensch, Adam, allen zondigen" (Greijdanus, 1933:278). Dit is ook die standpunt van Ridderbos (1971:100).

- Lloyd-Jones (1971c:205-206) voer hierdie argument verder deur daarop te wys dat as "all sinned" vertaal word met "all have sinned" en dit dus sou beteken dat die mens sondig geword het en dat God die mens op grond daarvan dat hy sondig geword het straf , dan verdwyn die vergelyking tussen Adam en Christus.

Indien daar op 'n sekere manier oor Adam en die mens se verhouding tot Adam geredeneer word, dan moet die parallel met Christus in gedagte gehou word. Daarom sê Lloyd-Jones (1971c:205-206): "If we are regarded as guilty and condemned in the sight of God, and death comes upon us, because we have a sinful nature, then on the other side, we shall have to say that we are justified by God through Jesus Christ because we have a holy nature".

Lloyd-Jones (1971c:206) toon aan dat die apostel Paulus dit beklemtoon dat die mens wat deur God gered word, nie gered word omdat die mens in sy natuur iets goeds het nie: "Paul goes out of his way to say that God 'justifies the ungodly'. He justifies the sinner".

- Uit hierdie argumentering kom Lloyd-Jones (1971c:206-207) tot 'n positiewe verklaring van die rede waarom almal, ook babas, sterf: "What then is our exposition of this statement? It is that all sinned 'in Adam'".

  Die dood is universeel, ook ten opsigte van babas wat nog geen werklike sonde kon gedoen het nie, dog, omdat hulle sterf en die dood God se straf op sonde is (vgl. Romeine 6:23), moet hulle skuldig wees aan een of ander sonde. Wat is hierdie sonde waaraan hulle skuldig is? "Paul asserts that they are guilty of the act that brought sin into the world, the act of that one man Adam. In other words, the teaching here is that Adam's sin is imputed to the hole of mankind" (Lloyd-Jones, 1971c:207).

- Lloyd-Jones (1971c:207-209) doen moeite om daarop te wys dat sy standpunt nie slegs van Romeine 5:12-14 afhanklik is nie, maar dat die apostel dit herhalend ook in verse 15-19 na vore bring: "The apostle keeps on repeating it; from verse 15 to verse 19 he five times over repeat his statement about this 'one offence', 'the one offence of Adam', or 'the offence of one man'".

- Lloyd-Jones (1971c:207) werk ook die parallel tussen Adam en Christus uit om sy standpunt te bevestig. Een mens se sonde, naamlik die van Adam, het die dood vir almal gebring, netso het die daad van een mens, Christus, die lewe vir baie gebring (Lloyd-Jones, 1971c:208).

- Lloyd-Jones (1971c:208) bring sy argument tot 'n einde deur eksegese van Romeine 5:19 te doen. Hy (1971c:209) wys op die uitdrukking: "For as by one man's disobedience many were made sinners".

  Ten opsigte van die woord "made" ("katestathesan", aoristus passief van "kathistemi") wys Lloyd-Jones (1971c:209) daarop dat die meeste eksegete daaroor eens is dat die woord beter te vertaal is met "constituted". Rienecker en Rogers (1976:360) bevestig Lloyd-Jones se eksegese. Bogenoemde vertaling lui dan: "For as by one man's disobedience many were constituted sinners" (Lloyd-Jones, 1971c:209).

Lloyd-Jones (1971c:209) wys dan dat dieselfde woord weer in dieselfde vers ook in die vergelyking na vore kom: "By the obedience of one shall many be made (the same word meaning 'constituted') righteous!". Deur op die woord "constituted" te wys, wil Lloyd-Jones (1971c:209) die aandag daarop vestig dat almal regtens voor God skuldig is: "It is a forensic matter" en "We are all regarded by God judicially as sinners".

- Met die regsmilieu in gedagte, vat Lloyd-Jones (1971c:209) saam: "On the one hand Adam's sin is imputed to us; on the other, Christ's righteousness is imputed to us". Vir Lloyd-Jones (1971c:209) is dit loutere vreugde om Romeine 5:12-21 op so 'n wyse te verklaar, aangesien die klem van die perikoop nie op Adam se sonde wat die mens toegereken word, lê nie, maar op Christus se geregtigheid wat vir baie toegereken word.

- Nadat Lloyd-Jones (1971c:210) sy verklaring afgehandel het, keer hy terug na Calvyn se standpunt en sê: "We inherit, of course, a sinful nature from Adam; there is no dispute about that. But that is not what condems us. What condems us, and makes us subject to death, is the fact that we have all sinned in Adam".

- Met sy gehoor in gedagte voorsien Lloyd-Jones (1971c:211) dat mense sal sê: "I do not understand that sort of thing". En dan is sy antwoord: "I do not understand it myself". Hy (1971c:211) verduidelik aan die luisteraars dat nie 'n mens se verstaan van sekere Bybelse waarhede die gesaghebbende kriteria vir die toetsing van Bybelse waarhede is nie. Daar is baie ander Bybelse feite wat ewe onverstaanbaar is: "Who can understand the doctrine of the Trinity? Who can understand the doctrine of two natures in the Person of the Lord Jesus Christ" (Lloyd-Jones, 1971c:211). Die gesag of 'n Bybelse waarheid die waarheid is, is nie die mens se verstaan van daardie Bybelse waarheid nie, maar die Bybel self (Lloyd-Jones, 1971c:211).

- Wanneer 'n mens dink dat Lloyd-Jones sy argumentasielyn tot 'n einde bring, verras hy (1971c:213) met 'n onverwagse vraag: "In the light of our

exposition of the frase 'all sinned', a question immediately presents itself. If we say that we have all sinned in Adam, how exactly did we do so?"

- Lloyd-Jones (1971c:213) begin om die vraag te beantwoord deur eers daarop te wys dat die perikoop, Romeine 5:12-21, nie die vraag direk beantwoord nie, maar wel indirek.

- In die beantwoording van die materie van die vraag (dit wil sê: "Presies hoe het alle mense in Adam gesondig?"), wys Lloyd-Jones (1971c:213) daarop dat daar hoofsaaklik twee standpunte is naamlik die sogenaamde "realistic view" (Lloyd-Jones, 1971c:213) en die "representative view" (Lloyd-Jones, 1971c:216).

- Met die hantering van hierdie twee standpunte het Lloyd-Jones by tipiese kwessies gekom wat in die geskiedenis van die kerk oor die erfsondeleer aangespreek is. Durand (1978:58) wys in sy dogmahistoriese werk oor die "sonde" ook hierdie twee sake aan. Die sogenaamde "representative view" is wat Durand (1978:58) in Afrikaans vertaal met "feoderalistiese (*sic*) erfsondeleer". In die Nederlands noem Oosterhoff (1975:495) dit "foederalisme".

  Teenoor die "foederalisme" staan die sogenaamde "realistic view" en word deur Durand (1978:59) in Afrikaans uitgedruk met die uitdrukking "realistiese standpunt" en Oosterhoff (1975:495) noem dit in die Nederlands "realisme".

- Die realistiese standpunt argumenteer dat Adam die geheel van die menslike natuur uitmaak. "In that one man Adam was the whole of human nature", verduidelik Lloyd-Jones (1971c:213) die realisme. Elke mens wat na Adam gebore is se menslike natuur maak 'n deel uit van Adam se natuur en as gevolg daarvan, het elke mens, toe Adam sonde gedoen het, saam met Adam sonde gedoen: "when he acted the whole of human nature acted" (Lloyd-Jones, 1971c:213). Die term "coöperatie" word ook in hierdie verband gebruik (Oosterhoff, 1975:495).

Alhoewel Lloyd-Jones (1971c:214) homself nie volledig met die realistiese standpunt wil vereenselwig nie, aanvaar hy hierdie standpunt gedeeltelik op grond van Hebreërs 7.

- Volgens Hebreërs 7:9 en 10 was Levi in die lendene van Abraham toe Abraham tiendes aan Melgisedek oorbetaal het. Alhoewel Levi nog nie gebore was nie, tog, omdat hy in die lendene van Abraham was toe Abraham die tiendes oorbetaal het, het Levi, volgens Hebreërs 7, self ook aan Melgisedek tiendes oorbetaal.

  Lloyd-Jones (1971c:215) wys daarop dat die term wat in Hebreërs 7 gebruik word om te sê dat Levi aan Melgisedek tiendes oorbetaal het, in die passiewe vorm geskryf staan. Hieruit lei Lloyd-Jones (1971c:215) af dat Levi nie aktief, bewustelik, tiendes aan Melgisedek oorbetaal het nie, maar dat Abraham se daad vir Levi toegereken word.

  Op dieselfde wyse is die geheel van die mensdom in die lendene van Adam gewees toe Adam gesondig het en dit laat Lloyd-Jones (1971c:216) sê: "there is a sense in which we were all 'in the loins' of Adam and therefore were acting in Adam". Lloyd-Jones (1971c:216) verbind die passiewe van Levi se daad in Abraham, aan die mensdom se daad in Adam: "Or, at least, we can say that passively we were involved in and committed by Adam's action".

- Die "representative view", sê Lloyd-Jones (1971c:216), beskou Adam nie bloot as die geheel van die menslike geslag nie, maar ook as die "verteenwoordiger" van die ganse mensdom.

  Die verskil tussen die "realistic view" en die "representative view" is dat eersgenoemde daarop neerkom dat Adam die natuurlike hoof van die mensdom is, terwyl laasgenoemde beteken dat hy die federale hoof van die mensdom is: "God constituted him the federal head or representative of the entire race" (Lloyd-Jones, 1971c:216).

  Die rede waarom voorstanders van die "representative view" vir Adam as federale hoof van die menslike geslag sien, word verbondsmatig

gemotiveer. Adam as die staatshoof van die menslike geslag, is, volgens hierdie standpunt, deur God self in hierdie posisie aangestel en daarop volg daar verbondsbepalings en God sê as't ware vir Adam: "I intend to make a covenant with you to this effect, that every benefit you enjoy will pass to your progeny; and also any punishment that may come to you will likewise pass upon your progeny" (Lloyd-Jones, 1971c:216).

Dit blyk dat Lloyd-Jones (1971c:217) hierdie "representative view" in 'n groot mate vir homself toe-eien, aangesien hy die standpunt Bybels motiveer deur op die stelling in die wet van God te wys dat God die misdaad van die vaders tot in die derde en vierde geslag straf. Vervolgens gebruik hy in die verdediging daarvan die term "impute" as hy sê: "There, God says that He will impute the action of an individual to his successors, to his progeny, even to his great-great-grandchildren".[12]

- Lloyd-Jones (1971c:218) gebruik beide die "realistic view" en die "representative view" se kerngedagtes[13] om dit op Christus as tipe van Adam toe te pas (vgl. Romeine 5:14). Netsoos Adam die hoof van die menslike geslag is, so is Christus die hoof van die nuwe mensheid en

---

[12] Voorstanders van die realisme lewer in hierdie verband kritiek op die foederalisme deur op Esegiël 18 te wys. Hulle redeneer uit Esegiël 18:4: "Ieder sterft om zijn eigen zonde" (Oosterhoff, 1975:495). Op die oog af lyk dit of Esegiël 18 in stryd is met Eksodus 20:5 wat sê dat God die sondes van die vaders aan die kinders toereken. Veldkamp (sj:177-181) toon egter aan dat dit slegs 'n skynbare teenstrydigheid is. Veldkamp (sj:177) vergelyk dié twee Bybelse motiewe (Esegiël 18:4 en Eksodus 20:5) met 'n spoorlyn waarvan beide lyne ewewydig met mekaar loop. Indien beide lyne ongehinderd ewewydig met mekaar loop, sal die trein nie ontspoor nie. Sy (sj:180) konklusie is: "De erfzonde wist de persoonlike verantwoordelijkheid nooit en nergens uit". Uit 'n behandeling van Sondag 3 van die Heidelbergse Kategismus wys Bijl (1998:39), in ooreenstemming met Veldkamp, dat beide die realisme en die foederalisme iets van 'n eensydigheid in hulle standpunte vertoon. Hy (1998:39) kom tot die gebalanseerde standpunt: "In Adam zijn we metterdaad zondaars (realisme) en dat zijn we vanwege de bijzondere positie van Adam als onze vertegenwoordiger (foederalisme)". Hieruit blyk dus dat die verbondsmatig ingestelde foederale standpunt nie eensydig beklemtoon moet word nie, aangesien dit maklik daartoe kan lei dat die skuld vir sonde op Adam afgepak word. Daarom moet, tegelyk, die persoonlike verantwoordelikheid van die individu ook beklemtoon word.

[13] Hierin blyk dit dat Lloyd-Jones se eksegese van Romeine 5:12-21 hom tot Bijl en Veldkamp se gabalanseerde standpunte oor *Original Sin* gebring het. Vergelyk voetnota 12.

netsoos Adam in die verbond die mens se verteenwoordiger is, so is Christus die nuwe mens se verteenwoordiger voor God.

- Lloyd-Jones (1971c:218-370) is hiermee nog nie klaar met sy eksegese van Romeine 5:12-21 nie, maar die leer van *Original Sin* ontvang voorts nie meer besondere klem nie, maar word as basis gebruik vir 'n uiteensetting van die ooreenkomste en die verskille tussen Adam en Christus.

Na aanleiding van bogenoemde uiteensetting van Lloyd-Jones oor die leer van *Original Sin* kan die volgende samevattende gedagtes en gevolgtrekkings gemaak word.

### 5.2.9 Samevattende gedagtes oor "Original Sin"

- In die algemeen gesien is dit belangrik om op te merk dat indringende eksegese die basis behoort te vorm van enige standpuntvorming. Lloyd-Jones (1971c:170) wys daarop dat verkeerde of swak eksegese dikwels tot dwaalleer lei (vgl. 5.2.2).
- Met laasgenoemde paragraaf in gedagte kan gewys word op die manier waarop Lloyd-Jones in sy verklaring van Romeine 5:12-21 met die grondtaal rekening gehou het. Op grond van die gebruik van die grondtaal kom hy ten opsigte van sy standpunt oor *Original Sin* tot belangrike gevolgtrekkings. In onderstaande paragrawe sal voorbeelde gegee word.
- Hy maak egter nie slegs van die grondtaal gebruik nie maar ook van gereformeerde Skrifverklaringsbeginsels. Daarsonder sou dit maklik wees om konklusies en toepassings te maak wat op persoonlike filosofieë en voorkeure berus.
- Dit is egter nie slegs die grondtaal en gereformeerde Skrifverklaringsbeginsels wat belangrik in die apologetiese proses is nie. Effektiewe en verantwoordelike apologetiek moet brûe tussen die evangelie en mense bou: "Responsible apologetics is based upon a knowledge both of the

gospel and its audience" (McGrath, 1992:13). Teologiese terme moet dus so gebruik word dat die luisteraar dit kan verstaan en die waarde daarvan besef.

- Lloyd-Jones het sy luisteraars deurgaans opgevoed in die gebruik van korrekte teologiese terme (vgl. 5.2.6). Hy het in sy prediking dikwels apologetiese temas aanvanklik in eenvoudige taalgebruik uiteengesit, net om dieselfde saak ook in teolgiese terme te verduidelik. So word gemeentes geleer om apologeties te dink en word hulle toegerus om apologeties te kan optree (vgl. afdeling 3.2 waar gesien word hoe Lloyd-Jones gelowiges oproep om na aanleiding van Filippense 1 apologeties by die evangelie betrokke te raak).
- Die uitdrukking "dia touto" is een van die eerste belangrike uitdrukkings in die grondtaal wat vir die verstaan van die leer van *Original Sin* belangrik is. Dit is 'n uitdrukking met sterk verbindingskragte. "Dia touto" verbind Romeine 5:12 aan alles wat in die Romeine-brief voorafgaan en in besonder aan Romeine 5:9-11 (vgl. 5.2.3). Hierdie eksegese het Lloyd-Jones tot die belangrike gevolgtrekking van die intense en intieme inbegrepenheid van die verloste mens in Christus gebring. Met die leer van *Original Sin* in gedagte, het Lloyd-Jones daarop gewys dat die mens op dieselfde intense wyse by Adam inbegrepe is.
- Die feit dat "dia touto" ook 'n oorgangsfase inlei, bring Lloyd-Jones tot die gevolgtrekking dat die ganse mensdom slegs twee hoofde het, naamlik Adam of Christus. Die implikasie vir die apologetiek is dat teenstanders van die evangelie deur die leer van *Original Sin* daartoe gelei kan word om hulle sondeverlorenheid raak te sien - solank as wat hulle by Adam inbegrepe is. Tegelyk bied dit aan die apologeet geleentheid om die waarde daarvan om die Seun van God, Jesus Christus, as Hoof te hê, te beklemtoon.
- Genesis 1-3 is belangrike en spesifieke historiese gebeure. Die gebruik van die aoristus in die werkwoord "almal het gesondig", het Lloyd-Jones tot hierdie gevolgtrekking laat kom. Die gebruik van die aoristus beteken

dat die apostel Paulus nie in Romeine 5:12 'n algemene toestand van die mens beskryf nie, maar 'n spesifieke historiese en afgehandelde geleentheid (vgl. 5.2.6).

Die gebruik van die aoristus het ook vir Adams (1979:143) daartoe gebring om die belang van die historiese gebeure soos dit in Genesis 1-3 beskryf word, vir die pastoraat te beklemtoon.

In die lig daarvan dat beide Lloyd-Jones en Adams Genesis 1-3 as kernbelangrike hoofstukke in die Bybel beskou (enersyds met die oog op die apologetiek, andersyds met die oog op die pastoraat), is dit interessant om raak te sien dat König (2001:164) daarteenoor meen dat Genesis 3 'n baie klein rol in die Bybel speel.

- Die basiese stelling wat Lloyd-Jones (1971c:212) oor "Original Sin" maak, is: "The world is as it is today because when Adam sinned all sinned". Uit hierdie basiese gegewe hanteer Lloyd-Jones apologetiese kwessies soos byvoorbeeld die ewolusieleer (vgl. 5.2.5).
- McGrath (1992:181-182) toon juis aan dat die Bybelse gedagte van *Original Sin* nie die apologeet behoort te kortwiek in sy hantering van apologetiese kwessies nie. Inteendeel, die apologeet moet die geleentheid gebruik om te verduidelik dat *Original Sin* die negatiewe teenpool van die positiewe verlossing in Christus is (McGrath, 1992:182).
- Lloyd-Jones het hierdie apologetiese beginsel deurgaans gehandhaaf. Hy hou nie die Bybelse leer van sonde voor sonder om tegelyk die Bybelse verlossingsleer ook aan te wys nie. Jung (1986:23) bevestig dit deur te wys dat dié twee sake vir Lloyd-Jones altyd onlosmaaklik aan mekaar verbonde was en daarom haal hy Lloyd-Jones in die verband aan: "My dear friends, the only way of being reconciled to God is to know that Christ has died for your sins".
- 'n Korrekte gebruik van die Bybelse leer oor die erfsonde word deur McGrath (1992:181-182) as effektiewe apologetiek beskou. Die korrekte

kommunikasie van die erfsonde stel die apologeet in staat om moralistiese denke oor sonde te verbreek (McGrath, 1992:181).

- Dit is belangrik om op te let dat Lloyd-Jones (1971c:179) in sy hantering van *Original Sin* dit deurgaans positief verklaar met die veronderstelling van eksegese wat hy vroeër in die Romeinebrief gedoen het, naamlik dat die brief bedoel is om by gelowiges in Christus Jesus sekerheid van hulle ewige en finale verlossing te bewerkstellig: "all still, remember, in the interest of the absolute certainty of our full and ultimate deliverance".

  Hieruit kan ons aflei dat die apologetiese proses nie slegs 'n negatiewe oogmerk het nie, naamlik om vals leer aan te wys en te korrigeer nie, maar ook om gelowiges in die sekerheid van hulle verlossing op te bou. Die apologetiese proses stel die waarheid teenoor die leuen. Die waarheid maak vry en die gevolg van die vrymaking is sekerheid van die verlossingsfeite by die gelowige.

- Die feit van Adam se sonde wat die mens toegereken word, word dus nie deur Lloyd-Jones gebruik om die mens negatief te stem nie, maar om aan te toon dat, soos Adam se sonde die mens toegereken word, so word Christus se geregtigheid vir hulle wat glo, toegereken.

- In die lig van afdeling 5.3 oor die eienskappe van sonde, is Lloyd-Jones se afleiding oor die personifikasie van sonde, naamlik dat sonde aktief is (vgl. 5.2.6), 'n beslissende afleiding. Die aktiewe karakter van sonde word in baie van die eienskappe van sonde teruggevind (vgl. 5.3.3, 5.3.4, 5.3.8, 5.3.9, 5.3.11). Hierdie feit van die aktiwiteit van sonde staan nie teenoor een van die belangrikste eienskappe van sonde dat sonde nie primêr dade is nie (vgl. 5.3.2). Die volgorde waarin die eienskappe van sonde in afdeling 5.3 behandel word, is in hierdie verband belangrik. Die eienskap van sonde naamlik: "Sonde is nie primêr dade nie" (vgl. 5.3.2), word van al die eienskappe eerste behandel.

  Die rede is dat dit een van die belangrikste gevolgtrekkings is wat uit die leer van *Original Sin* gemaak word. Die eienskappe wat daarop volg (vgl. 5.3.3 - 5.3.12), is almal ingebed of op hulle beurt gevolge van die eerste

eienskap van sonde. 'n Beeld wat deur De Bruyn (1997:19) in verband met erfsonde opgeroep word, verduidelik die verhouding tussen afdeling 5.2 oor *Original Sin* en afdeling 5.3 oor die eienskappe van sonde naamlik: "Uit hierdie bedding van die erfsonde groei die sondige gedagtes, woorde en dade van die mens". Afdeling 5.2 handel dus oor die oorsaak of die bedding en 5.3 oor die gevolge of die stroom water van sondige dade deur die mens.

- Die personifikasie van sonde wat uitloop op die eienskappe van sonde wat in afdeling 5.3 beskryf word, hou ten nouste verband met die persoon van Satan (vgl. 5.2.6). Grundmann (1964:311), in 'n hantering van die begrip sonde soos dit in Romeine 5-8 voorkom, sê: "It has already been noted that sin is here personified as a demon". Wanneer die eienskappe van sonde in afdeling 5.3 behandel word, kan nou reeds gekonstateer word dat onderliggend aan elke eienskap van sonde, demoniese magte ten grondslag lê.

- Sonde was nie deel van God se skepping nie. Sonde, as 'n aktiewe mag, het die wêreld ingekom (vgl. 5.2.6). Sonde, kan 'n mens hieruit aflei – alhoewel dit nie Lloyd-Jones se afleiding is nie, maar die van Morris (1988:229) – het dus voor Adam bestaan. 'n Verdere afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat sonde voor die sondeval in die persoon van die Satan bestaan het.

- Die universele van die sonde is slegs te verstaan in die lig van die leer oor *Original Sin* en dit loop weer logies uit op die universele van die dood (vgl. 5.2.5). Die dood is God se straf op die sonde. Die dood is dus nie maar bloot "a part of the circle of life" nie. Vanuit die grondtaal word dit duidelik dat die sonde en die dood tot alle mense deurgegaan het.

- Die sonde en die dood het deurgegaan tot alle mense as gevolg van die daad van een persoon, naamlik Adam. Dit staan teenoor die onbybelse leer wat sê dat Adam nie 'n individu was, nie maar bloot 'n verpersoonliking van die menslike geslag is (vgl. 5.2.6). Lloyd-Jones hanteer dit apologeties deur op die konsekwensies van die vals redenasie

te wys, naamlik dat Jesus dan ook nie 'n individu was nie maar bloot die verpersoonliking van 'n nuwe menslike geslag is. Indien Jesus nie 'n werklike mens was nie, dan bestaan die versoeningsboodskap van die kruis en opstanding nie en verloor die Christendom sy boodskap.

- Uit laasgenoemde paragraaf is dit belangrik om in die ontwikkeling van die leer van *Original Sin* te onthou dat Adam en Christus in Romeine 5:12-21 met mekaar vergelyk word (vgl. 5.2.6). Wanneer hierdie vergelyking uit die oog verloor word, verdwaal die eksegeet maklik ten opsigte van sy verstaan van die leer van *Original Sin*. Wanneer bloot op Adam gekonsentreer word, dan begin dit lyk of die "toerekeningsgedagte" onregverdig is. Wanneer daar egter op die verlossingswerk van Christus gekonsentreer word en die toerekening van die mens se sonde aan Christus duidelik uitgelig word, dan word die toerekeningsgedagte 'n wonder van God se genade.

- Die leer van die erfsonde kan ook nie behoorlik verstaan word as daar nie begrip vir Romeine 5:13 en 14 is nie (vgl. 5.2.6; 5.2.7). Hierdie twee verse het te doen met die tydperk van Adam tot Moses. Daar was nie in die tydperk van Adam tot Moses 'n welomskrewe wet nie, dog twee baie belangrike eienskappe eie aan die leer van *Original Sin* word in die tydperk duidelik gesien: mense het sonde gedoen en hulle het gesterf.

- Selfs babas sterf, al het hulle nog geen wet van God fisies oortree nie (vgl. 5.2.8). Lloyd-Jones bring hier sy standpunt oor die toerekeningsgedagte tot 'n klimaks en rond dit af. Die rede vir babas se sterwe is dat hulle aan sonde skuldig is. Wat is hierdie sonde waaraan hulle skuldig is? Hulle is skuldig aan die sonde wat Adam gedoen het. Adam se sonde word aan babas toegereken. Lloyd-Jones het tot hierdie standpunt gekom deur sy vertaling van die aoristus. Deur die korrekte vertaling van die aoristus in vers 12 kan gekonkludeer word dat mense nie sondig geword het nie, maar sondig is.

- Alhoewel Adam se sonde ook aan babas toegereken word, is dit egter uit Esegiël 18:4 duidelik dat die erfsonde die persoonlike verantwoordelikheid

nie uitwis nie. Dit is belangrik dat beide die lyne van die realisme en die foederalisme gehandhaaf word.

## 5.3 Algemene eienskappe van die sonde

### 5.3.1 Inleidend

Lloyd-Jones se sondeleer kom op verskillende maniere na vore. Soms sal hy 'n volledige preek oor sonde preek en inleidend sê: "I call your attention to this story which is such a dark and terrible blot on the whole history of King David in order that I may consider with you the deep nature of the whole problem of sin" (Lloyd-Jones, 1995:72). 'n Bloot tetiese uiteensetting van wat sonde is en die gevolge daarvan volg dan.

Dit is egter ook opvallend hoe apologeties Lloyd-Jones soms sy sondeleer in die prediking gebruik. In 'n preek uit 1 Johannes 1:6-10 met die titel "Sin" (Lloyd-Jones, 1993a:111) kom Lloyd-Jones tot die konklusie dat die apostel Johannes die vals leer van gnostisisme en antinominianisme aanspreek. In 'n preekreeks uit Romeine 1:18-32 is die titel van een van die preke: "The Nature of Sin" (Lloyd-Jones, 1993b:41). Die apologetiese gebruik van sy sondeleer in hierdie preek blyk uit die volgende aanhaling: "One is that if the Christian doctrine of sin is right and true, then the very basis of the modern doctrine of man is entirely destroyed" (Lloyd-Jones, 1993b:42).

Die rede waarom hier op die apologetiese toepassings van Lloyd-Jones gewys word, is omdat selfs hierdie afdeling oor die kenmerke van sonde, nie van Lloyd-Jones as apologeet losgemaak kan word nie.

In hierdie afdeling word primêr gefokus op die kenmerke van sonde soos dit in Lloyd-Jones se lesings en preke verspreid voorkom, dog, wanneer hy dit apologeties toepas, word dit aangetoon.

By die behandeling van die kenmerke van sonde is dit noodsaaklik om te onthou dat die leer van *Original Sin* ten grondslag aan al die kenmerke lê.

Daarom is die eerste eienskap (vgl. 5.4.2) wat hieronder behandel word, die logiese eerste kenmerk in 'n hele reeks kenmerke.

Dat daar 'n reeks kenmerke van sonde is, verbaas nie. Adams sê: "Sin does have many dimensions"[14]. Quell, Bertram en Grundmann (1964:267-316) behandel in 'n ondersoek oor die woord *sonde* soos dit in die Ou en Nuwe Testament gebruik word, verskeie nuanses daarvan.

By 'n behandeling van die kenmerke van sonde soos Lloyd-Jones dit uit die Woord van God raakgesien het, raak 'n mens daarvan bewus dat die Bybel 'n duidelike, dog hartseer prentjie, van die kenmerke en gevolge van sonde teken. Die wonder van die sterwe en opstanding van die Seun van God ter versoening van sonde staan egter so des te meer uit.

### 5.3.2 Sonde is nie primêr dade nie

Sargent (1994:141) en Murray (1995:xxiv) het beide 'n deurlopende en belangrike beklemtoning in Lloyd-Jones se sondeleer raakgesien, naamlik dat sonde nie primêr dade is nie, maar "The pollution is in the heart" (Sargent, 1994:141).

---

14 Adams (1979:147-152) onderskei sewentien nuanses oor sonde in die Bybel nl. A. In die Ou Testament: 1. *Avah*, letterlik "gebuig" of uit vorm uit; 2. *Ra*, letterlik "opbreek" of vernietig; 3. *Pasha*, letterlik "rebelleer" of verraad; 4. *Rasha*, letterlik "lawaai opskop" of rumoer of agiteer; 5. *Maal*, letterlik "verhoudingsbreuk" of ontrou; 6. *Aven*, letterlik "niks" of betekenisloos of nikswerd; 7. *Asham*, letterlik "skuld" as gevolg van nalatigheid, staan in verband met die skuldoffer; 8. *Chatha*, letterlik "dwaal" of om die doel te mis, hou waarskynlik verband met Nuwe-Testamentiese *hamartia*; 9. *Amal*, letterlik "swaarkry" of hartseer; 10. *Aval*, letterlik "onregverdig", hou verband met onreg wat vanweë selfsug volg; B. In die Nuwe Testament: 1. *Hamartia*, letterlik "om die teiken te mis", die beeld van 'n boogskutter wat sy teiken mis word opgeroep, die mees algemene woord vir sonde in die Nuwe Testament; 2. *Parabasis*, letterlik "om 'n grenslyn oor te steek", die gedagte van 'n "No Trespassing"-teken wat geïgnoreer word; 3. *Anomia*, letterlik "wetteloos" of wetsoortreding; 4. *Parakoe*, letterlik "ignoreer 'n bevel", die beeld van 'n kind wat nie kom as die ouer roep nie; 5. *Paraptoma*, letterlik "val" in plaas van regop staan, hou verband met iemand wat nie in 'n opdrag kan volhard nie; 6. *Agnoema*, letterlik "onkundig" ten opsigte van kennis wat veronderstel word, byvoorbeeld onkunde ten opsigte van die wet van die Here; 7. *Hettema*, letterlik "gebrek" of tekortkoming, hou verband met "halfhartig", die teenoorgestelde is om die Here met jou hele hart te dien.

Dit gebeur dikwels dat die aandag gefokus word op die verskillende sondes wat die mens doen, terwyl die fundamentele probleem dat die mens in sy wese sondaar is en daarom sonde doen, vergeet word (McGrath, 1992:177).

Dit is interessant om te sien dat McGrath (1992:177) hierdie belangrike onderskeid op 'n tipiese Lloyd-Jones-manier (1971a:237) met 'n mediese voorbeeld illustreer: "And just as a competent physician knows that there is little point in treating symptoms, and failing to deal with there root cause, so the Christian proclamation declares the need to deal with our state of sin, rather than merely individual acts of sin".

In die taal van Lloyd-Jones (1993a:117) klink dit so: "The reference here is not to acts of sin, but to the nature that produces the acts of sin". Hierdie stelling word in haas elke preek of lesing van Lloyd-Jones wat oor die sonde handel gevind (vgl. Lloyd-Jones, 1965:71; 1971a:237; 1983:9; 1985:354; 1986:36; 1986:89; 1989a:101; 1993a:117).

Die belang daarvan om hierdie eerste kenmerk van sonde raak te sien, kan geïllustreer word in die wyse waarop die Skrifgeleerdes en Fariseërs hulleself deur die ontkenning daarvan om die bos gelei het. Hulle het geredeneer dat indien hulle hulleself nie aan sekere sondes (dit wil sê dade van sonde) skuldig gemaak het nie, hulle voor God regverdig is.

Lloyd-Jones (1971a:232) lig die Skrifgeleerdes en Fariseërs se verkeerde wyse van redeneer uit met 'n voorbeeld oor hoe hulle die sewende gebod gehanteer het: "The Pharisees and scribes had reduced the commandment which prohibits adultery to the mere physical act of adultery; and again they imagined that, as long as they were not actually guilty of the act itself, the commandment had nothing to say to them and they were perfectly innocent as far as it was concerned".

Die gevolgtrekking kan hieruit gemaak word dat 'n verkeerde beklemtoning van die sonde, asof sonde bloot dade is, selfs die mens se ewige saligheid op die spel plaas. Wanneer 'n persoon nie onder die indruk kom van sy sondige aard nie en boonop dink dat hy homself voor God regverdig as hy sekere dade van sonde nie pleeg nie, dan kom hy nie tot die besef dat hy vir beide sy

sondige aard en vir sy sondige dade van Christus, die Verlosser, afhanklik is om in 'n versoende verhouding met God te staan nie.

Sondes, soos egbreuk, diefstal en moord, is bloot simptome van die siekte (Lloyd-Jones, 1971a:237). Dit is uiteindelik die siekte, en nie die simptome nie, wat 'n persoon laat sterf: "for it is the disease that kills and not the symptoms" (Lloyd-Jones, 1971a:237).

Die geneesmiddel vir die siekte is wedergeboorte: "Indeed the Bible says that sin is so deep in man that nothing can possibly rid him of it, or deliver him from it, except a rebirth" (Lloyd-Jones, 1989a:103). Die noodsaak van wedergeboorte as God se wyse waarop Hy mense uit hulle sondenood red, is 'n baie belangrike beklemtoning in Lloyd-Jones se teologie (Floor, 1985:66). Dit val egter nie binne die skopus van hierdie studie nie en word nie verder uitgewerk nie.

Die mens se versoening met God is wel die belangrikste rede vir die onderskeid tussen sonde (die siekte) en sondes (die simptome), dog, nie die enigste rede nie. By gebrek aan hierdie onderskeid ontstaan allerlei dwaalleer.

Lloyd-Jones (1989a:101-102), as apologeet van formaat, wys op die "perfeksionisme" as 'n voorbeeld van 'n dwaalleer wat by 'n gebrek aan hierdie onderskeid ontstaan het: "There have been many schools of false teaching about holiness, which have been wrong entirely because they have defined sin that way, and therefore, have taught that as long as we are not guilty of voluntary, wilful sin, we are perfect, we are entire and fully sanctified".

In die lig van Kemp en De Bruyn (1998:217) se gevolgtrekking dat die perfeksionisme op dwalings gegrond is en dat sommige gelowiges verward raak en selfs as gevolg van hierdie dwaling hulle rug op God keer, is die apologetiese stem van Lloyd-Jones hieroor belangrik.

Lloyd-Jones het met die onderskeid wat hy tussen sonde en sondes getref het, 'n belangrike reformatoriese beginsel belig. Calvyn (1986:356) toon aan dat die kerkvaders onder die term sonde "die bedorwenheid van die natuur, wat tevore goed en rein was, verstaan". Uit laasgenoemde aanhaling is dit

duidelik dat die kerkvaders nie sonde in die eerste plek as dade gesien het nie maar as 'n toestand.

Uit hierdie onderafdeling moet nie die gevolgtrekking gemaak word dat Lloyd-Jones die sondes wat die mens doen, wil relativeer of regverdig nie. Inteendeel, hy wil die aandag vestig op die kern van die probleem sodat dit aangespreek kan word. Wanneer die kernprobleem aangespreek is, kan die wedergeborene opgeroep word om, hoe langer hoe meer, met individuele sondige dade te breek.

### 5.3.3 Sonde is opsetlik

Lloyd-Jones (1993b:48) wys uit Romeine 1:18, 28 en 32 daarop dat die apostel Paulus in laasgenoemde verse die besonderse karaktertrek dat sonde opsetlik is na vore bring: "His first great principle is that sin is deliberate".

Alhoewel die sonde 'n staat is waarin die mens verkeer (vgl. 5.4.2), vertoon die sonde, volgens Lloyd-Jones (1993b:49), homself as 'n aktiewe militante krag in die mens. Die feit dat die mens in 'n staat van sonde is, beteken dus nie dat die sonde passief in die mens is nie.

Lloyd-Jones (1993b:49) gebruik Romeine 1 om die opsetlike, militante en aktiewe werking van die sonde in die mens aan te toon. Hy (1993b:48-51) onderskei drie fases in die aktiewe en opsetlike werking van die sonde:

- Die *eerste fase* is dat die mens doelbewus en aktief besluit om die kennis van God te verwerp (Lloyd-Jones, 1993b:49). Baie verklaarders verklaar dat sonde beteken om jou doel te mis (vgl. McGrath, 1992:179; Du Plessis, 1996:33). Sonde is egter meer as om bloot jou doel te mis. Sonde behels ook om doelbewus te besluit dat jy nie eers na die doel mik nie: "It is not simply that they fail to attain to its standard; they deliberately reject it as standard" (Lloyd-Jones, 1993b:49).
- Die *tweede fase* is dat die mens nie slegs opsetlik sonde doen nie, maar dit ook geniet om sonde te doen en bly is daaroor wanneer ander mense

dit ook doen (Lloyd-Jones, 1993b:50). Sonde sou 'n ander kleur gehad het as die mens hartseer en skaam was oor sy sonde. Die situasie is egter dat die mens eerder bly is oor die sonde (vgl. Filippense 3:19).

- Die *derde fase* in die feit dat sonde 'n opsetlike aksie is, is dat sonde die waarheid opsetlik onderdruk: "This is the final and clearest proof of the activity of sin and its deliberate character" (Lloyd-Jones, 1993b:51). Die onderskeid tussen fase een en fase drie lê daarin dat die mens by die opsetlike verwerping van die kennis van God (fase 1) nog nie ontslae is van die waarheid nie. Die waarheid agtervolg die mens. Die gevolg is dat die mens die waarheid ook opsetlik moet onderdruk (fase 3).

Dit is ironies dat hierdie opsetlike sondige verwerping en onderdrukking van die waarheid nie vir die mens vooruitgang bring nie, maar wel agteruitgang.

### 5.3.4 Sonde bring agteruitgang

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het mense die versugting gehad na antwoorde op die vraag: "Why does God allow war?" (vgl. Murray, 1990:21-35).

Op die vraag was daar baie antwoorde – die meeste humanisties van aard met prediking wat op die basiese goedheid van die mens gewys het (Murray, 1990:21). Die probleem, glo baie geleerdes, is maar net 'n kwessie van opvoeding (Lloyd-Jones, 1950:38).

In hierdie tyd verskil Lloyd-Jones se prediking radikaal van laasgenoemde (Murray, 1990:22). Lloyd-Jones se vertrekpunt is: "We have sinned against God" (Murray, 1990:22).

Teenoor die prediking wat die essensiële goedheid van die mens beskryf en daaruit vir die mens vooruitgang verwag, wys Lloyd-Jones (1993b:17) daarop dat as gevolg van die sonde daar eerder vir die mens besliste agteruitgang is: "The story of man, according to the apostle, is not one of gradual progress and developement and rising, but rather one of decline and fall - retrogression".

Hiermee bedoel Lloyd-Jones nie dat dit vir die mens onmoontlik is om op die gebied van wetenskap en tegniek vooruit te gaan nie. Hy wil aantoon dat die natuurlike, nie-wedergebore mens, in sy verhouding tot God eerder aanhoudend terugval as vooruitgaan en dat dit tegelyk 'n besliste invloed op die mens se onderlinge verhoudinge tot mekaar het (Murray, 1990:23-30).

McGrath (1992:178) skryf in 1992, elf jaar na die dood van Lloyd-Jones en 51 jaar na Lloyd-Jones se opmerkings oor die mens se posisie gedurende die Tweede Wêreldoorlog: "The great liberal dream was that education would change this situation radically, producing a generation of morally enligthened and responsible people, dedicated to the construction of a better world. Sadly, the history of the world lends little support to such a utopian dream".

Die ironie is dat dieselfde droom tans steeds gedroom word. Johnson (1999:46-50) wys daarop dat Friedrich Nietzsche teen die einde van die negentiende eeu saam met baie intellektueles gedroom het dat vooruitgang in die wetenskap en tegniek die wêreld in die twintigste eeu 'n beter plek sou maak. Die twintigste eeu het egter twee groot wêreldoorloë opgelewer.

Teen die einde van die twintigste eeu het die droom 'n variasieverandering ondergaan. Johnson (1999:49) sê: "Some scientists believe our newly acquired knowledge of genes offers us the opportunity to transform evolution in more 'progressive' directions by making people healthier, more intelligent and longer-lived".

Die geskiedenis van die wêreld verleen egter steeds nie ondersteuning aan hierdie droom van die mens nie. Skaars met die een en-twingste eeu binne het die mensdom op 11 September 2001 die verwoesting van die twee hoogste geboue in New York deur terrorisme sien val.

Alhoewel Lloyd-Jones se toepassingsvlak op die gebied van die internasionale politiek gelê het, is dit nie die enigste moontlike toepassingsvlak nie. Adams (1979:148) wys hoe die Hebreeuse term *Ra* as een van verskeie terme waarmee 'n fasset van sonde uitgedruk, word die beeld van afbraak en vernietiging oproep: "Here is a picture of destruction"

en later sê hy oor dieselfde woord: "Sin deteriorates". Adams (1979:148) se toepassingsvlak is pastoraal op die huwelik, gesin en werkplek gerig.

Hieruit kan gesien word hoe die sonde nie net agteruitgang op internasionale vlak meebring nie, maar ook op die kleinste en intiemste vlak binne die huwelik en gesin.

Die feit dat die sonde vir die mens agteruitgang bring, vertoon verder in die volgende twee eienskappe van sonde.

### 5.3.5 Sonde takel af en demoraliseer

Lloyd-Jones (1993b:52) gebruik Romeine 1:21-23 en 25 om te wys dat sonde die mens aftakel en demoraliseer. Die rede waarom hierdie twee eienskappe saam gehanteer word, is omdat Lloyd-Jones (1993b:52) dit saam behandel.

Hy (1993b:52) behandel hierdie twee eienskappe in nou verband met die twee eienskappe in afdelings 5.4.3 en 5.4.4, naamlik dat sonde opsetlik is (5.4.3) en vir die mens agteruitgang bring (5.4.4).

Die sonde veroorsaak nie slegs dat die mens opsetlik die kennis van die waarheid verwerp en daarmee ophou om te aanbid nie. Sonde gaan dieper as dit. Die mens verwerp enersyds die ware God, maar gaan dan andersyds voort om hulle eie gode op te rig en te aanbid: "Having given up God, men do not cease to be religious, they do not cease to worship. They make other gods for themselves and then proceed to worship them" (Lloyd-Jones, 1993b:52).

Na aanleiding van Romeine 1 wys Lloyd-Jones (1993b:53) watter soort gode die mens aanbid: "Sun, moon, stars, four-footed beasts, birds, trees, stones, its belief in magic" en sê dan: "What a fall! What a lowering of the standard! How utterly debased!"

So kom Lloyd-Jones tot sy basiese stelling dat die mens in plaas van in sy verhouding tot God verbeter, eerder versleg. Verder dat die mens in sonde verval in sy aanbidding van die Skepper tot die aanbidding van die skepping en die skepsel (Lloyd-Jones, 1993b:53). Wat is die rede vir hierdie verval van

die mens: "It is the perverting and debasing effect of sin which darkens the mind" (Lloyd-Jones, 1993b:53).

Tipies apologeties wys Lloyd-Jones (1993b:54) daarop dat die mens se aanbidding van die son en die maan en die sterre nie vandag opgehou het nie: "... there has obviously been a marked and striking revival in the belief in astrology. I merely mention also the various cults that have flourished so much since the last war - theosophy, Christian Science ...".

Lloyd-Jones se verwysing na die oplewing van astrologie en die teosofie is gemaak tydens die Tweede Wêreldoorlog aan die begin van die veertigerjare van die vorige eeu. Sy opmerking was profeties. Schulze (1992:133) toon aan dat die teosofie as voorloper van die New Age-Beweging aangedui kan word. Dit blyk dat die New Age-Beweging in die sewentiger en tagtigerjare van die twintigste eeu 'n bloeityd beleef het (vgl. De Bruyn, 1992:151-152 en ook 157).

Lloyd-Jones gebruik sy sondeleer om apologeties te waarsku dat 'n vervlakking in sondebesef daartoe lei dat die kerk vatbaar word vir afgodery soos die wat by die New Age-Beweging te vinde is.

'n Studie deur De Bruyn (1992:151-168) oor die New Age-Beweging bevestig dan ook dat deur sekularisasie en ontkerstening daar in die Weste 'n geestelike bankrotskap ontstaan het en die weg op so 'n manier vir indringing deur die New Age-Beweging gebaan is. De Bruyn (1992:158,160) toon in sy studie die onbybelse en oppervlakkige sondebeskouing van die New Age-Beweging aan. As gevolg van die sonde is die mens geestelik afgetakel en gedemoraliseerd en daarom vatbaar vir oppervlakkige godsdienstige strominge.

### 5.3.6 Sonde is afstootlik

Lloyd-Jones (1993b:56) gebruik Romeine 1:26-31 om aan te toon dat die sonde afstootlik is. Laasgenoemde verse lig seksuele perversiteite uit en saam met ongeregtigheid, slegtheid, hebsug, gemeenheid, jaloesie, moord,

twis, bedrog, kwaadpraat, hooghartigheid, aanmatiging en verwaandheid, kom Lloyd-Jones (1993b:57) tot die uitroep: "There is but one word to describe it all - it is disgusting".

Direk teenoor hierdie smaak van walging wat sonde in die mond van Lloyd-Jones laat, staan De Klerk (1998:98) se standpunt as hy homoseksuele en lesbiese verhoudings goedkeurend beskryf as iets wat mense nie van God vervreem nie.

Dit is interessant dat Lloyd-Jones uit Romeine 1:18-32 tot sy uitroep van walging oor die sonde gekom het. Hierdie hoofstuk is 'n kernhoofstuk in die Bybel wat by uitnemendheid God se oordeel oor die sonde beskryf.

In die lig van die walglike aard van sonde, is dit dus nie vreemd dat 'n volgende eienskap van die sonde geformuleer kan word as dat dit die mens van God vervreem nie.

### 5.3.7 Sonde vervreem die mens van God

Lloyd-Jones (1995:9) toon aan dat een van die gevolge van sonde is dat dit die mens van God vervreem: "When man fell, when he began to feel he had done wrong and was filled with this sense of unworthiness, why was it that he did not seek God and make a friend of him? If only he had gone to God! If only he had cried 'God, I realise my folly, I have sinned against thee; I acknowledge it, wilt thou pardon me'? But no, once he had sinned he went away from God and when God called him his instinct was to go still further".

McGrath (1992:178) onderstreep hierdie standpunt en sê: "The heart of sin is alienation from God" en so ook De Bruyn (1997:6): "Die sonde beteken 'n breuk met die lewende en goeie God".

De Bruyn (1992:160) wys by implikasie daarop dat die New Age-Beweging nie bogenoemde sondebeskouing van Lloyd-Jones handhaaf nie. Die New Age-Beweging huldig as deel van hulle leer oor die sonde en die mens die standpunt dat die mens nie van God vervreem is nie: "Daar is geen afstand

tussen God en die mens vanweë die sonde nie, want die mens is in God en God is in die mens" (De Bruyn, 1992:160).

In die lig van De Bruyn (1992:160) se aanhaling hierbo is dit opmerklik dat Ankerberg en Weldon (1999:444) daarop wys dat die Bybelse versoeningsleer vir die Teosofie as voorloper van die New Age, 'n verderflike en verwerplike leer is.

Wanneer die sonde nie gesien word as iets wat die mens van God vervreem nie, dan is die logiese gevolg dat die Bybelse versoeningsleer nie gehandhaaf word nie.

Die probleem rondom hierdie eienskap van sonde neem egter in intensiteit toe wanneer dieselfde vals leer van Christelike kerke se kansels gepreek word. Cilliers (1996:63) sê na aanleiding van die ontleding van preke wat in Christelike kerke gepreek is: "Mense wat nie hulle sonde tot in die uiterste konsekwensies daarvan insien nie, het ten diepste ook nie behoefte aan die evangelie nie".

So word dit al duideliker dat die handhawing van 'n suiwer sondeleer en in besonder hierdie eienskap van sonde dat dit die mens van God vervreem, uiters noodsaaklik is om die bediening van die versoening suksesvol te kan preek.

### 5.3.8 Sonde is rebellie teen God

In sy hantering van die verskillende nuanses wat in die *Bybel* oor sonde na vore kom, wys Adams (1979:148) op die Hebreeuse woord *Pasha*. Hierdie woord beteken letterlik rebellie teen 'n gesagvolle persoon (Adams, 1979:148). In die *Bybel* word die woord gebruik om opstand teen die gesag van God te beskryf (Adams, 1979:148).

Lloyd-Jones (1993b:22) toon aan dat rebellie teen God verband hou met die natuurlike nie-wedergebore mens. Die natuurlike nie-wedergebore mens, sê hy (1993b:22): "rebel against God and refuses to glorify God".

Lloyd-Jones kom tot bogenoemde opmerking in 'n boek met die titel: "The Plight of Man and the Power of God" (1993b:1-94). Die eerste hoofstuk van die boek het die opskrif: "The religious history of mankind" (Lloyd-Jones, 1993b:9-24). Lloyd-Jones (1993b:9-24) toon in hierdie hoofstuk aan dat die geskiedenis van die mens voortdurend bewys lewer van sy rebellie teen God.

Floor (1994:2) toon op treffende wyse uit die geskiedenis van Josef in die put aan dat Lloyd-Jones inderdaad reg is. Josef se broers wil hom doodmaak en gooi hom dan in die put. Horisontaal gesien sou 'n mens kon sê dat die broers teen die gesag van hulle vader, Jakob, gerebelleer het. Die poging tot moord, sê Floor (1994:3), is egter nie die broers se groot sonde nie: "Eintlik was daar in hulle hart vyandskap teen die Woord van God".

Die ware geloof, sê Lloyd-Jones (1965:71) verander egter hierdie toedrag van sake: "it is all a matter of belief or unbelief". Beide Floor (1994:2) en Lloyd-Jones (1965:71) huldig die standpunt dat Josef 'n gelowige man was en dat sy geloof sy optrede teenoor Potifar se vrou bepaal het.

Potifar se vrou het Josef verlei, maar toe Josef sy rede gee waarom hy homself nie aan haar wil oorgee nie, het hy gesê: "Hoe sou ek dan hierdie groot kwaad doen en sondig teen God". Floor (1994:2) sê hiervan: "Hy het as jong seun gesien dat elke sonde 'n sonde teen God is".

Lloyd-Jones (1965:71) kom tot dieselfde gevolgtrekking: "The point at which a man like Joseph showed his spiritual insight and understanding supremely was this. When tempted by Potiphar's wife he said: 'How then can I do this great wickedness and sin against God'. What troubled Joseph was not the possibility of sinning against the woman but against God Himself". Josef het homself nie aan *Pasha* skuldig gemaak nie. Hy aanvaar die gesag van God oor hom.

Juis omdat sonde teen God gerig is, lei dit logies tot die volgende eienskap van sonde naamlik dat dit God beledig.

### 5.3.9 Sonde is eiewillig en beledig God

Lloyd-Jones (1983:95) gebruik die verhaal in Matteus 22:1-14 oor die man wat op die fees van die koning nie bruilofsklere aangehad het nie, om aan te toon hoe daardie man 'n eiewillige godsdiens bedryf het en dat 'n eiewillige godsdiens sonde is en God beledig.

Hierdie man sonder bruilofsklere aanvaar die uitnodiging van die koning na sy seun se bruilof. Hy wil graag deel wees van die fees en eet van die koning se tafel, maar op sy eie voorwaardes: "He is anxious to be there and to have all that he can get, but he objects to this need and necessity of wearing the wedding-garment" (Lloyd-Jones, 1983:95).

'n Eiewillige godsdiens word gebore uit die nie-wedergebore hart. Die natuurlike mens bedryf 'n eiewillige godsdiens (Lloyd-Jones, 1983:95): "How natural his thinking is, but how terrible! Prepared to eat of the king's banquet and to get all the pleasure at it, and yet insulting the king and dishonouring him". Lloyd-Jones (1983:96) se konklusie is dan: "But all that is a perfect picture of sin. That is indeed of the very essence of sin".

Adams (1979:150) wys baie mooi hoe hierdie sondige eiewilligheid in die Nuwe-Testamentiese term *Anomia* ingebou is. Die term beteken: "lawlessness" (Rienecker & Rogers, 1976:655). Daarom sê Floor (2002:94) na aanleiding van die term *Anomia*: "Zonde is in zijn diepste wezen overtreding van de wet van God".

God is die wetgewer en wanneer sy wet oortree word, dan word die Wetgewer beledig.

### 5.3.10 Sonde is om nie van God afhanklik te wees nie

McGrath (1992:177) sê dat sonde na vore kom "in a desire to be totally independent of God, ignoring both His existence and His demands on us".

In 'n verklaring van Jesus se eerste saligspreking in Matteus 5:3: "Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel", beskryf Lloyd-Jones (1971a:51) dat die nie-

wedergebore mens onafhanklik van God wil wees en dat die mens se sug na onafhanklikheid na vore kom in al die dinge waarvan die mens wel afhanklik is soos rykdom, afkoms en opvoeding.

Die apostel Paulus, sê Lloyd-Jones (1971a:51), het voor sy bekering ook op sy afkoms en agtergrond vertrou om voor God regverdig te wees. Die apostel het egter na sy bekering sy afkoms en agtergrond as wyse om voor God vrygespreek te word, verwerp (Lloyd-Jones, 1971a:51).

Wanneer die nie-wedergebore mens tot bekering kom, sien hy sy eie kleinheid voor God raak en besef hy dat sy onafhanklikheidstrewe 'n vuil en sondige begeerte is (Lloyd-Jones, 1971a:51). Wedergeboorte deur die Gees van God bring 'n intense sondebesef en hand aan hand volg die besef van afhanklikheid van God vir ewige redding: "We look to God in utter submission to Him and in utter dependence upon Him and His grace and mercy" (Lloyd-Jones, 1971a:51).

Lloyd-Jones se beklemtoning dat die mens vanweë sy sonde van God afhanklik is om gered te word, bring sy reformatoriese insig na vore. Die formuliergebede van die reformatoriese vaders is 'n treffende voorbeeld van sondebelydenis en 'n diepe afhanklikheid van God om uit genade gered te word (vgl. Die Berymde Psalms en Skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1976:678-692).

### 5.3.11 Sonde is dwaas, arrogant en ondankbaar

Die rede waarom in hierdie paragraaf drie eienskappe van sonde saam behandel word, is omdat Lloyd-Jones (1986:90) hulle as 'n eenheid uit Numeri 11:4-6 na vore bring.

Numeri 11:4-6 handel oor die Israeliete wat ten spyte van God se versorging deur die manna verlang na die vleispotte van Egipte.

Lloyd-Jones (1986:90) sien in die gesindheid van die Israeliete teenoor die manna drie eienskappe van die sonde raak:

- Die *eerste eienskap* is dat sonde dwaas of verstandloos is. In Lloyd-Jones (1986:90) se taal: "the story reveals the utter folly of sin". Die sonde tas 'n mens in die kern van sy wese, naamlik sy verstand, aan. Die gevolg is dat die Israeliete nie logies dink nie. Hulle onthou die lekkernye van Egipte, die komkommers, waatlemoene, pruie, uie, knoffel, die vleis en die vis maar, sê Lloyd-Jones (1986:91), hulle vergeet die swaarkry en lyding wat hulle daar beleef het. Hulle vergeet die moorde op hulle seuntjies en die dwangarbeid onder die Farao.

  Hierdie dwaasheid van die Israeliete laat Lloyd-Jones (1986:90) tot die gevolgtrekking kom dat die sonde die mens se verstand so aangetas het dat hy in 'n toestand selfs laer as die dier verkeer, naamlik "He has given man reasoning powers; yet it is there that man fails thereby bringing himself not only to the level of the animals, but also lower than the animals. That is the folly of sin".

- Die *tweede eienskap* van sonde is dat dit arrogant is. Die feit dat die Israeliete praat van "hierdie manna" wys daarop dat hulle die wonderwerk van God sarkasties bespot: "and that, alas, is another characteristic of sin" (Lloyd-Jones, 1986:92).

  Die sonde van arrogansie, sê Lloyd-Jones (1986:92), het by die kruis van Christus sy ergste vorm aangeneem: "It is there that the perversion of sin is seen at its worst".

  In die woestyn het God die Israeliete van 'n hongerdood gered deur aan hulle manna te voorsien. God het egter in sy Seun, Jesus, die brood van die lewe gegee. Daarmee het God die meeste en hoogste en kosbaarste wat Hy kon gee om die mens van die ewige dood te red, verskaf. Die sonde verander egter die mens in 'n redelose dier sodat hy die hoogste wat God gee, verwerp.

- Die *derde eienskap* van sonde in die verhaal van Numeri 11:4-6 is dat sonde ondankbaar is: "The most terrible thing about sin is its base ingratitude" (Lloyd-Jones, 1986:92). Die Israeliete is uit Egipte gelei. Hulle was slawe. Hulle word van die slawerny bevry. Hulle word

droogvoets deur die Rooisee gelei. God is met hulle op pad na die beloofde land - 'n land van melk en heuning. Lloyd-Jones (1986:93) toon aan dat die Israeliete al hierdie dinge vergeet. Hulle is ondankbaar vir hulle redding uit Egipte.

Lloyd-Jones (1986:93) toon dan aan dat sonde in sy ondankbare gestalte met die geboorte van Jesus in intensiteit toegeneem het: "For God has sent into the world, not manna, but the very Son of his love" en vervolg dan: "Yet masses of men and women not only reject him but refuse him, and they do so with scorn and sarcasm and derision" (Lloyd-Jones, 1986:93).

Lloyd-Jones trek met die laaste aanhaling die kring wyer as die Ou-Testamentiese kerk. Tog, die sondige eienskappe van dwaasheid, arrogansie en ondankbaarheid, soos dit uit Numeri 11:4-6 afgelei is, het ten eerste betrekking op die Ou-Testamentiese verbondsvolk.

Sonde is by kerk en wêreld sonde. Dog, sonde by die kerk verkry 'n ander dimensie – verbondsbreuk.

### 5.3.12 Sonde is verbondsbreuk

Alle sonde, in watter nuansevorm ookal, is verbondsbreuk, en tog verwoord die Hebreeuse term *Maal,* volgens Adams (1979:148-149), verbondsbreuk op 'n besonderse manier: "Sin is spiritual adultery; it is covenant-breaking".

Met hierdie kenmerk van sonde word 'n besonder ernstige vorm van sonde aangespreek. Die verbond tussen God en sy kerk word dikwels as 'n huweliksverhouding verbeeld, daarom noem Adams (1979:149) verbondsbreuk "spiritual adultery".

Wanneer Lloyd-Jones (1971a:55) oor die redes vir die verbondsafval in die kerk handel, dan skryf hy dit toe aan 'n skeefgetrekte sondebesef asook 'n skeefgetrekte sondeleer: "The final explanation of the state of the Church today is a defective sense of sin and a defective doctrine of sin".

Wanneer Lloyd-Jones die stelling maak dat die toestand van die kerk 'n gevolg is van 'n swak en verkeerde sondebesef, dan is die konteks waarin hy dit sê belangrik. Die konteks is dat Lloyd-Jones (1971a:55) probeer aantoon:

- dat 'n swak en verkeerde sondeleer tot 'n oppervlakkige sondebesef aanleiding gee;
- dat beide die swak sondeleer en sondebesef op sy beurt weer tot 'n swak en verkeerde verlossingsleer aanleiding gee, en
- die swak en verkeerde verlossingsleer het weer 'n oppervlakkige Christelike vreugde tot gevolg: "There is not the real, deep conviction of sin as was once the case; and on the other hand there is this superficial conception of joy and happiness which is very different indeed from that which we find in the New Testament".

Op die manier is daar 'n dubbele afvalligheid in die kerk:

- Eerstens kry jy 'n kerk wat nie voor God nederig is oor sonde nie.
- Tweedens is die kerk nie voor God met 'n egte blydskap vir verlossing in Christus Jesus dankbaar nie.

Hieruit is dit duidelik dat by 'n gebrek aan 'n suiwer sondeleer 'n verhoudingsbreuk tussen God en sy kerk ontstaan. Die sonde van 'n oppervlakkige sondebesef lei tot huweliksontrou deur die bruid van Christus.

### 5.3.13 Gevolgtrekkings en toepassings oor die eienskappe van sonde

- Die belangrikste eienskap van sonde (vgl. 5.3.2) is die feit dat sondige dade uit die sondige aard van die mens voortvloei. Hierdie eienskap het sy ontstaan uit die leer van die erfsonde. Die sonde is nie in die eerste plek dade nie, maar 'n staat waarin die mens verkeer. Die Seun van God, Jesus Christus, moes die oordeel van God aan die kruis verduur om die mens beide in sy sondige aard en dade met God te versoen.

- Een van die eerste dade van sonde wat uit die aard van die mens voortvloei, is die opsetlike verwerping van die waarheid (vgl. 5.3.3). 'n Kern Skrifdeel hieroor is Romeine 1:18-32.

  Die opsetlike verwerping van die waarheid is egter nie gebonde tot die tyd van die apostel Paulus nie. Tans kan hierdie eienskap van sonde teruggevind word onder andere in die filosofieë van De Klerk (1998:98) wanneer hy voorhuwelikse eksperimentering met seks goedpraat.

  Die rede waarom De Klerk (1998) se standpunt oor seksuele eksperimentering hier as voorbeeld uitgelig word, is omdat Lloyd-Jones (1993b:41-57) uit Romeine 1:18-32 die opsetlike verwerping van die waarheid aantoon. Die konteks waarteen Romeine 1:18-32 geskryf staan, is juis seksuele verwildering.

  De Klerk (1998) se opsetlike verwerping van die waarheid oor die seksuele staan voorts in skril kontras met Jesus se uitspraak in Matteus 5:28 dat elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het.

  De Klerk (1998:98) noem voorhuwelikse seks "speel met seksualiteit". Jesus noem dit egter egbreuk (Matteus 5:28). Daarom is Van Rooy (1998:7) reg as hy De Klerk se standpunte oor seks as volg tipeer: "Vir die woorde van ons Here Jesus - 'Elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg' - is daar in De Klerk se teologie nie meer plek nie".

- Sonde is egter meer as opsetlik (vgl. 5.3.3). Daar is selfs blydskap daaroor en ook 'n blydskap as ander saam sondig (vgl. Romeine 1:32).

  Met hierdie eienskap van blydskap in sonde, verbaas dit nie om ook hier in De Klerk (1998:98) 'n aanhanger te vind as hy oor voorhuwelikse seks sê: "Seksualiteit (in sy volle betekenis) voor of sonder 'n huwelik word tradisioneel in die Christendom bestempel as 'n 'lewe in sonde'". Hy stem uiteindelik met 'n aantal onbekende teoloë saam dat dit nie sonde is nie (De Klerk, 1998:98). Daarom kan hy later oor impulserotiek (dit is 'n

seksuele gedagte-erotiek wat 'n man met vroue onderhou) sê: "Geniet dit, ook dit is 'n genotsgawe wat God jou bied" (De Klerk, 1998:100).

Hoe aktueel is Romeine 1:32 nie: "Hulle is mense wat die verordening van God ken dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien, en tog doen hulle nie net self hierdie dinge nie, maar hulle vind dit ook goed as ander dit doen".

- Wanneer De Klerk (1998:101) sy verklaring van seksualiteit gee dan sê hy: "Die Woord van God aan sy mense, dat hulle soos die kindertjies moet word, kan ook gerek word tot die sintuiglike genot van seksualiteit. Dat sy mense, lig en speels, mekaar se lywe moet geniet, is ook 'n boodskap van God". Hiermee vertoon De Klerk homself konsekwent met al die fases van die opsetlikheid van sonde as hy ook aan die derde fase (vgl. 5.3.3) voldoen, naamlik om die waarheid opsetlik te onderdruk.

  De Klerk (1998:101) se verklaring van die teks oor die kindertjies is baie meer as 'n blote "rek" van die teks. Hierdie teks handel hoegenaamd nie oor seksualiteit nie, maar handel daaroor dat die mens moet besef dat hy volledig van God afhanklik is om gered te word (Warfield, 1916:75). Met so 'n "rek" van die Skrif, word die waarheid doelbewus onderdruk.

- Lloyd-Jones het met sy verklaring van die eienskappe van sonde soos dit in afdelings 5.3.3, 5.3.4 en 5.3.5 behandel is, die kernwoord vir sonde (*hamartia*) in die Nuwe Testament baie indringend ontgin. Die meeste verklaarders verklaar *hamartia* deur bloot na sy basiese betekenis te verwys. Die basiese of letterlike betekenis van die woord is: "missing the mark" (Adams, 1979:151). Die woord roep die beeld op van 'n boogskutter wat sy teiken gemis het.

  Sonde word dan meestal verklaar deur te sê dat die mens wat sonde doen sy lewensdoel mis (Adams, 1979:151). Lloyd-Jones (1993b:41-57) toon aan dat die intensiteit van sonde baie indringerder is as bloot dat die doel gemis word. Die drie sake wat hy (1993b:41-57) onderskei ten opsigte van *hamartia* lig die intensiteit van sonde uit:

- o Sonde is, volgens die basiese en letterlike verklaring van *hamartia* om jou doel te mis. God se Woord is die standaard of die teiken vir die mens waarheen gemik word.
- o Sonde is egter meer as om jou doel te mis. Sonde se aftakeling van die mens (vgl. 5.3.5) is so intens dat die mens nie eers na die teiken mik nie: "It is not only that they miss the mark; they cease to aim at the mark at all".
- o Sonde se invloed op die mens het egter nie veroorsaak dat die mens ophou om na 'n teiken te mik nie. Sonde veroorsaak dat die mens na 'n ander teiken mik as dié wat God daargestel het. Die mens aanbid nie meer die lewende God as lewensdoel nie, maar aanbid die skepsel en die skepping.

Lloyd-Jones (1993b:54) se apologetiese toepassingsvelde, na aanleiding van sy verstaan van die begrip *hamartia*, is die oplewing van die atrologie, *Christian Science*[15] as 'n kulte en die moderne sielkunde wat fokus op die mens se geloof in homself.

- Hoe aktueel Lloyd-Jones in sy toepassingsvelde was, blyk uit 'n opmerking deur MacArthur (1994:98) wat juis gemaak is in die konteks van die noodsaak van 'n suiwer *hamartologie* in die pastoraat: "No concept is more important to the gurus of modern psychology than self-esteem".
- By gebrek aan 'n suiwer sondeleer is dit logies dat die mens veredel sal word as iemand wat in staat is tot die skep van sy eie utopia. Teen die agtergrond van 'n mensdom wat homself kan red en heenwerk na 'n volmaakte aarde moet afdeling 5.3.4 gelees word. In sy verwerping van

[15] Ankerberg en Weldon (1999:105-106) toon ten opsigte van die *Christian Science* se leer oor die sonde aan dat hulle sonde as die geloof van 'n vals teologie beskou en dat die sondeval 'n mite is. Die gevolg van so 'n oppervlakkige sondebeskouing reflekteer duidelik in die verlossingsleer as Ankerberg en Weldon (1999:105) vir Mary Baker Eddy (vader van die *Christian Science*) aanhaal: "If there had never existed such a person as the Galilean Prophet, it would make no difference to me". Vergelyk afdeling 6.5 vir 'n verdere ontleding van die *Christian Science*.

die menslike selfreddingsleer uit die Bybel, het Lloyd-Jones ook die feite van die geskiedenis aan sy kant. Sedert die sondeval tot en met vandag, was daar nog nooit vrede op aarde nie – sonde bring dwarsdeur die geskiedenis vir die mens eerder agteruitgang as vooruitgang.

- Uit die kenmerk van die sonde dat dit die mens geestelik aftakel en demoraliseer (vgl. 5.3.5), vloei 'n baie belangrike gevolgtrekking, naamlik dat die geestelik afgetakelde en gedemoraliseerde mens uiters vatbaar is vir oppervlakkige godsdienstige strominge. Lloyd-Jones wys in hierdie verband op die aanbidding van die skepping en skepsel in plaas daarvan dat die Skepper aanbid word. Sy apologetiese toepassingsvelde is weereens op die astrologie en die teosofie[16] as voorlopers van die New Age-Beweging.
- Dit is vir die prediking uit die Christelike kerke buitengewoon belangrik dat volhardend vasgehou word aan die feit dat sonde die mens van God vervreem (vgl. 5.3.7). Indien hierdie kenmerk van sonde verwerp word, word dit baie moeilik om die versoening in Christus te motiveer. Die vraag in die prediking moet altyd gevra word: "Wat is die noodsaak van Christus?" Die antwoord: "Die noodsaak van Christus is dat Hy deur sy enige kruisoffer die Godvervreemde mens weer met die lewende God versoen".
- 'n Belangrike afleiding wat uit afdeling 5.3.8 gemaak moet word is dat sonde nie primêr teen die mens gerig is nie, maar teen God.[17]

[16] Die teosofie se antropologie is dat die mens 'n god is wat sy godheid geleidelik ontwikkel (vgl. Ankerberg & Weldon, 1999:444). Hiermee word duidelik gesien hoe die teosofie die mens as God verheerlik. Dit verbaas daarom nie dat die teosofie ook 'n oppervlakkige sondebeskouing het nie naamlik dat sonde as blote onkunde gesien moet word (vgl. weereens Ankerberg & Weldon, 1999:444). Dit word tegelyk duidelik dat Lloyd-Jones se toepassingsvelde op die teosofie en astrologie nie lukraak is nie.

[17] Hierdie afleiding word gemaak na aanleiding van Lloyd-Jones en Floor (vgl. 5.3.8) se hantering van die geskiedenis van Josef in sy weiering om met Potifar se vrou gemeenskap te hê. Let egter op hoe dieselfde beginsel in Psalm 51:6 na vore kom as Dawid na sy sonde met Batseba vir God sê: "Teen U alleen het ek gesondig, ek het gedoen wat verkeerd is in u oë" (1983-vertaling).

- Alhoewel afdeling 5.3.9 na aanleiding van die term *Anomia* wil wys dat sonde wetteloosheid is en daarom die Wetgewer beledig, dreig die gevaar by so 'n uiteensetting van die kenmerke van sonde soos dit in afdeling 9 gedoen word, dat eienskappe wat in Die Bybel saamgebruik word van mekaar geskei word.

  Floor (2002:94) wys op 1 Johannes 3:4-8 hoe die apostel die terme *Hamartia* en *Anomia* saam gebruik. *Hamartia* beteken in sy kern: "het missen van een doel" (Floor, 2002:94) en *Anomia* kan vertaal word met wetteloosheid (Floor, 2002:94). Daarom is Floor (2002:94-95) se konklusie dat die mens wat die wet oortree (*anomia)* iemand is wat nie meer aan sy doel wat God vir hom gestel (*hamartia*) het beantwoord nie. Hierdie hele proses beskryf Floor (2002:95) dan as opstand teen God.

  Hiermee word die noue samehang tussen die verskillende onderafdelings in afdeling 5.3 aangetoon. Afdeling 5.3.8 het gehandel oor die feit dat sonde rebellie of opstand teen God beteken, terwyl afdeling 5.3.9 wil wys dat so 'n rebellie die Wetgewer beledig.

- As in gedagte gehou word dat die openingswoorde van Jesus se Bergpreek soos dit in Matteus 5:3 opgeteken is, sê: "Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel", dan mag die onafhanklikheidstrewe (vgl. 5.3.10) van die mens nie ligtelik opgeneem word nie.

  Dit is kenmerkend van 'n suiwer sondeleer dat dit 'n groter afhanklikheidsbesef in God by gelowiges werk.

- Na aanleiding van afdeling 5.3.11 moet die afleiding gemaak word dat die mens dikwels met die witbrood onder die arm klae. Ten spyte van redding uit Egipte, ten spyte van versorging deur manna en kwartels en ten spyte van die land van melk en heuning wat gewag het, is die Ou-Testamentiese kerk onvergenoegd.

  Die eienskappe van sonde dat dit dwaas, arrogant en ondankbaar is, kan in die Nuwe-Testamentiese kerk selfs met groter intensiteit beklemtoon

word. Die Nuwe-Testamentiese kerk kyk terug op die geboorte van die Seun van God, sy versoeningsdood, sy opstanding, sy hemelvaart, die stuur van die Trooster en met die belofte van die nuwe Jerusalem wat by die wederkoms van die Seun van God wag.

Dit sou inderdaad ontsaglike sonde wees as die Nuwe-Testamentiese kerk op 'n arrogante manier onvergenoegd sou wees oor enige swaarkry wat daar mog wees. Daarom moet met erns vasgehou word aan die reformatoriese belydenis om selfs in teëspoed geduldig te wees (vgl. Heidelbergse Kategismus Sondag 10).

- In noue aansluiting by laasgenoemde afleiding moet die sonde van verbondsbreuk (vgl. 5.3.12) in die Nuwe-Testamentiese kerk beklemtoon word.

  Die skrywer van die Hebreërbrief kontrasteer in hoofstuk 10:19-31 Ou-Testamentiese bondsbreuk met Nuwe-Testamentiese verbondsbreuk. Die intensiteit van verbondsbreuk in die Nuwe-Testamentiese tyd kom duidelik uit as die skrywer in vers 29 sê: "Hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy kry wat die Seun van God verag het, die bloed van die verbond waardeur hy geheilig is, geminag het en die Gees van genade beledig het?"

Wanneer van verbondsbreuk gepraat word, is dit duidelik dat dit oor verbondskinders gaan. Lloyd-Jones onderskei egter duidelik tussen gelowiges en ongelowiges wanneer hy sy sondeleer gebruik en toepas.

## 5.4 Lloyd-Jones se gebruik van sy sondeleer teenoor ongelowiges

Dit is bekend dat Lloyd-Jones die evangelie van Jesus Christus op 'n ander wyse gepreek het as hy 'n sogenaamde gehoor van ongelowiges gehad het. Daarom verwys Murray (1995:xi) na Lloyd-Jones se "Evangelistic Sermons".

Lloyd-Jones (1971b:62) het egter ook in sy bedieningsjare van die uitgangspunt uitgegaan dat sy hoorders reeds gelowiges is en dan het hy in die prediking die oog op die opbou van die heiliges gehad.

By 'n vergelyking van Lloyd-Jones se "Evangelistic Sermons" met sy preke wat hy tot opbou van die heiliges gepreek het, word dit duidelik dat hy sy sondebeskouing verskillend gebruik. Daar moet fyn opgelet word dat hy nie verskillende sondebeskouinge gehad het nie, maar dat hy een en dieselfde sondebeskouing verskillend aanwend. Oor die manier waarop hy sy sondeleer teenoor gelowiges gebruik, word in afdeling 5.5 meer gesê.

Lloyd-Jones (1989a:97) motiveer sy gebruik van sy sondeleer teenoor ongelowiges deur te vra: "Why should anybody come to Christ?" Hy argumenteer dat ongelowiges nie tot Christus as Verlosser sal kom as hulle nie weet waarvan hulle verlos moet word nie. 'n Suiwer sondeleer moet ongelowiges bring tot 'n besef dat hulle sonde het waarvan hulle verlos moet word en dat Jesus die Persoon is wat hulle daarvan verlos. Sy konklusie is: "So it is surely utterly unscriptural to indulge in any sort of evangelism which neglects the doctrine of sin. There is no real meaning or content to the term 'Saviour' or 'salvation' apart from the doctrine of sin" (Lloyd-Jones, 1989a:97).

Lloyd-Jones gebruik sy sondeleer teenoor ongelowiges gewoonlik tweeledig:

- Hy stel homself daarop in om sy luisteraars tot 'n sondebesef wakker te maak: "But the non-christian needs only one thing: he needs to be convicted, to be humbled, to be brought to an end of himself" (Murray, 1995:xii).
- Daardeur wil hy hulle honger en dors maak vir die Blye Boodskap van verlossing in Jesus Christus: "The main subject must often be truth which brings home to men and women their need of the gospel" (Murray, 1995:xxiv).

Hierdie teoretiese standpuntinname kom in 'n preek oor 2 Samuel 12:13 prakties na vore (Lloyd-Jones, 1995:72):

- In 2 Samuel 12 gaan dit oor die moord van Dawid op Uria, sy owerspel met Batseba en die profeet Natan se verhaal van die ryk man wat die arm man se ooilam gaarmaak vir sy gas. Daarmee word Dawid se sonde ontbloot en dan volg Lloyd-Jones se teks in vers 13: "Toe sê Dawid vir Natan: 'Ek het gesondig teen die Here'. En Natan sê vir hom: 'Die Here het jou sonde vergewe: jy sal nie nou sterwe nie'".

- Lloyd-Jones (1995:72) gebruik hierdie teks om op die intensiteit van sonde te wys: "I call your attention to this story which is such a dark and terrible blot on the whole history of King David in order that I may consider with you the deep nature of the whole problem of sin".

- Tog wil Lloyd-Jones (1995:72) eers sy motiewe waarom hy oor die probleem van sonde preek vir sy sogenaamde ongelowige gehoor verklaar. Sy motiewe is nie omdat hy behae daarin skep om groot Bybelse figure se sonde uit te wys nie, ook nie omdat hy graag op die pornografiese details van die verhaal wil ingaan nie. In 'n laaste motief is hy 'n bietjie sarkasties as hy sê dat hy nie probeer om snaaks te wees deur 'n tema te kies waaroor daar min gepreek word nie: "Nor do I do so because I delight in being odd and unusual in choosing a theme that is not often considered and which, as a principle, most people would prefer not to consider" (Lloyd-Jones, 1995:72).

- Lloyd-Jones wys daarop dat dit ook nie vir hom lekker is om oor die sonde te preek nie (Lloyd-Jones, 1995:72). Hy sou eerder oor aangename temas soos die liefde van God wou preek. Hierna volg egter sy rede waarom dit noodsaaklik is om oor die sonde te preek: "Indeed, one can go further and say that there is not much point in trying to consider the theme of God's love until one has first of all considered the question of sin" (Lloyd-Jones, 1995:72).

- Lloyd-Jones (1995:73) wys daarop dat dit nie die sappige feite in die verhaal van Dawid is wat belangrik is nie, maar die onderliggende beginsels.

- Hierna gaan hy voort om vir sy ongelowige hoorders daarop te wys dat hulle die intensiteit van hulle sonde moet besef anders sal hulle die verlossing in Jesus Christus nie verstaan nie: "If the problem is simple, the solution also will be simple and there is a sense in which it is utterly impossible for a man who has not seen the nature of sin to believe in and accept the gospel offer of salvation" (Loyd-Jones, 1995:74).

- Om die intensiteit van sonde uit te lig, skets Lloyd-Jones (1995:75) eers die grootheid van Dawid as koning en mens en kontrasteer dit dan met die sonde wat Dawid gedoen het. Hy herinner sy gehoor aan die edele manier waarop Dawid koning Saul se lewe by twee geleenthede gespaar het en dan kom hy tot die gevolgtrekking: "Here then is a good, godly, noble sole", maar dan volg die skets van Dawid se sonde: "and yet, it is the very selfsame man who is capable of the cowardly, dastardly, unutterably selfish and despicable action which is recorded here" (Lloyd-Jones, 1995:75).

- Lloyd-Jones (1995:78) bring die intensiteit van Dawid se sonde na vore deur te wys dat Dawid 'n wyse man met baie kennis was en tog het hy steeds sonde gedoen: "David and his son Solomon are two of the wisest and sanest men in the Old Testament". Sonde is dus nie bloot 'n kwessie van te min kennis en dat opvoedkundige programme die mens kan opbou en hom so van sy sonde bevry nie.

- Wanneer Lloyd-Jones (1995:76) se gehoor snap dat sonde nie bloot 'n swakheid of 'n gebrek aan kennis is nie, stel hy die eerste beginsel oor 2 Samuel 12:13, naamlik dat sonde 'n intense krag in die mens is: "The first is that sin, far from being a mere weakness or negation, is actually an overpowering and blinding force which defeats the strongest human nature". Die krag van sonde in Dawid se lewe kom na vore in die feit dat sy begeerte na Batseba alle gesonde verstand begin oorheers en uiteindelik tot moord gelei het.

- Die tweede beginsel wat Lloyd-Jones (1995:79) oor 2 Samuel 12:13 na vore bring is: "The second general principle to which I would draw your

attention is to the effect that sin is utterly indefensible and merits punishment".

- Lloyd-Jones maak 'n skitterende greep op die verhaal in 2 Samuel 13 as hy daarop wys dat beide God en mens se toorn ontvlam wanneer sonde ontbloot word.

  Die feit dat Natan met 'n ompad deur 'n gelykenis vir Dawid op sy sonde wys, veroorsaak dat Dawid se toorn en straf oor die ryk man ontvlam: "He sees how terrible the sin is and is definite that it must be punished very severely" (Lloyd-Jones, 1995:79).

  Dit is egter nie slegs Dawid wat die erns van die sonde raaksien nie, maar ook God: "But still more vital and important is to see that God, who has the right and power, also says the same thing about sin: 'But the thing that David had done displeased the Lord' (2 Sam. 11:27). The first and great revelation in the Bible is that God is a holy God. He hates sin and utterly abominates it. His wrath and his holy anger are roused against it" (Lloyd-Jones, 1995:80).

- Op hierdie stadium van die preek maak Lloyd-Jones (1995:80-83) gebruik van drie hipotetiese gevallestudies, soortgelyk aan die verhaal van Natan, om sy gehoor onder dieselfde soort indruk te probeer bring as wat Natan vir Dawid gebring het. Die doel is om sy luisteraars tot die besef te bring dat hulle vanweë hulle sonde onder die oordeel van God staan.

- Dit lei tot sy derde beginsel: "And but for one thing that would be the fate of all, for all have sinned: we have all robbed God" (Lloyd-Jones, 1995:83).

- In die slot van die preek wys Lloyd-Jones (1995:84) die luisteraars daarop dat daar vir Dawid vergifnis was: "'The Lord also hath put away thy sin; thou shall not die' (2 Sam. 12:13). Yes, he has put it away by putting it on the holy, spotless shoulders of his only begotten Son". So roep Lloyd-Jones (1995:84) die ongelowige hoorder op om raak te sien dat die

oplossing vir die probleem van sonde, nie by opvoedkundige programme lê nie, maar by die soendood van Jesus Christus aan die kruis.

Dit is belangrik om enkele opmerkings oor Lloyd-Jones se gebruik van sy sondeleer teenoor ongelowiges te maak:

- Die *eerste* en belangrikste *opmerking* oor Lloyd-Jones se beklemtoning op die sonde is dat dit die ongelowige se redding op die oog het. Dit is opmerklik dat Lloyd-Jones eintlik slegs twee dinge in sy "evangelistic preaching" doen:
  - o Hy span hom in om 'n sondebesef te kweek, aangesien 'n intense sondebesef die behoefte om verlossing wakker maak. Dit kan vergelyk word met die uitdrukking: "Jy kan 'n perd by die water bring, maar hom nie maak drink nie". Dog, plaas 'n soutpilletjie onder sy tong en hy sal aanstons dors wees vir die water voor hom.
  - o Die tweede is om te wys op die intensiteit van die verlossing. Lloyd-Jones se uitgangspunt is dat die probleem intens is en daarom is die oplossing ook intens. Dit het God se oordeel oor sy Seun gekos om die mens van sy sonde te bevry.
- 'n *Tweede opmerking* oor Lloyd-Jones se gebruik van sy sondeleer teenoor ongelowiges is dat hy dit nooit los van sy verlossingsleer gebruik nie.

  Die verskil tussen opmerking 1 en 2 is dat opmerking 1 die klem laat val op die noodsaak van 'n sondebesef. Opmerking 2 beklemtoon dat 'n blote sondebesef sonder 'n gelyktydige beklemtoning van die verlossing in Christus 'n ontspoorde *hamartologie* sou wees.

  Opmerking 1 en 2 saam skets wat Cilliers (1996:8) noem: "die huis van evangeliese prediking". Die huis van evangeliese prediking behels dat die genade van die evangeliewoord deur die wet die mens se sonde ontbloot, maar tegelyk die verlossing in Christus teken sodat die mens dankbaar en so tot eer van God kan leef (Cilliers, 1996:8).

- 'n *Derde opmerking* is dat Lloyd-Jones nooit oor die sonde preek bloot ter wille daarvan om oor die sonde te preek nie. Blote prediking teen die sonde lei tot wettiese prediking.

  Wettiese prediking sal ongelowige hoorders tot die beslissing laat kom dat die verlossing deur goeie werke verwerf word. Dit is duidelik uit Lloyd-Jones se sondeleer tot dusvêr dat hy hom nie skuldig gemaak het aan wat Cilliers (1996:8) "die huis van wettiese prediking" noem nie. Vergelyk veral Lloyd-Jones se standpunt oor die mens en sy onvermoë om homself te red by afdelings 3.3 en 3.4 asook 5.2 en 5.3.2.

  Die huis van wettiese prediking sien die sogenaamde potensiaal van die mens om homself te verlos raak: "Die verlossing moet nou bewerkstellig word sodat (deurdat!) mense 'n 'regte' lewe lei" (Cilliers, 1996:10).

  Wanneer die prediking egter met 'n suiwer *hamartologie* en soteriologie werk, dan bly die feit staan dat die plan van verlossing verwerp kan word. Al wat dan oorbly, sê Lloyd-Jones (1995:83), is God se regverdige oordeel oor die sondaar: "The man who rejects the offer of God's eternal love deserves nothing and can expect nothing but the damnation of hell. There is no excuse. You have condemned yourself" (Lloyd-Jones, 1995:83).

- 'n *Vierde opmerking* is meer krities van aard en hou verband met die wyse waarop Lloyd-Jones die Ou-Testamentiese teks, 2 Samuel 12:13, hanteer.

  Lloyd-Jones skep die indruk dat hy met sy prediking oor 2 Samuel 12:13, veral omdat hy dié teks teenoor ongelowiges gebruik, in stryd kom met sy teks.

  Die probleem is dat Dawid nie 'n ongelowige is nie. Dawid, nadat die profeet Natan by hom gekom het, verootmoedig hom voor God en doen oor sy sonde skuldbelydenis (vgl. hieroor Psalm 51). Verootmoediging en sondebelydenis is die vrug van wedergeboorte gewerk deur die Heilige Gees (Sarles, 1994:40).

  Daar is dus 'n teenstrydigheid tussen die teks (Dawid as gelowige wat hom voor God verootmoedig en sy sonde bely) en die preek (gerig aan

ongelowiges wat tot sondebesef en belydenis gebring moet word met die oog daarop om die verlossing in Jesus Christus te leer ken).

Alhoewel die motiewe van Lloyd-Jones in die gebruik van 2 Samuel 12:13 bo verdenking is, is die keuse van 'n korrektiewe teks wel belangrik.

## 5.5 Lloyd-Jones se gebruik van sy sondeleer teenoor gelowiges

### 5.5.1 Die hoofdoel is heiligmaking

Lloyd-Jones se sondebeskouing is nie tot "evangelistic preaching" beperk nie. Hy gebruik ook sy sondeleer teenoor gelowiges: "But the same thing is true in principle of the Christian. It is those who realise their condition and their need most deeply who are the ones who apply most constantly to the Lord himself" (Lloyd-Jones, 1989a:98).

Die prediking van 'n suiwer sondeleer het egter 'n ander oogmerk teenoor gelowiges as met ongelowiges.

Terwyl die hoofdoel van die prediking van sonde teenoor ongelowiges die ewige redding uit sonde deur die Saligmaker, Jesus Chrisus, is, is die prediking van sonde teenoor gelowiges daarop gerig om 'n lewe van heiligmaking te stimuleer: "I suggest that it is absolutely vital to a true understanding of sanctification that we should know something about the biblical doctrine of sin" (Lloyd-Jones, 1989a:98).

In 'n preek oor Johannes 17 met die titel: "The Truth about Sin", wys Lloyd-Jones daarop dat die "saints" in die geskiedenis van die kerk 'n intense sondebesef gehad het (Lloyd-Jones, 1989a:98). Die heiliges in die geskiedenis het gewoonlik die feit van sonde in hulle wese en in hulle dade betreur (Lloyd-Jones, 1989a:98).

Lloyd-Jones (1989a:99) kom enersyds uit sy eksegese oor Johannes 17 en andersyds deur die lewens van die heiliges in die geskiedenis tot die

konklusie dat daar by gelowiges gewoonlik drie dinge gelyktydig teenwoordig is:

- Daar is hartseer en berou oor sonde.
- Daar is egter ook vreugde oor die verlossing uit sonde.
- Beide bogenoemde twee sake stimuleer tot 'n lewe van heiligmaking.

Gelowiges met 'n sondebesef soos hierbo beskryf, het 'n gesonde en opbouende sondebesef. Gelowiges kan egter ook 'n verkeerde en ongesonde sondebesef hê.

### 5.5.2 Gelowiges met 'n verkeerde sondebesef

Lloyd-Jones (1965:68) verstaan onder gelowiges met 'n verkeerde sondebesef, mense wat tot die kennis van verlossing in Jesus Christus gekom het, maar tog deur 'n sonde of sondes vasgevang word en daardeur beroof word van hulle blydskap van verlossing: "These are people who seem to be quite clear about the doctrine of salvation, except that they feel that in their case there is something - their sin, this particular sin or the form that sin has taken in their case - which somehow puts them in a different category". Die gevolg is: "...they are miserable Christians" (Lloyd-Jones, 1965:68).

Lloyd-Jones (1965:68) toon aan dat daar verskillende redes is vir hierdie toestand waarin sommige gelowiges verkeer:

- Die eerste rede is dat dit die werk van Satan is. Die Satan kan gelowiges nie van hulle ewige redding beroof nie, maar hy kan hulle wel van hulle vreugde van verlossing ontneem (Lloyd-Jones, 1965:69).
- Die tweede rede volgens Lloyd-Jones (1965:69) vir hierdie toestand waarin sommige gelowiges verkeer, is dat, ten spyte van geloof in Jesus Christus, daar tog 'n groot mate van onkunde aangaande die verlossingsleer is: "I would say again that this condition is almost entirely due to an ignorance of doctrine - a failure to understand the New Testament doctrine of salvation clearly".

Die logiese gevolgtrekking is dat die Nuwe-Testamentiese verlossingsleer deeglik verduidelik moet word. Sulke gelowiges moet geleer word om die implikasies van Jesus se dood aan die kruis behoorlik te begryp en op hulleself van toepassing te maak (Lloyd-Jones, 1965:73).

Lloyd-Jones (1965:69) gebruik dan die voorbeeld van die apostel Paulus om te verduidelik dat daar nie 'n sonde groot genoeg is wat jou nie vergewe sal word wanneer jy deur 'n ware geloof by Christus ingelyf is nie. Die apostel was 'n vervolger van die volgelinge van Jesus Christus en tog het God in genade tot hom gekom. Lloyd-Jones (1965:70) hou die apostel as 'n voorbeeld aan mense met 'n verkeerde sondebesef voor: "A model in what respect? A model for those people who feel that their particular sin somehow or another passes the limit of grace and the mercy of God".

- Daar is volgens Lloyd-Jones (1965:72) nog 'n derde rede waarom gelowiges onder 'n verkeerde sondebesef kan wees en nie die vreugde van verlossing beleef nie, naamlik dat hulle God nie op sy woord neem nie (Lloyd-Jones, 1965:72).

  Om laasgenoemde stelling te verduidelik verwys Lloyd-Jones (1965:72) na 1 Johannes 1:9: "Maar as ons ons sondes bely - Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid".

  'n Gelowige wat homself vasstaar teen 'n sonde wat hy gedoen het en dan glo dat daardie een sonde hom nie vergewe kan word nie omdat dit 'n te groot sonde is, se werklike sonde is uiteindelik dat hy God nie vertrou vir die belofte wat Hy in 1 Johannes 1:9 maak nie (Lloyd-Jones, 1965:72). Gelowiges moet leer om die Here te vertrou dat Hy sy beloftes waar maak en dat Hy sonde op grond van sy Seun se sterwe en opstanding vergewe.

Dit is egter wel so dat gelowiges wat 'n lewe van heiligmaking leef, selde op dieselfde wyse as hierbo beskryf, aanvegtinge ten opsigte van hulle ewige redding beleef. Daarom is dit nodig om te wys hoe Lloyd-Jones Bybelse riglyne vir gelowiges gee om sonde te weerstaan.

### 5.5.3 Hoe kan gelowiges sonde weerstaan?

By die hantering van wyses waarop gelowiges die krag van sonde in hulle lewens kan weerstaan, is dit belangrik om te besef dat Lloyd-Jones in hart en siel 'n Puritein was (vgl. Murray, 1982:97-101).

Sarles (1994:37) wys daarop dat die Puriteine, vanweë hulle indringende sondebesef, die kwessie van die hantering van sonde volgens die sogenaamde beginsel van "mortification" gehanteer het.

Dit is interessant om daarop te let dat die term "mortification" juis ook ruim in Lloyd-Jones se woordeskat voorkom (vgl. Lloyd-Jones, 1971a:242-251). Nadat Lloyd-Jones (1971a:232-241) 'n preek met die titel *The exceeding sinfulness of sin* gelewer het, vervolg hy (1971a:242-251) met 'n preek met die titel: *The mortification of sin.*

Lloyd-Jones (1971a:248-249) verklaar die term "mortification" aan die hand van Romeine 8:13: "As julle julle lewe deur die sondige natuur laat beheers, gaan julle die dood tegemoet, maar as julle deur die Gees 'n einde maak aan julle sondige praktyke, sal julle lewe".

Hiermee bring Lloyd-Jones (1971a:249) 'n baie belangrike beginsel ten opsigte van die hantering van sonde in die gelowige se lewe na vore, naamlik die werking van die Heilige Gees: "That is the apostle's teaching. Mortify through the Spirit the deeds of the body".

Die rede waarom Lloyd-Jones soveel klem lê op die werk van die Heilige Gees in die hantering van sonde, het te doen met wat reeds in afdeling 5.3.2 behandel is, naamlik dat sonde nie primêr dade is nie maar 'n toestand van die hart. By die toepassing van wyses waarop sonde gehanteer moet word, herinner Lloyd-Jones (1971a:243) sy hoorders: "I would remind you again that it (sin) is not merely a question of not committing certain acts; it is a question of dealing with the pollution of sin in the heart". Die Gees van God is as God Almagtig in staat om die gelowige in die hart te verander.

Dit is vreemd dat Lloyd-Jones, tipies aan sy aard om eksegeties noukeurig te werk te gaan (vgl. afdeling 5.2.2 paragraaf 2), nie die Griekse term (*thanatos)* wat die apostel Paulus in Romeine 8:13 gebruik, te verklaar nie. Volgens Rienecker en Rogers (1976:365) beteken die term *thanatos* "to put to death" en die werkwoordvorm is in die aktiewe hede geskryf. Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word is dat die gelowige die sonde in sy hart van dag tot dag, aktief, deur die krag van die Gees doodmaak.

In die praktiese uitwerking van hierdie aktiewe doodmaak van die sonde, het Sargent (1994:141) enkele sake in Lloyd-Jones se sondeleer skerp raakgesien:

- Die gelowige moet homself dissiplineer om sonde te haat.
- Die gelowige moet voortdurend op die grootheid van God let en sy oordeel oor die sonde vrees.
- Die gelowige moet sonde "analiseer" met die oog daarop om daarvan afstand te doen. Die analisering van sonde beteken om die wese van sonde en die gevolge daarvan in die gelowige se lewe te verstaan.
- By die analisering van sonde behoort die gelowige agter te kom dat sonde nie buite die mens is nie, maar in die hart: "It is not a case of external acts. The pollution is in the heart" (Sargent, 1994:141).
- Kennis van laasgenoemde lei daartoe dat die gelowige sy hart nie sal voed met dinge wat tot sonde aanleiding gee nie.
- Gelowiges moet telkens met verwondering na die soendood van Jesus kyk. Dit sluit in die intensiteit van sy fisiese en geestelike lyde, in besonder die feit dat Jesus deur sy Vader verlaat is en so die angste van die hel beleef het.
- Gelowiges wat met erns probeer om afstand te doen van sonde, sal bewus wees van die noodsaak om met die Heilige Gees vervul te wees: "It is through the Spirit that we are able to crucify the flesh" (Sargent, 1994:142).

Lloyd-Jones vertoon homself in die gebruik van sy sondeleer teenoor gelowiges nie net as 'n Puritein nie, maar ook as 'n reformatoriese teoloog van gehalte soos in onderstaande evaluering aangetoon sal word.

### 5.5.4 Evaluering van Lloyd-Jones se gebruik van sy sondeleer teenoor gelowiges

Lloyd-Jones beklemtoon veral drie beginsels ten opsigte van die gebruik van sy sondeleer teenoor gelowiges:

- Beginsel 1: die gelowige moet sy sondige aard raaksien en betreur (sonde en ellende).
- Beginsel 2: die gelowige moet die soendood van Jesus duidelik raaksien en omhels (verlossing).
- Beginsel 3: die gelowige moet deur die krag van die Gees die sonde doodmaak (dankbaarheid).

Dit verbaas nie dat hierdie drie sake ruim in die *Reformatoriese Belydenisse*[18] na vore kom nie: "In die Bybel staan die belydenis in die nouste verband met die sonde of _ _ _ met God!" (Schulze, 1991:1). Uit die geheel van die studie is dit duidelik dat Lloyd-Jones sy sondebeskouing uit die Bybel gevorm het. Daarom behoort die kernmomente van sy sondebeskouing in die *Reformatoriese Belydenisse* teruggevind te word. Slegs enkele voorbeelde word genoem:

- Ten opsigte van die Heidelbergse Kategismus (HK) die volgende:
  - Die drie beginsels hierbo genoem vertoon ten opsigte van die geheel van die HK ooreenstemming met die bekende driedeling naamlik sonde en ellende (HK Sondag 2-4), verlossing (HK Sondag 5-31) en dankbaarheid (HK Sondag 32-52).

---

[18] Schulze (1991:4) gebruik die term *Reformatoriese Belydenisse* vir die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls. Vir die Apostolicum, Nicaenum en Athanasium gebruik hy die term *Ekumeniese Belydenisse* (Schulze, 1991:4).

Hieruit kan afgelei word dat Lloyd-Jones nie net in sekere onderafdelings van sy teologie in ooreenstemming met die reformatoriese tradisie is nie, maar in die geheel daarvan.

- o Ten opsigte van 'n meer gedetailleerde ooreenstemming van die HK met die drie sake hierbo, kan op Sondag 33 (antwoorde 89 en 90) gewys word.

  Hierdie Sondagsafdeling wys op die ware bekering as 'n hartlike berou dat God deur die gelowige se sonde vertoorn word. Dit is in ooreenstemming met beginsel 1 hierbo.

- o Dat berou oor sonde in Sondag 33 (die deel oor dankbaarheid) behandel word, hoef nie te verbaas nie, aangesien Holwerda (1953:25) daarop wys dat die drie sake, sonde, verlossing en dankbaarheid, dwarsdeur die lewe van die gelowige hand aan hand loop.

  Ook hiermee beweeg Lloyd-Jones in die reformatoriese tradisie, aangesien hy die drie beginsels nie hanteer asof gelowiges by beginsel 1 begin, daarmee afhandel, daarna na beginsel 2 oorgaan en daarmee afhandel en dan tot 'n dankbaarheidslewe (beginsel 3) oorgaan nie.

  Hy hanteer die drie beginsels as 'n voortdurende werklikheid in die lewens van gelowiges. Hoe langer hoe meer die gelowige onder die invloed van die Gees en sy Woord leef, hoe meer sal hy berou oor sy sonde hê, hoe duideliker en wonderliker sal die verlossing in Christus blyk en hoe meer intens sal die dankbaarheid word.

- o Ten opsigte van Sondag 32 wys antwoord 86 op die feit dat Christus die gelowige met sy bloed gekoop het. Vergelyk dit met beginsel 2.

- o Sondag 33 beklemtoon dat die gelowige hoe langer hoe meer die sonde moet haat en daarvan moet wegvlug. Dit korrespondeer met beginsel 3.

Beide die werk van die Heilige Gees en die verantwoordelikheid van die gelowige word beklemtoon. Dit stem ooreen met die Lloyd-Jones se verwysing na Romeine 8:13 dat die gelowige aktief deur die Gees die sonde moet doodmaak.

- Ten opsigte van die *Dordtse Leerreëls* (DL) kom Lloyd-Jones se reformatoriese insig op die volgende wyse na vore:
  - Die DL, hoofstuk 5, handel oor die volharding van die heiliges. Dit is egter opvallend hoe sterk die sonde in dié hoofstuk beklemtoon word. Oppervlakkig beskou, verbaas dit, aangesien die sentrale tema van die DL, hoofstuk 3/4, die verdorwenheid van die mens beskryf en dus ook in diepte oor die sonde handel (vgl. Schulze, 1991:52; 55-56).

    Die verband tussen DL 3/4 en DL 5 is dat hoofstuk 3/4 wys hoe Christus se soendood die saligheid vir die uitverkorenes uit die sonde bewerk het (vgl. Schulze, 1991:52-53), terwyl hoofstuk 5 aantoon dat hulle wat deur die Gees van God tot Christus gekom het, steeds wel diep in sonde val (vgl. Schulze, 1991:56), dog, deur die trou van God in die geloof volhard sodat hulle nie verlore sal gaan nie (vgl. Schulze, 1991:56).

    Uit die feit dat die heiliges steeds in sonde val, kom die DL 5:2 tot die belydenis dat die uitverkorenes hulle voortdurend voor God moet verootmoedig, hulle tot die gekruisigde Christus moet wend en hulle bedorwe natuur hoe langer hoe meer deur die Gees van gebed moet doodmaak.
  - Na aanleiding van die laaste paragraaf is dit duidelik dat die drie beginsels wat met die oog op die opbou van die heiliges in Lloyd-Jones se sondeleer uitgelig is, in die DL 5:2 teruggevind word.

    Dit is belangrik om op te let dat dit in die DL 5 oor die volharding van die heiliges gaan. Afdeling 5.5 het aangetoon dat Lloyd-Jones sy sondeleer op 'n bepaalde manier tot die opbou van die heiliges gebruik.

Die manier waarop hy sy sondeleer ten behoewe van die heiliges gebruik, is in ooreenstemming met die DL 5:2, naamlik as hoofstuk 5:2 praat van ootmoed, staan dit in ooreenstemming met beginsel 1 hierbo. Direk daarop verwys die DL 5:2 op die gekruisigde Christus. Dit korrespondeer met beginsel 2, terwyl beginsel 3 ooreenstem met die DL 5:2 se verwysing na die doodmaak van die bedorwe natuur deur die Gees.

- Op dieselfde wyse kan aldrie beginsels ook in die DL 5:7 aangetoon word.

Hiermee is dit duidelik dat Lloyd-Jones se Skrifgebondenheid tot belydenisgetrouheid lei.

## 5.6 Die gebruik van die wet in Lloyd-Jones se sondeleer

As Jager (s.j.:105), na aanleiding van sy verklaring oor Romeine 7, sê: "De wet en de zonde worden in nauw verband met elkaar gebracht", dan is dit meteen duidelik waarom daar in hierdie studie 'n afdeling oor die verhouding tussen die wet en Lloyd-Jones se sondeleer ingebou word.

Dit is belangrik dat Lloyd-Jones se hantering van die wet noukeurig nagegaan word, aangesien die verkeerde gebruik van die wet in die geskiedenis van die kerk reeds baie skade aangerig het (vgl. Cilliers, 1996:1-145). Daar is 'n neiging tot wettisisme[19] in die prediking wat Cilliers (1996:12) aan die sondige natuur van die prediker toeskryf. Cilliers (1996:5) beskou wettisisme as een van die grootste vyande van die kerk en teologie.

Dit blyk uit beide Cilliers (1996:1-20) en Lloyd-Jones (1989a:95-108) se werke dat daar 'n noue verband tussen die wet, wettisisme en sonde is:

---

[19] Cilliers (1996:15) definieer wettisisme: "In plaas van die evangelie van genade te verkondig, impliseer wettisisme dat die vroom mens die potensiaal het om self iets aan sy of haar sonde te doen". Dit blyk dat Cilliers (1996:13-15) die terme "wettisisme" en "wettiese" as sinonieme gebruik.

- Volgens Cilliers (1996:7) neem wettiese prediking die sonde nie ernstig op nie. Let egter op dat Cilliers (1996:15) negatief is oor wettisisme, maar nie oor die wet nie en gebalanseerd wys hoe die wet korrek gebruik moet word.[20]

- Lloyd-Jones (1989a:95-108) handel in 'n preek met die titel *The truth about Sin* breedvoerig oor die verhouding tussen die wet, wettisisme en sonde. Ten opsigte van 'n wettiese hantering van die wet wys Lloyd-Jones (1989a:100-101) op die vals uitleg van die wet deur die Fariseërs. Dit bring hom later tot die konklusie: "That is why as a christian I have never believed in morality teaching" (Lloyd-Jones, 1989a:106). Hy sien egter ook baie belangrike funksies in die korrekte gebruik van die wet raak (Lloyd-Jones, 1989a:99-101).

Die volgende onderskeidinge kom na vore in Lloyd-Jones (1989a:99-101) se siening oor die verhouding tussen sonde en die wet:

- Een van die belangrikste opmerkings wat Lloyd-Jones (1989a:99) oor die verhouding tussen sonde, die wet en wettisisme maak, het te doen met sy uitgangspunt dat die Woord van God die mens heel eerste van God leer en daarna oor sonde. Die Woord van God gebruik dan beide (die kennis van God en die kennis van die mens[21]) in die proses van heiligmaking: "It teaches us about God, then about sin, and that is the way in which it sanctifies us" (Lloyd-Jones, 1989a:99).

---

20 Cilliers (1996:15) onderskei drie korrekte gebruike van die wet: 1. Die wet word gebruik om sonde bloot te lê (die sg. eerste gebruik van die wet); 2. Die wet word gebruik om sondaars in die arms van Christus te dryf as die enigste bron van verlossing (die sg. tweede gebruik van die wet); 3. Die derde gebruik van die wet of die sogenaamde *tertius usus legis* is om as 'n riglyn vir 'n dankbaarheidslewe te dien. Alhoewel Lloyd-Jones ook hierdie drieledige onderskeiding van die gebruike van die wet onderskei, bring hy tegelyk heelwat fyner nuanses na vore.

21 Calvyn (1984:113) begin sy *Institusie van die Christelike Godsdiens* met die wyse waarop die kennis van God en die kennis van die mens met mekaar saamhang. Calvyn (1994:114) wys dan, soos Lloyd-Jones (1989a:99-100), hoe die mens nooit tot 'n suiwer kennis van homself kan kom nie, tensy hy eers die aangesig van God aanskou.

Cilliers (1996:47) wys in die verband daarop dat enige ander volgorde die kiem van wettisisme dra. Dit blyk dus dat Lloyd-Jones se vertrekpunt oor die rol van die wet reg en betroubaar is.

- Direk na die aanduiding van sy vertrekpunt, verduidelik Lloyd-Jones (1989a:99), dat een van die wyses waarop die Bybel die mens tot kennis van God en tot kennis van homself bring, deur die wet is. Om die kwaliteit en intensiteit van Lloyd-Jones se insig beter na vore te bring, word dit aangehaal: "Now the law is given primarily in order to bring out these two points: the holiness of God and the sinfulness of man in the light of that holiness" (Lloyd-Jones, 1989a:99-100).

  Hiermee kan 'n eerste belangrike gebruik van die wet soos dit deur Lloyd-Jones raakgesien is, geformuleer word, naamlik dat die wet die heiligheid van God teken, dog, die wet bring tegelyk die sondige aard van die mens, veral in die lig van God se heiligheid, na vore. Die beklemtoning is dat die mens nie bloot in 'n verhouding tot die wet staan nie, maar in verhouding tot die heilige God.

- Teenoor hierdie funksie van die wet, wys Lloyd-Jones (1989a:100), hoe die Skrifgeleerdes en Fariseërs die wet verkeerd verstaan het: "They thought its purpose was tot save them".

  Hieruit is dit duidelik dat die verkeerde verstaan en verkeerde gebruik van die wet nie 'n bloot hedendaagse verskynsel is nie (vgl. hieroor vir Cilliers, 1996:4, wat wys dat wettisisme springlewendig is), maar so ver soos die vals leer van die Skrifgeleerdes en Fariseërs terug gevoer kan word. Inderdaad blyk Cilliers (1996:5) reg te wees as hy wys dat Van Niftrik alle ketterye in die kerkgeskiedenis terugvoer tot 'n misverstaan van die verhouding tussen die wet en evangelie.

- Lloyd-Jones (1989a:100) formuleer na aanleiding van die verkeerde verstaan van die verhouding wet-evangelie by die Fariseërs die korrekte verhouding: "The law was not given in order tot save man or that man might save himself by it. It was given for one purpose only, namely, that sin might be defined". Indien die wet sonde nie definieer nie, sal die mens

sy sonde nie besef nie (Lloyd-Jones, 1989a:100). Alhoewel Lloyd-Jones dit nie direk so noem nie, is dit duidelik dat hy, in die lig van Cilliers (1996:15) se uiteensetting van die drie verskillende gebruike van die wet (vgl. voetnoot 20), hier met die sogenaamde eerste gebruik van die wet werk.

- Die bedoeling van 'n Bybelse sondebesef is om die mens sy hulpeloosheid om homself te red, te laat raaksien en tegelyk die mens se behoefte aan God se genade in Christus aan te wys (Lloyd-Jones, 1989a:100).

  'n Tweede gebruik van die wet kan hieruit geformuleer word, naamlik dat die wet sonde definieer met die bedoeling dat die mens sy sonde kan herken en sy behoefte aan God se genade in Christus kan besef.

  Hierdie formulering hou verband met Cilliers (1996:15) se tweede gebruik van die wet (vgl. voetnoot 20), naamlik dat die wet dien om sondaars in die arms van Christus te dryf as die enigste bron van verlossing. Lloyd-Jones (1989a:100) beskryf dit inderdaad wel so: "The law is 'our schoolmaster to bring us unto Christ' (Gal 3:24)".

- Lloyd-Jones (1989a:100-101) wys dat Jesus die wet op só 'n manier in sy bergpredikasie gebruik. Die bergpreek van Jesus is in 'n groot mate 'n verklaring en uitleg van die wet (Lloyd-Jones, 1989a:100). 'n Belangrike doel waarom Jesus die wet in sy bergpreek verklaar, is volgens Lloyd-Jones (1989a:101), om die mens van alle selfgeregtigheid te laat afsien en hom tot 'n afhanklikheidsbesef van God te bring. Die ganse preek wil die hoorder tot die openingswoorde van die preek, die eerste saligspreking, bring.

- Ten opsigte van die derde gebruik van die wet, naamlik die wet as dankbaarheidsreël (*tertius usus legis*), is dit aanvanklik vreemd om nie in die genoemde preek, *The truth about Sin*, Lloyd-Jones (1989a:95-108) se standpunt hieroor raak te lees nie. Dit word egter duidelik dat Lloyd-Jones (1989a:109-124) in 'n opvolgpreek met die titel *New Creatures*, sy

standpunt oor die wet as dankbaarheidsriglyn stel.[22] Die titel van die preek is reeds veelseggend, aangesien slegs mense wat in Christus Jesus nuutgemaak is, die wet as dankbaarheidsreël kan gebruik.

- Murray (1990:721-726) wys egter dat Lloyd-Jones nie slegs in preekverband teenoor lidmate die derde gebruik van die wet verduidelik het nie, maar ook apologeties[23] teenoor kerkleiers daaroor standpunt ingeneem het.

  Die debat tussen kerkleiers het oor die antinomianisme gegaan en die vonk wat daartoe aanleiding gegee het, was kritiek deur Robert T. Kendall op Puriteinse[24] standpunte oor die wet (Murray, 1990:721-722). Kendall se kritiek op die Puriteine was: "they stressed works more than grace and godliness more than God" (Murray, 1990:722). Kendall het die Puriteine dus van wettisisme (*legalism*)[25] beskuldig (vgl. Murray, 1990:722).

---

22 Lloyd-Jones was bekend vir sy reeksprediking (vgl. Jung, 1986:141-142). Ten opsigte van reeksprediking is dit belangrik om Lloyd-Jones se standpunt daaroor raak te sien: "Each sermon had to be self-contained and able to stand on its own feet, even though it was part of a prolonged series" (Sargent, 1994:187). Na aanleiding van hierdie standpunt van Lloyd-Jones oor reeksprediking, sou dit waarskynlik beter gewees het om die drie gebruike van die wet (vgl. weereens voetnoot 20) in dieselfde preek te behandel. Dit sou die verhouding wet-evangelie meer gebalanseerd aan die gemeente oordra.

23 Volgens Murray (1990:721) het Lloyd-Jones op tagtigjarige leeftyd sy standpunte oor die sogenaamde antinomianisme in 'n diskussie met kollegas gestel. Die erns waarmee Lloyd-Jones sy apologetiese roeping en die van sy kollegas gesien het, blyk in sy woorde teenoor Murray (1990:721): "One of the main weaknesses in the current scene is that men will not fight issues, they back out".

24 Vergelyk afdeling 2 oor die invloed van die Puriteine op Lloyd-Jones se teologiese denke.

25 Die twee terme *antinomianism* en *legalism* moet mooi van mekaar onderskei word. Alhoewel dié twee terme in wese direkte teenpole van mekaar is, duik beide dikwels saam in 'n debat oor die rol van die wet, op. Saam met Cilliers (1996:15) se definisie hierbo (voetnoot 19), gee ook Stott (1994:191), veral in kontras tot die antinomianisme, 'n baie goeie definisie van legalisme: "*Legalists* are 'under the law' and in bondage to it". Wettisiste glo dat hulle in hulle verhouding tot God, beide geregverdig en geheilig word, deur hulle gehoorsaamheid aan die wet (Stott, 1994:191). Daarteenoor redeneer die sogenaamde *antinomians* presies die teenoorgestelde: "Blaming the law for their problems, they reject it all together, and claim to be rid of all obligation to its demands" (Stott, 1994:191). Die rede waarom antinomianisme en wettisisme dikwels in dieselfde debat na vore kom, is omdat voorstaanders van die een standpunt (en andersom), mekaar oor en weer van die een of van die ander

Dit sou maklik wees om ook vir Lloyd-Jones, buite konteks, aan hierdie kritiek skuldig te bevind. 'n Sinsnede uit 'n preek van Lloyd-Jones (1989a:109-110), buite konteks aangehaal, klink so: "There is no better definition of a true Christian than that he is a godly man, one who walks in the fear of the Lord". Hierdie sin, buite verband aangehaal, voldoen skynbaar aan Kendall se kritiek – Lloyd-Jones beklemtoon in hierdie sinnetjie beide "godliness" en "works", boonop as 'n definisie vir 'n Christen. Wat is egter die konteks? Vanuit die konteks is dit duidelik dat hierdie "godliness" en "works" die gevolge is van 'n mens wat reeds deur die Gees van God tot wedergeboorte gebring is (vgl. Lloyd-Jones, 1989a:109-124).

Vir Lloyd-Jones (1989a:110) grens die redenasie dat iemand wat deur Jesus duur gekoop is en daarna ongeërg in sonde kan voortleef, aan laster: "To imagine that Christ died on the cross simply to allow us to continue living a sinful and worldly life in safety, comes, it seems to me, very near a terrible form of blasphemy".

- Volgens Lloyd-Jones (1989a:111) is Romeine 6[26] die klassieke Skrifgedeelte wat oor die verhouding tussen gelowiges se redding in Christus en hulle nuwe lewenstyl handel. 'n Bundel van twee-en-twintig preke uit Romeine 6, met 'n oorkoepelende titel *The New Man*, het uit die hand van Lloyd-Jones hieroor verskyn (vgl. Lloyd-Jones, 1972:1-313). Alhoewel Loyd-Jones Romeine 6 as 'n klassieke hoofstuk oor hierdie onderwerp aandui, beskou hy (1973:xi) Romeine 7 as die *locus classicus* vir die Christen se standpuntvorming oor die wet: "This chapter is undoubtedly the 'locus classicus' of the Christian, and especially the Pauline, view of the Law".

---

beskuldig (vgl. Murray, 1990:724). 'n Voorbeeld hiervan is juis dat Kendall, wat die Puriteine van wettisisme beskuldig, self 'n voorstaander van antinomianisme is (vgl. Murray, 1990:724-726).

26 Gedurende die jaar 1943, het 'n bekende prediker aan Lloyd-Jones gevra wanneer hy 'n reeks preke oor die brief aan die Romeine sou preek (Lloyd-Jones, 1972:xi). Lloyd-Jones (1972:xi) het geantwoord: "When I have really understood chapter 6". Eers in die jaar 1954 het hy tot hierdie genoegsame insig gekom (vgl. Lloyd-Jones, 1972:xi).

Hieruit kan afgelei word dat Lloyd-Jones wel besig is met die derde gebruik van die wet en dat hy dit veral vanuit Romeine 6 en 7 formuleer.[27]

- Lloyd-Jones (1989a:109) plaas sy standpunt oor die wet as dankbaarheidsriglyn, na aanleiding van Romeine 6 en 7, binne die kader van die proses van heiligmaking. Hierin vind hy ooreenstemming met Hendriksen (1980:193) wat wys dat Romeine 6 'n nuwe onderwerp inlei, naamlik "holiness".[28] Dit beteken egter nie, volgens Lloyd-Jones (1973:4), dat heiligmaking deur die gehoorsaamheid aan die wet plaasvind nie. Inteendeel, netso min as wat regverdigmaking deur die onderhouding van die wet plaasvind, kan heiligmaking deur onderhouding van die wet gebeur (Lloyd-Jones, 1973:4). In dieselfde konteks van wet-evangelie, vind Lloyd-Jones met laasgenoemde standpunt, 'n ondersteuner in Stott (1994:191): "So for justification we are not under law but under grace; for sanctification we are not under law but led by the Spirit". Stott (1994:191) se uiteensetting bring hom tot die konklusie: "This is what the Reformers called 'the third use of the law'".

- Die vraag is hoe die wet 'n rol as dankbaarheidsriglyn speel, as die geregverdigde mens in Christus, vir sy heiligmaking nie van die wet afhanklik is nie? Die antwoord lê nie in 'n wegbreek van die wet nie, maar in 'n verhoudingsverandering tot die wet (Lloyd-Jones, 1973:5) – let wel: nie 'n houdingsverandering nie, maar verhoudingsverandering.

---

27 Dit is insiggewend om op te let dat Lloyd-Jones (1973:xi), na aanleiding van 'n boekresensie in die teologiese tydskrif *Westminster Theological Journal* oor die baie bekende werk van Professor H.N. Ridderbos met die Nederlandse titel *Paulus*, van mening is dat sy eie standpunte oor die wet, grootliks met die van Ridderbos ooreenstem. Ridderbos (1971:308) wys in dié genoemde boek ten opsigte van die *tertius usus legis* daarop dat baie (bv. die teoloog Anders Nygren) van die standpunt uitgaan dat die nuwe lewe in Christus nie meer uit die wet geformuleer kan word nie. Ridderbos (1971:311) is egter van mening dat die derde gebruik van die wet onmiskenbaar in die briewe van Paulus na vore kom. Die blywende betekenis van die wet is daarin geleë dat dit steeds die wil van God uitdruk en dat dit nie in stryd met die verlossing in Christus staan nie (vgl. Ridderbos, 1971:311).

28 Volgens Hendriksen (1980:193) beskryf Romeine 5 vrede met God as 'n eerste vrug van die vryspraak in Christus, Romeine 6 beskryf heiligmaking as 'n tweede vrug, en, sê Hendriksen (1980:213), Romeine 7 beskryf bevryding van die wet as 'n derde vrug van die vryspraak in Christus.

Om hierdie verhoudingsverandering tot die wet te verstaan, gebruik Lloyd-Jones (1973:5) veral Romeine 7:1-6 met vers 4 as die kernteks: "The key verse in this first section is verse 4; it is a crucial one". Romeine 7:4 lui: "Dit is ook die geval met julle, my broers. Deur julle verbondenheid met die liggaam van Christus het julle gesterwe en staan julle nie meer onder die wet nie. Julle behoort nou aan iemand anders, aan Hom wat uit die dood opgewek is. Daarom moet ons nou 'n vrugbare lewe lei in diens van God" (1983-vertaling).

Die rede vir Lloyd-Jones (1973:5) se terminologie, naamlik "verhoudings-verandering", vloei logies vanuit Romeine 7:1-6 se huweliksmetafoor[29] (vgl. Stott, 1994:192). Op 'n tipies reformatoriese wyse[30] beklemtoon Lloyd-Jones (1973:5) vanuit die kernvers (Romeine 7:4) dat in die verhoudingsverandering tot die wet en die nuwe verhouding tot Christus, dit oor die vrugte tot eer van God gaan: "What the Apostle is concerned about is the bringing forth of this fruit unto God". Solank as wat die mens met die wet getroud is, is vrugte tot eer van God onmoontlik. Daarteenoor, sê Lloyd-Jones (1973:5): "There is only one way to bring forth fruit unto God, and that is, to be married to the Lord Jesus Christ".

- Dit bly egter steeds 'n vraag wat die rol van die wet is vir die mens wat met Christus getroud is en nou in staat is om vrugte tot eer van God te dra. Lloyd-Jones (1973:25) antwoord dat die gelowige in Christus bevry is van die wet in die sin dat dit nie meer as 'n "covenant of works" geld nie, dit wil sê: "We are no longer in the position of trying to save ourselves, to justify ourselves, to sanctify ourselves and to make ourselves fit to stand in the presence of God by keeping the Law".

---

29 Dit is interessant om raak te sien dat Lloyd-Jones (1973:19), na aanleiding van die huweliksbeeld in Romeine 7:1-6, 'n apologetiese toepassing op die feministiese beweging maak: "Whatever we may think or say about the matter, it is abundantly clear that feminism, and the feminist movement, are utterly un-scriptural".

30 Vergelyk Calvyn (1984:117-120 en 1988:884-885) om die reformatoriese beklemtoning op die eer van God as hoogste rede vir die menslike bestaan te vind. Veral wanneer Calvyn (1988:876-896) die lewe van 'n Christen beskryf, kom die eer van God besonder sterk na vore.

Lloyd-Jones (1973:25) beweer dat God deur Moses vir Israel ten opsigte van wetsonderhouding gesê het: "If you keep this law you shall be justified". Die gelowige in Christus is dus, volgens Lloyd-Jones (1973:25), nie meer onder die wet as 'n wyse waarop selfredding kan plaasvind nie.

Die nuwe verhouding tot die wet spruit voort uit die huwelik van die gelowige met Christus. Die inlywing by Christus en die doel van die redding in Christus is juis om die gelowige in staat te stel om die wet te kan gehoorsaam (Lloyd-Jones, 1973:26), maar dan nie as 'n selfreddingsmiddel nie, maar as 'n riglyn vir hoe die Christen in sy nuwe verhouding tot God moet leef (vgl. Lloyd-Jones, 1973:28). Stott (1994:192) wys in dieselfde konteks daarop dat die Christen vanuit hierdie huweliksverhouding met Christus vreugde in die wet as die wil van God vind, dog, tegelyk besef dat die uitlewing van die wet nie in die wet lê nie, maar in die Heilige Gees. Lloyd-Jones (1973:96-108) beklemtoon na aanleiding van Romeine 7:6 ook dat die nuwe lewe van die Christen slegs deur die lewe onder die invloed van die Heilige Gees kan plaasvind.

Enkele opmerkings oor Lloyd-Jones se siening oor die verhouding wet-evangelie is belangrik:

- Ten opsigte van die eerste en tweede afleidings oor die gebruik van die wet, is die implikasie daarvan dat die mens nie tot 'n intense sondebesef gelei kan word sonder 'n Bybelse Godsbeskouing nie. Deur die korrekte gebruik van die wet kan mense tot 'n goeie kennis van die heiligheid van God gelei word. Daarmee word die weg gebaan vir die wet om 'n sondebesef te kweek wat as tugmeester tot Christus kan dien.
- Ten opsigte van Lloyd-Jones se verwysing na Jesus se bergpredikasie is dit belangrik om op te let dat Jesus se bergpreek in 'n groot mate 'n apologetiese karakter dra. Lloyd-Jones (1989a:101) verwys na die apologetiese karakter van Jesus se bergpreek as hy sê: "It is an exposure of the Pharisees and Scribes and of all who tended to follow them".
- Vanuit die studie oor Lloyd-Jones se siening op die *tertius usus legis* het dit duidelik geword dat die Christen se dankbaarheidslewe geformuleer

moet word vanuit die inlywing in Christus. Romeine 6 beskryf hierdie inlywing in Christus deur middel van die doop, terwyl Romeine 7 die inlywing in Christus deur die huweliksmetafoor uitbeeld.

- Dat beide Lloyd-Jones (1973:96-108) en Stott (1994:192) reg is in hulle beklemtoning dat die inlywing in Christus en die nuwe lewe in Christus onder die invloed van die Heilige Gees plaasvind, word bevestig deur Floor (1983:1-131) se intensiewe ondersoek na die doop in die Nuwe Testament. Floor (1983:55) dui aan dat die doop in Christus volgens Romeine 6 die sogenaamde Geestesdoop of die doop met die Heilige Gees is. Hieruit is dit duidelik hoe belangrik die doop met die Heilige Gees is vir die nalewing van die wet as dankbaarheidsriglyn.

- By die gevolgtrekkings wat hier gemaak word, is dit egter belangrik om Lloyd-Jones se siening op wat met die woord *wet* in Romeine 7 bedoel word, te evalueer. Daar is in die teologie verskeie standpunte oor wat met die woord *nomos* in Romeine 7:1 bedoel word. Alhoewel die meeste verklaarders van Romeine 7:1 stellings maak oor wat met *nomos* bedoel word, is daar weinig wat hulle stellings duidelik motiveer – so ook Lloyd-Jones.

  Lloyd-Jones (1973:15) se uitgangspunt is dat *nomos* in Romeine 7:1 na 'n universele wet verwys: "The apostle here is patently referring to law in general, universal law". Volgens Lloyd-Jones (1973:15) sluit hierdie *universal law* wel die wet van Moses in. Op bykans dieselfde wyse stel Du Toit (1989:202) dit as hy *nomos* in Romeine 7:1 as die Mosaïese wet sien – dog, na aanleiding van die huweliksbeeld in Romeine 7:2 en 3 ook aan die Grieks-Romeinse huwelikswetgewing dink.

  Lloyd-Jones (1973:15) lewer kritiek op verklaarders wat onder *nomos* in Romeine 7:1 slegs die Mosaïese wet sien. Hy (1973:15) argumenteer dat so 'n siening teenstrydig is met die apostel se bedoeling met Romeine 7. Volgens Lloyd-Jones (1973:14) is die bedoeling van Romeine 7 "the Christian in his relationship to the Law, and in particular as regards his sanctification".

Met hierdie standpuntinname sou Lloyd-Jones dus ook krities moes gestaan het teenoor die wyse waarop die 1983-vertaling Romeine 7:1 vertaal, naamlik: "Julle weet, broers, - en ek praat met mense wat op hoogte is van die wet van Moses – dat die wet gesag het oor 'n mens so lank as hy lewe". Alhoewel die uitdrukking "van Moses" nie in die Grieks (vgl. Aland *et al.*, 1966:545) na vore kom nie,[31] sien sommige Skrifverklaarders dit so dat die apostel Paulus na die wet van Moses, in die sin van die Dekaloog as sedewet, verwys (vgl. Hendriksen, 1980:214-215; Van Bruggen, 2001:220-221; Van der Waal, 1970:97-110). Die sedewet staan hier dus teenoor die seremoniële wet van die Ou Testament.

Behalwe vir Du Toit (1989:202) en Lloyd-Jones (1973:15) wat onder die woord *nomos* in Romeine 7:1, 'n algemene wet sien, is daar ook Hodge (1947:215), Jager (s.j.:101) en Morris (1988:270).

Die verklaring van wat Paulus met *nomos* in Romeine 7:1 bedoel, is egter belangrik genoeg vir die verklaring van Romeine 7 en vir die verhouding wet-evanglie, dat bloot by bogenoemde standpunte volstaan kan word.

Volgens Jager (s.j.:103-105), Van Bruggen (2001:192-223) en ook Zodhiates (1984:1740),[32] is dit duidelik dat die woord *nomos* nie in elke teks dieselfde betekenis het nie. Wat die woord *wet* beteken, moet telkens in sy eie verband verstaan en verklaar word.

Vanuit laasgenoemde standpunt en in die lig van die beredenering wat hieronder volg, blyk dit dat in Romeine 7:1, na meer as bloot 'n algemene en na meer as die Mosaïese wet verwys word, maar ook na die

---

31 Vanuit Metzger (1971:505-541) blyk ook geen tekskritiese probleme rondom Romeine 7:1-6 nie.

32 Zodhiates (1984:1740) wys dat *nomos* in Romeine 4:15 en 5:13 'n wet in die algemeen beteken maar in Matteus 5:17 en 18, 7:12 en 23:23, Lukas 2:22, Johannes 7:51 en 8:5 verwys *nomos* na die wet van Moses in die sin van sedelik en seremonieël, terwyl Jager (s.j.:103) sê dat *nomos* dikwels na die Pentateug en soms selfs na die hele Ou Testament verwys. Ten opsigte van die inhoudelike betekenis van die woord self, beteken *nomos* soms 'n mag, 'n invloed, 'n dwang, 'n onderwysing en ook 'n lewensreël (Jager, s.j.:104).

verdraaide verklaring van die Dekaloog soos deur die Skrifgeleerdes en Fariseërs. Die beredenering is as volg:

- Beide De Bruyn (1993:18-19) en Kaiser (1983:308) wys daarop dat die wet van Moses nooit met die oog op selfredding deur die onderhouding daarvan gegee is nie.
- De Bruyn (1993:18-19) verwys na die inleidingswoorde van die Dekaloog volgens Eksodus 20:2 en Deuteronomium 5:6, naamlik: "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny bevry het" (1983-vertaling). Hieruit vloei De Bruyn (1993:19) se standpunt dat Israel op grond van hulle redding uit Egipte (God se indikatief) die wet uit dankbaarheid (God se imperatief aan die mens) moes onderhou. Daarom het die Dekaloog nie 'n dwangkarakter nie (De Bruyn, 1993:19).
- Op grond daarvan dat die wet nooit gegee is as 'n wyse waarop selfredding kan plaasvind nie, redeneer Kaiser (1983:308), kan die Psalmdigter van Psalm 19 die wet se skoonheid besing. Hendriksen (1980:214) redeneer op dieselfde wyse as hy na Psalm 119 verwys.
- Jesus stel dit, volgens Matteus 5:17-21, dat nie 'n letter of letterstrepie van die wet sal wegval nie. Vanaf Matteus 5:21-48 hanteer Jesus verskeie verdraaide opvattinge van die Skrifgeleerdes en Fariseërs oor die wet. Juis op grond hiervan wys Lloyd-Jones (1989a:101) dat Jesus se bergpreek in 'n groot mate 'n reaksiegeskrif is teen die vals beskouing van die wet deur die Skrifgeleerdes en Fariseërs. In hierdie opsig is daar 'n teenstrydigheid in Lloyd-Jones se beredenering oor die rol van die wet ten opsigte van die Ou-Testamentiese kerk. Enersyds kritiseer hy (1989a:100) die Skrifgeleerdes en Fariseërs oor hulle standpunt dat hulle deur wetsonderhouding hulleself kan red, andersyds verklaar hy (1973:25) dat die wet in die Ou-Testamentiese tyd as 'n redmiddel gegee is.
- 'n Uitspraak deur Jesus aan sy dissipels wat verder in gedagte gehou moet word, is opgeteken in Matteus 28:18-20: "Jesus kom toe nader

en sê vir hulle: 'Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld'" (1983-vertaling). Tussen die verskillende opdragte deur, gee Jesus aan sy dissipels ook dié opdrag dat hulle die mense moet leer om alles te onderhou wat Hy hulle beveel het.

- Hieruit kan afgelei word dat die apostels in hulle briewe aan die gemeentes die volgelinge van Jesus geleer het om alles te onderhou soos wat Hy hulle beveel het. Die bergpreek, as 'n apologetiese preek teen die vals verklaring van die wet deur die Skrifgeleerdes en Fariseërs, is dus hierby ingesluit. Die kern van die vals verklaring van die wet deur die Skrifgeleerdes en Fariseërs, is dat hulle die wet as 'n wyse waarop jy jou voor God moes regverdig, gesien het (vgl. Lloyd-Jones, 1989a:100).
- Wanneer Paulus dus op 'n negatiewe manier van die wet praat, dan kan afgelei word dat hy enersyds na die wet as selfreddingsmiddel verwys (Hendriksen, 1980:214) en andersyds na die verdraaide opvattinge van die Skrifgeleerdes en Fariseërs (Van der Waal, 1970:97-110) – anders sou hy in stryd wees met Jesus se uitspraak oor die wet in Matteus 5:17-20.
- Hieruit word die gevolgtrekking gemaak dat die gelowige in Christus vry is van die vals en verdraaide verklaring van die wet soos deur die Skrifgeleerdes en Fariseërs en ook vry is van die wet van Moses as 'n middel waardeur selfregverdiging voor God verdien word. Dit kan ook gestel word dat dit beter is om in Romeine 7:1 nie die uitdrukking "wet van Moses" te gebruik nie, maar eerder met die woord "wet" te volstaan. Dit laat aan die verklaarder van Romeine 7 die taak om op al die moontlike betekenisnuanses van die woord *nomos* in te gaan.

## 5.7 Die verhouding sonde-verlossing by Lloyd-Jones

"Wat oor die sonde gedink word, is immers beslissend vir die leer van die versoening", sê Jonker (1994:62). Jonker (1994:62) maak hierdie stelling na aanleiding van 'n behandeling van Artikels 14 en 15 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Hierdie twee artikels handel oor die radikale verdorwenheid van die mens. Dwarsdeur die Bybel en in die geskiedenis van die kerk loop sonde en verlossing hand aan hand (vgl. McGrath, 1995:27-33). Laasgenoemde stelling word duidelik in 'n werk van Douma (1999:145-174) as hy in 'n hoofstuk wat oor "Christus en onze verzoening" handel, met "Het kwaad van de sonde" begin.

Daarom sou hierdie studie Lloyd-Jones se teologie 'n onreg aandoen as dit nie sou wys op die noue verbintenis van sy sondeleer met sy verlossingsleer nie.

Lloyd-Jones (1985:270-274) gebruik Romeine 1:16 en 17 om die verhouding tussen sonde en verlossing te illustreer. Op 'n organiese wyse, logies vanuit eksegese van die teks, stel hy (1985:270-274) die verhouding sonde-verlossing in 'n preek aan 'n gemeente.

Lloyd-Jones (1985:270) formuleer vanuit Romeine 1:16 vir die gemeente die vraag waarom Paulus nie vir die evangelie skaam is nie. Die antwoord daarop is: "it is the power of God unto salvation" (Lloyd-Jones, 1985:271). Hiermee maak hy die deur oop om die woord "salvation" te verklaar.

Die woord "salvation" beskou Lloyd-Jones (1985:271) as die fondasiewoord in die Nuwe Testament. Aanvanklik gee hy (1985:271) 'n woordeboekverklaring van die woord naamlik "safety", "healing" en "soundness".

Dit is vir hom ook belangrik dat die gemeente sal verstaan dat die gedagte van "saved *from* something" in die woord opgesluit is (Lloyd-Jones, 1985:271). Dit is in ooreenstemming met Zodhiates (1984:1760-1761) wat die woord "salvation" vanuit die Griekse term *soteria* in Romeine 1:16 as "deliverance" verklaar.

Met die beklemtoning op die feit dat *soteria* redding vanuit iets beteken, wys Lloyd-Jones (1985:272) dat die term "salvation" nie los van die Bybelse sondeleer verstaan kan word nie: "To understand the real meaning of salvation, we must also understand what happened to man as the result of the Fall, and as the result of sin".

Na aanleiding van laasgenoemde stelling leer Lloyd-Jones (1985:272) die gemeente hoe belangrik die eerste drie hoofstukke van die boek Genesis is. Vanuit die woordeksegese van *soteria* en vanuit die verband met Genesis 1-3 kom Lloyd-Jones (1985:273) tot die konklusie: "What, then, does salvation mean? In the first place, salvation, obviously, must mean that man is delivered from sin".

Op 'n skitterende wyse wys Lloyd-Jones (1985:273-274) dat die verlossing vanuit sonde drievoudig is: "There is a threefold deliverance from sin in salvation". Die drievoudige verlossing is:

- *Eerstens*, verlossing vanuit die skuld van sonde: "First and foremost man needs to be delivered from the *guilt* of sin" (Lloyd-Jones, 1985:273). Dat Lloyd-Jones hiermee 'n belangrike Bybelse tema aansny, is duidelik in die lig van 'n opmerking deur McGrath (1995:29) oor die skuld van sonde: "A central biblical theme concerns sin as guilt".

  Lloyd-Jones (1985:273) staaf sy stelling oor verlossing vanuit sondeskuld eksegeties deur op Romeine 1:18 tot aan die einde van hoofstuk 3 te wys. Volgens Lloyd-Jones (1985:273) is die apostel Paulus se beweegrede vir hierdie hoofstukke om die mens se sondeskuld te bewys.

  McGrath (1995:30) toon aan dat sondeskuld in wese 'n gebroke verhouding tussen partye behels. Die gebroke verhouding wat tussen God en mens ontstaan het as gevolg van sondeskuld het God se oordeel tot gevolg. "Salvation" is redding vanuit sondeskuld en gevolglik van die oordeel van God (Lloyd-Jones, 1985:273) sodat die gebroke verhouding weer herstel kan word.

  Die wyse waarop die mens vanuit sy sondeskuld gered word, is slegs en alleen deur die kruis van Christus (MacArthur, 1994:103).

- *Tweedens*, verlossing vanuit die mag van sonde: "The second thing that we need in this respect is to be delivered also from the *power* of sin" (Lloyd-Jones, 1985:273).

  Die mens is, volgens Lloyd-Jones (1985:273), sedert die sondeval die slawe van sonde. Ridderbos (1971:120) sê in ooreenstemming hiermee: "De zonde wordt daarbij telkens voorgesteld als een persoonlijke macht, een heer, onder wiens heerschappij men als slaaf verkocht is en nu voorts moet verkeren".

  Eksegeties verantwoord Lloyd-Jones (1985:273-274) hierdie stelling oor die verlossing uit die mag van die sonde vanuit Efesiërs 2:1-10 en Romeine 5 en 6. Ridderbos (1971:121) bevestig Lloyd-Jones se eksegetiese verantwoording as hy daarop wys dat Romeine 6:12 e.v. dié gedagte op allerlei wyses uitwerk.

- *Derdens,* verlossing van die besmetting van sonde: "But then there is a third thing, and that is the *pollution* of sin" (Lloyd-Jones, 1985:274). Met besmetting van sonde bedoel Lloyd-Jones (1985:274): "sin in the nature". Dit is in ooreenstemming met Heyns (1978:190) wat van die erfsmet as "die aangebore verdorwenheid van die ganse menslike natuur" praat.[33]

  Volgens Lloyd-Jones (1985:274) hanteer die apostel Paulus die verlossing vanuit die sondesmet in Romeine 7.[34]

---

33 Heyns (1978:190) wys daarop dat die erfsonde vanuit twee perspektiewe belig kan word, naamlik erfskuld en erfsmet. Hieruit is dit duidelik dat Lloyd-Jones se drievoudige verlossing vanuit sonde ten nouste verband hou met sy siening oor *Original Sin* (vgl. afdeling 5.2). Dit moet goed verstaan word dat hierdie afdeling (5.7) nie weer op die kwessie van *Original Sin* ingaan nie, maar slegs handel oor Lloyd-Jones se beklemtoning van die verlossing uit sonde. Dit is dan duidelik dat Lloyd-Jones se drievoudige verlossing veral oor verlossing vanuit die erfsonde handel. Laasgenoemde stelling is 'n logiese afleiding in die lig van Lloyd-Jones se beklemtoning dat die mens se groot probleem in sy aard eerder as in sy dade lê (vgl. afdeling 5.3.2).

34 Alhoewel Lloyd-Jones hiermee die verhouding tussen sy sonde en-verlossingsleer afgehandel het, is sy eksegese van die woord *soteria* nie afgehandel nie. Hy (1985:275) wys voorts nog op die feit dat "salvation" nie net verlossing vanuit sonde op die drievoudige wyse behels nie, maar ook dat die

Lloyd-Jones (1985:274) se finale konklusie oor die verhouding sonde-verlossing is: "It is an entire deliverance". Heyns (1978:192) kom na 'n behandeling van die erfsonde en die verlossing in Christus tot dieselfde konklusie: "Daardeur word die totale mens, en die uitverkore gelowige mensheid, nuwe mense".

In die lig daarvan dat die sondeskuld en die sondesmet algeheel is (Adams, 1979:140-141), is God se totale verlossing in Christus Jesus, soos Lloyd-Jones dit met sy drievoudige verlossing aandui, aangrypend.

Uit dié hoofstuk is dit duidelik dat Lloyd-Jones 'n suiwer en Bybelse sondebeskouing handhaaf en is hierdie faset van die sentrale teoretiese argument van die studie aangetoon. Die volgende hoofstuk dui aan dat sy Bybelse sondebeskouing steeds betekenisvol in die apologetiek aangewend kan word.

---

woord beide op die herstel van die mens se verhouding met God en die Bybelse hoop op verheerliking vir die verloste mens wys.

# HOOFSTUK 6

## 6. LLOYD-JONES SE APOLOGETIESE TOEPASSINGS-VELDE

### 6.1 Inleidend

Sommige toepassingsvelde het deur die loop van die studie genoegsaam aandag gekry soos die leer van self-ekspressionisme (afdeling 3.3), die sogenaamde opregtheidsindroom (afdeling 3.5) en die leer van godsdienstige pluralisme (afdeling 3.5).

In hierdie hoofstuk word gefokus op toepassings wat nie in die studie na vore gekom het nie of nie in die betrokke konteks uitgewerk is nie, naamlik die Rooms-Katolisisme, die Arminianisme, die Darwinistiese evolusieleer en die kulte *Christian Science*.

### 6.2 Die Rooms-Katolisisme

#### 6.2.1 Die konteks van Lloyd-Jones se apologie oor die Rooms-Katolisisme

Murray (1990:444-450), Lloyd-Jones se biograaf, plaas Lloyd-Jones se standpunt oor die Rooms-Katolisisme teen 'n duidelik apologetiese agtergrond. Die konteks is die kerklike verval in Engeland in die sestigerjare van die vorige eeu binne die sogenaamde evangeliese[35] kringe. Die kerklike verval, volgens Lloyd-Jones, kom na vore in die gesindheid van die evangeliese kerkleiers teenoor die protestantse belydenisskrifte (Murray,

[35] Die woord "evangeliese" word in hierdie studie vir die Engelse term "evangelical" gebruik.

1990:438 en 439) asook 'n "unwillingness to insist upon Scripture" (Murray, 1990:444).

Die opdrag om tussen waarheid en dwaling te onderskei en om vir die evangelie te stry, was volgens Lloyd-Jones, laag op die prioriteitslys in evangeliese kringe (Murray, 1990:444).

Volgens Murray (1990:444) het Lloyd-Jones in sy standpunte teenoor die kerklike verval in evangeliese kringe dikwels alleen gestaan.[36]

Alhoewel Murray (1990:444) Lloyd-Jones se standpunt oor die Rooms-Katolisisme tereg in apologetiese verband plaas, wys hy tegelyk hoe Lloyd-Jones se standpunt oor dié kerk ook met sy sondeleer verband hou. In verband met die Rooms-Katolisisme wys Lloyd-Jones, volgens Murray (1990:444), dat as gevolg van die sondeval voortdurend gewaak moet word teen dinge wat op die oog af goed en reg lyk, dog, as gevolg van "the wiles of the devil" nie werklik is wat dit voorgee om te wees nie.

Laasgenoemde is een van Lloyd-Jones (2003:2-3) se groot kritiekpunte teen die Rooms-Katolisisme, naamlik dat dié kerk op die oog af baie ortodoks lyk in kernbelangrike sake soos Jesus as die Seun van God, sy maagdelike geboorte, sy menswording, sy wonderwerke, sy versoeningsoffer aan die kruis en sy fisiese opstanding uit die dood. Dog, op 'n baie subtiele wyse, voeg die Rooms-Katolieke Kerk sekere dinge by hierdie waarhede wat

---

36 Lloyd-Jones (1994:46) skryf in 'n brief aan sy vrou, Bethan Lloyd-Jones: "It is very difficult in these present days to be Calvinistic". Sy redes is dat dit vir hom voel asof 'n teoloog met Calvinistiese oortuigings byna van almal moet verskil en dat selfs "evangelicals" gekritiseer moet word (Lloyd-Jones, 1994:46). Ten spyte van sy wroeging om van evangeliese kerkleiers te moet verskil, is Lloyd-Jones se respek vir die Calvinistiese wyse van dink so groot dat hy nie anders kan nie. Hy (1994:46) sê in hierdie verband: "It does show that Calvinism is a perfect system, with teaching on every aspect of the truth". Jordaan (2002:4-5) wys hoe veral die reformatoriese beginsel van "altyd nader aan God se Woord", bereidheid vra om teen die stroom van die wêreld in te gaan en dikwels onpopulêre besluite te neem. Hierdie soort moed is slegs deur die krag van die Heilige Gees moontlik (Jordaan, 2002:5). In die lig van Jordaan (2002:4-5) se beklemtoning, is dit interessant dat Smith (2003:4) Lloyd-Jones se eensaamheid in evangeliese kringe juis aan sy standpunt oor die Bybel as die Woord van God verbind: "But, lonely or not, he was to stand, at times almost alone, in his fidelity to the Bible as the Word of God".

uiteindelik daartoe lei dat dié waarhede ontken word (Lloyd-Jones, 2003:5). Hierdie subtiele verwringing van die waarheid laat Lloyd-Jones (2003:2) die ontsettend skerp opmerking oor die Rooms-Katolieke Kerk maak: "I would not hesitate to assert that this system, known as Roman Catholicism, is the devil's greatest masterpiece!"

In die lig van hierdie skerp opmerking is dit nodig dat daar in meer besonderhede gekyk word na Lloyd-Jones se standpunte oor die Rooms-Katolieke Kerk. Lloyd-Jones se apologie kan in algemene en meer spesifieke opmerkings verdeel word.

### 6.2.2 'n Algemene apologie oor die Rooms-Katolisisme

By 'n studie van Lloyd-Jones (2003:1-12) se standpunte oor die Rooms-Katolisisme kan die volgende algemene sake onderskei word:

- Hy (2003:2) maak dit duidelik dat hy in sy apologie nie individue op die oog het nie, maar die Rooms-Katolisisme as 'n sisteem.[37] Lloyd-Jones het nooit, volgens Murray (1990:446), mense opgestook om vyandig gesind te wees teenoor lidmate van die Rooms-Katolieke Kerk nie. Inteendeel, Lloyd-Jones (2003:2) was van mening dat: "You can be a Christian and yet be a Roman Catholic". Rooms-Katolieke Christene is Christene ten spyte van die sisteem en nie as gevolg van die sisteem nie (Lloyd-Jones, 2003:2).
- Die Rooms-Katolieke Kerk se dogma is 'n vals namaaksel (*counterfeit*) van die ware Bybelse leer oor die kerk en mense wat dié vals leer aanvaar, glo 'n leuen (Lloyd-Jones, 2003:3). In die verband kom Lloyd-Jones (2003:3) met 'n tweede baie skerp opmerking oor die Rooms-Katolieke Kerk: "She is, as the Scripture puts it, 'the whore'".

[37] Hegger (s.j.:43-44) maak in verband met die Rooms-Katolisisme as 'n stelsel die belangrike opmerking dat van dié kerk as 'n stelsel gepraat kan word omdat Rome haarself buite die kontrole van die Bybel geplaas het. Rome kan nie deur die Skrif tot orde geroep word nie, aangesien sy die tradisie as haar norm neem (Hegger, s.j.:44). Daarteenoor staan Protestantse kerke onder die gesag van

Lloyd-Jones (2003:2) gebruik in dieselfde konteks ook die uitdrukking "apostasy" om die Rooms-Katolieke Kerk se posisie te beskryf. Sy definisie van "apostasy" is: "a kind of total departure from the Christian Truth" (Lloyd-Jones, 2003:2). In die meer spesifieke apologie, gee Lloyd-Jones sy Bybelse beredenering en bewyslewering vir die stelling (vgl. 6.2.3).

- Lloyd-Jones (2003:3) wys op die baie gesigte van Rome: "She can appear to be everything and all things to all men". In die verband gee hy 'n voorbeeld van hoe Rome die lees van die Bybel in verskillende lande hanteer. In ongeletterde lande word lidmate van die Rooms-Katolieke Kerk verbied om die Bybel lees (Lloyd-Jones, 2003:3). In sulke lande word bygeloof doelbewus aangewakker (Lloyd-Jones, 2003:3). In geletterde lande egter, soos die VSA en Engeland, word Rooms-Katolieke lidmate aangemoedig om die Bybel te lees[36] (Lloyd-Jones, 2003:3).

### 6.2.3 'n Spesifieke apologie oor die Rooms-Katolisisme

Ten opsigte van Lloyd-Jones (2003:4-11) se spesifieke apologie oor die Rooms-Katolieke Kerk, is daar drie hoofsake wat hy hanteer, naamlik:

- die kerk se afgodery en bygeloof;
- die kerk se leer en sisteem wat tussen die mens en Christus te staan kom;
- die kerk se leer oor die regverdiging deur die geloof alleen.

Dié drie sake word vervolgens in meer besonderhede bespreek.

---

die Woord en daarom kan enige stelsel in die Prostestantse kerke deur die Skrif vernietig word (vgl. Hegger, s.j.:43).

36 Boettner (1962:97) sê dat die rede waarom die Rooms-Katolieke Kerk die lees van die Bybel in sommige lande toelaat, dit lande is waar die Rooms-Katolieke Kerk sterk kompetisie van die Protestantisme het. Hy (1962:97) wys egter ook op die streng voorwaardes aan lidmate waar die Bybel selfstandig gelees mag word, naamlik dat dit slegs sekere Rooms-Katolieke vertalings mag wees "each of which contains a set of notes printed on the same page with the text and giving the Roman Catholic interpretation of disputed passages".

#### *6.2.3.1 Die Rooms-Katolieke Kerk se afgodery en bygeloof*

Lloyd-Jones (2003:4) maak die stelling dat die Rooms-Katolieke Kerk homself skuldig maak aan afgodery en bygeloof. Dié kerk leer sy lidmate om beelde en relekwieë te aanbid (Lloyd-Jones, 2003:4). Lloyd-Jones (2003:4) gebruik die voorbeeld van 'n beeld van die apostel Petrus in die St. Peters Katedraal waarvan die beeld se tone deur Rooms-Katolieke lidmate blink gesoen is in hulle aanbidding van die beeld.

Op dieselfde wyse word oorblyfsels soos stukkies klere of been van sogenaamde heiliges aanbid.[39] Hierdie relekwieë word op spesiale plekke in katedrale neergesit sodat lidmate daarvoor kan buig (Lloyd-Jones, 2003:4).

Beide die aanbidding van beelde en relekwieë laat Lloyd-Jones (2003:4) uitroep: "This is nothing but sheer idolatry". Die erns hiervan is dat afgodery in die Ou en Nuwe Testament baie skerp afgewys word. Alhoewel in die konteks van die onderskeid tussen die Rooms-Katolieke mis en die nagmaal van die Here, wys De Bruyn (1997:204) na aanleiding van Deuteronomium 27:15 dat afgodery deur God vervloek is. Die Rooms-Katolieke Kerk moedig egter afgodery doelbewus aan (Lloyd-Jones, 2003:4) en bring daardeur veral goedgelowige en ongeletterde lidmate se ewige saligheid in gedrang.

Vanuit laasgenoemde opmerking is Lloyd-Jones se apologie aan die Rooms-Katolieke Kerk soos dit in die volgende afdeling uiteengesit word, van besondere belang.

---

[39] Boettner (1962:288-295) se uiteensetting van die wyse waarop die Rooms-Katolisisme van relekwieë gebruik maak en wat alles tot relekwieë verklaar word, is skrikwekkend. Relekwieë wissel van stukkies been van Rooms-Katolieke heiliges, stukkies hout van die kruis van Christus, dorings van Jesus se doringkroon, linne van Maria, haar trouring, haar haarlokke tot besittings van ander heiliges en martelare (Boettner, 1962:288-289). Die verhaal word vertel van 'n sogenaamde heilige se beendere wat verskeie wonderwerke sou bewerkstellig het, maar dat die beendere in werklikheid dié van 'n bok was (Boettner, 1962:289). Boettner (1962:289) wys dat die mate van bonatuurlike krag van 'n relekwie en die mate van eerbied wat daaraan geheg word, in 'n groot mate afgehang het van die hoeveelheid opvoeding al dan nie van die aanbidder. Boettner (1962:291) som die situasie in die Rooms-Katolikeke Kerk op: "The whole Roman Catholic world is full of frauds of this kind".

### *6.2.3.2 Die Rooms-Katolieke Kerk se leer en sisteem kom tussen die mens en Christus te staan*

Volgens Lloyd-Jones (2003:4) is hierdie klag in baie opsigte die mees intense van alle klagtes wat hy voor die deur van die Rooms-Katolieke Kerk lê. Die rede waarom hierdie klag vir hom so intens is: "She claims that she is essential to salvation" en die gevolg hiervan is: "She puts herself between my soul and the Lord Jesus Christ" (Lloyd-Jones, 2003:4).

As gevolg van die intensiteit van hierdie klag, hanteer Lloyd-Jones (2003:4-7) dit in meer diepte. Die volgende kom in sy beredenering na vore:

- *Die Rooms-Katolieke Kerk het 'n oop kanon.* Om aan te dui waarom die Rooms-Katolieke Kerk haarself soveel gesag toe-eien, lig Lloyd-Jones (2003:5) een van die kernprobleme in die Rooms-Katolieke Kerksisteem uit, naamlik dat dié kerk glo "that she has received 'continuing revelation'". Lloyd-Jones (2003:5) stel teenoor die Rooms-Katolieke Kerkdenke die gereformeerde standpunt dat die kanon afgesluit is: "Revelation ended with what we have in the New Testament".

  'n Subtiele verwringing van die waarheid kom dan juis hier na vore, naamlik dat die Rooms-Katolieke Kerk wel die Bybel as die gesagvolle Woord van God bely, maar haar tradisie of haar voortgaande openbaring as ewe gesagvol beskou[40] (Lloyd-Jones, 2003:5).

[40] Ter ondersteuning en bevestiging van hierdie stelling van Lloyd-Jones, word op Boettner (1962:77) gewys wat die gesagvolle Konsilie van Trente gebruik om die verhouding tussen die Woord van God en die tradisie by Rome aan te wys. Boettner (1962:77) stel Rome se standpunt hieroor: "... the Word of God is contained both in the Bible and in tradition, that the two are of equal authority". Dit is egter belangrik om op te let dat die Rooms-Katolieke Kerk hierdie standpunt steeds met krag handhaaf. Wentsel (1990:232-233) wys in 'n studie waarin hy op nuwe ontwikkelinge in die Rooms-Katolieke Kerk se leer oor die kerk fokus, dat dié kerk tydens die Tweede Vatikaanse Konsilie (1962-65), hulle standpunt oor die verhouding Skrif-tradisie soos tydens die Konsilie van Trente (1545-63) geformuleer, steeds onderskryf. Daarom konkludeer hy: "Hiermee werd dus ook in de 20e eeuw de Trentse lijn doorgetrokken: de Schrift is als sodanig onvoldoende of insufficiënt" (Wentsel, 1990:233).

Lloyd-Jones (2003:5) kom tot die konklusie dat die Rooms-Katolieke Kerk met haar leer oor die voortgaande openbaring tweeledig fouteer, naamlik:

- o dat sy by die Heilige Skrif byvoeg;
- o dat sy van die Skrif wegneem.

Die wyse waarop die Rooms-Katolieke Kerk by die Bybel byvoeg, kom na vore deur die aanvaarding van haar tradisie as ewe gesagvol as die Woord, terwyl die wyse waarop van die Woord weggeneem word,[41] die gevolg is daarvan dat haar tradisie dikwels lynreg met Bybelse waarhede in stryd is (Lloyd-Jones, 2003:5).

Die gevolg van die standpunt dat die tradisie ewe gesagvol as die Woord van God is, is dat Rome lidmate enige iets kan leer en dan van hulle verwag om volledig daarvoor te buig (Lloyd-Jones, 2003:5). Op grond hiervan sê Lloyd-Jones (2003:5) van die Rooms-Katolieke Kerksisteem: "It is a totalitarian system".[42] Op dieselfde wyse as wat die Kommunisme en ook Hitler van mense besit geneem het, so neem die Rooms-Katolieke Kerk van haar lidmate besit en die gevolg is:

---

41 Met hierdie kritiek op die Rooms-Katolieke kerksisteem maak Lloyd-Jones van sy eie apologetiese beginsels gebruik. In afdeling 3.2 van hierdie studie is tot die volgende konklusie oor Lloyd-Jones se apologetiese werkwyse gekom: "Daar moet raakgesien word dat die vals leraar en die vals godsdienste dikwels op 'n subtiele wyse enersyds van die evangelie wegneem of andersyds by die evangelie byvoeg". Lloyd-Jones se apologetiese insig word deur MacArthur (1991:188) bevestig as hy juis in apologetiese konteks teenoor die Rooms-Katolieke Kerk 'n besonder belangrike opmerking maak: "We must hold fast to Christ's sufficiency – never adding to it or taking from it".

42 Standridge (1975:24), 'n sendeling van die *Independent Faith Mission* en 'n kenner van die Rooms-Katolisisme, sê oor die Rooms-Katolieke Kerk se totalitarisme: "It would seem to me, as shocking as this may sound, that the present ecumenical campaign of the Roman church differs little from its purpose during the tortures and massacres of the inquisition: that is, to take advantage of the times and mentality existing today to re-establish a total control over all who call themselves Christians". Hierby kan ingedagte gehou word dat Lloyd-Jones se stelling oor die Rooms-Katolieke Kerk as 'n totalitaristiese kerksisteem, in 1961 (Murray, 1990:444) gemaak is, terwyl Standridge (1975:24) sy stelling oor die totalitarisme van Rome veertien jaar later maak. Hieruit kan afgelei word dat Rome minstens wat totalitarisme betref, nie verander het nie.

"The Church is supreme and thus stands between us and the Lord Jesus Christ" (Lloyd-Jones, 2003:5).

- *Die Pous kom tussen die mens en God te staan.* Dit is nie net die kerk wat haarself soveel gesag toe-eien nie, maar ook aan die Pous word buitengewone gesag toegedig.[43] "He is said to be the Vicar of Christ" (Lloyd-Jones, 2003:5). Wanneer die Pous *ex cathedra* uitsprake maak, dan is hy volgens Rome "infallible" (Lloyd-Jones, 2003:5). Die gevolg is dat hy deur Rooms-Katolieke lidmate aanbid word op 'n wyse wat slegs die lewende en almagtige God toekom (Lloyd-Jones, 2003:5). Op so 'n wyse kom die Pous tussen die mens en God te staan en ontneem hy God sy eer.
- *Die buitengewone gesag van die Rooms-Katolieke priester in die bediening van die sakramente.* Die wyse waarop die Rooms-Katolieke Kerk buitengewone gesag aan haar priesters toeken, kom veral na vore daarin dat die priesters sogenaamde wonderwerke in die sakramente van die doop en Nagmaal kan bewerk: "They claim that the priest is able to change the water that they use in Baptism so that grace enters into it" (Lloyd-Jones, 2003:6). Hierdie gesag wat aan die priester toegeken word, veroorsaak dat hy tussen die mens en Christus te staan kom. Lloyd-Jones (2003:5-6) gee ook die Bybelse perspektief dat volgens 1 Petrus 2:9 alle gelowiges priesters is.
- *Die buitengewone gesag van die Rooms-Katolieke priester in die vergewing van sondes.* Die Rooms-Katolieke priester het volgens Rome die gesag om sondes wat deur lidmate teenoor hom gebieg word, te vergewe (Lloyd-Jones, 2003:6). Boettner (1962:202) wys vanuit amptelike dokumente van die Rooms-Katolieke Kerk dat dié kerk besluit het dat die vergifnisaksie van die priester juridies van aard

[43] Wentsel (1990:231-245) wys vanuit die kerkgeskiedenis op die stryd wat binne die Rooms-Katolieke Kerk plaasgevind het, naamlik of die Pous of 'n Konsilie die hoogste gesag in die kerk is. Nadat die Konsilie van Florence (1439-45) die primaat van die Pous bo die van konsilies gestel het (Wentsel, 1990:232), word dit met nadruk tydens die Tweede Vatikaanse Konsilie (1962-65) herbeklemtoon (vgl. Wentsel, 1990:241).

is. Die implikasie is dat die Rooms-Katolieke priester nie slegs verkondigingsmag het nie, maar dat hy sonde werklik kan vergewe. Daarsonder sou die biegstelsel nie suksesvol kon werk nie. Die Rooms-Katolieke Kerk het selfs so ver gegaan om te sê dat enigiemand wat die werklike juridiese vergifniskarakter van die priester nie aanvaar nie, verwerplik (*anathema*) is (Boettner, 1962:202).

Waar die Protestantse gelowige na die hemelse Vader gaan om in Christus vergifnis van sonde te ontvang, gaan die Rooms-Katolieke lidmaat na die priester om vergifnis van sonde te kry – ook só plaas die Rooms-Katolieke Kerk haar priesters tussen God en die mens (Lloyd-Jones, 2003:6).

- *Die Mariakulte in die Rooms-Katolieke Kerk.* Vir Lloyd-Jones (2003:6) is die Mariakulte "the most alarming" van al die dwalinge in die Rooms-Katolieke Kerk. Hy (2003:6-7) wys hoe Rome leer dat Maria die persoon is na wie die gelowige in die eerste plek moet gaan – sy, as die liefdevolle moeder van Jesus, sal ten opsigte van ons sonde 'n groter invloed op Hom kan laat uitgaan as om direk tot Hom te nader. Daarom gebeur dit in sommige Rooms-Katolieke kerkgeboue dat die Mariabeeld voor die Jesusbeeld geplaas word (Lloyd-Jones, 2003:6).

Die Mariaverering word aangeblaas deur die Rooms-Katolieke Kerk se besluit dat sy sonder sonde gebore is (*Immaculate Conception*) en dat sy sonder om te sterf, opgevaar het na die hemel, die sogenaamde *Assumption of Mary*[44] (Lloyd-Jones, 2003:7). Op hierdie manier kom Maria so op die voorgrond dat Christus op die agtergrond verdwyn (Lloyd-Jones, 2003:7).

Standridge (1975:16) wys dat die huidige Pous, Johannes Paulus II, "is considered by many to be more thoroughly devoted to the Virgin Mary than any of the recent popes". Dit word bevestig deur Van Andel

[44] De Bruyn (1970:5-6) wys hoe die godsdienstige gevoel van Rooms-Katolieke lidmate 'n groot rol gespeel het in die uiteindelike formulering van Rooms-Katolieke leerstukke oor veral Maria se sogenaamde onbevlekte ontvangenis en haar hemelvaart.

(1980:6) as hy motiveer waarom die Nederlandse teologiese tydskrif *Tenminste 1* aan die Mariologie gewy word. Hy sê: "Maar de nieuwe aandacht voor Maria-verering, die vooral door paus Johannes Paulus II wordt bevorderd, wijst op hernieuwde aktualiteit" (Van Andel, 1980:6).

'n Baie belangrike opmerking wat Standridge (1975:15) vanuit amptelike Rooms-Katolieke dokumentasie oor Maria maak, is dat Maria nie slegs meer as ooit tevore vereer word nie: "but she is considered a means of bringing man to salvation". Hieruit is dit duidelik dat Lloyd-Jones se stelling dat die Rooms-Katolieke Kerk ook deur die Mariakulte tussen God en die gelowige te staan kom, waar is.

- *Die meriete van die "saints".* Lloyd-Jones (2003:7) se laaste argument oor sy stelling dat die Rooms-Katolieke kerksisteem tussen die mens en Christus te staan kom, fokus op die sogenaamde *saints*. Lloyd-Jones (2003:7) verbind die rede waarom Rome haar lidmate leer om tot die "heiliges" te bid, aan die leer van Perfeksionisme: "They believe in Perfectionism in this life". Die heiliges is mense wat so volmaak tydens hulle aardse lewe geleef het dat hulle 'n buitengewone hoeveelheid meriete by God opgebou het: "The result is that you and I, who may be failing and who are lacking in merit, can go and pray to the saints and ask them to give us a certain amount of their superabundance" (Lloyd-Jones, 2003:7). Hieruit maak Lloyd-Jones (2003:7) sy logiese gevolgtrekking dat Christus se meriete vir die Rooms-Katolieke Kerk nie genoegsaam is nie en so kom ook die *saints* tussen Christus en die gelowiges te staan.

#### *6.2.3.3 Die Rooms-Katolieke Kerk se leer oor die regverdiging deur die geloof alleen*

Dit is nie vreemd dat Lloyd-Jones (2003:7-8) apologeties optree oor die Rooms-Katolieke Kerk se leer oor die regverdiging deur die geloof alleen nie. Die leer oor die regverdiging deur die geloof alleen, is een van die grootste verskilpunte tussen die Rooms-Katolisisme en die Protestantisme, daarom

haal Lloyd-Jones (2003:7) oor hierdie leerstuk vir Luther aan: "... this is the test of a standing or a falling Church".

Wat leer Rome, volgens Lloyd-Jones (2003:8), oor God se wyse waarop Hy mense red? "Roman teaching is that good works, meritorious works are possible in man, in sinful man; that man can contribute something to his own justification". Daarteenoor stel Lloyd-Jones (2003:8) die reformatoriese standpunt: "there is none righteous, no, not one" en "all our righteousnesses are as filthy rags".

Die probleem oor die wyse waarop regverdigmaking plaasvind,[45] intensiveer vir Lloyd-Jones (2003:8) as hy die Rooms-Katolieke Kerk se standpunt oor die doop stel: "... they teach that justification is the result of baptism". By die doop vind 'n tweeledige werking plaas, naamlik Rooms-Katolieke lidmate se *original sin* word uitgekanselleer en 'n regverdiging word ingegiet (Lloyd-Jones, 2003:8).

Hieruit kom Lloyd-Jones (2003:8) weereens tot die konklusie dat die Rooms-Katolieke Kerk haar lidmate van die Rooms-Katolieke kerksisteem afhanklik maak om gered te word. Hierdie wyse van dink in die Rooms-Katolieke Kerk, plaas haar lynreg teenoor Jesus se saligspreking in Matteus 5:3: "Geseënd is

[45] Wentsel (1990:242) wys daarop dat die Rooms-Katolieke Kerk tydens die Tweede Vatikaanse Konsilie (1962-65), haar standpunt oor hoe nie-christene die ewige heil kan ontvang, aansienlik uitgebrei het. Wentsel (1990:242) onderskei vier wyses: (1) Israel, as die volk van die belofte, gemaak aan Abraham, is só verbind aan God se volk; (2) God het in sy heilsplan Islamiete wat Hom as Skepper bely, dieselfde geloof as Abraham besit en die barmhartige God aanbid, opgeneem; (3) heidene wat God in beelde soek, kan die ewige lewe verwerf. Die rede is dat mense wat die evangelie van Christus nie ken nie, dog, eerlik na God soek en onder die invloed van hulle gewete sy wil nastreef, reddenswaardig is; (4) mense wat nog nie tot die belydenis van God gekom het nie, maar onder die invloed van sy genade, 'n regverdige lewenswandel nastreef, kan gered word. Wentsel (1990:243) stel in sy eie woorde die Rooms-Katolieke teoloog, Rahner, se standpunt hieroor: "Rahner poneert dat het hier gaat om het schuldeloos atheïsme; dat een rechtschapen atheïst het heil kan beërven en dat dit geschieden kan, ook al bekeert hij zich voor zijn dood niet tot een uitdrukkelijk, expliciet christendom". Hierdie uiteensetting van Wentsel bevestig Lloyd-Jones se standpunt, dat die Rooms-Katolieke Kerk regverdiging deur goeie werke leer en dat Lloyd-Jones se evaluering nie oordrewe is nie.

dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel" (1983-vertaling).

Lloyd-Jones (2003:11) se siening van hoe hierdie magtige Rooms-Katolieke kerksisteem enigsins teëgestaan kan word, bring sy warm kloppende reformatoriese hart na vore: "It is a Biblical, doctrinal, theological presentation of the New Testament Truth. That was how it was done in the 16th Century. Luther was not just a superficial evangelist, he was a mighty theologian; so was Calvin; so were all of them".

### 6.2.4 Opmerkings oor Lloyd-Jones se apologie aan die Rooms-Katolisisme

Dit is belangrik dat daar vanuit Lloyd-Jones se apologie aan die Rooms-Katolieke Kerk afleidings gemaak word:

- Daar was baie kritiek op Lloyd-Jones se skerp apologie teenoor die Rooms-Katolisisme (Murray, 1990:444-445). Murray (1990:445) haal kritiek van 'n kollega van Lloyd-Jones oor sy apologie aan: "I am sorry you should ever think it right to speak in such a way".
- Kruger (1988:119) wys vanuit 'n werk van die gewese Rooms-Katolieke professor, Hans Küng,[46] op die tipiese reaksie van Rome op skerp kritiek: "Die kerkgeskiedenis het immers bewys dat 'n bitter, fel kritiek van buite af die uitwerking het dat die Rooms-Katolieke Kerk fyngevoelig, afwerend en polemies daarop reageer".

  In die lig van Lloyd-Jones se selfverklaarde wyse waarop apologetiek beoefen moet word (vgl. Murray, 1990:681-682), naamlik dat dit moet afspeel in 'n liefdevolle omgewing – daar moet 'n ewe groot liefde

[46] Hans Küng is in 1979 verbied om as Rooms-Katolieke teoloog op te tree (Anon., 2003b:1; Nowell, 1981:11). Hierdie besluit is geneem deur die "Sacred Congregation for the Doctrine of the Faith" (vgl. Küng, 1979:75). 'n Belangrike rede is sy kritiek op die onfeilbaarheid van die Pous (Macquarrie, 1988:386). Alhoewel Küng as Rooms-Katolieke professor afgedank is, het hy tot en met sy aftrede in 1996, as professor in "Ecumenical Theology" aan die Universiteit van Tübingen gedoseer (Anon., 2003d:1). Hierdie pos kon hy beklee, aangesien die Instituut vir Ekumeniese Navorsing aan dié universiteit onafhanklik van die Rooms-Katolieke Kerk gefunksioneer het (vgl. Strauss, 1998:489).

beide vir die waarheid en vir die mens wees – is dit 'n vraag waarom hy dan wel so skerp opgetree het?

Om hierdie vraag te beantwoord, moet daar veral drie sake in gedagte gehou word:

- o Die *eerste* is dat Lloyd-Jones (2003:2) se skerp apologie gerig is op die Rooms-Katolieke kerksisteem en nie op persone in die Rooms-Katolieke Kerk nie.
- o Die *tweede* en waarskynlik die belangrikste is dat daar 'n brandende begeerte by Lloyd-Jones geleef het dat mense tot die ware evangelie van verlossing in Christus Jesus sou kom.[47] Enige vals leer of vals verkondiging van die evangelie wat die ewige saligheid van mense in gedrang gebring het, het 'n heilige toorn by hom wakker gemaak.
- o Die *derde* saak hang nou saam met laasgenoemde, naamlik die feit dat Lloyd-Jones 'n man van die Woord was (vgl. hoofstuk 2). Wanneer die Woord van God nie met respek en eerbied behandel is nie en persoonlike filosofieë die oorhand gekry het, het dit skerp kritiek by Lloyd-Jones uitgelok.

Wanneer in gedagte gehou word dat die Rooms-Katolieke Kerk ten opsigte van die drie reformatoriese *solas,* naamlik *Sola Scriptura, Sola Gratia* en *Sola Fide* faal (vgl. Standridge, 1975:31-32),[48] dan is Lloyd-Jones se skerp apologetiese optrede verstaanbaar.[49]

---

47 Murray (1995:vii) wys daarop dat Lloyd-Jones sy primêre eerste roeping soos volg gesien het: "Dr Lloyd-Jones regarded himself primarily as an evangelist".

48 Standridge (1975:31-32) maak sterk uitsprake oor die Rooms-Katolieke Kerk se posisie ten opsigte van die drie reformatoriese *solas*: "First, we must remember that the sole basis of truth for the Roman Catholic church is not, has never been, and can never be, SOLA SCRIPTURA", "The Roman Catholic church has not ever taught, does not now teach, and can never teach, that man is saved by SOLA GRATIA" en "Third, we must remember that the Roman Catholic church has never taught, does not now teach, and can never teach, that the only response on the part of sinful man which God has decreed to be the method of man's entrance into grace, is SOLA FIDE". In die lig van die eeue oue gevestigde dwalinge van die Rooms-Katolieke Kerk, is Standridge se standpunte verstaanbaar, dog, Wentsel (1990:240) stel die meer gebalanseerde

- Vorster (1996:3-7) wys dat die Rooms-Katolieke Kerk, soos die meeste Christelike kerke, in 'n veranderende wêreld onder groot druk gekom het. Onder dié druk het Rome van 'n institutêre verstaan van die kerk wegbeweeg na 'n beklemtoning van die missionêre roeping van die kerk (Vorster, 1996:4).

Bremmer (1991:260) wys ook op ander positiewe veranderings in die Rooms-Katolieke Kerk. Hy (1991:260), soos Vorster (1996:4), gebruik die Tweede Vatikaanse Konsilie (1962-1965) om op veranderinge in die Rooms-Katolieke Kerk te wys. Behalwe vir die verskuiwing van die institutêre na die missionêre, wys Bremmer (1991:260) ook op:

---

en Bybelse moontlikheid: "Als Gods Gees waait, kunnen er grootse dingen gebeuren, als een derde Vaticaans concilie bijeenkomt". Wentsel se standpunt is nie net gebalanseerd en Bybels nie, maar vertoon ook geloof in die almagswerk van die Heilige Gees.

49 Daar is deurgaans in die studie gewys op Lloyd-Jones se gesindheid in die beoefening van apologetiek, naamlik om beide die waarheid en die mens lief te hê. Lloyd-Jones se gesindheid is die tipies Angel-Saksiese wyse van apologetiek beoefen. Dit is 'n apologetiek wat brûe tussen die mens met sy vals leer en die waarheid van die evangelie wil bou (vgl. Velema, 1996:11 se verwysing na die apologetiese studie van Alistair McGrath met die titel *Bridge Building*). Daarom is dit 'n belangrike vraag of daar dan geen manier sou wees om sinvol met Rome te kommunikeer nie. Standridge (1975:32) gee, ten spyte van sy skerp kommentaar op die Rooms-Katolieke Kerk, sinvolle riglyne: (1) Maak van elke vriendskap met 'n Rooms-Katolieke lidmaat gebruik om vriendelik, dog duidelik, van die ware geloof te getuig (Standridge, 1975:32). Die onderskeid tussen die Rooms-Katolieke kerksisteem en Rooms-Katolieke lidmate word so gehandhaaf. Die sisteem kan nie gewen word nie, die lidmaat wel. Die Heilige Gees bekeer mense, nie sisteme nie. (2) Moenie ekumenies met die Rooms-Katolieke Kerk in gesprek tree nie, aangesien dit die getuienis van die waarheid sou verswak (Standridge, 1975:32). Murray (1990:444) plaas in sy biografie oor Lloyd-Jones, sy apologie oor die Rooms-Katolieke Kerk, juis in 'n hoofstuk oor die ekumeniese stryd in die Angel-Saksiese wêreld van die sestigerjare in die vorige eeu. Dié stryd het ook oor gesprek, al dan nie, tussen die evangeliese kerke en die Rooms-Katolieke Kerk gegaan. (3) Tree behulpsaam en ondersteunend op ten opsigte van Rooms-Katolieke lidmate wat getuig dat hulle deur die Gees van God tot wedergeboorte gebring is (Standridge, 1975:32). Sulke mense moet versigtig daartoe gelei word om te breek met lasterlike Rooms-Katolieke leerstukke en afgodiese praktyke (Standridge, 1975:32). Wanneer Rooms-Katolieke lidmate in persoonlike kontak op 'n liefdevolle wyse die Bybelse verlossingsweg in Christus Jesus geleer word, dan kan met verwagting uitgesien word na die bekeringswerk van die Heilige Gees (vgl. Heidelbergse Kategismus Sondag 25, vraag en antwoord 65). Apologetiese arbeid wat op só 'n wyse geskied, vertoon 'n liefde vir die waarheid en vir die mens.

- o die mis wat nie meer in Latyn gelees word nie, maar in die volkstaal;
- o in verskeie Rooms-Katolieke kerkgeboue is beelde verwyder;
- o die mis word op verskeie plekke nie meer by die hoogaltaar bedien nie, maar agter 'n wit gedekte tafel;
- o die misgangers ontvang op baie plekke nie meer die sogenaamde ouwel knielende en op die tong nie, maar staande en in die hand;
- o daar is selfs moderne Rooms-Katolieke priesters wat die vraag vra of die transsubstansiasieleer presies letterlik verstaan moet word.

Standridge (1975:20) wys ook nog op priesters wat die Pous teëstaan en op die charismatiese beweging wat in die kerk posgevat het.

Lloyd-Jones (2003:10-11) maak egter oor enige moontlike verandering in die Rooms-Katolieke Kerk die stelling: "The proudest boast of the Roman Catholic Church is this, that she never changes. 'Semper idem'". Standrigde (1975:20) meen ook dat enige veranderings in die Rooms-Katolieke Kerk te hoog aangeslaan word. Hy (1975:20) wys op 'n priester wat oor die charismatiese beweging binne die Rooms-Katolieke Kerk gesê het: "In the charismatic renewal, the Virgin Mary occupies an essential place alongside the Holy Spirit. The Holy Spirit can do no other than bring one to Mary" en ook: "Our union with the Holy Spirit depends upon our union with Mary".

Oor 'n moontlike verandering in die transsubstansiasieleer wys Bremmer (1991:260) dat Pous Paulus VI in 'n ensikliek die leer oor transsubstansiasie opnuut bevestig het en dat die huidige Pous, Johannes Paulus II, dit onderskryf.

Lloyd-Jones blyk dus oor moontlike grondige verandering in die Rooms-Katolieke Kerk profeties te wees.

- Dat Lloyd-Jones die verskillende wyses waarop die Rooms-Katolieke Kerk deur haar leer en sisteem tussen die mens en God te staan kom, so skerp raakgesien het, is die gevolg van sy indringende Bybelse

sondeleer. Lloyd-Jones ontbloot die oppervlakkige Rooms-Katolieke sondekennis. Wanneer dié kerk aan blote mense die gesag gee om sonde te vergewe en selfs so ver gaan as om te leer dat die sogenaamde *saints* in die vermoë is om vir hulleself en vir ander genoegsame meriete bymekaar te maak, dan is dit die bewys dat sy nie besef dat God sonde op so 'n intense wyse haat, dat Hy 'n verterende vuur is vir enige mens wat buite Christus voor sy regterstoel sou staan. Vergelyk in dié verband hoe Hebreërs 10:19-31 dit beklemtoon dat daar slegs en alleen deur die bloed van Jesus tot God genader kan word. Dit is benouend om te sien hoe die Rooms-Katolieke Kerk haar lidmate leer dat op verskeie ander maniere tot God genader kan word, hetsy deur die priester, Maria of die "heiliges". Hierby kan die opmerkings in voetnota 35 weer nagegaan word.

Dit is ook belangrik om die Heidelbergse Kategismus, Sondag 5 en 6, in dié verband na te gaan. Sondag 5 roep die oordeel van God as straf op die sonde na vore (vraag en antwoord 12) en wys dan dat om van God se oordeel vry te kom daar aan sy geregtigheid voldoen moet word. Geen mens kan vir homself of vir 'n ander betaal nie, aangesien geen skepsel die las van die ewige toorn van God kan dra nie (vgl. vraag en antwoord 13 en 14). Die las van God se toorn oor die sonde is sò groot dat slegs die Seun van God deur die krag van sy Godheid die las van God se toorn kan dra (vraag en antwoord 17).

Die Rooms-Katolieke Kerk vertoon dus nie slegs 'n baie oppervlakkige sondeleer in die gesag wat aan priester en "heiliges" toegeken word nie, maar ook 'n baie oppervlakkige insig in God se heilige toorn oor die sonde.

- Die Rooms-Katolieke Kerk se gebrek aan Bybelse insig in die wyse waarop die mens met God versoen word, vertoon ook in die wyse waarop tydens die Tweede Vatikaanse Konsilie (1962-65) geredeneer is dat Islamiete, deur die Skepper te bely, gered kan word (vgl. voetnoot 35).

McGrath (1992:18-25) toon aan dat effektiewe apologetiek wel die skepping as 'n brug kan gebruik in die kommunikasie van die evangelie. Die skepping is 'n gemeenskaplike raakpunt tussen gelowiges en ongelowiges. Sò gebruik die apostel Paulus ook die skepping as 'n brug om met die wysgere in Atene te redeneer (vgl. Handelinge 17:16-34). Paulus gebruik egter, anders as die Rooms-Katolieke Kerk, die skepping as gemeenskaplike raakpunt tussen die heidense filosowe en die ware godsdiens, om die Ateners van die enigste en enige verlossingsweg tot die Skepper, die opgestane Jesus, te vertel.

## 6.3 Die Arminianisme

Tydens Lloyd-Jones se bediening in Londen, Engeland, was hy vir 'n tydlank medeleraar saam met dr. Campbell Morgan (Murray, 1982:369). Dr. Campbell Morgan was Arminiaans[50] in sy teologiese oortuigings (Murray, 1982:368).

Lloyd-Jones het, ten spyte van die feit dat hy en Morgan kollegas was, sterk standpunt ingeneem teenoor die Arminianisme (vgl. Murray, 1982:295), en ook die Calvinistiese standpunt positief teenoor die Arminianisme gestel.

Die volgende kom na vore:

- Lloyd-Jones is van mening dat die evangelisasiemetodes van sy tyd en die leer oor heiligmaking te mensgesentreerd is (Murray, 1982:295). Die rede waarom hy dit as te mensgesentreerd beskou het, was die "prevailing Arminian theology" (Murray, 1982:295).

---

[50] Cilliers (1996:52-53) gee vir beide die Pelagianisme en die Arminianisme dieselfde definisie naamlik: "Leringe wat almal in mindere of meerdere mate aanvaar dat die mens self tog die vermoë het om mee te werk in die uiteindelike verkryging van sy of haar saligheid, en dus nie totaal deur die sonde verdorwe is nie". Dat dieselfde definisie vir beide die Pelagianisme en die Arminianisme gegee word, is aanvaarbaar, aangesien Schulze (1991:50) aantoon dat die stryd in beide gevalle om dieselfde saak gegaan het, naamlik oor "hoe mens die saligheid verkry".

- Teenoor die mensgesentreerde Arminiaanse teologie, stel Lloyd-Jones die Calvinistiese standpunt: "It shows how the gospel begins not with man and his happiness but with God and His glory" (Murray, 1990:194). In 'n radioboodskap oor Calvyn sê Lloyd-Jones (1989c:35) van Calvyn: "For him the great central and all-important truth was the sovereignty of God and God's glory".
- Die verband tussen Lloyd-Jones (1989c:35) se apologetiese standpuntinname teenoor die Arminianisme en sy sondebeskouing, kom in dieselfde radioboodskap uit: "But sin entered and if it were not for God's grace, there would be no hope for the world".
- Tog was Lloyd-Jones van mening dat die sogenaamde "evangelicals" nie oor die kwessie van Calvinisme en Arminianisme mog verdeel nie (Murray, 1990:230).
- Na aanleiding van laasgenoemde standpunt, wys Murray (1990:233) hoe 'n kritiese vraag hieroor aan Lloyd-Jones gevra is: "If there will be Arminians in heaven why should we bother about this difference in theology?" Hierop het Lloyd-Jones drieledig geantwoord (Murray, 1990:234):
  - In die teologie moet daaraan aandag gegee word, want die Bybel gee daaraan aandag.
  - Daaraan moet aandag gegee word, want kinders van God moet sover en soveel as moontlik die Bybelse leer ondersoek en verstaan.
  - Die Bybelse leer oor die uitverkiesing soos dit deur die Calvinisme verstaan word, is dié leerstuk wat die meeste sekerheid van verlossing aan die uitverkorene gee. Die rede is dat die mens se redding volgens die gereformeerde predestinasieleer in die hande van God is en nie in die onseker en feilbare aard van die sondige mens nie.

- Ten grondslag aan Lloyd-Jones se apologie aan die Arminianisme, is sy leer oor die soewereiniteit van God: "The sovereignty of God is the foundation doctrine of all Protestant and Reformed theology" (Murray, 1990:24). Ten spyte van Lloyd-Jones se standpunt dat nie oor die verskille in Arminiaanse en Calvinistiese teologie verdeel moet word nie, is sy apologetiese hantering van die Arminiaanse dwaling baie skerp. Murray (1990:240) haal Lloyd-Jones aan: "The main en chief offspring of a false doctrine of God is Arminianism and, worse, Pelagianism".
- Lloyd-Jones se apologetiese hantering van die Arminianisme bring logies sy standpunt oor die uitverkiesingsleer na vore. Lloyd-Jones se vertrekpunt by die uitverkiesingsleer is dat die Goddelike uitverkiesing op die Bybelse sondeleer gebaseer is (Murray, 1990:243). Dit moet egter duidelik gestel word dat Lloyd-Jones oor die uitverkiesing nie slegs op die Bybelse sondeleer wys nie, maar ook op die Bybelse leer oor die Heilige Gees en die leer oor die wedergeboorte (Murray, 1990:243-244).[51] Lloyd-Jones is so ernstig oor die soewereiniteit van God, naamlik dat die Heilige Gees die ongelowige tot wedergeboorte bring, dat hy van die Arminiaanse beklemtoning op die wil van die mens om vir Christus te kies sê: "Arminianism always tends to quench the Spirit by decisionism" (Murray, 1990:700).

## 6.4 Die Darwinistiese evolusieleer

Die Nasionale Sinode 2003 van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika maak in 'n mediaverklaring by die Suid-Afrikaanse regering beswaar oor die invoer van die Darwinistiese evolusieleer as 'n verpligte deel van die

---

[51] Murray (1990:245) verhaal die interessante feit dat Lloyd-Jones sy standpunte oor die Arminianisme en oor die Bybelse uitverkiesingsleer by geleentheid tydens 'n teologiese konferensie gestel het. By die geleentheid het Geraint Morgan, wat die konferensie bygewoon het, gesê: "On the last evening of the conference I came under a tremendous conviction of sin, and joining the queue to see Dr. Martyn, I reached him at just after midnight. In that conference I yielded gladly my Arminian views and came to rejoice in the doctrines of sovereign grace" (Murray, 1990:245).

skoolkurrikulum (Anon., 2003a:8). Tegelyk word aanbeveel dat Christen-ouers en Christenonderwysers toegerus moet word om die Bybelse skeppingsleer teenoor die evolusionisme te kan stel (Anon., 2003a:8).

Lloyd-Jones (1985:272-273) rus lidmate vanuit Romeine 1:16-17 in 'n preek toe oor die evolusionisme. Hy gebruik dan juis die Bybelse skeppingsleer soos dit in Genesis 1-3 opgeteken is om sy luisteraars toe te rus. Die wyse waarop Lloyd-Jones (1985:272-273) die skeppingsverhaal gebruik, staan in nou verband met sy sonde-en verlossingsleer (vgl. afdeling 5.7): "The only way to understand salvation is to see man in the garden of Eden".

Vanuit hierdie verhouding van sonde en verlossing maak Lloyd-Jones (1985:272-273) 'n toepassing op die evolusionisme. Hy wys sy luisteraars daarop dat, indien die leer van evolusionisme aanvaar word, dan is die Bybelse sonde en -verlossingsleer sinneloos: "If the theory of evolution is true, a man does not need salvation" (Lloyd-Jones, 1985:272). Spanner (1995:279) is dit hieroor eens met Lloyd-Jones as hy oor Darwin se evolusieleer sê: "The biblical concepts of sin and the Fall seemed to lose their validity".

## 6.5 Die Christian Science

In 'n hoofstuk oor Lloyd-Jones se prediking, wys Murray (1982:139) dat Lloyd-Jones veral sy sogenaamde "evangelistic sermons" gebruik het om wanvoorstellinge van die evangelie te korrigeer en om die verskille tussen vals evangelies en die ware evangelie aan te toon.

Daar is volgens Lloyd-Jones baie vals evangelies wat aan die mensdom verlossing, voorspoed, gesondheid, vreugde en vrede preek (Murray, 1982:15). Die verskil tussen die ware evangelie in Christus Jesus en allerlei vals evangelies moet duidelik uitgewys word.

In hierdie verband wys Lloyd-Jones, volgens Murray (1982:151), daarop dat aanhangers van kultes soos die *Christian Science* glo dat hulle goeie gesondheid en voorspoed kan verkry deur die navolging van die reëls van hulle kulte.

Ankerberg en Weldon (1999:105) wys inderdaad daarop dat die doel van die *Christian Science* is: "The realization of God and Good as the means to health and prosperity".

Lloyd-Jones se doel met die prediking van die ware evangelie is daarteenoor nooit blote tydelike en aardse voorspoed nie, maar is veel meer op die ewige en die sondaar se ontmoeting met God gerig. Daarom stel Murray (1982:139) Lloyd-Jones se standpunt dat alle mense in sonde dood is en eers nuut gemaak moet word voordat hy vrymoedigheid kan hê om God te ontmoet (Murray, 1982:139). Die doel van prediking in hierdie verband is om die feite van die ware evangelie teenoor die vals evangelie te stel,[52] sodat mense tot Christus kan kom en deur Hom met vrymoedigheid voor die regterstoel van God kan staan.

Lewis (1966:83) wys hoe die *Christian Science* by die Skrif byvoeg en van die Skrif wegneem. Die *Christian Science* voeg by die Skrif by as dié kulte se vader, Mary Baker Eddy (Ankerberg & Weldon, 1999:105), volgens Lewis (1966:83) sê: "I therefore plant myself unreservedly on the teachings of Jesus, of his apostles, of the prophets, and on the testimony of the Science of Mind". Die *Christian Science* neem van die Skrif weg as Eddy sê dat sonde blote onkunde is (Ankerberg & Weldon, 1999:106; vgl. ook Lewis, 1966:83).

Hiermee toon Lloyd-Jones se apologetiese beginsel dat vals leer en vals godsdienste enersyds van die Bybel wegneem en andersyds by die Bybel byvoeg (vgl. afdeling 3.2) die *Christian Science* as kultaries[53] aan.

---

52 Vergelyk afdeling 3.2 vir die feite van die ware evangelie soos Lloyd-Jones dit in apologetiese verband gebruik.

53 Stoker (1995:8) het in 'n monumentale werk oor die Jehovah-getuies as 'n onchristelike kulte die woord "kultaries(e)" as die byvoeglike naamwoord en bywoord vir 'n kulte geskep. Dit is interessant om raak te sien dat Stoker (1995:42) in 'n algemene behandeling van die eienskappe van 'n kulte opmerk: "Daarby is dit belangrik om te besef dat 'n eienskap van die kultes is dat almal van hulle oor hulle eie sogenaamde gesagvolle literatuur beskik wat hulle by die Bybel voeg of waarmee hulle die Bybel selfs as God se Woord vervang". Weereens blyk Lloyd-Jones se apologetiese insig in die eienskappe van kultes.

In die hantering van die meeste van die afdelings van hierdie studie is daar telkens gevolgtrekkings gemaak. Hierdie gevolgtrekkings het in meer besonderhede van daardie betrokke afdeling ingegaan.

In die finale slotafdeling wat hieronder volg, sal dus gepoog word om die implikasies van die gevolgtrekkings wat reeds gemaak is, te verwoord.

# HOOFSTUK 7

## 7. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS: DIE IMPLIKASIES VAN LLOYD-JONES SE SONDELEER VIR DIE APOLOGETIEK

### 7.1 Inleidend

Soos in afdeling 3.1 aangetoon is, het hierdie studie vier sake wat beklemtoon word. Die gevolgtrekkings en implikasies van die studie word in hierdie slotafdeling volgens dié vierledige beklemtoning behandel.

Heel eerste sal dus enkele gevolgtrekkings oor Lloyd-Jones as teoloog en apologeet gemaak word, daarna volg slotopmerkings oor Lloyd-Jones se apologetiese vertrekpunte, waarna enkele sake rondom sy sondeleer opgemerk sal word en ten slotte opmerkings oor sy apologetiese toepassingsvelde.

### 7.2 Gevolgtrekkings oor Lloyd-Jones as teoloog en apologeet

Alhoewel daar in hoofstuk 2 reeds gevolgtrekkings gemaak is oor Lloyd-Jones as teoloog en apologeet, is daar sekere sake wat tog buitengewoon belangrik uitstaan. Die volgende kom na vore:

7.2.1 Drie persone, elk met 'n grondige en deeglike kennis van Lloyd-Jones, naamlik Floor (1985:25), Jung (1986:10) en Murray (1982:61) sê eenstemmig dat die kragtigste invloed op Lloyd-Jones se lewe en wat tot sy bekering aanleiding gegee het, was sy insig in wat sonde werklik is. Vanuit hoofstuk 5 het die intensiteit waarmee Lloyd-Jones oor die

sonde handel, na vore gekom. Alhoewel sy hantering van die sonde altyd Bybels begrond was, is dit tog belangrik om te weet dat hy nie bloot daaroor geteoretiseer het nie, maar dit in die praktyk as 'n intense krag op sy eie lewe, beleef het.

7.2.2 Dit is tegelyk belangrik om raak te sien dat Lloyd-Jones se intense bewustheid van sonde, daartoe gelei het dat hy 'n baie goeie visie op God se wyse van versoening in Christus gehad het. Daarom kon hy die Blye Boodskap met groot krag verkondig. Alhoewel dit nie as 'n algemeen geldende reël vir alle teoloë gestel kan word nie, blyk dit tog uit die lewe van Lloyd-Jones en uit die krag van sy bedieningsjare dat daar 'n noue verband is tussen 'n intense sondebesef, die visie op verlossing en buitengewoon kragtige bedieningswerk.

7.2.3 Vir die apologetiek in besonder is dit vanuit Lloyd-Jones se apologetiese optrede duidelik dat die apologeet in staat moet wees om baie fyn en klinies te kan diagnoseer. Daar gaan te veel tyd verlore in teologiese debatte, in kerklike vergaderinge, in gesprekke met buite-kerklikes en vals godsdienste, omdat daar nie vinnig en klinies by die kern van 'n saak uitgekom kan word nie. Die konteks waarteen Lloyd-Jones sy standpunte oor apologetiek gestel het, Filippense 1, beklemtoon ook die kwessie van vermoë om die dinge waarop dit aankom te onderskei.

7.2.4 Vanuit Lloyd-Jones se leesprogram kan daar ook 'n belangrike afleiding vir die Bybelse apologeet gestel word. Hy het hom goed ingegrawe in leesstof wat sy eie standpunte met feite gevoed het soos die groot reformatore Luther en Calvyn, die Puriteine en baie ander. Hy het hom egter ook goed ingegrawe in werke soos die van Karl Barth en Hans Küng. Dit het aan hom die vermoë gegee om met gesag oor ander en vals godsdienste te praat. In die lig van sy kennis van Hans Küng, is dit te verstane dat hy apologeties met gesag oor die Rooms-Katolieke Kerk kon optree.

7.2.5 Die belangrikste kenmerk van Lloyd-Jones se leeswerk, was die feit dat hy die Bybel jaarliks deurgelees het. Nog belangriker is sy volledige aanvaarding van die Bybel as die gesagvolle Woord van God. Dit het daarop uitgeloop dat hy die Bybel met eerbied en respek behandel het en sy eksegese graag vanuit die grondtaal gedoen het. Hierby wou hy die Bybel nooit laat buikspreek nie en daarom het hy nougeset gehou by gereformeerde Skrifverklaringsbeginsels. Alhoewel nie onfeilbaar nie, maak dit nie net sy teologie in die algemeen nie, maar ook sy apologetiek in die besonder, betroubaar en gesagvol.

7.2.6 'n Baie mooi eienskap in die teologie van Lloyd-Jones kom na vore in die invloed wat die kerkverband waarin hy groot geword het (*Calvinistic Methodist*) op hom uitgeoefen het. Die huwelik tussen die Calvinisme en die Metodisme het die uitwerking op Lloyd-Jones gehad dat hy bedag was daarop om aan sy teologie 'n stewige Bybelse feitebasis te gee, dog, nooit so dat dit hard en koud geword het nie – die invloed van die metodisme.

7.2.7 Dit bly 'n baie belangrike opmerking, indien nie die belangrikste nie, dat Lloyd-Jones 'n nederige man van gebed was. Geen eksegetiese arbeid en geen apologetiese onderskeidinge, kan sinvol sonder gebed aangepak word nie.

## 7.3 Gevolgtrekkings oor Lloyd-Jones se apologetiese vertrekpunte

7.3.1 Een van die belangrikste gevolgtrekkings wat uit die studie gemaak moet word, is die wyse waarop Lloyd-Jones sy apologetiek beoefen het (vgl. afdeling 3.2):

7.3.1.1 Die gesindheid van liefde vir beide die sondaar en vir die waarheid is 'n buitengewoon belangrike apologetiese beginsel wat deur Lloyd-Jones gehandhaaf word. Apologetiek mag nie in 'n gesindheid van twisgierigheid plaasvind nie.

7.3.1.2 Die implikasie van hierdie opmerking is dat die sondaar saam met die argument gewen moet word.

7.3.1.3 Velema (1996:11) vind aanklank by 'n apologetiese werk van McGrath (1992:1-286) met die titel *Bridge Building*. Hierdie werk van McGrath kan na aanleiding van die titel van die boek getipeer word as 'n werk wat presies dit doen wat Lloyd-Jones graag met die apologetiek wil bereik, naamlik om die waarheid op so 'n manier teenoor die dwaling te bring dat brûe gebou word.

7.3.1.4 Hierdie wyse van apologetiek beoefen kan as 'n tipies Angel-Saksiese wyse beskryf word.[54] Daar is by die Angel-Saksiese apologetiek 'n baie nou verhouding met die evangelistiek (vgl. McGrath, 1992:9). Die hoofdoel van apologetiek is, volgens McGrath (1992:9) om 'n intellektuele en verbeeldingryke klimaat vir die geboorte van geloof te skep.

7.3.1.5 Om die tipies Angel-Saksiese wyse van apologetiek raak te sien, is van groot waarde vir die gereformeerde apologeet. Apologetiese arbeid is nie geslaagd as dit nie met 'n evangelistieke klank gepaard gaan nie.

7.3.1.6 Dit is vir die beoefening van 'n suiwer en betroubare apologetiek van ontsaglike belang dat die apologeet uit die Bybel sal formuleer (vgl. 5.2). Die Bybel is die bron vir betroubare apologetiek.

7.3.1.7 Dit is egter eweneens belangrik dat die formuleringe gereformeerde Skrifverklaringsbeginsels in berekening sal bring.

7.3.1.8 Lloyd-Jones se ontwikkeling van sy leer oor die erfsonde is juis betroubaar omdat hy voortdurend gereformeerde Skrifverklarings-beginsels in ag geneem het (vgl. weereens afdeling 5.2).

7.3.1.9 Hieruit is dit duidelik dat daar ook in die apologetiek soiets soos 'n verhouding tussen leer en lewe is. Tereg sê Du Toit (1988:62): "In

[54] Velema (1996:51) verwys na McGrath as 'n voorbeeld van Angel-Saksiese apologetiek.

die Reformatoriese wêreld was die verhouding tussen leer en lewe nog altyd belangrik". Die apologeet wat met die suiwer waarheid twisgierig te werk gaan, skei sy leer van sy lewe en staan skuldig aan die eis van Efesiërs 4:15 dat in liefde by die waarheid gebly moet word. Uit die konteks van Efesiërs 4:15 kan voorts afgelei word dat so 'n apologeet ook die Heilige Gees bedroef (Efesiërs 4:30). Die belang van 'n suiwer en goeie verhouding tussen leer en lewe kom veral na vore in die manier waarop Lloyd-Jones (1980:11-22) met Bybelse verbindingswoorde te werk gegaan het.

7.3.1.11 Die verhouding tussen leer en lewe in die apologetiek het ook vir die apologetiese hantering van die post-moderne mens iets te sê. Die post-modernisme heg nie waarde aan objektiewe waarhede en kerklike leerstellinge nie (vgl. McGrath, 1992:223-229; Vorster, 1996:68-70). Die post-moderne mens verwag dat sy gevoels- en ervaringsveld aangespreek moet word, aangesien sy godsdienssin meer emosioneel van aard is (Vorster, 1996:69).

McGrath (1992:225-226) sê dat die Bybelse apologeet hierin 'n geleentheid moet sien.

Aangesien die leer die post-moderne mens nie aanspreek nie, moet die apologeet die klem aanvanklik op die lewe laat val. 'n Apologetiek waarin bloot op die leer gefokus word, sal nie by die post-modernisme aanklank vind nie. Deur aanvanklik te fokus op die lewe, dit wil sê, op die emosionele kant van die post-moderne mens, kan mettertyd aan hom die leerstellige basis waarop die lewe rus, gewys word.

Alhoewel McGrath (1992:226) die Christen apologeet met voorbeelde van sake wat die emosionele ingesteldheid van die post-moderne mens sal aanspreek, help deur dit pertinent te formuleer, lê die beginsels daaragter ook in die apologetiek van Lloyd-Jones, byvoorbeeld:

- God se vermoë om die mens se diepste behoeftes raak te sien en aan te spreek (vergelyk afdeling 3.4 en 3.6;
- Die oorweldigende liefde van God soos dit in Christus Jesus se kruisdood geïllustreer word (vergelyk afdeling 3.6);
- Geloof in God bring stabiliteit en bied 'n anker in die mens se lewe;
- Die Christendom bevorder morele waardes (vergelyk afdeling 3.7);
- Christenskap gee inhoud en betekenis aan die mens se behoefte om sin te maak uit sy ervarings;
- Die Bybelse hoop bied 'n sinvolle toekomsverwagting aan.

McGrath (1992:227) se konklusie is: "Having thus established the attractiveness and relevance of God, the question of truth may be addressed" (vergelyk afdeling 3.5).

7.3.2 Behalwe dat daar 'n goeie balans tussen die waarheid en liefde in die apologetiek moet wees, is dit egter wel so dat die apologeet die dinge waarop dit aankom, moet onderskei (vergelyk 3.2).

7.3.2.1 Lloyd-Jones gebruik die brief aan die Filippense (veral 1:9, 10) om te wys hoe die apostel Paulus sake waarop dit aankom, onderskei.

7.3.2.2 Die implikasie van hierdie afleiding is dat daar in die apologetiek nie oor allerlei nietighede stryd gevoer moet word nie. In die hoofstuk oor Lloyd-Jones se toepassingsvelde, is die dinge wat hy as belangrik onderskei het, behandel.

7.3.2.3 Dit kan egter nie nagelaat word om weereens, in ooreenstemming met die stelling oor die tipiese Angel-Saksiese wyse van apologetiek, te beklemtoon dat Lloyd-Jones tussen alles wat uiteindelik wel as belangrik in die apologetiek aangetoon word, 'n kernonderskeiding maak, naamlik "It is not our wealth or poverty, our ignorance or our learning. It is just this one thing. How do we

stand with God?" (Lloyd-Jones, 1950:86). Hiermee dui Lloyd-Jones 'n kern binne die kern aan. Die konteks van Filippense 1:9 en 10 is hiermee in ooreenstemming as die apostel Paulus in vers 21 sê "want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins" (1983-Vertaling).

7.3.2.4 Drie sake is tot hier uitgelig, naamlik dat liefde 'n belangrike rol in die apologetiek speel, dat die waarheid hand aan hand met die liefde loop en dat die dinge waarop dit aankom, onderskei moet word. 'n Vierde saak wat ten nouste hiermee verband hou, is dat die waarheid van die evangelie op so 'n manier aan die moderne mens gekommunikeer moet word dat die relevansie daarvan raakgesien kan word.

Hierdie saak het bloot 'n beklemtoningsverskil met 7.2.3.5. In afdeling 7.2.3.5 is die klem op die gevoelsmatige van die post-modernisme gelê, terwyl die fokus hier op die relevansie van die evangelie is. Dit is dus een stap verder in die gesprek, sou die gesprek met die post-modernisme wees. Al sou die Christendom die emosionele behoeftes van die post-moderne aanspreek, moet dit steeds relevant wees, dus van betekenis vir hom wees.

7.3.2.5 McGrath (1992:107) maak die stelling dat een van die redes waarom mense nie die evangelie se relevansie raaksien nie, is omdat die apologeet nie die voordele van die evangelie behoorlik kommunikeer nie. Vergelyk afdeling 3.7 om te sien op watter wyse Lloyd-Jones die voordele van die evangelie beklemtoon. Vanuit afdeling 6.5 kan afgelei word dat Lloyd-Jones die waarde van die evangelie meer op die ewige toekoms van die mens fokus, alhoewel die mens se verlossing in Christus implikasies het vir sy lewe in die hede (vergelyk afdeling 5.6).

## 7.4 Gevolgtrekkings oor Lloyd-Jones se sondeleer

Afdeling 5 oor Lloyd-Jones se sondeleer bevat onderafdelings oor die Bybelse erfsondeleer, algemene eienskappe van sonde, die wyse waarop Lloyd-Jones sy sondebeskouing onderskeidelik teenoor ongelowiges en gelowiges gebruik, 'n afdeling oor die verhouding wet-evangelie asook 'n onderafdeling wat oor die verhouding sonde-verlossing handel.

7.4.1 Afdeling 5.2 wat oor die leer van *Original Sin* handel, lê ten grondslag aan Lloyd-Jones se visie op die sonde. Dit is logies dat hierdie leerstuk die fondament van Lloyd-Jones se sondebeskouing vorm, want, in die woorde van Van der Waal (1985:29): "die belydenis van hierdie dinge of die weiering om dit te bely, het ontsaglike konsekwensies".

7.4.1.1 Een van die belangrikste konsekwensies wat na vore gekom het, wanneer hierdie leer nie aanvaar word nie, is dat wie nie die inlywing van die mens by Adam behoorlik insien nie, dikwels ook nie die verlossing in Christus behoorlik raaksien nie (9.2.6).

7.4.1.2 In die lig van artikels 14 en 15 van die Nederlandse Geloofsbelydenis sê Van der Waal (1985:36) ten opsigte van die leer oor die erfsonde: "Hy wat die daad van die eerste Adam goed verstaan en erken, hy kry ook begrip vir die daad van die laaste Adam, Jesus Christus".

7.4.1.3 Soos in afdeling 5.5.4 aangetoon is dat Lloyd-Jones ten opsigte van sy algemene sondebeskouing homself op die grondslag van die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls bevind, so is dit ook duidelik dat hy homself ten opsigte van die erfsondeleer op die grondslag van die Nederlandse Geloofsbelydenis bevind.

7.4.1.4 Terwyl dit uit afdeling 5.2 duidelik is dat Lloyd-Jones sy erfsondeleer aan die hand van Romeine 5 gevorm het, en die konklusies daarvan in die Nederlandse Geloofsbelydenis teruggevind kan word, moet dit hier (soos by 5.5.4) beklemtoon

word dat Lloyd-Jones se Skrifgebondenheid tot belydenisgetrouheid lei.

7.4.1.5 Die wyse waarop Salomons (2002:9-12) die dwalinge van Spangenberg oor die erfsonde uit die Reformatoriese Belydenisse aantoon, kan vertroue inboesem, aangesien dit vanuit Lloyd-Jones se eksegese duidelik is dat die belydenisse oor jare heen steeds gesagvol gebruik kan en moet word.

7.4.1.6 Ook Schulze (1991:57-61) se stelling dat die belydenisse steeds aktueel is, word bevestig vanuit die studie oor Lloyd-Jones se erfsondeleer.

7.4.1.7 Om laasgenoemde stelling meer konkreet te bewys kan daarop gelet word dat Lloyd-Jones se hantering van die erfsondeleer weereens Augustinus se dominansie oor Pelagius bevestig. Hierdie eeue oue debat word vandag weer/steeds deur belydenisgetroue gelowiges soos Salomons versus navolgers van Pelagius soos Spangenberg gevoer (vgl. Salomons, 2002:10-11). Schulze (1991:57) is dus reg as hy aantoon dat ou dwalinge nie sterf nie, maar eerder bloot 'n nuwe baadjie aantrek.

7.4.2 Die waarde van 'n afdeling soos 5.3 oor die eienskappe van sonde is onder meer dat dit oppervlakkige sondebeskouinge soos die van De Klerk in sy boek *Die vreemde God en sy mense* uitwys. Wanneer ernstige en diepsinnige teoloë, soos Lloyd-Jones, grondige eksegese doen en daaruit die erns van die sonde aantoon, kan die hedendaagse apologeet baie daaruit put om oppervlakkige sondebeskouinge te weerlê.

7.4.3 Afdeling 5.4 oor Lloyd-Jones se gebruik van sy sondeleer teenoor ongelowiges sal veral vir die evangelis van waarde wees. 'n Bybelse sondeleer sal, as dit reg gebruik word, daartoe bydra dat die ongelowige sy sondenood voor God en die gevolglike verlossing in Christus raaksien. Alhoewel dit uit die Woord van God duidelik is dat wedergeboorte van die Heilige Gees is (vgl. Johannes 3:5), is dit uit

dieselfde Woord duidelik dat God van agente gebruik maak (vgl. Romeine 10:14). Die agent moet alles in sy vermoë doen om die Woord van God so suiwer moontlik te gebruik.

7.4.4 Lloyd-Jones se gebruik van sy sondeleer teenoor gelowiges het die opbou van heiliges op die oog (vgl. 5.5.1). Dit gebeur egter maklik dat gelowiges 'n vekeerde en ongebalanseerde sondebesef ontwikkel (5.5.2). Lloyd-Jones se wyse van werk met sulke gelowiges is veral pastoraal van aard. Die verband tussen teologiese dissiplines kom hier na vore aangesien die hantering van gelowiges met 'n ongesonde sondebesef 'n apologetiese vertrekpunt het, terwyl dit tog pastoraal in sy uitwerking is.

7.4.5 Die Puriteinse en so ook Lloyd-Jones se beklemtoning dat sonde deur die Gees doodgemaak moet word (vgl. 5.5.3) as as 'n wyse waarop die gelowige sonde kan weerstaan, is 'n vars briesie in die hedendaagse teologiese wêreld. Alhoewel die Puriteinse standpunt as eng en oudmodies afgemaak kan word, behoort dit as teenvoeter te dien vir oppervlakkige sondebeskouinge.

7.4.6 Cilliers (1996:4) se stelling, wat grondig beredeneer word, dat wettisisme springlewendig op Suid-Afrikaanse kansels is, kan teruggevoer word na die dwalinge van die Skrifgeleerdes en Fariseërs toe Jesus hulle in sy bergpredikasie apologeties weerlê het. Daarom is afdeling 5.6 oor Lloyd-Jones se gebruik van die wet steeds uiters aktueel. 'n Besonderse greep van Lloyd-Jones is om te wys hoe die wet die heiligheid van God beklemtoon en daarmee die mens soveel te meer aan sy sonde onbloot.

## 7.5 Gevolgtrekkings oor Lloyd-Jones se apologetiese toepassingsvelde

In hierdie studie het die leer van self-ekspressionisme (afdeling 3.3), die opregtheidsindroom (afdeling 3.5), die leer van godsdienstige pluralisme (afdeling 3.5), die Rooms Katolisisme (afdeling 6.2), die Arminianisme

(afdeling 6.3), die Darwinistiese evolusieleer (afdeling 6.4) en die *Christian Science* as kulte (afdeling 6.5) as toepassingsvlakke in die apologetiek van Lloyd-Jones na vore gekom.

Enkele opmerkings word oor elk gemaak:

7.5.1 Die leer van self-ekspressionisme kom na vore in Lloyd-Jones se antropologie. In die praktyk kom hierdie vals leer daarop neer dat die mens die reg het om homself, selfs ten koste van ander, volledig te laat geld. Hierdie standpunt berus op die uitgangspunt van die sogenaamde self-ekspressioniste dat die mens sekere ingebore behoeftes het en dit daarom vrylik mag uitleef. Lloyd-Jones se apologie oor hierdie vals leer bevat verskeie kernbelangrike sake:

- Die leer van die self-ekspressioniste is nie wetenskaplik op standaard nie. Die belangrike vir die apologeet om hieruit te leer, is om seker te maak dat standpunte wat voorgehou word, nie lukraak en feiteloos gestel word nie;
- Die leer van self-ekspressionisme hou nie met die Bybelse feit van die sondeval rekening nie: "The recognition of sin is really the crux of the matter" (Lloyd-Jones, 1950:23).
- Hierdie leer verlaag die mens tot op die vlak van 'n dier. 'n Dier leef sy instinkte uit. God het egter aan die mens verstand gegee waarmee hy sy lewe en verhouding tot ander mense sinvol moet uitwerk.
- Die belangrikste tekortkoming in die leer van self-ekspressionisme is dat hulle nie rekening met die Bybelse leer dat die mens na die beeld van God geskep is nie. God verwag van die mens om die beeld van Hom in die mens uit te leef. Dit is nie die self wat uitgeleef moet word nie, maar die beeld van God in die mens.

7.5.2 Die sogenaamde opregtheidsindroom as 'n toepassing in Lloyd-Jones se apologetiek en die kwessie van godsdienstige pluralisme hou met mekaar verband. Godsdienstige pluralisme as 'n feit is nie 'n probleem

nie, maar 'n gegewe. Godsdienstige pluralisme as 'n ideologie behels egter dat geen godsdiens op vasstaande waarhede kan aanspraak maak nie. Lloyd-Jones se antwoord op die probleem van godsdienstige pluralisme as 'n ideologie, fokus op 'n basiese denkfout by aanhangers van godsdienstige pluralisme as 'n ideologie naamlik dat hulle opregtheid voor waarheid plaas. Lloyd-Jones keer die volgorde om en toon grondig vanuit die Woord aan dat waarheid voor opregtheid kom[55]. Hiermee ontken Lloyd-Jones nie dat opregtheid 'n integrale deel van die aanbieding van die waarheid moet wees nie.

7.5.3 In Lloyd-Jones se apologie aan die Rooms-Katolieke Kerk, staan sy begeerte dat mense tot die Seun van God as Verlosser sal kom voorop. Hierdie begeerte dryf sy skerp apologie aan dié kerk. Lloyd-Jones het genoegsaam en grondig aangetoon dat die Rooms-Katolieke Kerk met sy onbybelse kerksisteem tussen die mens en Christus staan. Meer resente skrywers as Lloyd-Jones (1961 en 1963)[56] oor die Rooms-Katolieke Kerk, soos Standridge (1975) en Bremmer (1991), het duidelik aangetoon dat Lloyd-Jones se opmerkings steeds van krag is. Dit is duidelik dat die reformatoriese kerke ten opsigte van *Sola Scriptura, Sola Gratia* en *Sola Fide* steeds ver verwyderd van die Rooms-Katolieke Kerk staan. Dit moet egter beklemtoon word dat liefdevolle apologetiese arbeid sinvol teenoor lidmate van die Rooms-Katolieke Kerk gebruik moet word. Die kerksisteem van Rome moet nie met die lidmaat van Rome verwar word nie.

7.5.4 Lloyd-Jones lig die probleme in die Arminiaanse teologie skerp uit. Hierdie teologie fokus ongebalanseerd op die mens en daarom kan dit as 'n humanistiese teologie beskryf word. Die rede vir die

---

55 Dit is ook die denkfout by die post-moderne mens. Aangesien die post-modernisme die fokus op die gevoelsmatige plaas, verdwyn die waarheid in die agtergrond (vgl. Vorster, 1996:68-70). Daarom is daar nie plek vir vasstaande waarhede nie.

56 Lloyd-Jones se apologie oor die Rooms-Katolieke Kerk is in 1961 as 'n preek gepreek en is in 1963 gepubliseer (Murray, 1990:444).

ongebalanseerde fokus op die mens is omdat die Arminianisme nie die soewereiniteit van God behoorlik raaksien nie en dit het weer implikasies op hulle predestinasieleer. Enige teologie wat die mens as sy vertrekpunt het en nie God in sy soewereine besluitneming in ag neem nie, neem van Hom sy glorie in die redding van die mens weg. Die Arminiaanse teologie het voorts die negatiewe uitwerking op die gelowige dat hy nooit met sekerheid oor sy ewige redding kan praat nie, aangesien die hy ewe goed môre nie meer in die ware geloof kan wees nie. Die Arminianisme neem van die Bybel weg, aangesien hulle teologie tot gevolg het dat die Bybelse leer oor die Heilige Gees wat mense tot wedergeboorte bring, nie erken word nie.

7.5.5 Lloyd-Jones se apologetiese toepassing op die Darwinistiese evolusieleer, is vir *Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika* (en hopelik ook vir ander gereformeerde kerkverbande) tans van besondere belang. Die nood van die kerke met die invoer van hierdie leer in die skoolkurrikulum is in 6.4 aangedui. Indien hierdie kerkverband Lloyd-Jones se handhawing van die gesag van die Bybel as die volle Woord van God in die geheel en sy beklemtoning op Genesis 1-3 as werklike gebeure in die besonder, ook handhaaf, kan die lidmate van *gereformeerde kerke*, goed toegerus word. Indien die Bybel egter in die algemeen en Genesis 1-3 in die besonder gelees en geïnterpreteer word soos deur Spangenberg (vgl. Salomons, 2002:9), is die weg gebaan dat gereformeerde kinders die vals leer van die evolusionisme op hulle harte geskryf sal kry.

7.5.6 Volgens Matteus 6:11 is dit so dat God die mens na sy aardse behoeftes wil versorg. By die *Christian Science* word hierdie eienskap van God misbruik en die gevolg daarvan is dat die fokus van die Bybel op die verlossing van die mens vanuit sy sonde geen plek kry nie. Hiermee is dit tegelyk duidelik dat Lloyd-Jones se apologetiese reël dat vals godsdienste van die Bybel wegneem of by die Bybel byvoeg van die *Christian Science* waar is.

# BIBLIOGRAFIE


ADAMS, J.E. 1979. A theology of christian counseling: more than redemption. Grand Rapids, MI : Zondervan. 338 p.

ALAND, K., BLACK, M., MARTINI, C.M., METZGER, B.M. & WIKGREN, A. 1966. The Greek New Testament. Stuttgart : United Bible Societies. 926 p.

ANKERBERG, J. & WELDON, J. 1999. Theosophy and the theosophical society. (*In* Ankerberg, J. & Weldon, J. Encyclopedia of cults and new religions. Eugene, OR : Harvest House. p. 443-444.)

ANON. 2000. Die kruipende vyand. *Die Kerkblad*, 102(3080):20-21, Mrt.

ANON. 2003a. Evolusionisme. *Die Kerkblad*, 105(3148):8, Jan.

ANON. 2003b. Küng, Hans. [Web:] http://www.infoplease.com/ce6/people/A0828360.html [Date of access: 16 Jul. 2003].

ANON. 2003c. Portraits. Martyn Lloyd-Jones. [Web:] http://www.baptistpage.org/Nquite/NQ_portraits/jones.html [Date of access: 14 Apr. 2003].

ANON. 2003d. Professor Dr. Hans Küng (Switzerland). [Web:] http://www.un.org/Dialogue/Kung.html [Date of access: 16 Jul. 2003].

BERTRAM, G. 1964. Theological nuances of hamartia in the LXX. (*In* Kittel, G. Theological dictionary of the New Testament. vol. 1. Grand Rapids, MI : Eerdmans. p. 286-289.)

BIJL, C. 1998. De kern van het geloof volgens de Heidelbergse Catechismus: houvast en troost. Zondag 1-7. Barneveld : De Vuurbaak. 86 p.

BOETTNER, L. 1962. Roman Catholicism. New Jersey : The Presbyterian and Reformed Publishing Company. 466 p.

BREMMER, R.H. 1991. 52 open vensters. Niezijl : Boekhandel Dijksterhuis. 448 p.

CALVYN, J. 1984. Institusie van die Christelike Godsdiens 1559. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Boekefonds. 348 p.

CALVYN, J. 1986. Institusie van die Christelike Godsdiens 1559. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Boekefonds. 695 p.

CALVYN, J. 1988. Institusie van die Christelike Godsdiens 1559. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Boekefonds. 1264 p.

CATHERWOOD, C. 1992. Compiler's preface. (*In* Lloyd-Jones, D.M. 1992. The Best of Martyn Lloyd-Jones. Grand Rapids, MI : Baker Book House. p. 7-8.)

CATHERWOOD, F. 2003. Dr. D. Martyn Lloyd-Jones: his life and ministry. [Web:] http://www.mlj.org.uk/biog.html [Date of access: 14 Apr. 2003].

CILLIERS, J. 1996. Die uitwissing van God op die kansel: ontstellende bevindinge oor Suid-Afrikaanse prediking. Kaapstad : Lux Verbi. 145 p.

COOK, E.D. 1995. Pluralism. (*In* Atkinson, D.J. 1995. New Dictionary of Christian Ethics and Pastoral Theology. Leicester : Inter-Varsity Press. p 666-667.)

DAVIS, J.J. 1975. Paradise to prison: studies in Genesis. Grand Rapids, MI : Baker Book House. 363 p.

DE BRUYN, P.J. sj. Die Mariaverering in die Roomse kerk. Potchefstroom : Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 23 p.

DE BRUYN, P.J. 1992. Die New Age-beweging - oorsig en beoordeling. *In die Skriflig*, 26(2):151-168, Jun.

DE BRUYN, P.J. 1993. Die Tien Gebooie. Midrand : Varia Uitgewers. 331 p.

DE BRUYN, P.J. 1995. Skriftuurlike grondslae vir die gereformeerde teologiese etiek. *In die Skriflig*, 29(1, 2):161-180, Mrt./Jun.

DE BRUYN, P.J. 1997. Jou enigste troos: die Heidelbergse Kategismus vir die hedendaagse mens. Potchefstroom : Departement Sentrale Publikasies Potchefstroomse Universiteit vir CHO. 409 p.

DE KLERK, B.J. 1987. Die Heilige Gees en die verhouding Skriflesing, prediking en gebed in die erediens. Potchefstroom. 367 p.

DE KLERK, W. 1998. Die vreemde God en sy mense. Kaapstad : Human & Rousseau. 160 p.

DESMOND, A. 1950. Preface to the third edition. (*In* Lloyd-Jones, D.M. Truth unchanged, unchanging. Bryntirion : Evangelical Press of Wales. p.9.)

DOEKES, L. 1979. Credo. Handboek voor de gereformeerde symboliek. Amsterdam : Ton Bolland. 428 p.

DOUMA, J. 1999. Grondslagen. Christelijke etiek. Kampen : Kok. 413 p.

DU PLESSIS, M.J. 1996. Ek glo en werk. Kempton Park. 265 p.

DURAND, J.J.F. 1978. Die sonde: wegwysers in die Dogmatiek. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 158 p.

DU TOIT, A.B. 1989. Die brief aan die Romeine. (*In* Van Zyl, A.H., *red.* Verklarende Bybel (1983-vertaling). Kaapstad : Lux Verbi. p. 192-217.)

DU TOIT, D.A. 1988. Etiek en ekumene. (*In* De Bruyn, P.J. 1988. Waar die paaie saamwoon. Opgedra aan prof. P.W. Buys. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies. p. 60-71.)

FLOOR, L. 1983. Die Heilige Doop in die Nuwe Testament. Noordbrug : Potchefstroomse Teologiese Publikasies. 131 p.

FLOOR, L. 1985. Op soek na die regte sleutel: die metodologie van Skrifinterpretasie met besondere verwysing na die hermeneutiese model van D.M. Lloyd-Jones. Potchefstroom : Teologiese Skool Potchefstroom. 88 p.

FLOOR, L. 1992. Jakobus: brief van een broeder. Kampen : Kok. 214p.

FLOOR, L. 1998. Filippenzen: een gevangene over het navolgen van Christus. Kampen : Kok. 213p.

FLOOR. L. 2002. De leer van Christus: praktisch commentaar op de brieven van Johannes. Heerenveen : Uitgeverij Groen. 220p.

FLOOR, S. 1996. The Mwani courier. Pemba : Wycliffe Bible Translators. 4 p.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1976. Die berymde Psalms en Skrifberymings. N.G. Kerkuitgewers : Kaapstad. p. 678-697.

GREIJDANUS, S. 1933. De brief van den apostel Paulus aan de gemeente te Rome Amsterdam : H.A. van Bottenburg. 400 p.

GROGAN, G.W. 1995. Image of God. (*In* Atkinson, D.J. 1995. New Dictionary of Christian Ethics and Pastoral Theology. Leicester : Inter-Varsity Press. p 476-477.)

GRUNDMANN, W. 1964. Sin in the New Testament. (*In* Kittel, G. 1964. Theological Dictionary of the New Testament. Vol 1. Grand Rapids, MI : Eerdmans. p 302-316.)

HEGGER, H.J. s.j. Moeder ik klaag u aan! Den Haag : J.N. Voorhoeve. 159p.

HELBERG, J.L. 2000. So werk God: lewe uit die dood. *Die Kerkblad,* 102(3078):29-30, Febr.

HENDRIKSEN, W. 1980. New Testament commentary: Romans. Volume 1: Chapters 1-8. Edinburgh : The Banner of Truth Trust. 535 p.

HEYNS, J.A. 1978. Dogmatiek. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 448p.

HODGE, C. 1947. Commentary on the epistle to the Romans. Grand Rapids, MI : Eerdmans. 458 p.

HOLWERDA, B. 1953. De dingen die ons van God geschonken zijn: Catechismuspredicatiën, zondag 1-13, deel 1. Goes : Oosterbaan & Le Cointre. 192 p.

JAGER, H.J. sj. Enige opmerkingen over de brief aan de Romeinen. College-dictaat. Kampen : Copiëerinrichting v.d. Berg. 303 p.

JOHNSON, P. 1999. The real message of the millenium. *Reader's Digest*, 46-50, Dec.

JONKER, W.D. 1994. Bevrydende waarheid. Die karakter van die gereformeerde belydenis. Wellington : Hugenote-Uitgewers. 183 p.

JORDAAN, G.J.C. 1991. Die 'New Age' van God. God se nuwe wêreld as antwoord op die New Age-beweging. Potchefstroom : Atlas Uitgewers. 66 p.

JORDAAN, G.J.C. 2000. Wie is ons? *Die Kerkblad*, 103(3081):6-8, Apr.

JORDAAN, G.J.C. 2002. Hier staan ek, ánders kan ek nie! *Die Kerkblad*, 105(3143):4-5, Okt.

JUNG, K.D. 1986. An evaluation of the principles and methods of the preaching of D.M. Lloyd-Jones. Potchefstroom : PU vir CHO. (Thesis – Th.D.) 276 p.

KAISER, W.C. 1983. Toward Old Testament Ethics. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. 345 p.

KEMP, S.G. & DE BRUYN, P.J. 1998. Die Perfeksionisme: 'n apologetiese en etiese beoordeling. *In die Skriflig*, 32(2):201-219, Jun.

KÖNIG, A. 2001. Fokus op die 300 geloofsvrae wat mense die meeste vra. Wellington : Lux Verbi. 400 p.

KRUGER, P.P. 1988. Kerkvernuwing volgens Hans Küng. (*In* De Bruyn, P.J. 1988. Waar die paaie saamwoon. Opgedra aan prof. P.W. Buys. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies. p. 114-127.)

KÜNG, H. 1979. The church – maintained in truth. London : SCM Press Ltd. 87 p.

LEWIS, G.R. 1966. Confronting the cults. New Jersey : P&R Publishing Company. 198 p.

LLOYD-JONES, D.M. 1950. Truth unchanged, unchanging. Bryntirion : Evangelical Press of Wales. 118 p.

LLOYD-JONES, D.M. 1965. Spiritual depression: its causes and cure. London : Marshall Pickering. 300 p.

LLOYD-JONES, D.M. 1971a. Studies in the Sermon on the Mount. Vol 1. Leicester : Inter-Varsity Press. 320 p.

LLOYD-JONES, D.M. 1971b. Preaching and preachers. London : Hodder & Stoughton. 325 p.

LLOYD-JONES, D.M. 1971c. Romans: exposition of chapter 5: assurance. Edinburgh : The Banner of Truth Trust. 370 p.

LLOYD-JONES, D.M. 1972. Romans: exposition of chapter 6: the new man. Edinburgh : The Banner of Truth Trust. 313 p.

LLOYD-JONES, D.M. 1973. Romans: exposition of chapter 7:1-8:4: the law: its functions and limits. Edinburgh : The Banner of Truth Trust. 359 p.

LLOYD-JONES, D.M. 1974. Romans. exposition of chapter 8:5-17: the sons of God. Edinburgh : The Banner of Truth Trust. 438 p.

LLOYD-JONES, D.M. 1978. God's ultimate purpose: an exposition of Ephesians 1:1 to 23. Edinburgh : The Banner of Truth Trust. 447 p.

LLOYD-JONES, D.M. 1980. Christian unity. An exposition of Ephesians 4:1 to 16. Edinburgh : The Banner of Truth Trust. 277 p.

LLOYD-JONES, D.M. 1983. Evangelistic sermons. Edinburgh : The Banner of Truth Trust. 294 p.

LLOYD-JONES, D.M. 1984. Authority. Edinburgh : The Banner of Truth Trust. 94 p.

LLOYD-JONES, D.M. 1985. Romans: exposition of chapter 1: the Gospel of God. Edinburgh : The Banner of Truth Trust. 394 p.

LLOYD-JONES, D.M. 1986. The cross: God's way of salvation. E. Sussex : Kingsway Publications. 221 p.

LLOYD-JONES, D.M. 1989a. Sanctified through the truth: foundations for christian faith. E. Sussex : Kingsway Publications. 153 p.

LLOYD-JONES, D.M. 1989b. The life of joy. a commentary on Philippians 1 and 2. London : Hodder & Stoughton. 235 p.

LLOYD-JONES, D.M. 1989c. Knowing the times. Addresses delivered on various occasions 1942-1977. Edinburgh : The Banner of Truth Trust. 383 p.

LLOYD-JONES, D.M. 1990. The life of peace: finding lasting christian peace. Studies in Philippians 3 and 4. London : Hodder & Stoughton. 271 p.

LLOYD-JONES, D.M. 1992. The best of Martyn Lloyd-Jones. E. Sussex : Kingsway Publications. 241p.

LLOYD-JONES, D.M. 1993a. Fellowship with God: studies in 1 John. Cambridge : Crossway Books. 157 p.

LLOYD-JONES, D.M. 1993b. The plight of man and the power of God. Grand Rapids, MI : Baker Book House. 94 p.

LLOYD-JONES, D.M. 1994. D. Martyn Lloyd-Jones: letters 1919-1081. Edinburgh : The Banner of Truth Trust. 248 p.

LLOYD-JONES, D.M. 1995. Old Testament evangelistic sermons. Edinburgh : The Banner of Truth Trust. 268 p.

LLOYD-JONES, D.M. 2003. The Roman Catholic Church. [Web:] http://www.aapi.co.uk/mansbacher/jones01.htm [Date of access: 19 Apr. 2003].

MACARTHUR, J.F. 1991. Our sufficiency in Christ. Three deadly influences that undermine your spiritual life. Cape Town : Struik Christian Books. 282 p.

MACARTHUR, J.F. 1994. Counseling and the sinfulness of humanity. *(In* MacArthur, J.F. & Mack, W.A. 1994. Introduction to biblical counseling. Dallas : Word Publishing. p. 98-115.)

MACHEN, J.G. 1937. The christian view of man. Edinburgh : The Banner of Truth Trust. 254 p.

MACQUARRIE, J. 1988. 20th Century religious thought. London : SCM Press. 468 p.

MCGRATH, A.E. 1992. Bridge-building: effective christian apologetics. Leicester : Inter-Varsity Press. 286 p.

MCGRATH, A.E. 1995. Sin and Salvation. (*In* Atkinson, D.J. 1995. New Dictionary of Christian Ethics and Pastoral Theology. Leicester : Inter-Varsity Press. pp 27-33.)

METZGER, B.M. 1971. A textual commentary on the Greek New Testament. London : United Bible Societies. 767 p.

MORRIS, L. 1988. The epistle to the Romans. Leicester : Inter-Varsity Press. 578 p.

MURRAY, I.H. 1982. D. Martyn Lloyd-Jones: the first forty years 1899-1939. Edinburgh : The Banner of Truth Trust. 394 p.

MURRAY, I.H. 1990. D.M. Lloyd-Jones: the fight of faith 1939-1981. Edinburgh : The Banner of Truth Trust. 831 p.

MURRAY, I.H. 1995. Introduction. The evangelistic use of the Old Testament in the preaching of Dr Lloyd-Jones. (*In* Lloyd-Jones, D.M. Old Testament evangelistic sermons. Edinburgh : The Banner of Truth Trust. p. vii-xxxii.)

NOWELL, R. 1981. A passion for truth. Hans Küng: a biography. London : Collins. 377 p.

OOSTERHOFF, B.J. 1975. Adam en onze gereformeerde belijdenis (vii). *De Wekker*, 84(13/14):494-496, Jan.

PACKER, J.I. 1991. Foreword. (*In* Lloyd-Jones, D.M. 1991. The Heart of the Gospel. p. 7-9.)

PACKER, J.I. 1995. Lloyd-Jones, Martyn (1899-1981). (*In* Atkinson, D.J. 1995. New Dictionary of Christian Ethics and Pastoral Theology. Leicester : Inter-Varsity Press. p 555-556.)

POLMAN, A.D.R. 1961. Socinianisme. (*In:* Grosheide, F.W. & Itterzon, G.P. *red.* Christelijke Encyclopedie VI. Kampen : Kok. pp 200-201.)

QUELL, G. 1964. Sin in the Old Testament. (*In* Kittel, G. 1964. Theological Dictionary of the New Testament. Vol. 1. Grand Rapids, MI : Eerdmans. p 267-286.)

RIDDERBOS, H. 1971. Paulus. Ontwerp van zijn theologie. Kampen : Kok. 653 p.

RIENECKER, F. & ROGERS, C. 1976. Linguistic key to the Greek New Testament. Grand Rapids, MI : The Zondervan Corporation. 864 p.

SALOMONS, S.H. 2002. Die erfsonde en Spangenberg. *Kerk en Woord,* 50(8):9-12, Aug.

SARGENT, T. 1994. The sacred anointing: the preaching of Dr Martyn Lloyd-Jones. London : Hodder & Stoughton. 362 p.

SARLES, K.L. 1994. The English Puritans: a historical paradigm of Biblical counseling. (*In* MacArthur, J.F. & Mack, W.A. 1994. Introduction to biblical counseling. Dallas : Word Publishing. p. 21-43.)

SCHULZE, L.F. 1978. Geloof deur die eeue. Pretoria : NG Kerkboekhandel. 264 p.

SCHULZE, L.F. 1991. Ons glo met die hart. Orkney : E.F.J.S. 60 p.

SCHULZE, L.F. 1992. Die teosofie as voorloper van die New Age-beweging. *In die Skriflig,* 26(2):133-149, Jun.

SMITH, T.N. 2003. D. Martyn Lloyd-Jones: the preacher. [Web:] http://www.mlj.org.uk/FreeThings/MLJ_Preacher.htm [Date of access: 2 May 2003].

SPANNER, D.C. 1995. Darwin, Charles (1809-82). (*In* Atkinson, D.J. 1995. New Dictionary of Christian Ethics and Pastoral Theology. Leicester : Inter-Varsity Press. pp 279.)

STANDRIDGE, W.C. 1975. What's happening in the Roman Church? A report from Rome. Greensboro : Independent Faith Mission. 32 p.

STOKER, H.G. 1995. Die Jehovah-getuies: 'n onchristelike kulte? Potchefstroom : PU vir CHO. 471 p. (Wetenskaplike Bydraes. Reeks A : Geesteswetenskappe nr. 85.)

STOTT, J.R.W. 1994. The message of Romans: the Bible speaks today. Leicester : Inter-Varsity Press. 432 p.

STRAUSS, S.A. 1988. Riglyne vir die etiek in die drie formuliere van eenheid. (*In* De Bruyn, P.J. 1988. Waar die paaie saamwoon. Opgedra aan prof. P.W. Buys. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies. p. 131-145.)

STRAUSS, S.A. 1998. Hans Küng se voorstel vir 'n eietydse etiek. *In die Skriflig,* 32(4):487-500, Des.

VAN ANDEL, C.P., *ed.* 1980. Mariologie. Kampen : Kok. 88 p. (Tenminste, 1.)

VAN BRUGGEN, J. 2001. Paulus: pionier voor de Messias van Israël. Kampen : Kok. 364 p.

VAN DER WAAL, C. 1970. Sola Scriptura III. Wegwijzer bij het Bijbellezen: Mattheüs – Openbaring. Goes : Oosterbaan & Le Cointre. 232 p.

VAN DER WAAL, C. 1985. Die Nederlandse Geloofsbelydenis: Artikels 12-19. Pretoriase preke. Pretoria : Spes Bona. 59 p.

VAN ROOY, K. 1998. Ons dien nie 'n vreemde God nie! *Die Kerkblad,* 101(3045):6-7, Oktober.

VAN TIL, C. 1976. Christian apologetics: the Cornelius Van Til collection. Philipsburg : Presbyterian and Reformed Publishing. 99 p.

VAN VELZEN, N.C. 1995. Boeken bekeken. *Bijbel en Wetenschap,* 20(182):191, Okt.

VAN WYK, J.H. 1998. Etiek in eenvoud. Gesprekke oor morele vraagstukke. Potchefstroom : Xerox Drukkery. 367 p.

VELEMA, W.H. 1996. De taak van de apologetiek in de hedendaagse theologie. Hilversum : B.V. Drukkerij "Erica". 55 p.

VELDKAMP, H. sj. De balling van de kabaroe: over het boek Ezechiël. Franeker : Wever. 394 p.

VERHOEF, A. 1994. "Wanneer heb ik nu voor het laatst gehuild over mijn zonden?" *Koers,* 25(2):12-16, Jan.

VERMEEREN, N.H. 1995. Boeken bekeken. *Bijbel en Wetenschap*, 20(182):191, Okt.

VONK, C. 1981. De voorzeide leer: de heilige schrift: Jeremia, Ezechiël. Barendrecht : Liebeek & Hooijmeijer. 620 p.

VORSTER, J.M. 1988. In die vaarwater van die politieke teologie. (*In* De Bruyn, P.J. 1988. Waar die paaie saamwoon. Opgedra aan prof. P.W. Buys. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies. p. 204-214.)

VORSTER, J.M. 1996. Is die kerk funksioneel: gedagtes oor gereformeerde kerkvernuwing in 'n post-moderne konteks. Potchefstroom : PTP. 227 p.

VORSTER, J.M. 1998. Die Arminianisme en gereformeerde prediking vandag. *In die Skriflig*, 32(3):293-310, Sept.

VORSTER, J.M. 2001. 'n Christelike teorie van menseregte. *In die Skriflig*, 35(1):1-23, Mrt.

WALSH, B.J. & MIDDLETON, J.R. 1984. The transforming vision: shaping a christian world view. Downers Grove, IL : InterVarsity Press. 214 p.

WARFIELD, B.B. 1916. Faith and life. Edinburgh : The Banner of Truth Trust. 458 p.

WARFIELD, B.B. 1968. Biblical and theological studies. Philadelphia : The Presbyterian and Reformed Publishing Company. 580 p.

WEBSTER, J.B. 1995. Original sin. (*In* Atkinson, D.J. 1995. New Dictionary of Christian Ethics and Pastoral Theology. Leicester : Inter-Varsity Press. p. 641-642.)

WENTSEL, B. 1990. De rooms-katholieke leer van de kerk sinds Trente met bijzondere aandacht voor de nieuwe ontwikkelingen. (*In* Van't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K. & Van Driel, L. De kerk. Wezen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting. Kampen : De Groot Goudriaan. p. 231-245.)

WOODBRIDGE, P.D. 1995. Zeal, Zealot. (*In* Atkinson, D.J. 1995. New Dictionary of Christian Ethics and Pastoral Theology. Leicester : Inter-Varsity Press. p. 906-907.)

ZODHIATES, S. 1984. Nomos. (*In* The Hebrew Greek Key Study Bible. The King James Version. Chattanooga, TN : AMG Publishers. p. 1740.)

ZODHIATES, S. 1984. Soteria. (*In* The Hebrew Greek Key Study Bible. The King James Version. Chattanooga, TN : AMG Publishers. p. 1760-1761.)

ZODHIATES, S. 1984. Zelos. (*In* The Hebrew Greek Key Study Bible. The King James Version. Chattanooga, TN : AMG. p. 1720.)